

G E S K I E D E N I S V E R G E L Y K I N G

Die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is
op generalisasie in die geskiedkunde

deur

PIETER DE KLERK, M.A.

Proefskrif ingedien ter voldoening
aan die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM
in Geskiedenis

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom
Desember 1970

DANKBETUIGING

Aan hierdie proefskrif as die sluitstuk van my akademiese opleiding wil ek graag enkele woorde van dank laat voorafgaan.

Ek is erkentlik teenoor die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die toekenning van 'n Nasionale Beurs en die verlening van studieverlof waardeur ek gedeeltelik in staat gestel is om 'n tydperk voltyds en in die buiteland navorsing te doen vir hierdie proefskrif.

Aan my promotor, prof. dr. J.S. du Plessis van die P.U. vir C.H.O., is ek veel dank verskuldig vir sy bekwame en ervare leiding by die voltooiing van my proefskrif maar ook gedurende my hele universitêre studie in die geskiedenis.

Teenoor my hulppromotor, prof. dr. M.C. Smit van die Vrije Universiteit, Amsterdam, is ek baie dankbaar vir sy waardevolle advies en vir die weinig wat ek gedurende 'n jaar studie in Nederland van sy diepgaande kennis van en insig in die geskiedfilosofie kon put.

Onder al diegene wat tot my wetenskaplike vorming bygedra het, kom dank in die eerste plek toe aan my ouers wat hierdie vorming grootliks moontlik gemaak en met 'n Christelike opvoeding die bes denkbare grondslae daarvoor gelê het.

Aan God alleen die eer.

P. de Klerk.

INHOUD

INLEIDING	1
HOOFSTUK I - DIE VROEË BESTUDERING VAN DIE GESKIEDENIS	9
A. Klassieke tydperk	9
B. Middeleeue	16
C. Renaissance	18
D. Aufklärung	22
1. Vico as voorloper	22
2. Vergelyking en vooruitgangsidee	25
E. Slot	31
HOOFSTUK II - DIE NEGENTIENDE- EN TWINTIGSTE-EEUSE GESKIEDWETENSKAP	33
A. Romantiek	33
1. Vergelykende metodes in die geesteswetenskappe	36
2. Die vergelyking in die metodes van die geskiedwetenskap	41
3. Generaliserende vergelyking	45
B. Ouer positiwisme	51
1. Vergelykende metodes in die sosiale wetenskappe	53
2. Die vergelykende metode in die geskiedwetenskap	57
3. Die houding t.o.v. die vergelykende metode in die geskiedwetenskap	63
C. Historisme	68
1. Historici en generaliserende vergelyking	73
2. Vergelyking en universele geskiedenis	77
D. Slot	85
HOOFSTUK III - EIETYDSE BESKOUINGE VAN HISTORICI	87
A. Algemene tendense	87
B. Vergelyking en die individuele	94
C. Vergelyking vir sintese	97
D. Vergelyking gerig op die algemene	102
1. Duitse historici	103
2. Nedelandse historici	109
3. Engelse historici	112

4. Amerikaanse historici	113
E. Slot	120
HOOFSTUK IV - KONTEMPORÊRE METODES IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE	122
A. Die belangstelling in vergelyking en in die geskie- denis	122
B. Algemene strominge	126
C. Metodes en tegnieke	129
1. Die metode van ooreenstemmende variasies	130
2. Die statistiese <u>cross-cultural survey</u>	133
D. Slot	141
HOOFSTUK V - 'N BESKOUING VANUIT SISTEMATIESE OOG- PUNT	142
A. Vergelyking	142
B. Vergelykende metodes in die geskiedkunde	145
1. Individualiserende vergelyking	145
2. Sintetiserende vergelyking	147
3. Analogie	150
4. Generaliserende vergelyking	152
5. Rekonstruerende vergelyking	159
C. Prosedure vir verdere ondersoek	161
HOOFSTUK VI - BESKAWINGS - A.J. TOYNBEE EN A.L. KROEBER	164
A. A.J. Toynbee	165
1. Filosofiese agtergrond	166
2. Oogmerke	169
3. Hipotese en definisie	171
4. Afbakening van eenhede van ondersoek	175
5. Metode van ondersoek	181
6. Konklusies	190
B. A.L. Kroeber	193
1. Oogmerke en hipotese	194
2. Definisie en afbakening van eenhede van onder- soek	198
3. Metode van ondersoek	200
4. Konklusies	205
C. Slot	210

HOOFSTUK VII - NASIES GESTIG DEUR EMIGRASIE -

L. HARTZ e.a.	212
A. Oogmerke, hipotese en definisie	214
B. Metode van ondersoek	218
C. Konklusies	221

HOOFSTUK VIII - POLITIEKE INTEGRASIE - K.W. DEUTSCH,

A. ETZIONI e.a.	223
A. K.W. Deutsch e.a.	223
1. Oogmerke, hipotese en definisie	225
2. Seleksie van eenhede van ondersoek	227
3. Metode van ondersoek	229
4. Konklusies	231
B. A. Etzioni	234
1. Oogmerke, hipotese en definisie	234
2. Seleksie van eenhede van ondersoek	239
3. Metode van ondersoek	240
4. Konklusies	242
C. Slot	243

HOOFSTUK IX - REWOLUSIE - P.A. SOROKIN EN C.C. BRINTON 244

A. P.A. Sorokin	245
1. Oogmerke, hipotese en definisie	246
2. Seleksie van eenhede van ondersoek	249
3. Metode van ondersoek	250
4. Konklusies	255
B. C.C. Brinton	257
1. Oogmerke, hipotese en definisie	257
2. Seleksie van eenhede van ondersoek	261
3. Metode van ondersoek	262
4. Konklusies	263
C. Slot	266

HOOFSTUK X - RESTOURASIE - R.A. KANN 268

A. Oogmerke, hipotese en definisie	268
B. Seleksie van eenhede van ondersoek	271
C. Metode van ondersoek	273
D. Konklusies	275

HOOFSTUK XI - AGRARIESE HERVORMING - E.H. TUMA	277
A. Oogmerke, hipotese en definisie	277
B. Seleksie van eenhede van ondersoek	280
C. Metode van ondersoek	281
D. Konklusies	283
HOOFSTUK XII - FEODALISME - R. COULBORN e.a.	286
A. Oogmerke, hipotese en definisie	287
B. Seleksie van eenhede van ondersoek	291
C. Metode van ondersoek	291
D. Konklusies	292
E. 'n Vergelyking met die metode van O. Hintze	294
HOOFSTUK XIII - KONKLUSIES	297
A. Wetenskaplike agtergrond en samewerking	298
B. Aard en omvang van die onderwerp	299
C. Oogmerke en hipotese	301
D. Definisie	304
E. Seleksie van eenhede van ondersoek	306
F. Metode van ondersoek	308
G. Konklusies	312
H. Slot	314
HOOFSTUK XIV - SLOTBESKOUING	316
A. Wetenskap	317
B. Geskiedwetenskap	318
C. Geskiedwetenskap en ander wetenskappe	322
D. Die perspektief van 'n Christelike beskouing	326
AANGEHAALDE WERKE	328

INLEIDING

Ter inleiding moet kortliks die oogmerke met hierdie ondersoek en die prosedure waarvolgens te werk gegaan word, uiteengesit word.

Vergelyking speel 'n belangrike rol in die geskiedbeoefening, want dit is deur die vind van ooreenkomste en verskille met die bekende dat die onbekende in die verlede geken en duidelik gemaak kan word. Geskiedenis is die kuns van vergelyking, het 'n historikus tereg verklaar.¹⁾

Dikwels word vergelykinge by die geskiedondersoek net terloops en byna onbewus gedoen of is dit slegs implisiet aanwesig in terme soos „Middeleeue" en „Karolingiese Renaissance". Soms daarenteen word doelbewus en metodies vergelyk en dan kan van vergelykende metodes sprake wees. Onder dié metodes word egter onderling verskillende dinge verstaan en hulle word vir diverse doeleindes aangewend.²⁾ 'n Essensiële, algemeen aanvaarde element van die geskiedwetenskaplike metodologie het die vergelykende metodes dan ook nog nie geword nie, al word tans meer as ooit tevore daarvan gespreek. „Von einer Technik der Vergleiche bleiben wir weit entfernt. Sie treten, gerade heute, massenhaft auf, aber planlos und ohne Zusammenhang; und wenn sie einmal in einem tiefe, noch festzustellendem Sinne treffend sind, so verdankt man es dem Glück, seltener dem Instinkt, nie einem Prinzip. Noch niemand hat daran gedacht, hier eine Methode auszubilden".³⁾

Die vernaamste rede waarom daar in die huidige tyd soveel belangstelling in die gebruik van vergelykende metodes van geskiedondersoek is, is dat hierin 'n oplossing gesien word vir allerlei

1) F.W. Maitland, aangehaal in: Social Science Research Council (uitg.), The social sciences in historical study. Bulletin 64, New York, 1954, bl. 151.

3) Vgl. Schieder, T., Geschichte als Wissenschaft. München, Oldenbourg, 1965, bl. 187.

4) Wagner, F., Analogie als Methode geschichtlichen Verstehens (Studium generale, dl. 8, 1955, bl. 707).

probleme waarmee die historikus van vandag gekonfronteer word.⁴⁾
In besonder word met behulp van hierdie metodes gepoog om in die behoefte aan groter eenheid en groter algemeenheid in ons kennis van die geskiedenis te voldoen. Verskillende vooraanstaande wetenskaplikes glo dat die gebruik van vergelykende metodes die geskiedkunde in 'n nuwe rigting kan stuur en tot nuwe resultate kan bring. Hierdie wetenskaplikes wys egter slegs op moontlikhede; 'n werklike ondersoek na die geskiedenisvergelyking het hulle nie gedoen nie.⁵⁾
In dié opsig wil ek daarom 'n bydrae probeer lewer.

Dit is nie my bedoeling om alle soorte vergelyking waarvan die historikus gebruik kan maak te ondersoek nie. Dit sou 'n te omvattende taak wees, en die terrein van ondersoek moet daarom in verskillende opsigte beperk word.

In die eerste plek word, soos die hooftitel aandui, net die geskiedenisvergelyking behandel en nie alle soorte vergelyking wat in die geskiedwetenskap kan voorkom nie. Onder geskiedenisvergelyking word verstaan die vergelyking van historiese periodes en verskynsels, soos beskawings, rewolusies en feodalisme onder verskillende volke. Die vergelyking van regstelsels, staatsvorme, godsdienste, filosofieë en kunswerke wat in verskillende periodes van die geskiedenis voorkom, reken ek nie tot geskiedenisvergelyking nie omdat hierdie onderwerpe nie as suiwer histories van aard beskou kan word nie en eintlik in die eerste plek in ander vakwetenskappe bestudeer word.

Verder sal, soos in die titel aangedui, slegs verge-

4) Hierop word nader gelet op bl. 87 e.v. hieronder.

5) Slegs 'n aantal kort studies het tot dusver i.v.m. vergelykende metodes in die geskiedkunde verskyn: Cohen, A.E., Vergelijken in de tijd. Groningen, Noordhoff, 1961; Gerhard, D., Alte und neue Welt in vergleichender Geschichtsbetrachtung. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1962, bl. 89-107; Redlich, F., Towards comparative historiography (Kyklos, dl. 11, 1958, bl. 362-389); Schieder, T., Geschichte als Wissenschaft, bl. 187-211; Sewell, W.H., Marc Bloch and the logic of comparative history (History and theory, dl. 6, 1967, bl. 208-218); Wagner, Studium generale, dl. 8, bl. 703-712; Wittram, R., Das Interesse an der Geschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1958, bl. 46-57.

lykende metodes wat gerig is op generalisasie,⁶⁾ waarmee gepoog word om tot kennis van die geskiedenis in die algemeen te kom, behandel word. Reeds vanaf die vroegste tye is daarna gestrewe om algemene wette en reëls in die geskiedenis te probeer vind d.m.v. die vergelyking van verskillende historiese periodes en gebeure. Tog is daar nooit sistematiese vergelykende ondersoek gedoen nie en is die algemene wette wat oor die verloop van die geskiedenis opgestel is primêr aan bepaalde filosofiese beskouinge ontleen; dit was eerder wysgere as geskiedkundiges wat hulle met hierdie probleem besig gehou het. Eers in die jongste dekades het historici en sosiaal-wetenskaplikes⁷⁾ met meer intensiewe vergelykende ondersoek begin met die doel om tot generalisasies te kom. Ook hier egter is daar nog nie van een of meer duidelik omskrewe metodes sprake nie. In hierdie studie wil ek die metodes wat gevolg word in bogenoemde pogings tot geskiedenisvergelyking van nader beskou om sodoende insig in die vereistes vir 'n metode van generaliserende geskiedenisvergelyking te probeer bekom.

Die onderhawige ondersoek is dus gerig op die gebruik van 'n besondere vorm van vergelyking, die generaliserende geskiedenisvergelyking. Die soort vergelyking is vir ondersoek gekies omdat dit 'n moontlike empiriese weg is om tot kennis van die geskiedenis in die algemeen, van die aard van die geskiedenis self te kom. Dit is aan sulke kennis wat daar tans besonder veel behoefte bestaan en sulke kennis sou van groot belang vir die historikus kan wees. Algemene kennis van die geskiedenis kan slegs deur vergelyking van historiese verskynsels, en nie van bv. staatsinstellings of filo-

6) Die term „generalisasie” word gebruik omdat dit beter as die term „veralgemening” die gedagte uitdruk van iets algemeen geldend, van betrekking op die geskiedenis in die algemeen of op die geskiedenis as sodanig maak. Die vergelyking gerig op generalisasie word kortweg as „generaliserende vergelyking” aangedui. Hierdie term is ontleen aan Schieder, Geschiede als Wissenschaft, bl. 192.

7) Onder die sosiale wetenskappe word hier gereken sosiologie, ekonomie, staats- en regs wetenskappe, volkekunde en kleiner aanverwante dissiplines. Die term word slegs gerieflikheidshalwe gebruik sonder dat die juistheid van so 'n groepering noodwendig onderskryf word.

sofieë nie, verkry word; generaliserende vergelyking t.o.v. lg. twee sal immers lei tot algemene kennis van die staat en die filosofie respektiewelik.

Alhoewel die aandag dus in die eerste plek op die generaliserende geskiedenisvergelyking val, is dit tog nodig om veral in die eerste gedeelte van hierdie ondersoek die geskiedenisvergelyking as sodanig asook ander vergelykende metodes te behandel. Slegs dan kan die generaliserende geskiedenisvergelyking goed van ander vergelykingsvorme onderskei en die aard daarvan duidelik gemaak word.

Uit voorafgaande blyk dat, hoewel die hele studie gerig is op 'n metode van empiriese ondersoek, filosofiese probleme nou geraak word. Vrae soos „hoort dit tot die taak van die historikus om tot kennis van die geskiedenis in die algemeen te kom?" en „kan sulke kennis op 'n empiriese wyse deur die vergelyking van 'n aantal besondere verskynsels verkry word?" kan alleen in 'n wysgerige studie beantwoord word. Hierdie vrae raak kernprobleme van die filosofie, veral vraagstukke t.o.v. die verhouding tussen die algemene en die besondere waaroor filosowe hul reeds sedert eeue gelede besin. Dit is daarom te betwyfel of algemeen aanvaarbare antwoorde op die bogenoemde vrae selfs in 'n diepgaande en uitgebreide filosofiese studie gevind sal kan word. Hierdie proefskrif is nie 'n filosofiese studie nie, maar 'n vakwetenskaplike en empiriese ondersoek na 'n metode van vakwetenskaplike navorsing - navorsing wat te midde van wisselende filosofiese beskouinge steeds voortgaan. Om dié rede is die onderhawige studie aangepak ten spyte van die onderliggende filosofiese problematiek.⁸⁾ Die bedoeling is nie om wysgerige probleme te ontvlug of te ignoreer nie; op die agtergrond sal hulle steeds aanwesig wees en soms sal hulle meer na vore kom, sodat hierdie studie ook daartoe kan dien om belangrike wysgerige probleme vanuit 'n bepaalde hoek enigsins te belig.

8) Die feit dat verskillende historici generaliserende vergelyking voorstaan en toepas en daarin nuwe moontlikhede vir die geskiedkunde sien, dien natuurlik op sigself reeds as regverdiging vir die onderneem van 'n ondersoek soos hierdie.

Die belangrikste rede egter waarom die ondersoek teen 'n agtergrond van soveel onopgeloste en miskien onoplosbare wysgerige probleme en van soveel verskillende wysgerige beskouinge onderneem word, is dat ek dit vanuit 'n bepaalde standpunt wil doen. Dit beteken nie dat hierdie studie daarom eensydig en bevooroordeel moet wees nie; by alle wetenskapsbeoefening, hoe empiries van aard ook al, word uitgegaan van vooronderstellinge, hetsy doelbewus gemaak, hetsy sonder dat die ondersoeker dit self besef. Die mees objektiewe resultate is derhalwe juis moontlik as die eie standpuntbepaaldheid onder oë gesien en dit teenoor ander standpunte gestel word.

'n Bepaalde standpuntinname by die onderhawige studie blyk reeds uit die doel en titel daarvan: Deur 'n ondersoek na generaliserende geskiedenisvergelyking te doen, word die moontlikheid om tot algemene kennis van die geskiedenis te kom nie vooraf verwerp nie. Hiermee word reeds stelling ingeneem teen die historistiese beskouing, soos dit veral by Wilhelm Dilthey en Ernst Troeltsch na vore kom, nl. dat alle historiese verskynsels volstrek eenmalig en die geskiedenis net die gebied van die besondere en relatiewe is.⁹⁾ Die konsekwensies van so 'n relatiwisme is dat die geskiedenis self nie as allesomsluitende eenheid gehandhaaf kan word nie, maar dat dit moet opbreek in eenhede soos beskawings,¹⁰⁾ in periodes en uiteindelik in losse gebeure en situasies. Laasgenoemde beskouing kom o.m. voor in die eksistensiefilosofie waarvolgens ek telkens weer opnuut moet probeer om vry te eksisteer en net van situasie tot situasie enige vastigheid kan vind te midde van die volkome relatiwiteit van alles in die wêreld waarin ek my bevind.¹¹⁾ As reaksie teen hierdie uiterste relatiwisme en individualisme word tans, veral deur aanhangers van die sg. logiese positiwisme, alle klem gelê op die algemeen geldende in die geskiedenis en gepoog om noodwendige wette vir die geskiedenis te vind; daárin sien hulle egte wetenskaplike kennis van die geskiedenis en nie in die studie van historiese ge-

9) Hierop word nader ingegaan op bl. 68 e.v. hieronder.

10) Dit blyk o.a. by Oswald Spengler. Kyk bl. 78 hieronder.

11) Vgl. Brüning, W., Geschichtsphilosophie der Gegenwart. Stuttgart, Klett, 1961, bl. 15, 104 e.v.

beure in hul besonderheid nie.¹²⁾ Terwyl in die geskiedbeskouinge, ook dié van vroeëre eeue,¹³⁾ alle klem dus steeds òf op die algemene òf op die individuele gelê word, word by hierdie ondersoek getrag om van 'n standpunt uit te gaan waarvolgens die algemene en die individuele elk 'n ewe belangrike plek in die geskiedenis inneem en saam in 'n groter eenheid versoen is.

Dit is nie die bedoeling om hierdie standpunt hier uitgebreid uiteen te sit en toe te lig nie. Kortliks kan aangedui word dat van 'n Christelike beskouing uitgegaan word, waarvolgens 'n absolute alleen in God as Oorsprong van alle dinge gesien word, tot Wie die hele skepping en die hele geskiedenis relatief staan en in Wie dit sy diepste sin en eenheid vind. God het 'n wet vir die skepping gestel wat ook geld vir die opeenvolging van die gebeure in die geskiedenis. Die geskiedenis dra as konkrete verloop van gebeure 'n volstrek eenmalige karakter, maar deurdat hierdie gebeure tog aan algemene wette of norme onderworpe is, kom die algemene ook in die geskiedenis tot uiting. Is daar spesifiek historiese wette en hef sulke wette, as hulle noodwendig geldend is, nie juis die individualiteit op nie? Sodanige vraagstukke moet in die studie self belig word. In 'n slotbeskouing word in besonder weer daarop teruggekom.¹⁴⁾

Bogenoemde standpunt bepaal wel die opset van die studie, maar ek wil dit nie telkens gebruik om allerlei probleme op te los sonder om 'n antwoord uit die bestudering van die vraagstukke self te probeer vind nie. Daar sal steeds gepoog word om net op grond van genoegsame feitestudie tot konklusies te kom. Verder word, vir sover moontlik, verskillende beskouinge naas mekaar gestel en die probleme aangedui wat vanuit dié beskouinge tot verskillende oplossings gebring word.

As ondersoek na die aanwending van bepaalde metodes in

12) Kyk bl. 89 e.v. hieronder.

13) Kyk hoofstukke I en II hieronder.

14) Kyk hoofstuk XIV hieronder.

die geskiedkunde hoort hierdie werk tot die metodiek van die geskiedkunde,¹⁵⁾ al raak dit, soos reeds gestel, verskillende ander wetenskapsgebiede soos geskiedfilosofie, kenteorie en wetenskapsleer en die verskillende sosiale wetenskappe. Met 'n oorwegend geskiedwetenskaplike agtergrond wil ek nie voorgee om op alle terreine ewe tuis te wees nie, en in hierdie opsig word derhalwe beperkinge op die onderhawige studie gelê.

Sommige terme wat in die ondersoek gebruik word, is nie algemeen aanvaarde en gebruikte terme nie. Aangesien 'n verkenning gedoen word op 'n redelik onbekende en onontginde terrein, veral sover dit die literatuur oor die geskiedenis in Afrikaans betref, moes ek soms nuwe woorde vorm of terme in 'n minder algemene betekenis gebruik.

Hierdie verhandeling val in twee dele uiteen:

In die eerste gedeelte word nagegaan hoe en in watter mate generaliserende geskiedenisvergelyking reeds in die verlede gedoen is, wat alleen kan geskied teen die agtergrond van die ontwikkeling van die geskiedwetenskap self en van die wisselende geskiedbeskouinge. Vervolgens word aandag gegee aan die standpunte van hedendaagse historici t.o.v. die gebruik van vergelykende metodes met die oog op generalisasie en aan die vergelykende metodes wat tans onder sosiaal-wetenskaplikes in swang is. Die oogmerke hiermee is egter nie om die geskiedenis van die vergelykende metodes in die geskiedkunde te skryf nie, maar hoofsaaklik slegs om die kenmerke van die generaliserende vergelyking self te belig. Konklusies oor die aard van die generaliserende geskiedenisvergelyking word getrek en op grond daarvan bepaal watter prosedure verder in die ondersoek gevolg moet word.

In die tweede gedeelte word 'n aantal werke waarin vergelykende geskiedenisondersoek met die oog op generalisasie gedoen word van nader bekyk. Dit is studies oor beskawings, nasies gevorm deur emigrasie, politieke integrasie, rewolusie, restourasie, agra-

15) Geskiedkunde val nie saam met geskiedskrywing nie en dit word dus nie beweer dat dit hier om 'n metode van geskiedskrywing gaan nie.

riese hervorming en feodalisme. Dit is almal werke van Engelse en Amerikaanse wetenskaplikes van die afgelope veertig jaar en word nie gekies omdat hulle 'n bepaalde rigting of groep verteenwoordig nie, maar omdat hulle beskou kan word as die belangrikste werke waarin vergelykende geskiedenisondersoek, gerig op generalisasie, gedoen word. Daarom is nie almal werke van historici nie, maar is ook geskrifte van sosiaal-wetenskaplikes in ag geneem. Daarom ook word die studie van Arnold J. Toynbee¹⁶⁾ as die enigste van die werke wat ondersoek word wat nie in die V.S.A. ontstaan het nie en die enigste een waaroor reeds besonder veel geskryf is hierby ingesluit. By die ondersoek gaan dit nie in die eerste plek daarom om die werke as sodanig te behandel en te kritiseer nie, maar om die metodes wat daarin gevolg word te bespreek en te vergelyk. Aangesien hierdie werke nie almal as bekend veronderstel kan word nie, is dit nodig om die metodes self enigsins nader weer te gee en te verduidelik, sodat heelwat feitelike beskrywing nodig is. Op grond van hierdie ondersoek kan dan nadere gevolgtrekkings gemaak word oor die wyse waarop die generaliserende geskiedenisvergelyking die beste verrig kan word.

Samevattend word dan uiteindelik in 'n slotbeskouing die moontlikhede en grense van die generaliserende vergelyking en so die plek wat dit in die geskiedkunde behoort in te neem, aangedui.

16) Toynbee, A.J., A study of history. 12 dele, Londen, Oxford University Press, 1934-1961.

HOOFSTUK I

DIE VROEË BESTUDERING VAN DIE GESKIEDENIS

Die geskiedwetenskap as aparte dissipline met 'n eie veld van ondersoek dateer eintlik nog maar vanaf die negentiende eeu. Dit wil nie sê dat die geskiedenis nie in vroeër tye bestudeer is nie: reeds in die Klassieke Oudheid is geskiedskrywing gedoen en oor die probleme van die geskiedenis nagedink. Die geskiedbeoefening is egter verrig as 'n onderdeel van die logika en die retorika en verweef met die filosofie, staatkunde en ekonomie - wetenskappe wat vandag as aparte dissiplines beskou word. Juis hierdie ongedifferensieerdheid het vergelykinge en generaliseringe op grond van die geskiedenis bevorder, soos hieronder nader aangedui sal word, en daarom is dit belangrik om aan hierdie voorfase in die ontwikkeling van die geskiedwetenskap aandag te gee. Slegs 'n oorsig, veral met die doel om insig in die aard en probleme van die generaliserende vergelyking te verkry, word in hierdie verband beoog, en geen diepgaande ontleding van beskouinge of uitgebreide beskrywing van agtergrondsfaktore nie.

Aangesien die moderne geskiedwetenskap 'n produk is van die Westerse Beskawing en weens die minder algemene bekendheid van die geskiedenisstudie in ander beskawings, word tans slegs gelet op die ontwikkelinge in Europa vanaf die vroeg-Griekse tydperk.

A. Klassieke tydperk

Soos 'n Amerikaanse historikus onlangs tereg opgemerk het,¹⁾ is geskiedenisvergelyking eintlik net in twee historiese periodes gedoen: in die Klassieke Oudheid en in die huidige eeu. Die geskiedbeoefening en -beskouing van die Oudheid is egter tot in die agtiende eeu nagevolg, sodat die vergelyking in al die vorme wat die Grieke en Romeine dit geken het tot in daardie eeu beoefen is.

1) Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 362. Gerieflikheidshalwe word by tweede en derde verwysings na 'n tydskrifartikel steeds die titel van die tydskrif met jaargang- en bladsynommer genoem en daarom nie die datum en titel van die artikel nie.

'n Geskiedbeskouing was eintlik al by die Grieke aanwesig nog voordat daar by hulle van geskiedskrywing sprake was, want 'n geskiedbeskouing, as 'n bepaalde opvatting oor en houding teenoor die verlede, kan moeilik by enige volk ontbreek.²⁾ Reeds in hul mites en in kultus en ritueel as herhaling van wat eens deur die voorouers of gode verrig is, kom elemente van 'n sikliese geskiedopvatting na vore. Die gedagte dat tye van voorspoed en teenspoed, van opkoms en verval mekaar in die geskiedenis afwissel, is gevorm op grond van eie ervarings, veral van die wisselende gang van die seisoene, en is reeds in die agste eeu v.C. deur Hesiodos verkondig.³⁾ Sy beskouing oor die opeenvolging van 'n goue, 'n silwer-, 'n brons-, 'n heroïese en 'n ysterperiode in die geskiedenis kan gesien word as een van die vroegste teorieë oor en periodiseringe van die geskiedenis.⁴⁾ Om so 'n teorie te kan vorm, moes Hesiodos vergelyk, nl. die verskillende tydperke soos hy hulle uit oorleweringe kon ken en soos hy hulle self ervaar het.

Die vroeë geskiedskrywers het almal die siklusopvatting gehuldig, maar nie gepoog om hierdie beskouing deur geskiedenisvergelyking te bewys of aanneemlik te maak nie. Herodotus merk in sy beskrywinge eintlik net terloops op dat die menslike geskiedenis 'n voortdurende kringloop is en dat dinge steeds dieselfde gevolge het.⁵⁾ Die bekende historikus Thucydides wou hê dat sy geskrif oor die Peloponnesiese Oorlog van nut moet wees vir diegene „who want to understand clearly the events which happened in the past and which (human nature being what it is) will, at some time or other

2) Vgl. Den Boer, W., Hugenholtz, F.W.N. en Locher, T.J.G., Gestalten der geschiedenis in de Oudheid, Middeleeuwen en Nieuwe Tijd. Den Haag, Bakker, 1960, bl. 8.

3) Vgl. *ibid.*, bl. 13, 14 en 24.

4) Vgl.: Wagner, F., Der Historiker und die Weltgeschichte. Freiburg, Alber, 1965, bl. 39; Collingwood, R.G., Essays in the philosophy of history. Austin, Texas University Press, 1965, bl. 82; Spranger, E., Kulturfragen der Gegenwart. Heidelberg, Quelle & Mayer, 1953, bl. 14.

5) Vgl. Wagner, F., Geschichtswissenschaft. München, Freiburg, 1951, bl. 10- 11.

and in much the same ways, be repeated in the future".⁶⁾ Thucydides skryf die gelykblywende en terugkerende elemente in die geskiedenis dus toe aan die konstante aard van die menslike natuur. Hy wil nie beweer dat alles presies so in die geskiedenis herhaal word nie⁷⁾ en lê hom geensins daarop toe om aan te toon wat in die loop van die geskiedenis herhaal is of gelykgebly het nie. Die siklusbeskouing kon eintlik nie 'n belangrike rol in die geskiedskrywing speel nie, want die historici was nie daarin geïnteresseerd om op te teken wat gelykgebly het of steeds weer terugkeer nie, maar juis in dit wat in die verlede anders was en verander het. Herodotus beskryf bv. die gewoontes van 'n aantal vreemde volke om die ongewoonheid en andersheid daarvan aan sy lesers voor te hou.

Dit is dan ook eerder by filosowe as by geskiedskrywers dat die sikliese beskouing tot geskiedenisvergelyking gelei het. Die siklusgedagte, wat steeds in die Griekse filosofie voorgekom het, kom veral duidelik tot uiting in teorieë oor die staat,⁸⁾ wat soms met behulp van historiese gegewens uiteengesit is. Veral Aristoteles (384- 322 v.C.) volg in sy Politeia 'n empiriese weg. Hy het met sy studente gegewens versamel van 158 konstitusies wat, naas die van Griekse stadstate, ook dié van volke soos die Etruriërs en Romeine ingesluit het.⁹⁾ Hy verwys in sy werk steeds na hierdie konstitusies om so sy beskouinge te belig en doen soms vergelykinge, bv. van die grondwette van Sparta en Athene om die verskille daartussen na vore te bring.¹⁰⁾ Aristoteles gaan, soos hy self beklem-

6) Thucydides, The Peloponnesian War. s.p., Penguin Books, 1968 (vert.), bl. 24. Ten einde so na as moontlik aan die betekenis van die oorspronklike teks te bly, word aanhalings uit vreemde tale, waarvan geen Afrikaanse vertaling beskikbaar is nie, uit die in Engels en/of Duits vertaalde werke gedoen.

7) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 44.

8) Vgl. ibid., bl. 24 en Preller, H., Geschichte der Historiographie. Dl. 1, Aalen, Scientia, 1967, bl. 130.

9) Aristoteles, The Politics of Aristotle. Oxford, Clarendon, 1948 (vert.), bl. xxxiv. Vgl. Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 363. Van hierdie werk het slegs 'n beskrywing van die konstitusie van Athene, deur Aristoteles self, bewaar gebly.

10) Aristoteles, a.w., bl. 83.

toon,¹¹⁾ sorgvuldig te werk deur sy gegewens goed te analiseer en logiese afleidings te maak, maar dit kan nie gesê word dat hy slegs op grond van empiriese en vergelykende ondersoek generalisasies oor die staat vorm nie.¹²⁾ Sy verwysings na besondere gevalle dien hoofsaaklik ter illustrasie, nie ter bewysvoering nie. Sy klassifikasie van die verskillende konstitusies het hom wel tot die teorie gebring dat die staatsvorme monargie, aristokrasie en demokrasie mekaar steeds in die geskiedenis opvolg, maar hy toon nie baie duidelik aan hoedat hierdie kringloop hom werklik in die geskiedenis voltrek het nie. Desnieteenstaande het Aristoteles met die Politeia 'n voorbeeld gegee van teorievorming op grond van empiriese studie en met behulp van vergelyking en daarmee die Klassieke studie van die staat op 'n hoë peil gebring.¹³⁾

Die sikliese teorie het 'n algemene en langdurige aanhang onder filosowe en geskiedkundiges gevind. Die geskiedskrywer Polybius (201- 120 v.C.) verkondig dit bv. in sy werk oor die geskiedenis van Rome: "Monarchy first changes into its vicious allied form, tyranny; and next the abolishment of both gives birth to a aristocracy. Aristocracy by its very nature degenerates into oligarchy; and when the commons inflamed by anger take vengeance on this government for its unjust rule, democracy comes into being, and in due course the licence and lawlessness of this form of government produces mob-rule to complete the series".¹⁴⁾ Polybius beskou hierdie proses as 'n natuurlike en probeer nie die juistheid van die teorie bewys nie; hy gebruik dit selfs om die toekoms van die Romeinse Ryk te voorspel: "Such is the cycle of political revolution, the course appointed by nature in which constitutions change, dis-

11) Ibid., bl.2.

12) Hoewel daar onduidelikheid bestaan oor die juiste volgorde van die verskillende dele van die Politeia skyn dit asof die eerste deel in elk geval een van heeltemal teoretiese aard is, waarin oor die ideale staat gehandel word, en dat die meer empiriese studie eers later volg.

13) Vgl. Dilthey, W., Gesammelte Schriften. Dl.7, Leipzig, Teubner, 1958, bl. 99.

14) Polybius, Histories. Dl. 3, Cambridge (Mass.), Harvard University Press, 1960 (vert.), bl. 275.

appear and finally return to the point from which they started. Any one who clearly perceives this may indeed in speaking of the future of any state be wrong in his estimate of the time the process will take, but if his judgment is not tainted by animosity or jealousy, he will very seldom be mistaken as to the stage of growth or decline it has reached, and as to the form into which it will change. And especially in the case of the Roman state will this method enable us to arrive at a knowledge of its formation, growth and greatest perfection, and likewise of the change for the worse, which is sure to follow some day. For, as I said, this state, more than any other, has been formed and has grown naturally, and will undergo a natural decline and change to its contrary".¹⁵⁾ As hy die Romeinse konstitusie en militêre stelsel met dié van Sparta, Karthago en Kreta vergelyk, is dit om die verskille met die Romeinse staatsinstellings en daardeur die superieuriteit van die Romeinse Ryk aan te dui.¹⁶⁾ Dit, meen hy, bevestig alleen dat verval en ondergang na so 'n hoogtepunt onherroeplik moet volg.

Dit blyk dat die sikliese geskiedenis teorie as só vanselfsprekend aanvaar is, dat nie gepoog is om dit in die geskiedenisondersoek te bewys nie. Dit het eerder as voorveronderstelling en selfs as grondslag in die geskiedenisstudie gedien; op grond van die teorie het die geskiedskrywers hul werk geregverdig: dit is nuttig om die geskiedenis te bestudeer ten einde daaruit te leer hoe om in die hede en in die toekoms te handel.¹⁷⁾ Thucydides beskryf bv. noukeurig die simptome van 'n pesepidemie sodat dit herken kan word as dit weer mag uitbreek.¹⁸⁾ Hierdie opvatting oor die waarde van geskiedenisstudie en hierdie verhouding van geskiedskrywing tot geskiedenis teorie dui op 'n bepaalde beskouing oor die aard van historiese kennis: Van die geskiedenis kan geen vaste, wetenskaplike kennis gevorm word soos van die natuur nie, maar

15) Ibid., bl. 289.

16) Vgl. Polybius, Histories. Dl. 1, Cambridge (Mass.), Harvard University Press, 1960, bl.5 waar hy sy onderwerp met ander ryke van die Oudheid vergelyk om die superieuriteit van Rome na vore te bring.

17) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl.10.

18) Thucydides, a.w., bl.124.

slegs losse feite, wat kan dien as voorbeelde vir optrede in soortgelyke omstandighede en as argumente in die retoriek. Die reëlmatige, onafwendbare kringloop in die geskiedenis kom eintlik voort uit die natuur en kan slegs uit die natuur goed geken word; die geskiedenis is die gebied van die kontingente en onberekenbare.

Die feit dat geskiedenisstudie as 'n kuns en nie as 'n wetenskap beskou is nie¹⁹⁾ en dat dit veral vir die doeleindes van die retorika beoefen is, het die maak van geskiedenisvergelykinge bevorder. Verskillende tydperke, plekke en gebeure in die geskiedenis, maar veral ook historiese persone, hul eienskappe en hul handelinge, is met mekaar vergelyk.²⁰⁾ Verla vergelyking vir moralisasie en vir didaktiese doeleindes het dikwels voorgekom, bv. in die vergelykende biografieë van Plutarchus. Plutarchus beskryf telkens die lewens van twee figure - 'n Griek en 'n Romein - wat sekere ooreenkomste vertoon naas mekaar, o.m. die lewens van Demosthenes en Cicero en van Theseus en Romulus.²¹⁾ In sommige gevalle doen hy dan 'n konkluderende vergelyking en wys daarby op die les wat uit die lewens van hierdie figure gehaal kan word, want dit was sy doel om met die lewensbeskrywings 'n spieël aan sy leerlinge voor te hou.²²⁾ Hierdie wyse van geskiedbeoefening het nie altyd die akkuraatheid van die feite ten goede gekom nie en net so min die beeld van die geskiedenis na eenheid en kontinuïteit; daarom het 'n geskiedskrywer soos Polybius hom ook verset teen die neiging om die geskiedskrywing heeltemal in retoriek te laat opgaan.²³⁾ Die vergelykinge het ook nie in die eerste plek gelei tot dieper insig in die geskiedenis nie, want dit moes in besonder daartoe dien om die menslike natuur

19) Vgl. Thompson, J.W., A history of historical writing. Dl. 1, New York, MacMillan, 1942, bl. 76.

20) Vgl. Kirn, P., Das Bild des Menschen in der Geschichtschreibung von Polybius bis Ranke. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1955, bl. 72 en Preller, a.w., bl. 302.

21) Plutarchus, Lewensbeskrywings. Dl. 1, Pretoria, Van Schaik, 1926 (vert.).

22) Vgl. Barrow, R.H., Plutarch and his times. Londen, Chatto & Windus, 1967, bl. 94.

23) Vgl. Wagner, Der Historiker und die Weltgeschichte, bl. 14 en Brandl, K., Geschichte der Geschichtswissenschaft. Bonn, Athenäum, 1952, bl. 16.

te belig, na sy goeie en sy slegte kante.

Die ou Grieke het nog ander vorme van geskiedenisverge-
lyking geken. Van groot belang is die vergelyking van verskillende
volke en kulture met mekaar, soos reeds deur Herodotus op implisiete
wyse gedoen in sy beskrywing van die leefwyses van vreemde volke.²⁴⁾
Naas die verskille met die vreemdelinge, wat deur die Grieke almal as
barbare beskou is, is ook ooreenkomste met hul eie kultuur en gewoon-
tes gevind. Dit het o.m. aan die lig gekom dat die leefwyse van die
barbare in baie opsigte soortgelyk is aan dié van die Grieke se eie
voorouers, iets waarop Thucydides reeds gewys het.²⁵⁾ Sodoende het
die gedagte ontstaan dat die barbare 'n vroeë stadium in die ontwik-
keling van volke verteenwoordig²⁶⁾ en dat die studie van vreemde vol-
ke tot groter kennis van die vroeë geskiedenis van die Grieke self
kan lei. Vergelyking om onbekende dele van die geskiedenis te rekon-
strueer en ontbrekende gegewens aan te vul, is op hierdie wyse moont-
lik gemaak. Sulke vergelyking kom enigsins in die beskouinge van ie-
mand soos Thucydides na vore,²⁷⁾ maar tog is dit in die Oudheid nooit
uitgebreid beoefen nie.

Aangesien die vreemde volke vir die Grieke eintlik buite
die werklike geskiedenis gestaan het, het hulle geen groter eenheid
in die geskiedenis geken en universele geskiedenis geskryf nie. Daar
was wel 'n vae besef van verwantskap met omliggende volke soos die
Macedoniërs, maar dit het hoofsaaklik slegs in mites tot uitdrukking
gekom.²⁸⁾ Eers die verowering van Alexander die Grote en die uit-
breiding van die Griekse Beskawing oor die hele destyds bekende wê-
reld het die gesigskring verbreed en 'n strewe gebring na 'n univer-

24) Vgl. Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 362 en Keesing, F.M., Inlei-
ding tot de culturele antropologie. Utrecht, Het Spectrum,
1965 (vert.), bl. 23.

25) Thucydides, a.w., bl. 16.

26) Vgl. Bock, K.E., The acceptance of histories. Berkeley, Univer-
sity of California Press, 1956, bl. 48.

27) Thucydides, a.w., bl. 16 e.v.

28) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 20.

sele geskiedenis, waarin ook die geskiedenis van ander volke opgeneem sou word. Die geskiedenisse van verskillende volke is met mekaar vergelyk en gesinkroniseer. Vergelykende kronologieë van o.a. die Griekse, Egiptiese, Assiriese en Persiese geskiedenis is opgestel.²⁹⁾ Hierdie werk was hoofsaaklik kompilatories van aard; die vergelyking het net kronologiese sintese gebring en 'n egte universele geskiedenis is nog nie geskryf nie.

Steeds nou verbonde met die geskiedbeskouing het geskiedenisvergelykinge van verskillende aard dus in die Klassieke Oudheid voorgekom: vergelyking om te rekonstrueer, om te sinkroniseer en sintese te bring, om verskille aan te toon en te individualiseer en om tot algemene kennis van die menslike natuur, die sedelike en die staat te kom. Hierdie vergelykinge is nie almal ewe uitgebreid beoefen nie en bepaalde metodes om hulle sistematies en ter wille van 'n besondere doel aan te wend, is nie ontwikkel nie. So iets sou eers veel later kom; vir eeue is slegs in die spoor van die Klassieke geskiedbeoefening voortgegaan.

B. Middeleeue

Die Christendom het sy intrede gedoen tydens die laaste fase van die Klassieke Beskawing en 'n nuwe geskiedbeeld laat ingang vind, wat in belangrike opsigte van die tradisionele geskiedbeskouing van die Oudheid sou verskil en wat tydens die Middeleeue 'n oorheersende plek sou beklee.

Tydens die Klassieke Oudheid was die besef van 'n universele geskiedenis slegs in baie beperkte mate aanwesig. Onder invloed van die Christendom egter is alle volke en tydperke gesien as deel van een en dieselfde geskiedenis wat vanaf die skepping tot in die eie tyd strek en wat verloop onderworpe aan die Goddelike raadsplan. Hierdie beskouing het sintetisering van die verskillende volke se geskiedenisse vereis, veral van die Joodse, die Ou Testamentiese, geskiedenis met dié van die verskillende heidense volke. Eusebius van Caesarea het bv. 'n vergelykende kronologie

29) Vgl. Wagner, Der Historiker und die Weltgeschichte, bl. 15.

opgestel van die geskiedenis van die Jode, Chaldeërs, Assiriërs, Egiptenare, Grieke en Romeine, waarmee hy beoog het om aan te toon dat die wysheid van Moses ouer was as dié van die Grieke.³⁰⁾ Die Middeleeuse geskiedwerke, wat dikwels slegs kronieke was waarin gebeurtenisse in tydsvolgorde opgeteken is, het dan ook weinig meer as kronologiese eenheid in die geskiedenis gebring. Ook die periodiseringe, wat op grond van die Bybelse indelinge en van Christelike oortuiginge aangaande die aard van die geskiedenis gedoen is, het nie werklik tot sintese van die geskiedenis gelei nie.

Die Christendom het in die plek van die ou sikliese geskiedbeskouing 'n liniêre geskiedopvatting gebring: daar is voortgang volgens een lyn in die geskiedenis vanaf die skepping oor die sondeval na die koms van Christus en daarvandaan na sy verwagte wederkoms.³¹⁾ Hiermee is 'n skema gebied waarvolgens die geskiedenis beskryf en geïnterpreteer kon word en wat as sodanig veral deur Augustinus uitgewerk en deur Orosius en Otto van Freising verder toegepas is. Otto van Freising het bv. die geskiedenis beskryf op grond van die periodisering van die vier wêreldryke in die profesie van Daniël, hoewel hy dit nie oral konsekwent kon volg nie.³²⁾ Dié geskiedbeskouing het dus bepaalde voorveronderstellinge of uitgangspunte vir die geskiedskrywing gelewer, ook teorieë oor die gang van die geskiedenis. Die idee om d.m.v. geskiedenisstudie, w.o. geskiedenisvergelyking, tot 'n bepaalde teorie te kom of 'n teorie te bevestig, het egter by niemand opgekom nie; die opvatting dat uit die geskiedenis geen algemene, wetenskaplike kennis gevorm kan word nie is nog algemeen aanvaar.

Die nuwe geskiedbeskouing het dus nie 'n einde gemaak aan die pragmatiese wyse van geskiedbeoefening nie. Geskiedskrywing en biografie, veral die beskrywing van die heiliges se lewens,

30) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 98 en Shotwell, J.T., The history of history. New York, Columbia University Press, 1939, bl. 355.

31) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 88 en Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 22.

32) Vgl. Van der Pot, J.H.J., De periodisering der geschiedenis. 's Gravenhage, Van Stockum, 1951, bl. 50.

het in besonder gedien om sedelesse te leer, om te moraliseer en te onderrig. Vergelykinge vir hierdie doel en ter wille van kuns-tige uitbeelding het in die Middeleeue dikwels voorgekom.³³⁾

Wesenlike verandering t.o.v. die gebruik van geskiedenisvergelyking het die Christelike geskiedbeskouing dus nie gebring nie.

C. Renaissance

Die Renaissance as herlewing van die kuns en denke van die Klassieke Oudheid het 'n nuwe belangstelling in Klassieke vorme van geskiedbeoefening meegebring. Kunsvolle beskrywing en retoriek is in navolging van die Klassieke outeurs deur die geskiedskrywers van die Renaissance in groot mate toegepas.³⁴⁾ Vergelyking ter wille van moralisering, verduideliking en uitbeelding het dan ook dikwels voorgekom.³⁵⁾ Die opvatting dat geskiedskrywing nuttig en opvoedend moet wees, blyk uit die werke van humaniste, maar ook uit die geskrifte van kerkhistorici, by wie dit nie aan lesse, preke en bespiegeling op grond van die geskiedenis ontbreek het nie.³⁶⁾ 'n Pragmatiese, eksemplariese geskiedbeoefening, wat tevore nocit heeltemal afwesig was nie, het dus tydens die Renaissance 'n nuwe stimulus verkry.³⁷⁾

Tydens die Renaissance het die sikkiese geskiedbeskouing van die Klassieke skrywers wel aanhangers gevind, maar die Christelike liniêre beskouing het die algemeen aanvaarde gebly. 'n Sikkiese element in die geskiedbeoefening van die Renaissance

33) Vgl. Kirn, a.w., bl. 14, 32 e.v.

34) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 171 en Fueter, E., Geschichte der neueren Historiographie. München, Oldenbourg, 1911, bl. 5 e.v.

35) Vgl. Kirn, a.w., bl. 87.

36) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 178 en Fueter, a.w., bl. 9.

37) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 64 en Nadel, G.H. (red.), Studies in the philosophy of history. New York, Harper Torch Books, 1965, bl. 62, 70.

het egter tog na vore gekom by die vergelyking van die eie tyd met die Klassieke Kultuur, wat as ideaal om na te volg, as standaard van die vergelyking gesien is.³⁸⁾ Dit het meegebring dat die tussenliggende fase slegs as 'n periode van verval gesien kon word.³⁹⁾ Op hierdie wyse het die bekende periodisering in Oudheid, Middeleeue en Nuwe Tyd ontstaan, 'n indeling wat op vergelyking van verskillende tydperke met mekaar gegrond is.

Vergelyking met ander volke as die Grieke en Romeine is tydens die Renaissance byna nie gedoen nie. Hoewel die ontdekkingsreise van daardie tyd kennis van nuwe en vreemde volke gebring het en iemand soos Michel de Montaigne daardeur onder die indruk van die relatiwiteit van die Westerse kultuur en gebruike gekom het,⁴⁰⁾ sou hierdie vergelykinge eers laat in die sewentiende eeu en daarna veral tydens die Aufklärung gedoen word. Die geskiedskrywing is nie uitgebrei tot buite die veld van die Westerse en Klassieke Beskawings nie⁴¹⁾ en vergelyking vir universeelhistoriese sintese het net so min as vergelyking vir historiese rekonstruksie voorgekom.

Vergelyking om tot algemene teorieë te kom, soos in vroeër tye gedoen, is belemmer deur die opvatting dat historiese kennis slegs van praktiese en illustratiewe aard kan wees. Die vorming van teorieë oor die staat op grond van empiriese studie, soos deur Aristoteles gedoen, het tog voorgekom; veral N. Machiavelli (1469- 1527) se werk oor die staat is gebaseer op heelwat feitestudie. Machiavelli, wat sy werk tot opvoeding van die vors skryf, wou hom liever deur die werklike aard van die feite van die geskiedenis as deur 'n ideaalbeeld laat lei.⁴²⁾ Hy het veral uit die werke van Klassieke outeurs en uit sy eie kennis van die Ita-

38) Vgl. Thompson, J.W., a.w., bl. 490.

39) Vgl. Van der Pot, a.w., bl. 113.

40) Vgl. Bagby, P., Culture and history. Prolegomena to the comparative study of civilizations. Londen, Longmans & Green, 1958, bl. 11.

41) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 174.

42) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 65.

lilaanse state se konstitusies geput⁴³⁾ om algemene reëls vir die optrede van die staatsman op te stel. Hoewel in Machiavelli se werk vergelyking van verskillende state in die geskiedenis en in sy eie tyd 'n plek vind, was hierdie studie vir hom tog hoofsaaklik van belang om voorbeelde te verskaf waaruit die menslike aard by politieke optrede geken kan word. Hy het geglo dat daar faktore in die staatsmanskuns is wat nie wetenskaplik bestudeer kan word nie a.g.v. die onberekenbare elemente in elke historiese geval.⁴⁴⁾ Sy teorie is wel op grond van empiriese studie gevorm, maar nie uitsluitend op grond daarvan en in elk geval nie deur sistematiese vergelyking nie.

Jean Bodin (1530- 1596) is 'n figuur van besondere betekenis i.v.m. die geskiedenisvergelyking, aangesien hy die eerste een was wat sistematiese en grootskaalse vergelyking in geskiedenisstudie voorgestaan het: „So it seemed to me remarkable that, among so many writers and in so learned an age, until now there has been no one who has compared the famous histories of our forbears with each other and with the account of deeds done by the ancients. Yet this could be accomplished easily if all kinds of human abilities were brought together and if from them a variety of examples should be arranged, appropriately and each in its place, in order that those who had devoted themselves entirely to crime might be reviled by well-earned curses, but those who were known for any virtue might be extolled according to their deserts. This, then, is the greatest benefit of historical books, that some men, at least, can be incited to virtue and others can be frightened away from vice”.⁴⁵⁾ Bodin wou, deur die historiese materiaal in kategorieë van „sleg”, „goed”, „nuttig” en „waardeloos” te orden,⁴⁶⁾

43) Vgl. ibid., bl. 65 en Macridis, R.C. en Brown, B.E. (red.), Comparative politics: notes and readings. Homewood, Dosey Press, 1964, bl. 13.

44) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 65 en Macridis en Brown, a.w., bl. 13- 14.

45) Bodin, J., Method for the easy comprehension of history. New York, Octagon Press, 1966 (vert.), bl. 9.

46) Ibid., bl. 35.

'n sistematiese klassifikasie van die deug doen. Hy wou dus deur vergelyking die voorbeelde wat die geskiedenis verskaf, sistematiseer en so 'n algemene sedeleer tot stand bring en algemene kennis uit die geskiedenis verkry.

Bodin het egter, soos Machiavelli, geglo dat net sekerre elemente in die geskiedenis hul tot generalisasie leen en dat daarnaas ook wisselvallige, onberekenbare faktore in die geskiedenis voorkom: „We ought to proceed a little differently from Diodorus, Vollateranus, Caelius, Sabellicus and Boemus, who have written very meagerly about the various laws, religions, sacrifices, public banquets and institutions of peoples. About these no generalizations can be made, because they vary infinitely and change within a brief period through natural growth or at the will of a prince. Since that is so, let us search characteristics drawn, not from the institutions of men, but from nature, which are stable and are never changed unless by great force or long training, and even if they have been altered, nevertheless eventually they return to their original character... At first, therefore, we shall explain the nature of peoples who dwell to the north and south, then of those who dwell to the east and west. Next, we notice the characteristics of special places, that is mountains, marches, windy and placid regions.... When we have grasped and understood these things, I trust that a great part of history will have been grasped and understood. I do not know of any discussion more necessary for a general knowledge of history and for the impartial judgment thereof”.⁴⁷⁾ Dit is die algemene geografiese faktore in die geskiedenis, dié dinge wat tot die natuur te herlei is, waaroor dus generalisasies gevorm kan word.

Bodin doen verder vergelykinge van die verskillende staatsvorme, waarby hy telkens ooreenkomste en verskille tussen 'n paar konstitusies belig, bv. tussen dié van Athene en Rome, wat albei demokraties is, en dié van Sparta wat outoritêr van aard is.⁴⁸⁾ Die vergelykinge dien ook hier slegs ter illustrasie by die

47) Ibid., bl. 85- 86.

48) Ibid., bl. 192.

uiteensetting van die algemene staatsteorie, al is hierdie teorie duidelik in groot mate op empiriese studie gegrond.

Deur geskiedenisvergelyking wou Bodin dus tot algemene kennis kom van sowel die menslike sedes, die geografiese faktore in die geskiedenis en die staat. Bodin se geskrif handel oor die metodes van geskiedenisstudie en vir hom het die geskiedkunde dan ook die bestudering van al hierdie dinge ingehou; geskiedkunde, etiek, staatkunde en aardrykskunde vorm saam een geheel. Hoewel Bodin self 'n begin gemaak het met die maak van die vergelykinge wat hy bepleit het, is sulke vergelyking nie in sy tyd en ook nie in die drie eeue daarna sistematies en op groot skaal gedoen nie; sy beskouinge het slegs 'n ideaal gebly.

Ook die Renaissance het dus geen belangrike verandering gebring in die gebruik van geskiedenisvergelyking nie, hoewel die strewe om deur vergelyking tot generalisasie te kom, soos deur Bodin vertolk, vir die eerste keer duidelik na vore kom.

D. Aufklärung

1. Vico as voorloper

In die beskouinge van die Italiaanse geleerde Giambattista Vico (1668- 1744) kom verskillende tendense i.v.m. geskiedenisvergelyking tot uiting, waarvan sommige in die Aufklärung ingang gevind het en ander eers in die negentiende eeu.

Vico het soos Bodin die ideaal gekoester om deur geskiedenisstudie tot algemeen geldende kennis te kom. Hy het 'n nuwe wetenskap voorgestaan om hierdie taak te verrig, 'n algemene mensheidswetenskap,⁴⁹⁾ wat tegelykertyd 'n ewige, ideale geskiedenis moes wees, 'n stelsel waarin die geskiedenis van alle volke met hul taal, hul wetenskap en hul gewoontes opgeneem sou kan word. Anders as die Klassieke outeurs en die Renaissance-denkers, w.o. ook Bodin, het Vico geglo dat die algemene en gelykblywende elemente in die geskiedenis nie tot die natuur herlei moet word nie, maar tot

49) Vgl. Caponigri, A.R., Time and idea. The theory of history in Giambattista Vico. Londen, Routledge, 1953, bl. 55.

die menslike gees waarvan die kultuur en die geskiedenis produkte is. Terwyl volgens die heersende sewentiende-eeuse opvattinge, onder invloed van die filosofie van René Descartes, slegs natuurwetenskaplike kennis as betroubare kennis beskou is, het Vico juis geponeer dat die mens dit wat hy self gemaak het, wat uit sy eie gees voortkom, die beste kan ken. Terwyl vir eeue lank wetenskap en natuur met mekaar verbind was, wou Vico dus vir die eerste keer die wetenskap primêr op die geskiedenis en die kultuur betrek:

„Our science therefore comes to describe at the same time an ideal eternal history traversed in time by the history of every nation in its rise, development, maturity, decline and fall. Indeed; we make bold to affirm that he who meditates this science narrates to himself this ideal eternal history so far as he himself makes it for himself by that proof 'it had, has and will have to be'. For the first indubitable principle posited above is that this world of nations has certainly been made by men, and its guise must therefore be found within the modifications of our own human mind. And history cannot be more certain than when he who creates the things also narrates them”.⁵⁰⁾

Aangesien denke en geskiedenis vir Vico dus eintlik saamval, kan die mens sy gees uit die geskiedenis maar ook die geskiedenis uit sy denke ken. Verskillende weë kan daarom opgegaan word om hierdie wetenskap te beoefen en Vico bly ietwat vaag en verwarrend oor die juiste metodes wat gevolg moet word.⁵¹⁾ Hoewel hy hom ten gunste van empiriese en induktiewe metodes verklaar, volg hy self nie deurgaans sulke metodes nie en beskryf hy die geskiedenis hoofsaaklik op grond van sy filosofiese skema; hy gaan meer as metafisikus dan as historikus te werk.⁵²⁾ Vico doen tog heelwat vergelyking en gee o.m. 'n vergelykende tabel van die geskiedenis

50) Vico, G., The new science of Giambattista Vico. New York, Doubleday, 1961 (vert.), bl. 62- 63.

51) Vgl. Berry, T.M., The historical theory of Giambattista Vico. Washington, C.U.A., 1949, bl.5.

52) Vgl. ibid., bl. 47, 62 en Anderle, O.F., Giambattista Vico als Vorläufer einer morfologischen Geschichtsbetrachtung (Die Welt als Geschichte, dl. 16, 1956, bl.96).

wan die Jode, Chaldeërs, Skythe, Fenisiërs, Egiptenare, Grieke en Romeine. Hierdie tabel bied sowel 'n sinkronisasie as 'n vergelyking op grond van die verskillende ontwikkelingstadia wat Vico t.o.v. elke volk onderskei. Verder vergelyk hy in hoofsaak die Grieke en Romeine se taal, gewoontes, regeringsvorm en regspraak met dié van sy eie tyd.⁵³⁾ Hy modelleer sy teorie dan ook op die verloop van die Klassieke en Westerse Beskawings en as hy na ander volke soos die Chinese en Indiane verwys, doen hy dit omdat hy daarmee primitiewe stadia in die geskiedenis van die Grieke en Romeine wil belig.⁵⁴⁾ Op grond van sy skema doen Vico dus ook rekonstruerende vergelyking.

Vico sien in die geskiedenis van alle volke dieselfde kringloop van 'n goddelike, 'n heroïese en 'n „menslike” periode. Die kenmerke van hierdie periodes vind hy nie, soos Aristoteles, net in die staatsvorme nie, maar ook in die ander kultuuraspekte, nl. in die taal, wetenskap, kuns en gewoontes van die onderskeie volke. Vico onderskei nie verskillende soorte kultuureenhede soos beskawings, volke en state van mekaar nie,⁵⁵⁾ sodat dit nie duidelik is op welke van die kultuureenhede sy skema eintlik betrekking het nie, en toon ook nie presies aan wanneer en hoe elke volk die verskillende stadia deurloop nie. Eintlik het Vico geglo dat die kringloop nie presies so in die geskiedenis van elke nasie herhaal word nie en sodoende ruimte gelaat vir die diversiteit van kultuure.⁵⁶⁾ Deur die aard en ontwikkelingsmoontlikhede van 'n kultuur heeltemal aan sy stadium van ontwikkeling gebonde te maak, bring hy die element van die relatiwiteit van elke kultuur tot sy tyd en omgewing na vore, iets wat in die negentiende-eeuse geskiedopvatting 'n belangrike rol sou speel.

Vico se stelsel bied dus sowel plek aan die relatiwiteit

53) Vgl. Berry, a.w., bl. 89 en Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 232.

54) Vgl. Berry, a.w., bl. 90 en Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 232.

55) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 232.

56) Vgl. Berry, a.w., bl. 70.

en verskeidenheid in die geskiedenis as aan die elemente van herhaling en gelykblywendheid daarin. Of hy die twee verskillende aspekte werklik in sy stelsel tot 'n eenheid gebring het, is 'n wysgerige probleem waarop tans nie ingegaan hoef te word nie. Die algemene vorm waarvolgens die geskiedenis verloop, is vir Vico herleibaar tot die aard van die menslike gees, maar hy meen tewens dat hy dit op grond van geskiedenisvergelyking gevind het, soos hy self verklaar: „Now . . . us reflect the comparisons we have made throughout this work in a great many aspects between the first and the last times (- that is between those) of the ancient and modern nations. There will then be fully unfolded before us, not the particular history in time of the laws and deeds of the Romans or the Greeks, but (by virtue of the identity of the intelligible substance in the diversity of their modes of development)⁵⁷⁾ the ideal history of the eternal laws which are instanced by the deeds of all nations in their rise, progress, maturity, decadence and dissolution... „⁵⁸⁾

Op grond van geskiedenisvergelyking, al is dit nie sistematiese en metodiese vergelyking nie, kom Vico dus tot 'n algemene teorie van die geskiedenis wat weer 'n skema bied waarvolgens die geskiedenis van die afsonderlike volke vergelykend beskryf en gerekonstrueer kan word. Veral wat hierdie laaste gebruik van die vergelyking betref, sou Vico heelwat navolging tydens die Aufklärung vind.

2. Vergelyking en vooruitgangsidee

Die denkers van die agtiende-eeuse Aufklärung het Vico nie daarin gevolg om uit die kultuur en die geskiedenis alleen tot algemene kennis te kom nie; soos hul voorgangers deur die eeue heen het hulle geglo dat die algemene in die geskiedenis tot die

57) Wat Vico hier substansie noem, is dus juis dit wat hierbo as die algemene vorm van die geskiedenis aangedui is.

58) Vico, a.w., bl. 372.

konstante aard van die menslike natuur te herlei is.⁵⁹⁾ Anders as Vico, anders as die Klassieke outeurs en in aansluiting by die tradisionele Christelike beskouing het hulle 'n liniêre gang in die geskiedenis gesien. Hierdie gang - en hier blyk 'n verskil met die Christelike opvatting - het vir die meeste Aufklärungsdenkers bestaan uit 'n reeks stadia van vooruitgang, waarby in die laaste stadium uiteindelijke volmaaktheid bereik sou word. Die vooruitgangsidee het vir die eerste keer 'n meer dinamiese kyk op die geskiedenis gebring, die geskiedenis meer as 'n ontwikkelingsgang laat sien, en hiermee die begin gevorm van 'n nuwe geskiedbeskouing wat in die negentiende eeu algemeen ingang sou vind. Ook het die vooruitgangsidee belangrike invloed gehad op die gebruik van die geskiedenisvergelyking, soos hieronder aangetoon word.

Tydens die Aufklärung was dit veral filosowe wat belangrike bydraes tot die geskiedskrywing gemaak het. Hulle het ook as filosowe die geskiedenis beskryf, want hulle wou daarmee hul denkbeelde belig en propageer. Hulle wou veral universele geskiedenis skryf waardeur die konstante aard van die rasonale menslike natuur te midde van al die relatiwiteit in sedes en gewoontes van die verskillende volke na vore moes kom. In dié sin het die Franse filosoof Voltaire die geskiedenis beoefen. Die vergelykinge wat hy gedoen het, moes die aard van die menslike natuur, soos hy dit gesien het, nader belig.⁶⁰⁾ Deur so die geskiedenis te gebruik om sy opvattinge te propageer, het Voltaire gemeen om sy lesers, net soos die geskiedskrywers voor hom, op te voed in deug.⁶¹⁾

'n Ander Aufklärungsdenker, Charles de Montesquieu (1689- 1755), verklaar dat 'n mens die wette deur die geskiedenis en die geskiedenis deur die wette moet ophelder.⁶²⁾ Hy wou soos Voltaire algemene wette van die menslike natuur deur geskiedenis-

59) In sekere sin sluit die menslike natuur soos dit in die tyd van die Aufklärung opgevat is, die menslike gees in wat Vico as die oorsprong van die kultuur sien.

60) Vgl. Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 190.

61) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 87.

62) Ibid., bl. 118.

studie vind en tegelykertyd die geskiedenis met behulp van hierdie wette belig. Montesquieu grond sy teorieë oor die staat ook op heelwat historiese ondersoek na verskillende staatsvorme,⁶³⁾ wat hy teen die agtergrond van geografiese faktore en die gewoontes van die onderskeie volke beskryf. Anders as vir Voltaire is die besondere aard van elke volk vir hom van belang in sigself en hy verklaar dat die wette van elke volk só eiendomlik aan dié volk is dat dit 'n groot toeval sou wees as dit ook vir 'n ander volk sou pas.⁶⁴⁾ Desnieteenstaande haal hy uit die geskiedenis van die volke algemeen geldende wette; die besondere aard van volke en tye is vir hom nie 'n saak van willekeur en onberekenbaarheid soos vroeër algemeen gedink is nie, maar ook daarin vind hy 'n wetmatigheid. Soos Vico sien hy dus geen teenstelling tussen die relatiwiteit van kulture en algemene wetmatigheid nie. Waar Vico egter algemene wette oor die gang van die geskiedenis vind, is die wette van Montesquieu wette oor die aard van die staat.

Wette van historiese ontwikkeling is tydens die Aufklärung veral gevind op grond van die vooruitgangsidee. Terwyl die Klassieke Oudheid tydens die Renaissance 'n ideaal gebly het wat slegs nagevolg kon word, het tydens die Aufklärung die opvatting ingang gevind dat in die eie tyd die Oudheid oortref is.⁶⁵⁾ Nog in die sewentiende eeu, in die „Querelle des Ancients et des Modernes“, het Franse geleerdes hul eie tyd met die Oudheid vergelyk, egter nie sistematies en metodies nie, maar argumenterend en bespiegeld.⁶⁶⁾ Die „Modernes“ het die oorwinning behaal, veral op grond van die argument dat vooruitgang noodwendig is aangesien die menslike natuur uniform is en die menslike kennis voortdurend toeneem.⁶⁷⁾ Dit was veral die ontwikkelinge in die natuurwetenskappe

63) Vgl. Thompson, J.W., a.w., dl. 2, bl. 63.

64) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 118- 119.

65) Ibid., bl. 350 en Fueter, a.w., bl. 344.

66) Vgl. Bock, The acceptance of histories, bl. 66 en Teggart, F.J., Theory and processes of history. Berkeley, University of California Press, 1941, bl. 86.

67) Vgl. Bock, The acceptance of histories, bl. 64 en Teggart, a.w., bl. 89.

wat die geloof versterk het dat daar voortdurende vooruitgang in die menslike wetenskap moet wees.⁶⁸⁾ Verskillende werke is geskryf om die vooruitgang wat vanaf vroeër tye, veral sedert die „barbaarse“ Middeleeue,⁶⁹⁾ gemaak is, aan te toon, waarby vanselfsprekend van geskiedenisvergelyking gebruik gemaak moes word. Die vooruitgangsidee, wat gedeeltelik op grond van vergelyking gevind en bevestig is, het egter self 'n skema gebied waarvolgens vergelyk kon word om die verloop van die geskiedenis te rekonstrueer, soos hieronder nader sal blyk.

Die aanraking met volke buite die Westerse Beskawing, wat na die ontdekkingsreise in steeds toenemende mate geskied het, het daartoe gelei dat die vooruitgangsidee bevestig en verder uitgewerk is.⁷⁰⁾ Aanvanklik is gepoog om die plek van hierdie volke binne die Bybelse geskiedbeeld te bepaal,⁷¹⁾ maar later het dieselfde opvatting as wat reeds by die ou Grieke geheers het⁷²⁾ na vore gekom, nl. dat die primitiewe volke 'n vroeë stadium in die algemene menslike ontwikkeling verteenwoordig. Dié beskouing is veral bevorder deurdat ooreenkomste tussen die gewoontes van primitiewe stamme en van die volke in die vroeë geskiedenis van die Westerse en Klassieke Beskawings gevind is: In 1700 het 'n Franse sendeling gewys op ooreenkomste in godsdiens en gewoontes tussen die Chinese en die ou Grieke en Romeine,⁷³⁾ en sy kollega, vader J.F. Lafitau, het die Indiane in baie opsigte as gelyk aan die Grieke in die tyd van Homerus en die Hebreërs in die tyd van Moses beskou.⁷⁴⁾ Deur

68) Vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 181.

69) Vgl. Meiners, C., Historische Vergleichung der Sitten und Verfassungen, der Gesetze und Gewerbe, des Handels und der Religion, der Wissenschaften und Lehranstalten des Mittelalters mit denen unseres Jahrhunderts in Rücksicht auf die Vorteile und Nachteile der Aufklärung. Hannover, Helwing, 1793.

70) Vgl. Wagner, Der Historiker und die Weltgeschichte, bl. 43.

71) Vgl. Bock, The acceptance of histories, bl. 70-72.

72) Kyk bl. 15 hierbo.

73) Teggart, a.w., bl. 94.

74) Lafitau, J.F., De zeden der wilden van Amerika. . . tegen de zeden der oudste volken vergeleken, en met de getuignissen uit de oudste Grieksche en andere schrijvers getoetst en bevestigd. Amsterdam, Welbergen & Charlois, 1751 (vert. uit Frans).

die primitiewe nasies van die eie tyd te bestudeer, kon die vroeë geskiedenis dus belig word - iets wat Vico ook reeds gedoen het. Op grond van gegewens oor verskillende volke en tye kon selfs 'n algemene ontwikkelingsgeskiedenis van die mensheid gerekonstrueer word. Hierdie taak is in die agtiende eeu deur 'n aantal Skotse geleerdes onderneem: Adam Ferguson het bv. in 1767 'n "essay on the history of civil society" geskryf, waarin kennis oor die Indiane moes dien om die vroegste stadia in die ontwikkeling van die menslike samelewing uit te beeld; "it is in their present condition that we are to behold, as in a mirror, the features of our progenitors", het hy geglo.⁷⁵⁾ 'n Ander skrywer, William Robinson, verklaar dat, aangesien die menslike gees oral dieselfde is, die geskiedenis van alle volke op dieselfde wyse verloop; op grond hiervan, en nie op grond van kontak en beïnvloeding tussen mekaar nie, het hy gemeen dat die ooreenkomste tussen verskillende volke en tye verklaar moet word.⁷⁶⁾

Die Franse denker A.R.J. de Turgot het gepoog om die idee van 'n algemene ontwikkelingsgeskiedenis van die mensheid volgens verskillende stadia van vooruitgang met die tradisionele Bybelse liniêre geskiedbeeld te versoen. Dit was egter nie heeltemal moontlik nie, want in die Aufklärungsvisie was daar nie plek vir sonde en afval en is geen sentrale betekenis aan die koms van Christus geheg nie. 'n Ander Franse filosoof, die graaf de Condorcet (1743- 1794) het in sy beskrywing van die tien ontwikkelingsstadia van die menslike gees dan ook nie gepoog om hierdie elemente van die Christelike beskouing daarin op te neem nie. Vir hom moes die geskiedenis onherroeplik eindig in 'n uiteindelijke vervolmaking van die menslike gees, in 'n volkome gelukstoestand. In sy beskrywing verwys Condorcet net kortliks na werklike ontwikkelinge by verskillende volke; hy konstrueer 'n ideale, abstrakte geskiedenis uit diverse historiese gegewens en op grond van algemene aannames oor die uniformiteit van die menslike natuur en die noodwendige toename in die menslike kennis.⁷⁷⁾

75) Aangehaal in Bock, The acceptance of histories, bl. 78.

76) Vgl. *ibid.*, bl. 81.

77) *Ibid.* en Teggart, a.w., bl. 97.

Die Duitse denker Immanuel Kant (1724- 1804) sien die geskiedenis as die ontvouing van 'n verborge plan van die natuur waarin alle menslike kapasiteite geleidelik ten volle ontwikkel word om uiteindelik 'n staat van volmaaktheid voort te bring.⁷⁸⁾ Hy gee toe dat die universele geskiedenis, soos hy dit visualiseer, in sekere mate 'n aprioriese karakter het en wil dit nie heeltemal in die plek stel van gewone empiriese geskiedenisstudie nie.⁷⁹⁾ Tog het die meeste filosowe van daardie tyd die universele, abstrakte geskiedenis, ook teoretiese of konjekturale geskiedenis genoem,⁸⁰⁾ as die eintlike, egte geskiedenis beskou - as 'n geskiedenis waarin die leemtes in die oorleweringe, wat vir die gewone, tradisionele geskiedskrywing so hinderlik is, oorkom kan word. Deur die natuurlike verloop van die geskiedenis te ken, kan gebrekkige gegewens aangevul word: „in this want of direct evidence, we are under a necessity of supplying the place of fact by conjecture, . . . when we cannot trace the process by which an event has been produced, it is often of importance to be able to show how it may have been produced by natural causes", aldus die Skotse geleerde D. Stewart.⁸¹⁾

Deur vergelyking moes die brokstukke van gegewens oor die geskiedenis dus aangevul en vervolledig word. Hierdie beskouing is duidelik onder woorde gebring deur die Duitse historikus en letterkundige Friedrich von Schiller (1759- 1805): „Jetzt also kommt ihr der philosophische Verstand zu Hilfe, und indem er diese Bruchstücke durch künstliche Bindungsglieder verkettet, erhebt er das Aggregat zum System, zu einem vernunftmässig zusammenhängenden Ganzen. Seine Beglaubigung dazu liegt in der Gleichförmigkeit und unveränderlichen Einheit der Naturgesetze und des menschlichen Gemüts, welche Einheit Ursache ist, dass die Ereignisse des entferntesten Altertums, unter dem Zusammenflusse ähnlicher Umstände von

78) Vgl. Gardiner, P. (red.), Theories of history. New York, Free Press, 1959, bl. 30.

79) Ibid., bl. 33.

80) Vgl. Nadel, G.H., a.w., bl. 71.

81) Aangehaal in Gargan, T. (red.), The intent of Toynbee's history. s.p., Loyola University Press, 1961, bl. 58.

aussen, in den neuesten Zeitlaufen wiederkehren; dass also von den neuesten Erscheinungen, die im Kreis unserer Beobachtungen liegen, auf diejenigen, die sich in geschichtlosen Zeiten verlieren, rückwärts ein Schluss gezogen und einiges Licht verbreiten kann. Die Methode, nach der Analogie zu schliessen, ist, wie überall, so auch in der Geschichte ein mächtiges Hilfsmittel: aber sie muss durch einem erheblichen Zweck gerechtfertigt und mit ebenso viel Vorsicht als Beurteilung in Ausübung gebracht werden".⁸²⁾

Die metode om deur vergelyking die geskiedenis te rekonstrueer, is dus tydens die Aufklärung voorgestaan en toegepas op grond van 'n vooruitgangsidee. Generaliserende vergelyking is slegs gedoen om die vooruitgangsidee, wat reeds as 'n afleiding uit opvattinge oor die uniformiteit van die menslike natuur aanvaar is, te bevestig en te illustreer.

E. Slot

Vergelykinge van verskillende aard, maar almal sonder bepaalde metodes en onsistematies, is in die vroeë bestudering van die geskiedenis gedoen. Die gebruik van vergelykinge het steeds nou saamgehang met die geskiedbeskouing en was in besonder afhanklik van die eeue-oue opvatting dat die geskiedenis die gebied van toeval en onberekenbaarheid is, waarin die algemene, gelykblywende en terugkerende elemente slegs optree as afkomstig uit die natuur, insluitende die menslike natuur. Generaliserende geskiedenisvergeelyking, indien dit so genoem kan word, kon daarom slegs gedoen word om die aard van die menslike natuur beter te ken en stellinge daaroor te bevestig. Die leersame voorbeelde wat die geskiedenis bied t.o.v. menslike handele in die hede kon, so het Bodin altans geglo, hoogstens gesistematiseer word.

Volgens hierdie beskouing is die geskiedenis gesien as 'n versameling van talle gebeure waarin geen reëlmaat of patroon te vinde is nie. Die siklus wat die Klassieke outeurs in die ge-

82) Aangehaal in Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 191 en Rothacker, E., Logik und Systematik der Geisteswissenschaften. München, Oldenbourg, 1927, bl. 103.

skiedenis gevind het, het uit die natuur voortgekom - so is altans geglo - en het eintlik geen vaste patroon in die geskiedenis self gebring nie. Die Christelike geskiedbeeld, waarvolgens 'n sekere reëlmaat en kontinuïteit in die geskiedenis gesien is, het die ou Klassieke opvatting nooit heeltemal verdring nie. Eers Vico en die Aufklärungsdenkers het die geskiedenis beskou en probeer beskryf as 'n ontwikkelingsgang waarin patrone en reëlmatighede te vinde is. Die Aufklärungsdenkers het hul vooruitgangsidee egter tog hoofsaaklik aan hul opvattinge oor die menslike natuur ontleen en dit gebruik as 'n skema waarbinne die geskiedenis gerekonstrueer is sonder dat sorgvuldige historiese ondersoek gedoen is. Die feite van die geskiedenis het so weer slegs as voorbeelde gedien om die vooruitgangsgedagte te illustreer.

'n Eksemplariese, pragmatiese geskiedbeskouing het vanaf die Oudheid, dwarsdeur die Middeleeue en tot aan die einde van die agtiende eeu oorheersend gebly. Op grond van hierdie beskouing was egte generaliserende vergelyking nie moontlik nie, maar slegs „paradigmatiese vergelyking”,⁸³⁾ vergelyking om te illustreer. 'n Ander benadering tot die geskiedenis was nodig alvorens werklik generaliserende vergelyking gedoen sou kan word. So 'n benadering het in die negentiende eeu gekom.

83) Vgl. Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 192. Kyk ook bl. 99 hieronder.

HOOFSTUK II

DIE NEGENTIENDE- EN TWINTIGSTE-EEUSE GESKIEDWETENSKAP

Die moderne geskiedwetenskap het aan die begin van die negentiende eeu, in die geestelike stroming van die Romantiek, ontstaan. In dieselfde tyd het ook ander geesteswetenskappe as aparte dissiplines na vore gekom en dit is veral in dié wetenskappe dat vergelykende metodes gevorm is wat daarna ook in die geskiedkunde toegepas is. Daarom moet die ontwikkeling van die geskiedwetenskap in samehang met die ontwikkelinge in ander geesteswetenskappe beskou word, en dit alles teen die agtergrond van heersende geestestrominge. Soos in die vorige hoofstuk word net 'n oorsig gebied en geen indringende behandeling, wat op sigself 'n uitgebreide studie sou wees, nie. Ook die denkrigtinge wat hul invloed op die beoefening van geskiedenisvergelyking uitgeoefen het, word daarom slegs beknop en in die algemeen aangedui. Drie groot strominge wat agtereenvolgens hul invloed op die geskiedkunde laat geld het, kan onderskei word, nl. die Romantiek, die ouer, negentiende-eeuse positivisme en die beweging van die historisme.¹⁾

Aangesien die jongste ontwikkelinge in die geskiedkunde in die volgende hoofstuk aan die orde kom, word hier slegs die periode voor die Tweede Wêreldoorlog behandel.

A. Romantiek

Al was die Romantiek 'n geestestroming wat hoofsaaklik beperk was tot die einde van die agtiende en die begin van die negen-

1) Die term „historisme" word in verskillende betekenisse gebruik. In hierdie studie word dit aangewend om die denkrigting aan te dui waarin die relatiewiteit en eenmaligheid van alle dinge as volledig opgeneem in die alles beheersende historiese ontwikkeling voorop gestel word, soos dit veral in die beskouinge van W. Dilthey en E. Troeltsch na vore kom. Soms word die term „historisme" gebruik vir alle opvattinge waarin historiese ontwikkeling en/of historiese individualiteit en relatiewiteit 'n besondere plek beklee; in dié sin sou byna alle negentiende- en twintigste-eeuse denke oor die geskiedenis onder hierdie term kon val.

tiende eeu het die vergelykende metodes wat onder invloed daarvan ontstaan het tot diep in die vorige eeu 'n rol van betekenis gespeel; daarom strek hierdie oorsig oor 'n ietwat langer periode as wat verwag sou word.

In die Romantiek is verskeie opvattinge van die Aufklärung voortgesit en verder uitgewerk, maar tog was hierdie stroming in die eerste plek 'n reaksie teen die vernaamste elemente van die Aufklärungsdenke en teen die resultate wat dit voortgebring het. Waar tydens die Aufklärung die menslike rede in die middelpunt gestaan het, is in die Romantiek die klem op gevoel en verbeelding laat val. Terwyl die Aufklärungsdenkers die samelewing radikaal volgens die beginsels van die suiwere rede, d.w.s. volgens hul eie opvattinge, wou wysig, het die Romantici geglo dat slegs gehandel moet word op grond van dit wat reeds in die geskiedenis ontwikkel het. Die skynbaar totale mislukking van die Franse Rewolusie - die omwenteling waarin die Aufklärungsideale verwesenlik moes word - het die idee laat posvat dat daar in die geskiedenis 'n geheime wysheid en 'n verborge wetmatigheid lê, waardeur die instellinge wat onbewus daarin ontwikkel het gesanksioneer is, onaantasbaar geword het.²⁾ Daarom wou die Romantici die geskiedenis bestudeer; hulle wou die tradisies ken op grond waarvan voortgegaan moes word.³⁾ Vir die doel is die geskiedenis nou as leersaam en nuttig beskou en nie meer om voorbeelde en sedelese daaruit te haal nie.

Tydens die Romantiek is nie soos in die Aufklärung die eenheid en gelykheid van alle mense beklemtoon nie, maar juis die eieheid van elke besondere volk. Daar is selfs geglo dat 'n misterieuse krag, die volksgees, die besondere aard van elke volk, as organiese eenheid, vorm. Elke volk moet daarom na sy eie, besondere aard bestudeer word en sy geskiedenis, veral sy vroeë geskiedenis, moet ondersoek word om die oorsprong van die volksaard en die volksinstellinge te vind. In die Romantiek is dus vir die eerste keer die

2) Vgl. Fueter, a.w., bl. 416 en Smit, M.C., Historisme en anti-historisme (Zuidema, S.U. (red.), Wetenschappelijke bijdragen door leerlingen van dr. D.H.T. Vollenhoven. Franeker, Wever, 1951, bl. 156).

3) Vgl. Fueter, a.w., bl. 416.

krag van die historiese tradisie goed besef en in die veranderinge wat steeds in die geskiedenis plaasvind, is die werking van 'n organiese ontwikkelingsproses gesien. Die dinamiek van die geskiedenis, wat in die Aufklärungsdenke nog maar gedeeltelik opgeneem is, is nou vir die eerste keer sterk na vore gebring.⁴⁾ In al die verdere geskiedbeskouinge sou hierdie element behoue bly.

Die geskiedbeskouing van die Romantiek het die geskiedskrywing ingrypend beïnvloed. Die Romantici was veral geïnteresseerd in die vreemde en interessante in die verlede; hulle wou in die geskiedenisstudie die werklikheid van die verlede juis ontvlug. Hulle wou daarom nie die geskiedenis in die lig van hul eie tyd beskryf, soos bv. deur die geskiedskrywers van die Aufklärung gedoen is nie, maar elke periode in sy eie, besondere kleur skilder. Om dit te kan doen, was gevoel en verbeelding nodig en moes die historici hul in die omstandighede en atmosfeer van vergange periodes probeer inleef.⁵⁾

Die nuwe benadering in die geskiedskrywing het noukeurige interpretasie van historiese dokumente en geskifte noodsaaklik gemaak; in en agter die gegewens moes die atmosfeer van die bepaalde historiese periode gevind word. Ook moes elke bron teen die agtergrond van sy besondere tydsomstandighede beskou word ten einde dit in sy regte betekenis te kan sien. Reëls vir die interpretasie van geskifte is deur Romantici soos F.E.D. Schleiermacher en Wilhelm von Humboldt opgestel. Schleiermacher het die rol van psigiese inlewing by die interpretasie beklemtoon; die uitlêer moes homself as 't ware in die outeur van die bron probeer verander om so van binne uit te kan verklaar. Naas hierdie divinatoriese metode, wat Schleiermacher as die vroulike element van kennisvorming beskou het, het hy 'n vergelykende metode as die manlike element gestel.

4) Dat hierdie dinamiek eensydig gesien is deur oorbeklemtoning van die historiese tradisie is 'n saak waarop hier nie ingegaan hoef te word nie.

5) Vgl. Fitzsimons, M.A., Pundt, A.G. en Nowell, C.E. (red.), The development of historiography. Harrisburg, Stackpole, 1954, bl. 195.

Dit wat geïnterpreteer moet word, moet ook onder 'n algemene gesigspunt gestel word om deur vergelyking die besonderheid, die individualiteit daarvan na vore te bring.⁶⁾ Hierdie individualiserende geskiedenisvergelyking sou byna vanselfsprekend deur die Romantici in hul geskiedbeoefening gebruik moes word. Sulke vergelyking is egter net implisiet gedoen en nie metodies en sistematies nie, sodat 'n besondere vergelykende metode nie ontwikkel is nie. Die vergelykende metode wat wel onder invloed van die Romantiek ontstaan het, het vergelyking van 'n ander aard en met 'n ander doel ingehou, soos in die afdeling hieronder aangetoon word.

1. Vergelykende metodes in die geesteswetenskappe

Die Romantiek het gelei tot die ontstaan van 'n aantal nuwe dissiplines wat, op grond van 'n organiese ontwikkelingsidee en met behulp van 'n vergelykende metode, tot belangrike resultate gekom het.⁷⁾ Dit was veral uit afkeer van die Aufklärungsdenke met sy abstrakte generalisasies dat nou gepoog is om primêr deur historiese en empiriese studie tot wetenskaplike kennis te kom.⁸⁾ Vergelykinge is gedoen om tussen tale, mites, regstelsels en sedes en gewoontes van verskillende volke, respektiewelik, verwantskappe, organiese ontwikkelingsverbande, te vind.

Die vergelykende metode wat tydens die Romantiek aangewend is, is eintlik ontleen aan die biologie. Reeds in die agtiende eeu het bioloë soos Vicq d' Asur, G. St. Hilaire en baron Cuvier deur vergelyking van die liggaamstrukture van verskillende diersoorte verwantskappe gevind en op grond daarvan klassifikasies gedoen.⁹⁾ Die skouspelagtige resultate wat in die vergelykende anatomie behaal is, het vir Friedrich Schlegel daartoe aangespoor om

6) Vgl. Wach, J., Das Verstehen. Grundzüge einer Geschichte der hermeneutischen Theorie im 19. Jahrhundert. Dl. 1, Tübingen, Mohr, 1926, bl. 140-141 en Hodges, H.A., The philosophy of Wilhelm Dilthey. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1952, bl. 12.

7) Vgl. Rothacker, Logik und Systematik der Geisteswissenschaften, bl. 93.

8) Vgl. Dilthey, Gesammelte Schriften, dl. 7, bl. 99.

9) Vgl. Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 364.

'n vergelykende grammatika te probeer opstel.¹⁰⁾ In 1816 het Franz Bopp deur vergelyking belangrike ooreenkomste tussen uiteenlopende tale soos Sanskrit, Grieks, Latyn, Duits en Persies gevind. Op grond van die verwantskappe wat hy tussen dié tale ontdek het, wou hy 'n gemeenskaplike Indo-Europese oertaal rekonstrueer.¹¹⁾ Die vergelyking het sodoende historiese rekonstruksie meegebring.

Die resultate van die vergelykende taalwetenskap het só evident en onweerlegbaar gelyk¹²⁾ dat gepoog is om hierdie metode van vergelyking ook op ander wetenskappe toe te pas. Jakob Grimm (1785- 1863) het, nadat hy reeds belangrike bydraes tot die vergelykende taalkunde gemaak het, daarna gestrewe om vergelykinge tussen alle Germaanse volke op gebiede soos staats- en regsinstellings, oorleweringe en simbole te doen. Deur vergelyking wou hy die hele Germaanse oergeskiedenis rekonstrueer, want dit het vir hom as egte Romantikus daarom gegaan om die oorsprong van die eiendommlike instellings, gebruike en tradisies van die Duitse volk bloot te lê.¹³⁾

Die toepassing van vergelykende metodes op legendes en mites het eweneens tot belangrike resultate gelei, maar nie só skou-spelagtig as dié wat in die vergelykende taalwetenskap bereik is nie. Daar is te veel ooreenkomste tussen mites gevind, bv. t.o.v. die plek wat die son, die maan en die voorouers daarin inneem, wat nie sonder meer as duidend op verwantskap beskou kon word nie.¹⁴⁾ Tog het die vergelykende mitologie uiteindelik gelei tot die totstandkoming van 'n vergelykende godsdienswetenskap, wat egter eers in die twintigste eeu aktief beoefen sou word.¹⁵⁾

Die vergelyking van sedes en gewoontes van verskillende

10) Vgl. Scherer, W., Jakob Grimm. Berlyn, Weidmann, 1885, bl. 326-327.

11) Vgl. Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 364 en Von Below, G., Probleme der Wirtschaftsgeschichte. Tübingen, Mohr, 1920, bl. 2.

12) Vgl. Freeman, A.E., Comparative politics. Londen, MacMillan, 1873, bl. 4.

13) Vgl. Scherer, a.w., bl. 327- 328 en Rothacker, Logik und Systematik der Geisteswissenschaften, bl. 93.

14) Vgl. Freeman, a.w., bl. 9- 10.

15) Vgl. Rothacker, Logik und Systematik der Geisteswissenschaften, bl. 94- 95 en Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 366.

volke het die ontstaan van nog 'n nuwe dissipline meegebring, nl. die volkekunde. Hier was dit nog moeiliker as in die vergelykende mitologie om vas te stel watter ooreenkomste verwantskap aantoon.¹⁶⁾ Een van die eerste beoefenaars van die vergelykende volkekunde, E.B. Tylor (1832- 1917), het derhalwe gepoog om 'n tegniek te ontwerp waardeur vasgestel kon word welke van die ooreenkomste op verwantskap dui.¹⁷⁾ Hy het egter soveel ooreenkomste gevind wat nie op verwantskap kon dui nie, dat hy hom daarop begin toelê het om op grond van lg. ooreenkomste algemene ontwikkelingswette te vind. Hiermee het hy 'n ander vergelykende metode, die wat onder invloed van die ouer positiwisme ontwikkel is, toegepas, wat die metode van die vroeë volkekunde sou word.

In die aardrykskunde het Karl Ritter reeds in 1817 vergelykende metodes aangewend, nie alleen om konstante geografiese faktore te ondersoek nie, maar ook om die ooreenkomste tussen inwoners van verskillende gebiede t.o.v. leefwyse, kultuurgebruike ens. aan te toon.¹⁸⁾

Ook in die regswetenskap is die vergelykende metode van die Romantiek toegepas. Regsvergelyking is al veel vroeër gedoen, hoofsaaklik met praktiese motiewe en op grond van konsepsies oor 'n algemene natuurreg.¹⁹⁾ Jakob Grimm e.a. egter het 'n vergelykende regswetenskap voorgestaan „nicht in dem Sinn einer von philosophischen Kategorien ausgehenden Systematik, die sich aus den Rechten aller Zeiten und Völker mit empirischen Material zu bereichern . . . sucht: sondern einer vergleichenden Rechtswissenschaft in historischen Sinne, in dem wir von vergleichender Grammatik sprechen“.²⁰⁾ Historici soos Barthold Niebuhr en Karl von Savigny het in beperkte mate van analogieë gebruik gemaak ter wille van rekonstruksie in

16) Vgl. Freeman, a.w., bl. 16.

17) Vgl. Teggart, a.w., bl. 113- 114.

18) Vgl. Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 364.

19) Ibid.

20) Scherer, a.w., bl. 264- 265.

die regsgeskiedenis,²¹⁾ maar verder is regsvergelyking volgens die metode van die Romantiek maar weinig beoefen. Eers manne soos J.J. Bachofen en sir Henry Maine (1827- 1888) sou belangrike werk in hierdie rigting doen. Maine het nl. ooreenkomste tussen Europese en Indiese reg gevind en wou op grond daarvan 'n gemeenskaplike oerreg rekonstrueer.²²⁾ Onder invloed van die ouer positiwisme sou beoefenaars van die vergelykende regswetenskap egter hoofsaaklik na algemene ontwikkelingswette begin soek.

Die historikus E.A. Freeman (1823- 1892) het die gebruik van die vergelykende metode van die Romantiek in die staatswetenskap ingevoer. Freeman wou deur vergelyking aantoon dat „Greeks, Italians, and Teutons have a large common stock of institutions, institutions whose likeness cannot be otherwise accounted for than by the supposition of their common origin”.²³⁾ Hy het die konstitusie van elke staat bestudeer as „a specimen to be studied, classified and labelled, as a building or an animal is studied, classified and labelled”.²⁴⁾ Sy studie is dan ook nie volgens die gebruikelike metodes van die historikus nie: hy vergelyk om te rekonstrueer, soms waar daar geen bronne bestaan nie, maar soms ook in die plek van bronne-onderzoek. Freeman wou hiermee egter slegs hulpdienste lewer vir die historiese interpretasie;²⁵⁾ sy vergelykende staatkunde moes primêr daartoe dien om die eenheid van die geskiedenis aan te toon en op te helder. Sy metode om deur vergelyking verwantskappe tussen staatsinstellings te vind, verskil heeltemal van dié van vroeëre staatswetenskaplikes soos Aristoteles en Machiavelli²⁶⁾ maar ook van die metodes wat in die latere vergelykende staatswetenskap gevolg sou word.²⁷⁾

21) Vgl. Ritter, M., Entwicklung der Geschichtswissenschaft. München, Oldenbourg, 1919, bl. 32, 343.

22) Vgl. Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 10.

23) Freeman, a.w., bl. 20.

24) Ibid., bl. 294.

25) Vgl. Fueter, a.w., bl. 490.

26) Kyk bl. 11, 19 hierbo.

27) Kyk bl. 126 hieronder.

Uiteindelik is ook in die ekonomie die vergelykende metode van die Romantiek toegepas, veral onder invloed van die vergelykende anatomie.²⁸⁾ Vergelyking is gedoen om vas te stel hoe die Germane se wyse van grondbesit daaruit gesien het, net soos wat daar in ander wetenskappe na 'n oertaal en 'n oerregeringstelsel gesoek is. Hierdie ondersoek is egter in 'n groter mate deur historici as deur ekonome verrig.²⁹⁾ Die ekonoom en historikus Wilhelm Roscher het die gebruik van 'n histories-vergelykende metode in die ekonomie bepleit,³⁰⁾ maar wou met dié metode eweneens algemene ontwikkelingswette vind, waardeur hy reeds in lyn met die ouer positiwisme staan.

Die vergelykende metode van die Romantiek het dus gelei tot die totstandkoming van 'n aantal nuwe geesteswetenskappe sowel as tot nuwe ontwikkelinge in reeds bestaande wetenskappe, sodat van dié metode nie ten onregte nie gespreek is as die heerseres van die negentiende-eeuse wetenskappe.³¹⁾ Die gevaar het selfs bestaan dat 'n alte groot vertroue in hierdie metode gestel en dit tot die enigste en genoegsame vorm van wetenskapsbeoefening verhef sou word. Hierteen het die filosoof G.W.F. Hegel reeds gewaarsku deur te verklaar dat „durch das blosses Vergleichen dem wissenschaftlichen Bedürfnis noch nicht letztlich genügt zu werden vermag, und dass Resultate der erwähnten Art nur als (allerdings unentbehrliche) Vorarbeiten für das wahrhaft begreifende Erkennen zu behandeln sind“.³²⁾ Hoewel die metode in 'n wetenskap soos die vergelykende taalkunde permanent ingang gevind het, het dit in die meeste wetenskappe net tydelik so 'n belangrike rol gespeel.

28) Vgl. Thrupp, Sylvia L., The role of comparison in the development of economic theory (Journal of economic history, dl. 17, 1957, bl. 554- 570).

29) Kyk bl. 42 hieronder.

30) Vgl. Roscher, W., System der Volkswirtschaft. Dl. 1, Stuttgart, Gotta, 1854, bl. 38- 39.

31) Rothacker, Logik und Systematik der Geisteswissenschaften, bl. 91.

32) Hegel, G.W.F., Sämtliche Werke. Dl. 8, Stuttgart, Frommans, 1940, bl. 272.

2. Vergelyking in die metodes van die geskiedwetenskap

Dit het hierbo geblyk dat die vergelykende metode van die Romantiek hom goed leen tot historiese rekonstruksie. Tog het dit in die geskiedkunde ten tyde van die Romantiek geen primêre rol gespeel nie, want juis in hierdie tyd is vir die eerste keer 'n eie metode in die geskiedkunde ontwikkel wat hoofsaaklik een van bronne-interpretasie was.

Die filologies-kritiese metode, wat as die belangrike metode van historiese ondersoek na vore gekom het, het ontstaan onder invloed van die aanwending van die vergelykende metode van die Romantiek. Filoloë het volkseposse vergelyk met die doel om verwantskappe daartussen te vind, maar het deur hierdie prosedure eweneens reste van sulke eposse in werke van figure soos Homeros ontdek. Barthold Niebuhr, wat o.a. oorblyfsels van 'n nasionale epos in die geskrifte van Livius gevind het, was die eerste om dié soort vergelyking as 'n metode van bronne-kritiek in die geskied-ondersoek toe te pas.³³⁾ Deur vergelyking is verwantskappe tussen historiese bronne vasgestel op grond waarvan die egtheid en betroubaarheid van hierdie bronne getoets kon word. Dit is dus in die sin van bronne-vergelyking, soos o.m. deur die groot negentiende-eeuse historikus Leopold von Ranke toegepas,³⁴⁾ dat die vergelykende metode van die Romantiek enigsins 'n plek in die historiese ondersoek verkry het. Dit is egter slegs 'n vergelyking van getuïenisse waaruit die geskiedenis geken kan word, nie geskiedenisver-gelyking self nie.

Tog het die historici van die Romantiek in beperkte mate geskiedenisvergelyking in hul ondersoek gedoen. Dit is reeds aangetoon dat historici soos Niebuhr, Savigny en Freeman vergelykinge gedoen het ter wille van historiese rekonstruksie.³⁵⁾ Ook

33) Vgl. Fueter, a.w., bl. 463.

34) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 212.

35) Kyk bl. 38, 39 hierbo. Vgl. ook Gooch, G.P., History and historians in the nineteenth century. Londen, Longmans, 1961 (heruitgawe), bl. 20 en Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 8.

ander historici het hierdie vergelyking in beperkte mate aangewend: Heinrich von Sybel het in sy studie oor die ontstaan van die Duitse Keiserryk vergelykinge met ekonomiese toestande onder die Hoogskotte en Afghane gedoen, waarmee hy, soos hy self verklaar het, die juistheid van sy beskrywing, „da es ... aus deutschen Nachrichten nur erraten, aber nicht hergestellt werden kann, durch einen Blick in das Ausland" wou staaf.³⁶⁾ 'n Ander geskiedskrywer, G.L. von Maurer, het selfs Slawiese, Albaniese, Hongaarse en Asiatiese toestande met mekaar vergelyk ten einde te probeer bewys dat die ou Germaanse stelsel een van gemeenskaplike grondbesit was.³⁷⁾ Hier is die vergelyking nie meer aangewend om verwantskappe te vind nie en is die gedagte van 'n algemene ontwikkelingsgang wat alle volke moet deurloop reeds op die agtergrond aanwesig.

Sommige historici het hierdie soort aanwending van historiese vergelykinge en analogieë³⁸⁾ afgekeur; G. Waitz het bv. Sybel se gebruik daarvan afgewys,³⁹⁾ terwyl Ranke teen die gevare verbonde aan misleidende analogieë gewaarsku het.⁴⁰⁾

In sy bekende werk oor die metodiek van die geskiedwetenskap⁴¹⁾ gee Gustav Droysen o.m. ook aandag aan die gebruik van vergelykinge by die geskiedondersoek. Hy behandel dit nie as 'n bepaalde navorsingsmetode nie, maar spreek slegs daarvan i.v.m. die ordening en interpretasie van die bronnemateriaal. Analogieë, meen hy, gee gesigspunte vir die kritiese ordening van bronne aangesien dit hierby „um menschliche Vorgänge handelt, die uns als solche durch gleichgeartes Wesen verständlich sind".⁴²⁾ Ook by die sg.

36) Aangehaal in Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 8..

37) Vgl. Ibid.

38) In verband met die verskil tussen vergelyking en analogie word gehandel op bl. 150 hieronder.

39) Vgl. Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 25.

40) Vgl. Engel, J., Analogie und Geschichte (Studium generale, dl. 9, 1956, bl. 99).

41) Droysen, J.G., Historik. Vorlesungen über Enzyklopädie und Methodologie der Geschichte. München, Oldenbourg, 1927 (eerste uitgebreide uitgawe, gedeeltelik reeds gepubliseer in 1857).

42) Ibid., bl. 146.

pragmatiese interpretasie kan op grond van die gelykheid van die menslike aard vergelykinge gedoen en afleidings gemaak word. By hierdie interpretasie gaan dit daarom om uit 'n aantal gegewens oor 'n bepaalde gebeureverloop, nadat hulle reeds geverifieer en georden is, die werklike gang van sake in 'n samehangende eenheid te bring en weer te gee.⁴³⁾ Wanneer die materiaal onvoldoende is om so 'n samehang direk daaruit af te lei, kan vergelyking gedoen en daarby gebruik gemaak word van „unserer andersweitigen Erfahrung und Kenntnis von analogen Verhältnissen, wie der Bildhauer, der einen alten Torso restauriert, diese leitende Analogie in dem konstanten Bau des menschlichen Körpers hat“.⁴⁴⁾ Hierdie vergelyking kan op verskillende wyses geskied. Soms is twee situasies so parallel dat die een direk kan dien om die ander op te helder; ooreenkomste met die Duitse landbougeskiedenis kan bv. die ondergang van die Engelse boerestand help verklaar.⁴⁵⁾ In ander gevalle laat die vergelyking slegs 'n reeks moontlike motiewe na vore kom of kan uit die kennis van die geheel gebeure wat 'n deel daarvan uitmaak beter begryp word: op grond van kennis oor bv. Napoleon se politiek en wyse van oorlogvoering in die algemeen kan sy optrede in 'n bepaalde situasie, waaroor gegewens onvolledig is, afgelei word.⁴⁶⁾

Droysen staan dus vergelyking vir historiese rekonstruksie voor, byna soos dit tydens die Aufklärung op grond van aannames oor die uniformiteit van die menslike natuur gedoen is. Droysen wil die vergelyking egter net aanwend om op die spoor van iets te kom, om 'n hipotese te vorm, waarvan afleidings dan aan die beskikbare gegewens getoets moet word. Die vergelyking bly by hom 'n ondergeskikte deel van die historiese rekonstruksie en hy wil dit geensins op groot skaal en in die plek van bronnestudie gebruik soos in die Aufklärung nie. Die vergelyking wat Droysen voorstaan,

43) Ibid., bl. 340.

44) Ibid., bl. 159.

45) Ibid., bl. 160.

46) Ibid., bl. 163.

is gerig op ooreenkomste wat geleë is in die konstante aard van die menslike natuur en ook in verwantskappe - soos ook by die vergelykende metode van die Romantiek die geval is - maar dit gaan nie vir hom primêr daarom om generalisasies oor die menslike natuur of organiese ontwikkelingsverbande te vind nie, maar slegs om besondere gebeure en situasies te belig. Die vergelyking bly by Droysen ook slegs 'n hulpmiddel en dit word nie uitgebou tot 'n vergelykende metode nie.

Nie net by bronnekritiek en interpretasie nie, ook by die beskrywing self het historici van die negentiende eeu dikwels van vergelyking gebruik gemaak.⁴⁷⁾ Ranke het bv. die Christendom telkens met ander godsdienste vergelyk om dit so beter te kan uitbeeld.⁴⁸⁾ Hierdie gebruik van vergelykinge ter wille van verduideliking en van kunsvolle beskrywing het kritiek uitgelok van 'n Franse historikus soos N.D. Fustel de Coulanges wat daarin 'n bedreiging vir die wetenskaplike eksaktheid van die geskiedskrywing gesien het.⁴⁹⁾

Vergelyking het dus 'n belangrike rol gespeel in die werksaamhede wat die negentiende-eeuse historici met behulp van die histories-kritiese metode verrig het. Geen bepaalde vergelykende metode het egter ingang gevind nie en van generaliserende vergelyking was daar by hierdie werksaamhede geen sprake nie.

47) Vgl. Kirn, a.w., bl.98 en Wagner, Studium generale, dl. 8 , bl. 707.

48) Vgl. Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 199. Hierdie vergelyking geskied dus eintlik met 'n ander hoofdoel as bv. waar Ranke die groot moondhede van Europa vergelyk en op grond daarvan Frankryk as die Katoliek-monargiese, Engeland as die Germaans-maritiem-parlementêre en Oostenryk as die Katoliek-monargies-Duitse moondheid tipeer. Hier gaan dit primêr daarom om die besondere kenmerke van elke moondheid te vind; dit is individualiserende vergelyking - nie soseer sintetiserende vergelyking soos Schieder meen nie. Kyk bl. 145 hieronder.

49) Vgl. Thompson, J.W., a.w., dl. 2, bl. 372 en Langlois, C.V., The comparative history of England and France during the Middle Ages (English historical review, dl. 5, 1890, bl. 259- 263). Langlois kritiseer die gebruik van vergelykinge deur Freeman by sy beskrywing van die Normandiese inväl van 1066. "These scholarly diversions explain nothing, teach nothing; they are comparisons that are not reasons", merk hy op.

3. Generaliserende vergelyking

Tog is generaliserende geskiedenisvergelyking in die eerste helfte van die negentiende eeu gedoen, al was dit nie in die eerste plek deur historici nie. Die opvattinge van die Roman-tiek het sulke vergelykinge selfs bevorder want sy organiese ont-wikkelingsidee het gelei tot die beskouing dat alle volke 'n be-paalde ontwikkelingsiklus moet deurloop. 'n Sikliese geskiedbeskou-ing, wat veral aangesluit het by die opvattinge van Vico, het na vore gekom en daar is gepoog om dit deur vergelyking van die ge-kiedenis van verskillende volke te bevestig.

Dit is veral filosowe soos J.G. Herder, F.W.J. Schel-ling, G.W.F. Hegel en Karl Marx wat teorieë oor die verloop van die geskiedenis gevorm en met beskrywinge probeer staaf het. He-gel sien bv. die opeenvolging van die Oosterse, Grieks-Romeinse en Germaanse beskawings in die geskiedenis as dié van fases in die dialektiese ontplooiing van die wêreldgees.⁵⁰⁾ Hy vind ooreen-komste, soos tussen die Persiese Ryk en dié van Karel die Grote en tussen Sokrates en Maarten Luther, wat vir hom op 'n ooreenkomsti-ge verloop van hierdie beskawings dui.⁵¹⁾ Vergelyking dien so daar-toe om sy teorie te bevestig. Hy beskryf die geskiedenis op grond van sy skema en kan op dié wyse sy teorie ook verder uitwerk en aanneemlik maak, maar nie bewys nie. Hoe empiries sy geskiedskry-wing self ook al is, plaas hy die geskiedenis in 'n sisteem wat hoofsaaklik op grond van sy filosofie, apriories, gevorm is. Hegel se werk getuig wel van 'n deeglike kennis van die geskiedenis, maar nie van sistematiese en metodiese ondersoek van al die beskikbare gewens nie.⁵²⁾

In mindere mate blyk 'n sodanige werkwyse by figure soos C.T. Welcker, Karl Vollgraf, Ernst von Lasaulx, H. Rückert

50) Kyk. Hegel, a.w., dl. 11, waarin hy sy geskiedfilosofie weer-weergee en die geskiedenis op grond daarvan beskryf. Vgl. ook Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 184 en Wagner, Der Historiker und die Weltgeschichte, bl. 179.

51) Vgl. Spranger, E., Kulturfragen der Gegenwart. Heidelberg, Quelle & Meyer, 1953, bl. 17.

52) Vgl. Fueter, a.w., bl. 431.

en N.J. Danilevski.⁵³⁾ Hulle kan nie soseer as filosowe beskou word nie; hul was nie eers almal geesteswetenskaplikes nie en het as amateurs die geskiedenis beoefen. In al die teorieë van hierdie skrywers is daar sprake van 'n sikliese, organiese ontwikkelingsgang van volke en/of beskawings en almal is gegrond op vergelyking, in hoofsaak van die Klassieke Beskawing met die Westerse Beskawing. Hul werke getuig van heelwat empiriese ondersoek en bevat gegewens van allerlei aard, histories, etnografies, taalkundig ens., maar toon nie 'n sistematiese, metodiese vergelyking van verskillende volke en periodes nie.

Al hierdie figure het nóg gewone geskiedwerke nóg geskiedfilosofiese studies gelewer, maar filosofiese behandelinge van die geskiedenis, teoretiese geskiedenis waar in, soos in die Aufklärung, gegewens uit diverse periodes en gebiede saamgeneem word om op grond daarvan 'n algemene gang van die geskiedenis te rekonstrueer. In baie opsigte is die vergelykende geskiedenisstudies van die Romantiek dus 'n voortsetting van die werk van die Aufklärungsdenkers, natuurlik met dié groot verskil dat nou nie op grond van 'n vooruitgangsidee nie, maar op grond van 'n siklusbeskouing gerekonstrueer is.

Dit blyk dus dat by die bovermelde denkers eerder van rekonstruerende as van generaliserende vergelyking sprake is. Tog was die motief by hulle aanwesig om algemene kennis van die geskiedenis, van die verloop van beskawings, te vorm ten einde insig in die posisie van hul eie beskawing en in die toekoms te probeer bekom. Van mense soos Vollgraf en Danilevski is in hul eie tyd nie soveel notisie geneem nie; eintlik het hulle eers in die twintigste eeu heelwat wetenskaplike en populêre belangstelling gewek, toe die

53) Vgl. i.v.m. hierdie figure: Schoeps, H.J., Vorläufer Spenglers. Geschichtspessimismus im 19. Jahrhundert. Leiden, Brill, 1955; Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 233 e.v.; Schultze, Johanna, Carl Theodor Welckers Versuch einer entwicklungs-geschichtlichen Grundlegung der Geschichte (Marcus, W.H. (uitg.), Geist und Gesellschaft: Kurt Breysig zu seinem 60. Geburtstage. Dl. 3, Breslau, 1928, bl. 147- 174); Vogt, J., Wege zum historischen Universum: von Ranke bis Toynbee. Stuttgart, Kohlhammer, 1961, bl. 39 e.v.

vraag na die toekoms van die Westerse Beskawing groter aandag begin verkry het.

In die geskrifte van vakhistorici was die idee van generaliserende vergelyking nog nie heeltemal afwesig nie. Reeds in 1836 het die geskiedskrywer G.G. Gervinus die ideaal van 'n staatkunde en 'n filosofie wat uitgebou is deur geskiedenisvergelyking verkondig. Vir die verwesenliking van so 'n ideaal sou hy „das Gebiet der Geschichte in seinem ganzen Umfange durchwandert und aufgenommen haben; er (dit is Gervinus self) würde gesucht haben aus der ungeheuren Summe der Erfahrungen, aus dem Unsteten, Flüchtigen, Wiederkehrenden, Besonderen, das Gesetzmässige und Allgemeine festzuhalten; aus den vollendeten Völkergeschichten die unvollendete Geschichte der Menschheit zu erraten, aus dem Ganzen die Teile, wie aus den Teilen das Ganze, aus den Staaten den Staat zu erklären. . . Seine Staatslehre würde gleichbedeutend mit einer Geschichte des Staats, seine Geschichte des Staats mit einer Philosophie der Menschheit oder, was einerlei ist, des Menschen, der nötigsten Grundstein geworden sein".⁵⁴⁾

Die geskiedenis sou eers nog veel beter bestudeer moes wees alvorens aan so 'n werk gedink sou kan word, meen Gervinus.⁵⁵⁾ Tog lewer hy self reeds 'n klein bydrae tot die strewe om geskiedenis en sistematiese wetenskappe tot eenheid te bring⁵⁶⁾ deur kortliks 'n vergelyking tussen die ontwikkeling van staatsvorme in die Oudheid en in die Westerse Beskawing te doen en daaruit 'n historiese wet af te lei: „Von den despotischen Staatsordnungen des Orients zu den aristokratischen, auf Sklaverei gegründeten Staaten des Alterthums und des Mittelalters, und von da zu der neueren, noch im Gange begriffenen Staatenbildung ist ein regelmässiger

54) Gervinus, G.G., Gesammelte kleine historische Schriften. Leipzig, Engelmann, 1839, bl. 595- 596.

55) Ibid., bl. 596.

56) Vgl. i.v.m. hierdie strewe Gervinus, G.G., Grundzüge der Historik. Leipzig, Engelmann, 1837, bl. 62 e.v. en Marcus, a.w., dl. 1, bl. 1- 2.

Fortschritt zu gewahren von den geistigen und bürgerlichen Freiheit der Einzelnen zu der der Mehreren und der Vielen. Wo aber die Staaten ihren Lebenslauf ganz vollendet haben, da beobachtet man dann wieder, von dem Höhepunkte dieser aufstiegender Linie der Entwicklung abwärts, ein Zurückgehen der Bildung, der Freiheit und Macht von den Vielen zu den Wenigen und Einzelnen. Dieses Gesetz ist es, dass sich in jedem Theile der Geschichte, in jedem vollkommeneren Einzelstaaten vorfindet, und so auch in den zusammengesetzten Gruppen, die wir bezeichnet haben".⁵⁷⁾ Gervinus se vergelykinge, wat net enkele bladsye beslaan en meer illustrasie as bewys vir sy stelling is,⁵⁸⁾ dien primêr om sy siening van die negentiende-eeuse Westerse Beskawing en van die vooruitsigte van die demokrasie daarin te bevestig.

Hoewel Gervinus dus iets sê in die gang van die geskiedenis sien, betrek hy dit net op die staat, nie op die hele kultuur soos Hegel, Von Lasaulx e.a. nie. Sy opvattinge toon nie die tipiese trekke van die Romantiek nie en hy sluit eerder aan by ouer opvattinge oor die geskiedenis en die staat soos dié van Aristoteles, Machiavelli en Montesquieu. Hy sou 'n belangrike invloed op latere historici hê, veral op Wilhelm Roscher en Heinrich von Treitschke.⁵⁹⁾

Roscher, na wie se gebruik van die vergelyking in die ekonomie reeds verwys is,⁶⁰⁾ wou alle bekende volke met mekaar vergelyk om so algemene ekonomiese ontwikkelingsstadia te vind.⁶¹⁾ Hy vergelyk bv. die vroeë ekonomiese toestande in 'n aantal gebiede om te probeer aantoon dat gemeenskaplike grondbesit aan die begin

57) Gervinus, G.G., Einleitung in die Geschichte des neunzehnten Jahrhunderts. Frankfurt a.M., Insel, 1967 (eerste uitgawe 1852), bl. 13.

58) Ibid., bl. 13- 16.

59) Vgl. Bussman, W., Treitschke. Göttingen, Musterschmidt, 1952, bl. 178 en Weber, M., Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre. Tübingen, Mohr, 1922, bl. 21.

60) Kyk bl. 40 hierbo.

61) Vgl. Bussman, a.w., bl. 174 en Weber, a.w., bl. 22.

van alle volke se ontwikkeling voorgekom het.⁶²⁾ Op grond van sy ondersoek, wat sorgvuldig en deeglik gedoen is,⁶³⁾ kom hy tot die algemene stelling dat „in der wirtschaftlichen Entwicklung der Völker erst der Faktor der Natur (des Bodens), dann der Arbeit, schliesslich der des Kapitals herrsche; die alten Völker aber seien zu vollen Ausbildung des Kapitals und folglich des Kredits eigentlich nicht gekommen".⁶⁴⁾ Roscher onderskei verder 'n algemene ontwikkelingsgang van staatsvorme, gekoppel aan die ekonomiese ontwikkelingsstadia.⁶⁵⁾ Sy metode van vergelyking is wetenskaplik, maar sy 'ondersoek is tog nie al te uitgebreid nie, iets wat met die beperkte kennis in sy tyd t.o.v. baie dele van die geskiedenis begryplik is. Hy gaan ook reeds uit van bepaalde opvattinge oor 'n normale ontwikkelingsgang van volke⁶⁶⁾ en toon in dié opsig trekke van die ouer positiwisme se vergelykende metode.

Treitschke, wat weer die invloed van Roscher ondergaan het, het geen vergelykende studie van volke gedoen nie, maar net enkele ooreenkomste aangewend om aan te toon dat die ontwikkeling van kleiner state in 'n groter eenheidstaat 'n noodwendige proses in die geskiedenis is. As nasionalistiese geskiedskrywer wou hy op hierdie manier die Duitse eenheidstrewe onder die leiding van Pruisie bevorder en bepleit.⁶⁷⁾ Dit het vir hom dus nie in die eerste plek daarom gegaan om algemene wette in die geskiedenis te vind nie.

Twee Franse geskiedskrywers, Alexis de Tocqueville en N.D. Fustel de Coulanges, wou geskiedwerke lewer waarin tot generaliseringe oor die staat gekom word. Tocqueville beskryf in sy werk oor die Amerikaanse demokrasie⁶⁸⁾ die aard van die demokratie-

62) Vgl. Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 10.

63) Vgl. Spranger, a.w., bl. 20 en Thrupp, Journal of economic history, dl. 17, bl. 561.

64) Aangehaal in Spranger, a.w., bl. 20.

65) Vgl. Bussman, a.w., bl. 182 en Weber, a.w., bl. 29.

66) Vgl. Spranger, a.w., bl. 20 en Rothacker, E., Die vergleichende Methode in den Geisteswissenschaften (Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, dl. 60, 1957, bl. 13-33).

67) Vgl. Bussman, a.w., bl. 198 en Wittram, a.w., bl. 51.

68) De Tocqueville, A., La démocratie en Amérique. Brussel, Société Belge de Librairie, 1837-1840.

se staatsvorm self. Hy het geglo dat die demokrasie 'n algemene ontwikkelingsfase in die geskiedenis verteenwoordig en daarom noodwendig in Europa moes kom,⁶⁹⁾ en wou tewens met hierdie werk sy landgenote aantoon hoe om die tirannie te ontvlug.⁷⁰⁾ Hoewel soms na sy studie as vergelykend verwys word,⁷¹⁾ generaliseer hy eintlik net op grond van een geval: hy beskryf die demokrasie deur die faktore wat hy as tipies daarvan beskou in die Amerikaanse staatkundige konstellasie na vore te bring. Iets soortgelyks doen Fustel de Coulanges t.o.v. die antieke staatstruktuur;⁷²⁾ hy probeer tot algemene kennis oor die staat kom op grond van 'n studie van die staatsvorm van 'n bepaalde periode in die geskiedenis.⁷³⁾

Dit blyk dus dat generaliserende vergelyking in die eerste helfte van die negentiende eeu nie op groot skaal en sistematies gedoen is nie. Tog het die geskiedbeskouing van die Romantiek daartoe bygedra dat dit in latere tyd moontlik sou word om hierdie vergelyking metodies te beoefen. Die Romantiek het immers die opvatting laat ingang vind dat die geskiedenis veel meer is as 'n versameling van losse gegewens wat slegs illustratiewe waarde het en dat op grond van die geskiedenis alleen ook tot vaste, wetenskaplike kennis gekom kan word. Dat generaliserende vergelyking in die tyd van die Romantiek nog nie juis gedoen is nie, moet in die eerste plek daaraan toegeskryf word dat die geskiedwetenskap nog in 'n beginstadium verkeer het en dat studie van die besondere

69) Vgl. De Tocqueville, A., Democracy in America. Dl. 1, New York, Vintage Books, 1954 (vert.), bl. ix.

70) Vgl. Gooch, a.w., bl. 221.

71) Dilthey, Gesammelte Schriften, dl. 7, bl. 99 en Gerhard, a.w., bl. 100.

72) Fustel de Coulanges, N.D., La cité antique. 1964. Duitse vertaling: Der antike Staat. Graz, Akademische Druck- und Verlagsanstalt, 1961.

73) In baie opsigte herinner die metode van Jacob Burckhardt in sy werk Die Kultur der Renaissance in Italien (1860) aan die van Tocqueville en Fustel de Coulanges. Burckhardt skets die trekke wat tipies is van die Italiaanse Renaissancekultuur, waarby daar egter nie soseer sprake is van generaliserende vergelyking nie, maar eerder van sintetiserende vergelyking waarby deur vergelyking tot 'n groter geheel of samehang gekom word. Kyk bl.147e.v. hieronder.

tydperke van die geskiedenis, gegrond op deeglike bronne-ondersoek, alle aandag opgeëis het. Aangesien die Romantiek veral gelei het tot nuwe belangstelling in die nasionale geskiedenis het studie van die geskiedenis in groter geheel en van die geskiedenis na sy algemene aard meer op die agtergrond gebly al het dit, soos hierbo aangetoon is, tog enige beoefening gevind. Onder invloed van 'n nuwe geestestroming sou sulke studie egter juis sterk bevorder word. Dit sal hieronder aangetoon word.

B. Ouer positiwisme

Die stroming van positiwisme⁷⁴⁾ wat in die negentiende eeu na vore gekom het, het die gebruik van vergelyking in geesteswetenskaplike kennisvorming sterk gestimuleer. Die positiwiste het daarna gestrewe om net op grond van positiewe feite tot wetenskaplike kennis te kom; algemene teorieë moes slegs gevorm word deur generalisasie op grond van empiriese studie. Daar is van die voorveronderstelling uitgegaan dat die hele werklikheid opgebou is uit vaste, positiewe eenhede waartussen by alle veranderinge steeds reëlmatige verhoudinge heers. Vergelyking was daarom die aangewese weg vir hulle om hierdie reëlmatighede te leer ken en tot algemene kennis te kom.⁷⁵⁾ Op grond van sulke kennis van die reëlmatige verhoudinge in die ontwikkeling van die samelewing en die geskiedenis kon onbekende dele van die geskiedenis ook gerekonstrueer word.

Die eintlike vader van die positiwisme, Auguste Comte (1798- 1857), wou net sulke algemene, vaste kennis van die menslike samelewing vorm as wat in die natuurwetenskappe van die natuur gevorm is. Hy het gepoog om die natuurwetenskaplike metodes, waaronder die metode van vergelyking wat hy aan die biologie ontleen het⁷⁶⁾ vir die studie van die samelewing aan te wend. Comte kon die

74) Hier word van ouer positiwisme gespreek om die rigting wat behandel word van ander, veral latere, strominge van positiwisme in die filosofie te onderskei.

75) Vgl. Smit, M.C., Historisme en anti-historisme (Zuidema, a.w., bl. 159).

76) Comte, A., The positive philosophy of Auguste Comte. Dl. 2, Londen, Bell, 1896 (vert.), bl. 24.

vergelykende metode van die biologie nie net so gebruik nie, omdat die feite van die geskiedenis vir hom nie almal vaste, positiewe feite was wat, soos in die biologie, direk met mekaar vergelyk kan word nie. Die sg. historiese metode wat hy ontwerp het as vergelykende metode vir die studie van die samelewing vereis dat, op grond van die beginsel van die uniformiteit van die menslike natuur, eers 'n aantal noodwendige stadia van menslike ontwikkeling afgelei en die feite van die geskiedenis dan in die lig daarvan georden word.⁷⁷⁾ Dit is dus 'n vergelyking waarby van die geheel na die dele beweeg word ten einde die juiste feite, nl. dié wat op ontwikkeling dui, te selekteer en so die geskiedenis as een geleidelike ontwikkelingsgang te rekonstrueer.

Wat die ouer positiwiste gedoen het, was in baie opsigte soortgelyk aan wat in die Aufklärung verrig is, nl. om die geskiedenis te rekonstrueer op grond van 'n vooruitgangsidee. Die ouer positiwiste het ook 'n geleidelike vooruitgang in die geskiedenis as die steeds verdere ontwikkeling van die menslike samelewing gesien. Hulle het die invloed van die Romantiek ondergaan en was veel meer as die Aufklärungsdenkers bewus van die dinamiek van die geskiedenis, maar het, soos in die Aufklärung en in die eeue daarvoor geglo is, tog gemeen dat nie slegs op grond van die geskiedenis gegeneraliseer kan word nie; net sekere feite in die geskiedenis is van belang en hulle kan alleen gevind word op grond van kennis oor die aard van die menslike natuur.

Hierdie beskouing blyk duidelik by die filosoof John Stuart Mill wat verklaar het dat „the order of human progression in all respects will be a corollary deducible from the order of progression in the intellectual convictions of mankind, that is the law of successive transformations of religion and science. The question remains whether this law can be determined, at first from history as an empirical law, then converted into a scientific theorem by deducing it a priori from the principles of human nature”.⁷⁸⁾

77) Vgl. *ibid.*, bl. 250- 252.

78) Mill, J.S., A system of logic. Ratiocinative and inductive. Dl. 2, Londen, Parker, 1843, bl. 609.

Die studie van die geskiedenis het vir Mill en sy geesgenote primêr gedien om afleidings op grond van algemene beskouings oor die menslike natuur te bevestig.

1. Vergelykende metodes in die sosiale wetenskappe

Soos wat die vergelykende metode van die Romantiek tot die ontstaan en ontwikkeling van 'n groep geesteswetenskappe geleidelik het, het die vergelykende metode van die ouer positiewisme eweneens 'n aantal wetenskappe, wat meesal as sosiale wetenskappe bekend staan, geïnnogureer en in bepaalde bane geleidelik.

Comte was die stigter van die sosiologie as die wetenskap wat die samelewing en sy ontwikkeling moes bestudeer en as die nuwe positiewe totaliteitswetenskap die plek van die filosofie en die geskiedkunde moes inneem. Een van die eerste beoefenaars van die sosiologie, Herbert Spencer (1820-1903), het die positiewisme met die ewolusie-idee, soos geponeer deur Charles Darwin, verbind. Soos Darwin op grond van vergelyking die verwantskappe tussen alle lewende wesens in 'n ewolusie-stamboom probeer vaslê het,⁷⁹⁾ wou Spencer deur vergelyking die ewolusie van die samelewing rekonstrueer. Deur daarvan uit te gaan dat alles van die eenvoudige na die gekompliseerde en van die homogene na die heterogene ontwikkel, kon hy feite oor die samelewing klassifiseer op so 'n manier dat hulle die ewolusie van die samelewing weergee.⁸⁰⁾ Spencer het nl. allerlei feite oor die staat, die ekonomie, die wetenskap ens. van verskillende volke en tye uit geskiedwerke en reisbeskrywings versamel en georden⁸¹⁾ en op grond daarvan dan die ontwikkelingsgang van die samelewing beskryf.

Ander vroeë sosioloë het op soortgelyke wyse te werk

79) Darwin se vergelyking berus ook op sekere aannames van algemene ontwikkelingswette, maar is veel meer as dié van Spencer en sy navolgers 'n vergelyking om verwantskappe te vind, wat in wese die vergelykende metode van die Romantiek was.

80) Vgl. Bock, The acceptance of histories, bl. 11.

81) Vgl. Harris, M., The rise of anthropological theory. New York, Coowell, 1968, bl. 159-160.

gegaan. Een van hulle, F. Müller-Lyer, het 'n sg. faseologiese metode gebruik deur by verskillende volke 'n aantal fases van ontwikkeling te onderskei en dan ooreenkomstige fases met mekaar te vergelyk. So het hy 'n algemene, tipiese ontwikkelingsgang van die samelewing gevind.⁸²⁾ Müller-Lyer se vergelykinge is nie intensief en sorgvuldig gedoen nie; uit ooreenkomste tussen enkele feite konkludeer hy 'n hele ontwikkelingsreeks. Om sy tabelle oor die ewolusie van allerlei tipes werktuie, van sosiale vorme ens. te kan opstel, moes hy hom laat lei deur 'n algemene vooruitgangidee, deur die opvatting dat alles noodwendig van die eenvoudige na die gekompliseerde ontwikkel. Deur die rigtingslyne van vooruitgang in die geskiedenis te kan trek, het hy gemeen om insig in die toekoms te verkry. Saam met die ander positiwiste het hy geglo dat deur die reëlmatighede in die geskiedenis te ken, die mens sy wêreld volkome sal kan beheers.⁸³⁾

Die vergelykende metode van die ouer positiwisme was, soos die een van die Romantiek, een van historiese rekonstruksie. Dit was egter geen rekonstruksie op grond van verwantskappe wat tussen verskillende tale, staatstelsels ens. gevind is nie, maar een op grond van algemene ontwikkelingswette wat vooraf aangeneem is. Waar die metode van die Romantiek gelei het tot die rekonstruksie van spesifieke ontwikkelinge by bepaalde volke en in bepaalde periodes, is die metode van die ouer positiwisme 'n middel om 'n algemene ontwikkelingsgang van die hele menslike samelewing, dus 'n teoretiese, abstrakte geskiedenis van alle volke en tye te konstrueer.

Soortgelyke resultate is verkry by die toepassing van hierdie metode in ander wetenskappe. Nadat in die volkekunde eers ooreenkomste tussen volke wat dui op verwantskap met mekaar ondersoek is,⁸⁴⁾ het die invloed van die ouer positiwisme meegebring

82) Vgl. Barth, P., Die Philosophie der Geschichte als Soziologie. Dl. 1, Leipzig, Reissland, 1915, bl. 92.

83) Vgl. Müller-Lyer, F., Phasen der Kultur und Richtungslinien des Fortschritts. München, Lehmanns, 1908, bl. v.

84) Kyk bl. 38 hierbo.

dat die aandag gerig is op ooreenkomste wat juis ten spyte van verwantskap en onderlinge beïnvloeding bestaan en daarom, so is geglo, op algemene ontwikkelingswette moet dui. Soos 'n latere volkekundige, F. Boas, dit gestel het, was die werk van die negentiende-eeuse etnoloë primêr „research which compares similar phenomena from various parts of the world, in order to discover the uniform history of their development, and makes the assumption that the same ethnological phenomena have everywhere developed in the same manner”.⁸⁵⁾ Die ou gedagte dat die primitiewe volke 'n vroeë stadium in die ontwikkeling van die mensheid verteenwoordig, was onder die eerste volkekundiges nog steeds aanwesig en een van die pioniers van dié nuwe wetenskap, E.B. Tylor, het deur vergelyking met primitiewe volke probeer vasstel wat daar in die Westerse Beskawing nog van die primitiewe stadia oorgebly het.⁸⁶⁾ L.H. Morgan het uit gegewens oor die Amerikaanse Indiane en enkele ander volke die algemene ontwikkelingsfases in die samelewingsstruktuur en -organisasievorme probeer vasstel.⁸⁷⁾ Sonder om intensiewe ondersoek te doen en met min gegewens tot hulle beskikking het die vroeë volkekundiges 'n algemene ontwikkelingsstelsel op die geskiedenis van alle volke probeer pas.

In die regs wetenskap is in die tweede helfte van die negentiende eeu gestrewe om algemene wette van regsontwikkeling te vind. Met die eerste verskyning in 1878 van 'n nuwe tydskrif vir vergelykende regs wetenskap is verklaar: „So will also die vergleichende Rechtswissenschaft lehren, wie Völker gemeinsamer Abstammung die überkommenen Rechtsbegriffe selbständig ausarbeiten, wie ein Volk die Institute eines andern übernimmt und seinen eigenen Anschauungen gemäss umformt, wie endlich auch ohne jede tatsächliche Verbindung die Rechtssysteme verschiedener Nationen sich

85) Boas, F., The limitations of the comparative method (Science, dl. 4, 1896, bl. 901).

86) Vgl. Teggart, a.w., bl. 114.

87) Vgl. Harris, a.w., bl. 158 en Bock, The acceptance of histories, bl. 21.

nach gemeinsamen Entwicklungsgesetzen fortbilden".⁸⁸⁾ Van die driedige ondersoek na beïnvloeding, gemeenskaplike afstamming en algemene ontwikkelingswette is lg. die belangrikste: „das letzte Ziel der vergleichenden Rechtswissenschaft (kann) nur sein, allgemeine Gesetze für die Entwicklung des Rechts zu finden und auf die Geschichte der einzelnen Nationen anzuwenden".⁸⁹⁾ 'n Vergelykende universele regswetenskap waarin die verskillende ontwikkelingsfasies van die reg georden en tot eenheid gebring word, is deur 'n ander voorstander van vergelykende metodes in die regswetenskap bepleit.⁹⁰⁾ Tog is die vergelykende metode van die ouer positiwisme in die regswetenskap nooit so algemeen toegepas as in die vroeë sosiologie en volkekunde nie en eintlik het die vergelykende regswetenskap in hoofsaak beperk gebly tot die ondersoek van vreemde regstelsels.

In die staatkunde en ekonomie het die ouer positiwisme eweneens slegs in beperkte mate tot vergelykende ondersoek gelei. Die redes hiervoor was veral dat die sosiologie reeds die ontwikkeling van die staat en die ekonomie in sy eie ondersoeksveld betrek het en dat historici eerder as staatkundiges en ekonome gewoon was om die politieke en ekonomiese geskiedenis te bestudeer. Van besondere betekenis vir die ekonomie was die Marxisme met sy leer van algemene ontwikkelingstadia op grond waarvan ekonome wat hierdie leer aangehang het die ekonomiese ontwikkeling van die samelewing probeer rekonstrueer het.⁹¹⁾

Die gebruik van die vergelykende metode van die ouer positiwisme was nog meer as die gebruik van die metode van die Romantiek 'n verbygaande fase in die meeste geesteswetenskappe, al sou

88) Bernhöft, F., Ueber Zweck und Mittel der vergleichenden Rechtswissenschaft (Zeitschrift für vergleichenden Rechtswissenschaft, dl. 1, 1878, bl. 36- 37).

89) Ibid., bl. 4.

90) Del Vecchio, G., Die Idee einer vergleichenden universalen Rechtswissenschaft (Archiv für Rechts- und Wissenschaftsphilosophie, dl. 7, 1913- 1914, bl. 405- 406).

91) Vgl. Thrupp, Journal of economic history, dl. 17, bl. 565.

daar in die huidige tyd enige herlewing kom.⁹²⁾ Dit was die gevolg daarvan dat die positiwistiese vergelykingsmetode slegs op grond van 'n bepaalde uitgangspunt, nl. 'n algemene vooruitgangs- of ewolusie-idee, gedoen kon word, wat in latere tyd nie meer so maklik aanvaar is nie. Daarby het geblyk dat die feite-ondersoek nie deeglik genoeg nie en die afleidings te simplisties gedoen is.

3. Die vergelykende metode in die geskiedwetenskap

Alhoewel die vernaamste eksponente van die positiwistiese opvattinge die geskiedkunde nie as 'n positiewe wetenskap beskou het nie en sy taak deur die sosiologie wou laat oorneem, het die positiwistiese vergelykingsmetode tog in die geskiedkunde self heelwat beoefening gevind, meer selfs as in sommige ander geesteswetenskappe.

Die invloed van die ouer positiwisme het by sommige historici tot uiting gekom in 'n strewe om hul wetenskap eksakter te maak en om tot algemene wette van die geskiedenis te kom. Die vernaamste verteenwoordiger van die rigting om die geskiedkunde na die model van die natuurwetenskappe om te vorm, H.T. Buckle (1821- 1862), was 'n bewonderaar van Comte.⁹³⁾ Hy wou die geskiedeniswetenskap op dieselfde vlak as ander wetenskappe bring deur algemene wette van historiese ontwikkeling te vind: „In regard to nature, events apparently the most irregular and capricious have been explained, and have been shown to be in accordance with certain fixed and universal laws. This has been done because men of ability, and, above all, men of patient, untiring thought, have studied natural events with the view of discovering their regularity, and if human events were subjected to a similar treatment, we have every right to expect similar results”.⁹⁴⁾ Buckle het self in 'n studie van die Engelse geskiedenis reëlmatighede probeer vind, veral deur statistieke aan te wend. Sy gebruik van vergelykende metodes was dan ook eintlik 'n gebruik en vergelyking van statistiese gegewens.

92) Kyk bl. 129 hieronder.

93) Vgl. Fueter, a.w., bl. 578.

94) Aangehaal in Gardiner, a.w., bl. 109.

Buckle het verskillende navolgers gehad, in Brittanje o.a. die geskiedskrywer W.E.H. Lecky en in die V.S.A. J.W. Draper, H.B. Adams en C.M. Andrews. Veral lg. twee historici het die gebruik van vergelykende metodes voorgestaan om algemene stadia van ontwikkeling in die geskiedenis te vind, al het hulle besef dat sulke stadia nie oral presies eenders kan wees nie.⁹⁵⁾ In Frankryk weer het H. Taine statistiese vergelyking aangewend in sy pogings om tot groter wetenskaplike eksaktheid in die geskiedskrywing te kom.⁹⁶⁾

Die vergelykende metode van die positiwisme is egter veral deur Duitse historici toegepas. Gekoppel aan die ideaal van 'n vergelykende studie van die hele geskiedenis om tot sistematiese algemene kennis te kom, is dié metode deur die historikus en filoloog Wilhelm Scherer (1841- 1886) voorgestaan: „Warum sollte es nicht eine Wissenschaft geben, welche den Sinn dieser Bestrebungen, das was den innersten aufquellenden Lebenskern unserer neusten Geschichte ausmacht, zu ihrem eigentlichen Gegenstand wählte, welche zugleich ganz universell und ganz momentan, ganz umfassend theoretisch und zugleich ganz praktisch, das kühne Unternehmen wagte, ein System der nationalen Ethik aufzustellen... ? Der Verlauf einer ruhmvollen glänzenden Geschichte steht uns zu Gebote, um ein Gesamtbild dessen, was wir sind und bedeuten, zu entwerfen: und auf diesem Inventar aller unserer Kräfte würde sich eine nationale Güter- und Pflichtlehre aufbauen, woraus den Volksgenossen ihr Vaterland gleichsam in atmender Gestalt ebenso strenge heischend, wie lieblich spendend entgegenträte”.⁹⁷⁾ Dit is nie net hierdie ideaal, wat sterk herinner aan dié van Bodin,⁹⁸⁾ wat Scherer deur geskiedenisvergelyking wou verwesenlik nie; hy wou ook op grond van vergelyking tot 'n algemene leer van ekonomiese sisteme, van staatsvorme, van metodes van oorlogvoering, van wetenskapsbeskou-

95) Vgl. Social Science Research Council (uitg.), Theory and practice in historical study. Bulletin 54, New York, 1946, bl. 37- 40.

96) Vgl. Fueter, a.w., bl. 584.

97) Aangehaal in Rothacker, E., Einleitung in die Geisteswissenschaften. Tübingen, Mohr, 1930, bl. 220- 221.

98) Kyk bl. 20 hierbo.

inge en van kunsvorme kom.⁹⁹⁾ So 'n algemene vergelykende geskiedkunde moet beoefen word deur „ein systematischer Kopf, mit ausgebauten Wissen bei allen Völkern, in allen Zeiten, auf allen Lebensgebieten heimisch“.¹⁰⁰⁾ Saam met Buckle en die ander positiewiste het hy geglo dat deur sulke kennis die natuur en die samelewing uiteindelik beheers sal kan word.¹⁰¹⁾ Herman Usener het in soortgelyke sin as Scherer 'n vergelykende regs- en sedegeschiedenis voorgestaan en geglo dat deur vergelyking van die verskillende volke die algemene wette waarvolgens volke ontwikkel gevind en so gekom kan word tot algemene kennis van die menslike natuur self, tot 'n omvattende antropologie waarby die ander wetenskappe ingeskakel kan word.¹⁰²⁾

Die vergelykende metode het in die geskiedkunde veral toepassing gevind in die werke van Karl Lamprecht (1856- 1913), wat, beïnvloed deur die volkspsigologie van Wilhelm Wundt,¹⁰³⁾ algemene psigologiese wette in die ontwikkeling van volke wou vind.¹⁰⁴⁾ Hy het geglo dat die geskiedkunde om werklik wetenskap te kan wees nie op die individuele, besondere, wat volgens hom eintlik nie wetenskaplik te ken is,¹⁰⁵⁾ gerig moet word nie, maar op die algemene, die tipiese en so op die sosiaal-psigiese faktore in die geskiedenis.

99) Vgl. Rothacker, Einleitung in die Geisteswissenschaften, bl. 235.

100) Aangehaal in *ibid.*, bl. 223.

101) Rothacker, Einleitung in die Geisteswissenschaften, bl. 223. Kyk ook bl. 54 hierbo.

102) Vgl. Rothacker, Einleitung in die Geisteswissenschaften, bl. 134- 135.

103) Wundt het vir die volkspsigologie en vir die geesteswetenskappe in die algemeen naas psigologiese analise, interpretasie en kritiek vergelyking as 'n belangrike metode gesien; hy spreek sowel van vergelyking gerig op die individuele as van vergelyking gerig op die generiese, op ontwikkelingsamehange. Vgl. Wundt, W., Logik. Dl. II-2, Stuttgart, Enke, 1885, bl. 2, 64 e.v.

104) Vgl. Vogt, J., Gesetz und Handlungsfreiheit in der Geschichte. Studien zur historischen Wiederholung. Stuttgart, Kohlhammer, 1955, bl. 28 en Vogt, Wege zum historischen Universum, bl. 30.

105) Vgl. Lamprecht, K., Die historischen Methoden des Herrn von Below. Berlyn, Gaertner, 1899, bl. 49.

denis en op die ontwikkeling.¹⁰⁶⁾ In plaas van politieke geskiedenis, waarin dit net om die individuele, besondere gebeure gaan, wou hy algemene, sosiale en kultuurgeskiedenis skryf.¹⁰⁷⁾ Om hierdie taak te kan verrig, moes Lamprecht 'n nuwe metode ontwerp waarin vergelyking 'n belangrike rol speel, want in die vergelyking het hy „das grösste Hilfsmittel wissenschaftlicher Forschung“ gesien.¹⁰⁸⁾ Die vergelykende metode wat hy gebruik, is een waarin van die geheel na die dele beweeg word om so die algemene en tipiese na vore te kan bring. Lamprecht vind in sy vergelykende studie 'n aantal algemene, psigologiese ontwikkelingstadia in die geskiedenis van die Duitse volk, nl. van animisme, simbolisme, „tipisme“, konvensionalisme, individualisme en subjektiwisme, maar die stadia kan ook logies afgelei word uit algemene psigies-sosiale wette wat uit kennis van die menslike natuur self gevind kan word.¹⁰⁹⁾ Soos vir Comte en Mill dien die vergelykende metode van geskiedenisondersoek dus vir Lamprecht om algemene wette van die menslike natuur te bevestig. In sy behandeling van die Duitse geskiedenis rekonstrueer hy die verskillende ontwikkelingstadia op grond van algemene aannames en deur feite vergelykend vanuit sy bepaalde gesigspunt te orden.

Hoewel Lamprecht slegs die Duitse geskiedenis uitgebreid beskryf het, het hy geglo dat die stadia wat hy daarin gevind het ook op ander volke toegepas kan word; hy het vergelykende ondersoek van die verskillende volke volgens hul onderskeie ontwikkelingstadia en volgens die verskillende kultuurgebiede, soos wetenskap, ekonomiese organisasie en staatsvorm, voorgestaan.¹¹⁰⁾

Omdat Lamprecht as 'n vakhistorikus gegeld en daarop

106) Vgl. Seifert, E., Der Streit um Karl Lamprechts Geschichtsphilosophie. Augsburg, Filfer, 1925, bl. 54.

107) Vgl. Lamprecht, Die historischen Methode des Herrn von Below, bl. 49.

108) Aangehaal in Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 4.

109) Vgl. Van der Pot, a.w., bl. 192- 193.

110) Vgl. Lamprecht, K., Zur universalgeschichtlichen Methodenbildung (Abhandlungen der philologisch-historischen Klasse der königlich sächsischen Gesellschaft der Wissenschaften, dl. 21, 1909).

aanspraak gemaak het om 'n nuwe rigting in die geskiedkunde te inisieer, het sy metodes tot heelwat stryd in geskiedwetenskaplike kringe aanleiding gegee.¹¹¹⁾ In Lamprecht se bronne-onderzoek en -interpretasie is onnoukeurighede aangetoon¹¹²⁾ en sy metodes is as eklekties bestempel¹¹³⁾ en as te sterk verbonde met 'n bepaalde filosofie.¹¹⁴⁾ Al het Lamprecht heelwat vrugbare idees verskaf en nuwe stimulus aan geskiedenisondersoek gegee,¹¹⁵⁾ het sy nuwe metode geen blywende ingang gevind nie en hy het daarin slegs enkele navolgers gehad, onder wie veral Kurt Breysig van belang is.

Breysig sien in die vergelyking die elementêre middel waarvan elke wetenskaplike, ook die historikus, hom moet bedien.¹¹⁶⁾ Deur vergelyking kan die gebeure in tyd en ruimte georden word;¹¹⁷⁾ die ordening in tyd is egter vir hom meer as 'n bloot kronologiese, dit is 'n ordening in ontwikkelingsreeks. Waar die gewone, beskrywende geskiedkundige slegs kronologies orden, wil hy vergelykende, ontwikkelingsgeskiedenis beoefen.¹¹⁸⁾ Deur die vergelykende metode aan te wend vind Breysig, soos Lamprecht, 'n aantal normale ontwikkelingsfases in die geskiedenis van elke volk t.o.v. al sy kultuurgebiede: die ekonomie, die sosiale organisasie, die kuns, die wetenskap ens. Hy onderskei as ontwikkelingsstadia van volke en beskawings 'n „Kindesalter der Urzeit“, 'n „Knabenalter des Altertums“, 'n „Jünglingzeit des Mittelalters“, 'n „Menschenalter der neueren

111) Dit word nader behandel in Seifert, a.w.

112) Vgl. Vogt, Wege zum historischen Universum, bl. 34.

113) Vgl. ibid., bl. 32 en Wagner, Der Historiker und die Weltgeschichte, bl. 74.

114) Vgl. Von Below, G., Die neue historische Methode (Historische Zeitschrift, dl. 81, 1898, bl. 270).

115) Vgl. Vogt, Wege zum historischen Universum, bl. 34.

116) Breysig, K., Kulturgeschichte der Neuzeit. Vergleichende Entwicklungsgeschichte der früheren Völker Europas und ihres sozialen und geistigen Lebens. Dl. 1, Berlyn, De Gruyter, 1900, bl. 220.

117) Breysig, K., Das neue Geschichtsbild im Sinn der entwickelnden Geschichtsforschung. Berlyn, De Gruyter, 1944, bl. 104.

118) Vgl. Vogt, Wege zum historischen Universum, bl. 48.

Zeit" en 'n „Greisenalter der neuesten Zeit“.119) Hier is dus geen vooruitgangidee aanwesig soos by die meeste ouer positiwiste nie, maar blyk elemente van 'n sikliese beskouing soos dit veral in die tyd van die Romantiek na vore gekom het. Breysig glo nie dat elke volk al hierdie stadia deurloop het nie; slegs die Romaans-Germaanse en Grieks-Romeinse volke het bv. die laaste stadium bereik, terwyl die meeste primitiewe volke nog in die eerste ontwikkelingsfase verkeer. In sy onvoltooid geblewe behandeling van die universele geskiedenis¹²⁰⁾ beeld hy die verskillende stadia uit deur by elk die kultuur van 'n aantal volke wat as verteenwoordigend daarvan beskou word te beskryf. Dit is dus geen geskiedwerk waarin die hele geskiedenis kronologies en t.o.v. alle volke en beskawings weergegee word nie, maar eintlik ook 'n teoretiese, ideale geskiedenis van die mensheid, saamgestel uit gegewens oor verskillende tye en gebiede, soos wat in die tyd van die Aufklärung gedoen is.

Die vergelykende metode van Breysig is soos dié van Lamprecht en die hele ouer positiwisme nie een van generalisasie op grond van feite-onderzoek nie, maar een van historiese rekonstruksie op grond van algemene ontwikkelingswette wat as voorveronderstellings aanvaar word.

Die gebruik van die ouer positiwistiese vergelykingsmetode in die geskiedkunde van die tweede helfte van die negentiende eeu het geblyk 'n verbygaande fase te wees wat ook net 'n klein deel van die historici van daardie tyd beïnvloed het. Slegs in die Marxistiese geskiedskrywing waarin gepoog moes word om Marx se stelsel as basis te gebruik, het dié metode in sekere sin blywende toepassing gevind. Die tradisionele historiese metode is geensins daardeur verdring nie; eerder het 'n reaksie teen alle gebruik van vergelykende metodes in die geskiedkunde ontstaan.

119) Breysig, K., Der Stufenbau und die Gesetze der Weltgeschichte. Berlyn, De Gruyter, 1905, bl. 9.

120) Breysig, K., Die Geschichte der Menschheit. 5 dele, Berlyn, De Gruyter, 1955 (eerste uitgawe 1936-39).

3. Die houding t.o.v. die vergelykende metode in die geskiedwetenskap.

Om die invloed van die vergelykende metode van die ouer positiewisme en die reaksie daarteen in die geskiedkunde nader te bepaal, moet kortliks op beskouinge oor vergelykende metodes onder historici in die algemeen in die tyd van en net na die aanwending daarvan deur historici gelet word.

Tot die bestryders van vergelykende metodes, in besonder van dié wat Lamprecht en Breysig beoefen het, behoort veral Georg von Below.¹²¹⁾ Von Below kritiseer dié metodes in die eerste plek waar dit in die plek van bronne-onderzoek aangewend word om so vinniger tot resultate te kan kom; „man vergleicht ein paar eilig zusammengesetzte Fälle und das Gesetz ist fertig”.¹²²⁾ Verder beskou Von Below die vergelyking in gevalle waar nie genoeg materiaal vir direkte bronnestudie aanwesig is nie ook as gevaarlik. Die vergelykinge van Sybel, Von Maurer, Roscher e.a. om te probeer bewys dat die vroeë Germane 'n stelsel van gemeenskaplike grondbesit gehad het,¹²³⁾ toon bv. die tendens om hierdie stelsel as 'n algemene ontwikkelingsstadium te sien, 'n opvatting wat, na Von Below aantoon, deur feitestudie as onjuis bewys is.¹²⁴⁾ Die vergelyking kan daarom, so konkludeer Von Below, nie as bewys gebruik word nie, maar slegs as hulpmiddel om tot hipoteses te kom.¹²⁵⁾ Die vergelyking soos Droysen dit voorgestaan het, verwerp hy dus nie: „Wir klagen keineswegs die Vergleichung an sich an. Aber wir stellen in den Vorder-

121) Sy vernaamste geskrifte oor die vergelykende metodes in die geskiedkunde is: Probleme der Wirtschaftsgeschichte (hoofstuk I, Das kurze Leben einer vielgenannten Theorie); Die neue historische Methode (Historische Zeitschrift, dl. 81); Die vergleichende Methode (Historische Vierteljahrschrift, dl. 21, 1922- 1923, bl. 129- 138).

122) Von Below, Historische Vierteljahrschrift, dl. 21, bl. 132.

123) Kyk bl. 42, 48- 49 hierbo.

124) Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, hoofstuk I.

125) Ibid., bl. 19- 20.

grund die unmittelbaren Nachrichten und verlangen ferner, dass Herausarbeitung, Auswahl und Zusammenstellung der Vergleichungsobjekte mit der grossen Umsicht vorgenommen werden".¹²⁶⁾

In Frankryk het Fustel de Coulanges eweneens die gebruik van vergelykende metodes aangeval, veral soos dit toegepas is in studies oor gemeenskaplike ooreiendom waarin gepoog is om 'n algemene, normale ontwikkelingsgang in die geskiedenis aan te toon. „La méthode comparative ne consiste pas à chercher chez quinze peuples divers quinze petits faits qui, interprétés d'une certaine façon, concourent à faire un système; elle consiste à étudier plusieurs peuples dans leur droit, dans leurs idées, dans tous leurs faits sociaux, et à dégager ce qu'ils ont de commun, ce qu'ils ont de différent".¹²⁷⁾ Fustel de Coulanges wys geensins die vergelykende metode as sodanig af nie, maar slegs die verkeerde gebruik daarvan, op die wyse van die ouer positiwiste; 'n juiste gebruik van dié metode moet tot heeltemal ander resultate lei.¹²⁸⁾

Daar was dus nie 'n prinsipiële afwysing van vergelykende metodes nie, maar daar is beklemtoon dat vergelyking op die juiste wyse gedoen moet word en nie as 'n middel om bronne-onderzoek te vervang nie. „Die vergleichende Methode in der Rechts- und Wirtschaftsgeschichte ist ein notwendige Ergänzung der quellenkritische Methode, führt aber zu Irrtümern, sobald man ihr allein oder

126) Ibid., bl. 21. Von Below sluit hom hier aan by die kritiek van die etnoloog en geograaf F. Ratzel teen die vergelykende metode. Ratzel wys daarop dat die vergelykinge van Sybel, Von Maurer e.a. gedoen is t.o.v. gebiede waaroor weinig gewens bestaan en dat die gevalle nie in die juiste opsigte met mekaar vergelyk is nie. „Der eine nimmt seine Analogien aus Afghanistan, der andere aus Indien oder Neuseeland, wo er sie eben findet, keiner fragt, ob das nicht vielleicht dazu führe, dem Keim mit der Blüte zu vergleichen. Es ist also im tiefsten Grund ein Mangel an geschichtlicher, d.h. der Zeitfolge und dem Zeitabstand Rechnung tragender Auffassung derjenigen Erscheinungen, die sich nicht von vornherein geschichtlich eineinander gereiht zeigen". Hy bepleit noukeurige vergelyking en verwerp dit anders as Von Below geensins as 'n middel om te bewys nie. Ratzel, F., Geschichte, Völkerkunde und historische Perspektive (Historische Zeitschrift, dl. 93, 1904, bl. 40- 41).

127) Fustel de Coulanges, Questions historiques. Parys, Hachette, 1893, bl. 103.

128) Ibid.

vorwiegend vertraut".¹²⁹⁾

In die werke oor die historiese metode wat vanaf die einde van die negentiende eeu verskyn het, word aan die vergelyking steeds 'n plek, hoewel 'n beskeie plek, toegeken, ook al word teen die verkeerde gebruik van vergelykende metodes ernstig gewaarsku. Ernst Bernheim behandel soos Droysen die vergelyking i.v.m. die bronne-interpretasie. „Die Möglichkeit dieses wichtigen Hilfsmittels beruht darauf, dass vermöge der allgemeinen Identität der menschlichen Natur und der auf sie wirkenden Faktoren sich die Entwicklungsprozesse zu verschiedenen Zeiten und bei verschiedenen Völkern und Menschengruppen teils übereinstimmend, teils ähnlich wiederholen - allerdings, . . . durchweg nur ähnlich".¹³⁰⁾ Op grond van hierdie identiteit, wat tot algemene trekke beperk bly, en hierdie gelyksoortigheid kan vergelyking tot belangrike insigte lei: „wir vermögen dadurch in Einzelvorgängen und -verhältnissen mehr oder weniger übereinstimmende allgemeine Entwicklungsprozesse zu erkennen und jede so deutlicher, eindringender zu verstehen, wir werden aufmerksam auf Faktoren und Kausalbeziehungen, die wir bei Betrachtung der einzelnen Falle unbekannt sind, während sie in dem anderen bzw. in mehreren anderen zutage liegen, wir können so die Einzelercheinungen in das Licht der allgemeinen physischen, psychologischen, kulturellen Ursachen und Bedingungen rücken, wir vermögen zu unterscheiden, was an ihnen singulär, was typisch ist".¹³¹⁾ Die vergelyking gerig op die besondere is vir Bernheim net so belangrik as dié gerig op die algemene; anders as in die meeste ander wetenskappe moet die vergelyking in die geskiedkunde steeds in hierdie dubbele sin gebruik word.

Bernheim beskou die gebruik van die generaliserende vergelyking by die historiese ondersoek dus as van waarde en meen dat die algemene nie alleen in die aard van die menslike natuur lê nie, maar ook in die aard van die historiese ontwikkelingsproses.

129) E. Gothein, aangehaal in Von Below, Probleme der Wirtschaftsgeschichte, bl. 24.

130) Bernheim, E., Lehrbuch der historischen Methode. Leipzig, Duncker & Humboldt, 1908 (eerste uitgawe 1889), bl. 606.

131) Ibid., bl. 606- 607.

132) Ibid., bl. 189.

Bernheim onderskei twee soorte vergelyking. In die eerste word 'n aantal gevalle vergelyk om daaruit 'n konklusie t.o.v. 'n onbekende te maak; dit is vergelyking deur induksie waarby die waarde van die konklusie afhang van die hoeveelheid gevalle wat vergelyk word, volgens Bernheim altans. Hy waarsku in hierdie verband teen vergelykinge van te weinig gevalle, soos in die volkekunde gedoen.¹³³⁾ Daarbenewens is daar die vergelyking deur analogie; hier hang die waarde van die konklusie af van die mate van ooreenkoms in wesenlike kenmerke tussen die gevalle en bestaan die gevaar dat daar geen wesenlike of genoegsame ooreenstemming bestaan om 'n bepaalde konklusie te regverdig nie. Die beskouinge van Comte en Lamprecht oor die ontwikkelingsstadia wat alle volke deurloop, sien Bernheim as 'n foutiewe konklusie, gegrond op onvoldoende vergelyking.¹³⁴⁾

Die invloed van Droysen en Bernheim se gesaghebbende metodieke blyk uit beskouinge oor die vergelyking in ander werke oor die metodes van die geskiedkunde. A. Feder sien as rede waarom vergelykinge moontlik is eweneens „dass die Menschen zu verschiedenen Zeiten an verschiedenen Orten unter ähnlichen Bedingungen auf Grund ihrer Natur ähnlich handeln“¹³⁵⁾ en meen dat vergelykinge slegs waarskynlikhede kan aantoon en kan help om probleme te belig en hipoteses te verskaf.¹³⁶⁾ L. J. M. Philippen herhaal Feder se

133) Ibid., bl. 611.

134) Ibid., bl. 612.

135) Feder, A., Lehrbuch der historischen Methodik. Regensburg, Kösel & Pustet, 1921 (eerste uitgawe 1919), bl. 107.

136) Feder spreek ook van 'n henologiese prinsipe op grond waarvan afhanklikheidsverhoudinge tussen twee of meer dinge gevind kan word: „Wenn zwei Objekte in einem Merkmal übereinstimmen, so stammt in Bezug auf dieses Merkmal das eine Objekt vom anderen oder dieses von jenem oder beider von einem dritten, des jedes Merkmal in gleicher oder vorzüglicher Weise eigen ist. (Feder, a.w., bl. 107- 108.) Hierdie metode herinner aan die vergelykende metode van die Romantiek maar kom ook in baie opsigte ooreen met die wat E. Durkheim aan die begin van hierdie eeu in die sosiale wetenskappe geïnisieer het. Kyk bl. 80 hieronder.

uiteensetting in verkorte vorm,¹³⁷⁾ terwyl ook die beskouinge van die Amerikaanse historikus G.J. Garraghan in hoofsaak met dié in bogenoemde geskiedmetodieke ooreenstem.¹³⁸⁾

Die siening van C.V. Langlois en C. Seignobos¹³⁹⁾ herinner veral aan die hierbo vermelde uitspraak van Fustel de Coulanges.¹⁴⁰⁾ Hul is ten gunste van 'n metode waarvolgens nie net enkele gegewens van diverse volke en tye, soos in die ouer positiewisme nie, maar hele samelewings, of dieselfde samelewing op verskillende stadia van sy ontwikkeling, vergelyk word. Deur so 'n metode sou vasgestel kon word watter feite oorsake van ander is en watter gemeenskaplike oorsake het.¹⁴¹⁾ Dit is dus veral met die oog daarop om oorsake te soek en nader te presisieer dat Langlois en Seignobos geskiedenisvergelyking voorstaan en in dié sin het dit later ook in Frankryk beoefening gevind.¹⁴²⁾

Die historici van die vorige eeu het die geskiedenisvergelyking dus nie in sy geheel verwerp nie, maar dit steeds as 'n nuttige hulpmiddel by die historiese interpretasie en so as deel van die historiese metode self beskou. Vergelyking om algemene wette in die geskiedenis te vind in die sin van 'n reeks ontwikkelingsstadia vir alle volke en samelewings, soos in die sosiologie gedoen,¹⁴³⁾ is veroordeel, maar daarmee nog nie die vergelyking gerig op generalisasie as sodanig nie; o.a. Bernheim sien hierin waarde vir die historiese ondersoek. Onder invloed van 'n nuwe geestestro-

137) Philippen, L.J.M., Beknopte methodiek der geschiedvorsching. Antwerpen, Nederlandse Boekhandel, 1942, bl. 84-85.

138) Garraghan, G.J., A guide to historical method. New York, Fordham, 1946, bl. 143-146.

139) Langlois, C.V. en Seignobos, C., Introduction aux études historiques. Parys, Hachette, 1907 (eerste uitgawe 1897).

140) Kyk bl. 64 hierbo.

141) Langlois en Seignobos, a.w., bl. 252.

142) Kyk bl. 80 e.v. hieronder.

143) Begryplikerwyse het die historici van die laat negentiende eeu merendeels nie baie simpatiek gestaan teenoor die vroeë sosiologie en sy pretensies nie. Vgl. bv. Maitland, F.W., Collected papers. Dl. 3, Cambridge, University Press, 1911, bl. 285-303.

ming, die historisme, sou die generaliserende geskiedenisvergelyking egter heeltemal afgewys word.

C. Historisme

Soos wat die Romantiek 'n reaksiebeweging teen die Aufklärungsdenke was, was die stroming van historisme wat aan die einde van die vorige eeu na vore gekom het in belangrike mate 'n reaksiebeweging teen die ouer positiwistiese denke. Terwyl die ouer positiwiste by die Aufklärung aangeknoop het, sluit die historiste weer in verskillende opsigte by die Romantiek aan.

Dit was veral die ouer positiwiste se pogings om die geskiedenis met die metodes van die natuurwetenskappe te ondersoek en om net sulke algemeen geldende, noodwendige wette soos op die gebied van die natuur ontdek is in die geskiedenis te vind, wat deur die historiste sterk teengestaan is. Nie die algemeen geldende nie, maar die individuele, eenmalige moet bestudeer word om die geskiedenis na sy ware aard te ken, het die aanhangers van die historisme gemeen. 'n Skerp onderskeid is gemaak tussen die natuurwetenskappe waarin algemene wette gesoek word en die historiese of geesteswetenskappe wat primêr gerig is op die individuele. Aan die geskiedwetenskap in besonder is die taak toevertrou om die individuele verskynsels van die werklikheid in hul tyd- en plekgebondenheid te ondersoek. Net sulke wetenskaplike, positiewe kennis as wat van die natuur gevorm is, moes nou van die individuele historiese werklikheid gevorm word met behulp van metodes eie aan die geskiedenis. 'n Metode van empatiese, aanvoelende verstaan, van inlewing in die gees en omstandighede van besondere periodes van die geskiedenis, 'n metode om van binne uit te verklaar, soos reeds ten tyde van die Romantiek voorgestaan is,¹⁴⁴⁾ het dié metode van die historisme geword.

Soos die Romantici het die historiste 'n diepe eerbied gehad vir dit wat histories geword het en vir die mag van die geskiedenis. Vir hierdie mag het hulle eintlik nog 'n groter

144) Kyk bl. 35- 36 hierbo.

agting gehad as die Romantici. Vir die historiste was die geskiedenis die allesbeheersende waaraan alles in die wêreld van die mens onderworpe is, waartoe alles relatief is. In 'n werklik historiese benadering moes, volgens hulle, die relatiwiteit en volstrekte eenmaligheid van alle verskynsels voorop staan. Die geskiedenis was vir hulle by uitstek die gebied van die individuele, waarin vir die algemeen geldende geen plek is nie en dus ook nie vir die generaliserende vergelyking nie.¹⁴⁵⁾

Die vernaamste denkers van die historisme toon onderlinge verskille t.o.v. die gebruik van vergelykende metodes. Sommige van hulle het dié metodes as so nou verbonde aan die ouer positiwisme en aan die natuurwetenskappe gesien dat hulle dit as on-eie aan die geesteswetenskappe verwerp het. Heinrich Rickert verklaar bv. dat die vergelykende metodes slegs 'n plek het in die deskriptiewe natuurwetenskappe. „Weil es für die descriptiven Wissenschaften nur um schon vorher bestimmte Formen der Körper handelt, die innerhalb gewissen Grenzen feststehen, so geben diese Formen auch das Mittel, um durch rein empirische Vergleichung der verschiedenen Dinge miteinander aus ihren intensiven Mannigfaltigkeit das in Rücksicht auf diese Formen Wesentliche wiederum ohne Anwendung von allgemeinen Begriffen herauszuheben".¹⁴⁶⁾ Ook vir graaf Paul Yorck von Wartenburg is die vergelyking onlosmaaklik verbind aan die vind van vaste vorme; „Vergleichung ist immer aesthetisch, haftet nur an der Gestalt".¹⁴⁷⁾ In die vergelykende taalwetenskap kan dit slegs insig bied in die somatiese gestalte van die taalvorme, nie in die psigiese herkoms en waardes nie; „Einblick in das Leben der Sprache ist der Vergleichung unzugäng-

145) Natuurlik is hierbo slegs enkele tipiese kenmerke van die historisme aangedui en nie noodwendig opvattinge wat alle aanhangers van hierdie rigting met mekaar deel nie.

146) Rickert, H., Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung; eine logische Einleitung in die historischen Wissenschaften. Tübingen, Mohr, 1902, bl. 136.

147) Dilthey, W. en Yorck von Wartenburg, P., Briefwechsel zwischen Wilhelm Dilthey und Graf Paul Yorck von Wartenburg. 1877-1897. Halle, Niemeyer, 1927, bl. 193.

lich".¹⁴⁸⁾ Dieselfde geld t.o.v. die geskiedenis: „Das sich bewegen von Leben zu Leben, die Akt des historischen Verstehen und der Erfassung von Persönlichkeiten vollzieht sich ohne Vergleichen, oder wenigstens ist diese nicht wesentlich".¹⁴⁹⁾

Wilhelm Dilthey (1833- 1911) laat hom daarenteen juis waarderend uit oor die toepassing van vergelykende metodes in die staats- en taalwetenskappe. Van Tocqueville se studie oor die demokrasie¹⁵⁰⁾ verklaar hy bv.: „Eine einzige, ich möchte sagen, morphologische Betrachtungsweise geht durch alle diese Generalisationen hindurch und führt zu Begriffen von neuer Tiefe. Die allgemeine Wahrheiten bilden sich nach diesem Standpunkt nicht die Grundlage der Geisteswissenschaften, sondern ihr letztes Ergebnis".¹⁵¹⁾ Dilthey sien in die vergelyking 'n moontlikheid om van die volkome individuele historiese verskynsels tog tot iets algemeens te kom. Volgens Dilthey moet die eenmalige verskynsels tot groter gehele georden en in sg. werkingsamehange gebring word, waarvan die grootste en allesomvattende geheel die totaliteit van die geskiedenis en van die lewe self is.¹⁵²⁾ Hierdie totaliteit bly as die volstrek eenmalige geskiedenis van die menslike geslag tog individueel en die algemene kan vir Dilthey, en alle konsekwente historiste, nie anders wees as die groter geheel nie. Dit is dus eintlik sintetiserende vergelyking, soos bv. deur Burckhardt beoefen,¹⁵³⁾ en nie generaliserende vergelyking nie, wat Dilthey voorstaan.¹⁵⁴⁾ Hiernaas beskou hy 'n ander soort vergelyking, die individualiserende, as van besondere waarde vir die geskiedkunde. In herhaling van Schleierma-

148) Ibid., bl. 194.

149) Ibid., bl. 202.

150) Kyk bl. 49- 50 hierbo.

151) Dilthey, Gesammelte Schriften, dl. 7, bl. 35- 36. Vgl. ibid., dl. 1, bl. 229.

152) Vgl. ibid., dl. 5, bl. xcix, 303 en ibid., dl. 8, bl. 151.

153) Kyk bl. 50 hierbo.

154) Kritiek op hierdie gebruik van die vergelyking by Dilthey blyk by ander aanhangers van die historisme, soos Yorck von Wartenburg, in die hierbo aangehaalde opmerkinge, en H.G. Gadamer in sy Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik, Tübingen, Mohr, 1960, bl. 220.

cher se opvattinge oor die vergelyking verbind met die divinatoriese metode¹⁵⁵⁾ meen hy: „Divination und Vergleich sind in einem zeitlich Ununterschiedenen mit einander verbunden. Wir können ein komparatives Verfahren in Bezug auf das Individuelle niemals entbehren“. ¹⁵⁶⁾

Uit hierdie enkele opmerkinge i.v.m. Dilthey se beskouinge oor die vergelyking blyk reeds die gevaar verbonde aan 'n konsekwente historisme, nl. 'n volslae relatiwisme waarin vir niks algemeens, vir niks geldend buite 'n bepaalde periode meer plek is nie. Dilthey het die relativisering van alle verskynsels in die wêreld van die mens as 'n bevryding van natuurwetenskaplike dwangmatigheid gesien; vir hom was die eenheid van alle verskynsels in die totaliteit van die lewe en die geskiedenis gelyk aan die algemene. Ernst Troeltsch (1865- 1923) het egter die konsekwensies van so 'n relatiwisme besef en probeer oorwin. In sy worsteling om 'n oplossing, wat hy eintlik nooit gevind het nie, het hy die historisme egter juis tot 'n uiterste relatiwisme gevoer.¹⁵⁷⁾ Egte vergelyking kan vir Troeltsch net die individualiserende vergelyking wees wat die volstrekte relatiwiteit en eenmaligheid van alle verskynsels aantoon. Die generaliserende vergelyking van die ouer positiviste is vir hom 'n valse vergelyking wat uitgaan van die onjuiste veronderstelling dat alle mense van alle tye en plekke dieselfde waardes het en wat so die sekerhede wat die mens uit sy eie kultuur put, wegneem: „Das echte Vergleichen erhöht das eigene Selbstverständnis und bildet die eigene Wirklichkeit kritisch fort, das falsche Vergleich zerstört die Geschlossenheit und Kraft des eigenen Lebens und macht das eigene Schaffen im Wirbel der Analogien und wurzellose Möglichkeiten nur irre an sich selbst“. ¹⁵⁸⁾

155) Kyk bl. 35- 36 hierbo.

156) Dilthey, Gesammelte Schriften, dl. 7, bl. 226. Vgl. ibid., dl. 5, bl. civ.

157) Dit word duidelik aangetoon in Klapwijk, J., Tussen historisme en relativisme, een studie over de dynamiek van het historisme en de wijsgerige ontwikkelingsgang van Ernst Troeltsch. 1970.

158) Troeltsch, E., Der Historismus und seine Probleme. Tübingen, Mohr, 1922, bl. 192. Vgl. ibid., bl. 190.

Juis deur groter besef van die eie waarde kan egte universaliteit bereik word as die „von individuellen Sonderbildungen aus vordringende lebendige Kraft des Gesamtlebens".¹⁵⁹⁾

Die individualiserende vergelyking het vir Troeltsch dus in die eerste plek etiese, praktiese waarde. Ook in die geskiedwetenskap self ken hy daaraan egter 'n belangrike plek toe as 'n vergelyking wat dien „zur besseren Erfassung ihres Gegenstandes gerade als individuelle Besonderheit inmitten aller Analogien und Aehnlichkeiten...".¹⁶⁰⁾ In sy godsdiensfilosofiese ondersoekinge het Troeltsch self vergelykinge gedoen om die uniekheid van die Christendom en sy absolute teenoor ander godsdienste aan te toon. In 'n latere fase van sy denke kon hy hierdie standpunt egter nie meer handhaaf nie; ook die Christendom het vir hom 'n volstrek betreklike verskynsel geword, geheel en al relatief tot die besondere aard van die Westerse Beskawing en daarom met godsdienste van ander kulture onvergelykbaar. Die individualiserende vergelyking kan daarom alleen wees „eine Vergleichung von Fall zu Fall, ein Zusammenhalten von sich berührenden und bekämpfenden oder unter bestimmten einzelnen Gesichtspunkten herausgegriffenen Bildungen, die dabei niemals aus ihrer konkreten Grundlage gelöst werden dürfen".¹⁶¹⁾

Troeltsch se vergelyking van godsdienste kan eweneens as 'n generaliserende vergelyking beskou word: uit die vergelyking self wou hy 'n maatstaf vind waaraan die godsdienste beoordeel kan word. Hierdie maatstaf sou dus iets algemeens kan wees, iets wat betrekking het op die aard van die godsdiens as sodanig. In latere beskouinge huldig hy egter die standpunt dat ook hierdie maatstaf wat uit die vergelyking gevind word relatief is en dat die historikus nog 'n tweede maatstaf, dié wat in sy eie tyd en omgewing gehuldig word, moet gebruik by beoordeling.¹⁶²⁾ Ook hier-

159) Ibid., bl. 187. Vgl. ibid., bl. 170.

160) Ibid., bl. 191.

161) Ibid.

162) Ibid., bl. 172.

die tweede maatstaf is dus 'n relatiewe grootheid, sodat die Werk van die historikus in sy geheel 'n betreklike karakter dra en sodat van die geskiedenis geen algemeen geldende kennis gevorm kan word nie.

Tog kan Troeltsch die belangrikheid van algemene konsepsies en reëls vir die wetenskappe wat die historiese werklikheid bestudeer nie ontken nie. Hy meen dat die sistematiese geesteswetenskappe, soos die staatkunde, ekonomie en sosiologie, as hulpwetenskappe van die geskiedkunde d.m.v. generaliserende vergelyking kennis van algemene reëls en tipes kan vorm. Hierdie reëls en tipes bly egter slegs hulpmiddels om die individuele, konkrete werklikheid beter te leer ken en het op sigself geen reële bestaan nie.¹⁶³⁾

Met hierdie beskouing verteenwoordig Troeltsch die siening wat onder invloed van die historisme in die geskiedkunde sou posvat en van waaruit die verhouding tot ander geesteswetenskappe bepaal is: Die geskiedkunde het die geskiedenis na sy ware, d.w.s. sy konkrete, eenmalige aard tot veld van ondersoek en individualiserende vergelyking kan daarby gebruik word. Generaliserende vergelyking daarenteen hoort slegs tot die metodes van die sistematiese geesteswetenskappe wat van die historiese werklikheid die algemene en abstrakte abstraher en so hulpdieners lewer aan die geskiedkunde en die studie van die werklikheid na sy konkreetheid.

1. Historici en generaliserende vergelyking

Die filosofie van die historisme, wat so 'n besondere plek aan die geskiedenis en die studie daarvan toegeken het, kon moeilik anders as om 'n diepgaande invloed op die geskiedkunde uit te oefen. In Duitsland sou dit die beskouinge van historici oor hul taak en terrein van ondersoek tot in die huidige tyd beheers en in die Angelsakiese wêreld sou dit, veral later onder invloed van die historistiese filosofieë van B. Croce en R.G. Collingwood, eweneens in belangrike mate ingang vind.

163) Ibid., bl. 191.

Anders as die Romantiek en die ouer positiwisme het die historisme nie tot die vorming van 'n besondere vergelykende metode vir die geskiedkunde en ander geesteswetenskappe gelei nie. Dit het slegs 'n nuwe beskouing oor die doel en waarde van die vergelyking, ook van die generaliserende vergelyking, gebring. Vir ons doel is die beskouinge van historici oor die generaliserende vergelyking van besondere belang en daaraan word vervolgens kortliks aandag gegee.

Max Weber (1864- 1920) wat naas historikus ook ekonoom en sosioloog was, het veral 'n belangrike invloed op die gebruik van vergelykende metodes in die geesteswetenskappe gehad, veral omdat hy self heelwat vergelykende studie gedoen het. Hy het nl. gedetailleerde, noukeurige ondersoeke na verskynsels wat in verskillende kulture voorkom of voorgekom het, verrig, veral met die oog daarop om sodoende die individuele, eiendomlike van die Westerse Beskawing duidelik na vore te bring, maar ook om die algemene en tipiese te leer ken.¹⁶⁴⁾ Hy het deur vergelyking ideaaltipes uitgebou wat hy as abstraksies van die konkrete werklikheid en hulpmiddels om die konkrete en individuele beter te leer ken, beskou het. „Dem Zweck der idealtypischen Begriffsbildung ist es überall nicht das Gattungsmässige, sondern umgekehrt die Eigenart von Kulturerscheinungen scharf zum Bewusstsein zu bringen“.¹⁶⁵⁾ Die tipes en algemenehede wat hy bestudeer, ondersoek hy as sosioloog, nie as historikus nie, want die geskiedkunde moet volgens hom op die direkte ondersoek na die individuele gerig bly.¹⁶⁶⁾

Soos Weber was Otto Hintze (1861- 1940) historikus en sosioloog, wat beide wetenskappe beoefen het sonder om die grense daartussen te wil uitwis. „Meiner Meinung nach ist die Grenze zwischen Geschichte und Soziologie eher so zu ziehen, dass die Geschichte die Erforschung und Darstellung der konkreten Sinnzusammenhänge des sozialen Handelns zufällt, während die Soziologie sich

164) Vgl. Wagner, Studium generale, dl. 8, bl. 709 en Rokkan, S.(red.), Comparative research across cultures and nations. Parys, Mouton, 1968, bl. 76.

165) Aangehaal in Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 377. Vgl. ook Weber, a.w., bl. 178.

166) Vgl. Wagner, Geschichtswissenschaft, bl. 363.

mit den auf Grund ihrer gebildeten Abstraktionen zu beschäftigen hat".¹⁶⁷⁾ Ook wat die vergelyking betref, kan die take verdeel word: "... man kann vergleichen, um ein Allgemeines zu finden, dass dem Verglichenen zugrunde liegt, und man kann vergleichen, um den einen der verglichenen Gegenständen in seiner Individualität schärfer zu erfassen und von den andern aufzuheben. Das erste tut der Soziologe, das zweite der Historiker. Eine deutsche oder englische Wirtschaftsgeschichte ist ein historisches, eine Geschichte des modernen Kapitalismus ein soziologisches Werk".¹⁶⁸⁾ Hintze het self heelwat vergelykende studie gedoen; as historikus individualiserende vergelyking, o.a. waar hy die eie aard van die Westerse verteenwoordigende regeringstelsel vergelykend na vore bring,¹⁶⁹⁾ en as sosioloog generaliserende vergelyking, o.m. om die aard van die feodalisme te ondersoek.¹⁷⁰⁾

Ook in verskillende werke oor die metodiek van geskiedenis word die taak van die historikus omskryf as uitsluitend gerig op die individuele. Eduard Meyer verklaar dat die geskiedkunde geen sistematiese wetenskap is wat volke en state in die algemeen ondersoek nie en dat die historikus hom nooit kan losmaak van die oneindige menigvuldigheid van die individuele, tydelik en ruimtelik begrensde dinge nie. Die algemene wette in die geskiedenis het nie self 'n historiese karakter nie; hul kom voort uit die algemene natuur en menslike aard.¹⁷¹⁾ In ooreenstemming hiermee meen W. Bauer: „Die geschichtliche Fragestellung richtet sich denn auch vorzüglich auf das Individuelle, nicht auf das Allgemeine. Nicht wie Revolutionen entstehen, ist ein geschichtliches Problem, sondern die spezielle

167) Hintze, O., Soziologie und Geschichte. Gesammelte Abhandlungen zur Soziologie, Politik und Theorie der Geschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1964, bl. 250.

168) Ibid., bl. 251.

169) Hintze, O., Staat und Gesellschaft. Gesammelte Abhandlungen zur allgemeinen Verfassungsgeschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1962, bl. 178 e.v.

170) Kyk bl.294 e.v. hieronder.

171) Meyer, E., Kleine Schriften. Dl. 1, Halle, Niemeyer, 1924, bl. 12, 29-46.

Bedingungen, unter denen die englische, die französische Revolution zum Ausbruch kam, interessiert der Historiker".¹⁷²⁾ Nog duideliker stel die Nederlandse historikus J. Huizinga dit: „Slechts éénmaal, in het Romeinsche Rijk, kort voor het Christendom gloorde, in duizend volstrekt eenige en onherhaalbare omstandigheden, leefde Caesar. Doch Caesar wordt mij begrijpelijk doordat ik hem kan vergelijken met Alexander en met Napoleon. Is het mij dan te doen om de vergelijking, om den veldheer-imperator als zoodanig? Als dat zoo ware, kon ik na voltrekking van mijn historisch onderzoek Caesar, Alexander en Napoleon terzijde leggen, zooals de bioloog de resten van zijn experimenteerd object in den vuilnisbak werpt. Om de kennis van de figuur Caesar is het te doen, in haar eenigheid, in haar ongelijkheid te midden der tallozen, in haar gelijksoortigheid met enkelen".¹⁷³⁾

Die historisme het dus 'n belangrike invloed op die beskouinge oor en gebruik van die vergelyking deur historici gehad. Deur die klem wat in die historisme daarop gelê is dat elke verskynsel teen die agtergrond van sy tyd en omgewing bestudeer moet word, is die belangrikheid van die individualiserende vergelyking onderstreep. Die historisme het verder, anders as die ouer positiwisme, die maak van algemene stellinge as konklusies van historiese studie alleen, en nie as afleidinge uit aannames oor die menslike natuur nie, aangemoedig. Die feit dat hierdie taak aan die sistematiese geesteswetenskappe toevertrou is, was egter nie alleen 'n saak van arbeidsverdeling nie. Uit die oogpunt van die historisme kan immers wel op grond van die geskiedenis gegeneraliseer word, al is sulke generalisasies dan net van waarde as hulpmiddels vir die studie van die individuele beskou, maar nie oor die geskiedenis self nie. Die geskiedenis was vir die historiste die gebied van die individuele en konkrete, sodat van generaliserende geskiedenisver-gelyking geen sprake kon wees nie.

172) Bauer, W., Einführung in das Studium der Geschichte. Frankfurt a.M., Minerva, 1927 (eerste uitgawe 1921), bl. 18.

173) Huizinga, J., Verzamelde werken. Dl. 7, Haarlem, Tjeenk Wil-link, 1950, bl. 144.

Deur die geskiedwetenskap uitsluitend op die individuele te rig, het die historiste die moontlikheid om algemene kennis van die geskiedenis self te vorm, afgesny. Aangesien die sosiaalwetenskaplikes hulself nooit slegs as helpers van die historici beskou het en die historisme in hierdie wetenskappe oor die algemeen nie so 'n diepgaande invloed gehad het as in die geskiedkunde nie, het hulle eerder van die werk van die historici gebruik gemaak om hul generalisasies aan individuele feite te toets. Die toestand wat in die Klassieke Oudheid geheers het, het eintlik weer teruggekeer: die geskiedenis is weer as die gebied van die individuele en konkrete beskou waarvan self geen vaste kennis gevorm kan word nie, maar waarvan die feite gebruik kan word om hulpdienste te lewer aan die wetenskappe wat algemene, vaste kennis van die werklikheid vorm. 'n Aksentverskuiwing in die wysgerige denke van die individuele na die algemene, soos in hierdie eeu gekom het, moes daarom die geskiedkunde in 'n ondergeskikte posisie plaas. Uit hierdie dilemma probeer historici in die jongste tyd kom deur hul wetenskap ook op die studie van die algemene te betrek, soos in die volgende hoofstuk nader aangetoon sal word.

2. Vergelyking en universele geskiedenis

Deur die relatiwiteit in waardes van verskillende kulture en periodes te beklemtoon en deur die belang van die eie kultuur en waardes voorop te stel, het die historisme die strewe na wêreldgeskiedenis meer teëgewerk as bevorder. Troeltsch se filosofie het selfs uitgeloop op die konsekwensie dat ander kulture met ander, vreemde waardes eintlik glad nie deur 'n lid van die Westerse Beskawing geken kan word nie.¹⁷⁴⁾ Vergelyking van verskillende kulture met mekaar om so die eiendomlikheid van elke kultuur na vore te bring, is egter deur iemand soos Eduard Spranger as moontlik beskou en voorgestaan.¹⁷⁵⁾ H. Maier sien weer in die vergelyking tussen verskynsels in verskillende kultuurkringe die moontlikheid

174) Kyk bl. 72 hierbo. Vgl. Vogt, Wege zum historischen Universum, bl. 84.

175) Spranger, a.w., bl. 24.

om „die schaffende Kräfte, die in den Sondergebieten, wie auch im Ganzen des kulturellen Lebens und den Arbeit sind“ te ontsluit.¹⁷⁶⁾ By hom is daar dus naas individualiserende vergelyking ook sprake van generaliserende vergelyking om tot kennis van die kultuur as sodanig te kom.

Die strewe na universele geskiedenis aan die begin van hierdie eeu kom veral tot uiting in Oswald Spengler se vergelykende studie van beskawings.¹⁷⁷⁾ Spengler was geen historikus nie en sy werk kom in baie opsigte ooreen met die geskrifte van vroeëre amateurs soos Vollgraf, Von Lasaulx en Danilevski.¹⁷⁸⁾ Sy studie is egter van besondere belang omdat dit 'n groot invloed op die belangstelling in die geskiedenis gehad het. Dit het nl. net na die Eerste Wêreldoorlog verskyn en groot openbare belangstelling gewek wat getuig van 'n drang na kennis van die toekoms en van die lesse van die geskiedenis.¹⁷⁹⁾ Spengler se studie is verder merkwaardig omdat sowel individualiserende, generaliserende en rekonstruerende vergelyking daarin gedoen word. In die vergelyking van die verskillende beskawings met mekaar kom die besondere identiteit van elke beskawing vir hom so duidelik na vore dat hy aan elk 'n eie siel toeken: aan die Klassieke Beskawing 'n Apolloniese, aan die Westerse 'n Faustiese en aan die Arabiese Beskawing 'n magiese siel. Die kuns, wetenskap en ander kultuurprodukte van elke beskawing toon daarom ook dié beskawing se besondere kenmerke. Met hierdie beskouing voer Spengler die historisme en veral die relatiwistiese trekke daarvan tot dié konsekwensie dat die geskiedenis opbreek in 'n aantal losse, van mekaar geïsoleerde eenhede; die geskiedenis self is geen omvattende eenheid meer nie. Terselfdertyd doen Spengler generaliserende vergelyking en vind dat elke beskawing, ten spyte van sy volstrekte eenmaligheid, 'n selfde ontwikkelingsiklus moet

176) Maier, H., Das geschichtliche Erkennen. Göttingen, Kaestner, 1914, bl. 14- 15.

177) Spengler, O., Der Untergang des Abendlandes. Umriss einer Morphologie der Weltgeschichte. München, Beck'sche, 1920-1921.

178) Kyk bl. 46 hierbo.

179) Vgl. Schröter, M., Der Streit um Spengler. München, Beck'sche, 1922.

deurloop. Hy meen selfs dat gebeure en historiese figure van een beskawing hul noodwendige komponente in 'n ander beskawing het. So is Alexander die Grote en Napoleon vir hom bv. morfologies kontemporêr. Daarom kan Spengler ook rekonstruerende vergelyking doen en onbekende fases van beskawings, w.o. die toekoms van die Westerse Beskawing, op grond van kennis van ander beskawings rekonstrueer.

Spengler se vergelykinge is nie wetenskaplik-metodies gedoen nie; hy gebruik die Klassieke Beskawing bv. steeds as model vir sy beskrywing en verwys net af en toe na beskawings soos die Arabiese, Chinese en Midde-Amerikaanse.¹⁸⁰⁾ Wat metode betref, toon sy poging daarom weinig vooruitgang op die vroeëre kultuurmorfologieë. Hy het egter die totstandkoming van soortgelyke geskrifte gestimuleer¹⁸¹⁾ en hiermee vergelykende geskiedenisstudie bevorder.

Die strewe na universele geskiedenis het, wat geskiedwetenskaplike kringe betref, in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog veral in Frankryk en die V.S.A. na vore gekom. In dié twee lande het die historisme nie so 'n ingrypende invloed op die geskiedkunde uitgeoefen nie en kon makliker in die behoefte aan historiese sintese in die eenwordende wêreld van die twintigste eeu met behulp van allerlei sosiaal-wetenskaplike metodes, w.o. dié van vergelyking, voldoen word.

Dit is derhalwe nodig om kortliks te let op die vergelykende metode wat in die vroeë twintigste-eeuse sosiale wetenskappe na vore gekom het, toe die vergelykende metode van die ouer positiwisme sy invloed in dié wetenskappe begin verloor het. Daar is nie meer na algemene ontwikkelingstadia gesoek nie en sosiaal-wetenskaplikes was primêr geïnteresseerd in vraagstukke van hul eie samelewing. In die studie van eietydse vraagstukke is van 'n

180) Vgl.: Hughes, H. Stuart, Oswald Spengler. A critical estimate. New York, Scribners, 1962, bl. 67; Manuel, F.E., Shapes of philosophical history. Stanford, University Press, 1965, bl. 157; Vogt, Wege zum historischen Universum, bl. 60.

181) In die twintigste eeu het o.m. verskyn: Petrie, W.M. Flinders, The revolutions of civilizations. Londen, 1911; Toynbee, A study of history; Sorokin, P.A., Social and cultural dynamics. 3 dele, New York, American Book, 1930- 1937.

ander vergelykende metode gebruik gemaak, nl. een van eksperimentele vergelyking soos ontwerp deur die sosioloog E. Durkheim. Die metode van die eksperiment wat in die natuurwetenskappe so belangrik is, is nou ook vir die studie van die samelewing aangewend, iets wat getuig van die blywende drang onder sosiaal-wetenskaplikes om hul na die natuurwetenskappe te rig. Durkheim het die eksperimentele metode, soos J.S. Mill dit in die natuurwetenskappe voorgestaan het, aangepas om aan te toon dat een verskynsel die oorsaak van 'n ander is. In die natuurwetenskappe kan die ondersoeker kunsmatig twee verskynsels isoleer om na te gaan of daar 'n verband tussen hulle bestaan, maar die sosiaal-wetenskaplike kan slegs indirek eksperimenteer deur verskillende samelewings met mekaar te vergelyk. As hy kan aantoon dat twee verskynsels, bv. onderwys en selfmoord, in 'n aantal heeltemal van mekaar verskillende gemeenskappe in 'n bepaalde ooreenkomstige verhouding voorkom, lei dit tot die konklusie dat daar 'n afhanklikheidsverhouding tussen die twee, onderwys en selfmoord, bestaan. Drie soort verhoudinge is moontlik: onderwys kan 'n oorsaak van selfmoord wees, albei kan gevolge van 'n derde verskynsel wees of onderwys kan die oorsaak en selfmoord die gevolg van 'n derde verskynsel wees.¹⁸²⁾ Volgens hierdie metode kan dus telkens net een oorsaak van 'n verskynsel en dus net een verband wat algemeen, onafhanklik van besondere omstandighede, geld, gevind word. Durkheim se metode van ooreenstemmende variasies sou in die sosiale wetenskappe heelwat ingang vind, veral omdat dit hom tot statistiese, kwantifiserende tegnieke leen.¹⁸³⁾

In die geskiedkunde het die metode van Durkheim, hoewel in gewysigde vorm, toepassing gevind in die Franse skool van die Annales. Hierdie groep is sterk beïnvloed deur tendense in die sosiale wetenskappe en wou veral sosiale en ekonomiese faktore, en daarmee die meer blywende samelewingstrukture in die geskiedenis

182) Durkheim, E., The rules of the sociological method. Glencoe, Free Press, 1950 (vert., eerste uitgawe 1919), bl. 125- 131.

183) Hierop word nader gelet in hoofstuk IV hieronder.

ondersoek. Daarbenewens het hul gestrewe na historiese sintese; hierdie groep wou nl. 'n geskiedenis „plus large” en „plus humaine” bring.¹⁸⁴⁾ Dit is dan ook veral met die doel om groter eenheid in die geskiedenis te bring dat historici van die Annales-groep vergelykende metodes toegepas het. Tegelykertyd was daarby egter die strewe aanwesig, soos o.a. deur Fustel de Coulanges beliggaam¹⁸⁵⁾ en deur Langlois en Seignobos onder woorde gebring,¹⁸⁶⁾ om volgens eksakte metodes historiese verklarings te vind.

Een van die belangrikste historici van die Annales-rigting, Marc Bloch (1866- 1944), se werke toon veral die toepassing van vergelykende metodes. Hy onderskei self verskillende gebruike van hierdie metodes:¹⁸⁷⁾

Vergelyking kan in die eerste plek gedoen word met die doel om tot dusver onopgemerkte faktore en ontwikkelings in die geskiedenis te vind. Deur vergelyking tussen die Engelse en die Franse geskiedenis blyk bv. dat die sg. Engelse omheiningsbeweging van die agtiende eeu 'n parallel in Frankryk het, iets wat tevore nie goed deur historici raakgesien en na vore gebring is nie. Op hierdie wyse kan die vergelyking dus lei tot die vind van probleme en hipoteses, soos reeds deur Droysen en Bernheim aangedui.¹⁸⁸⁾ Vergelyking kan ook dien om oorsake op te spoor - en hier blyk veral die invloed van Durkheim - nl. om vas te stel dat die een verskynsel die oorsaak van die ander is of dat beide 'n gemeenskaplike oorsaak het. Deur bv. die Merovingiese en Karoling-

184) Lane, F.C. en Riemersma, J.C. (red.), Enterprise and secular change. Readings in economic history. Londen, Allen & Unwin, 1953, bl. 490.

185) Kyk bl. 64 hierbo.

186) Kyk bl. 67 hierbo. In sy artikel, The comparative history of England and France during the Middle Ages (English historical review, dl. 5, bl. 259- 263), staan Langlois vergelykende ondersoek voor tussen samelewings wat na aan mekaar in tyd en plek is met die doel om gemeenskaplike oorsake na vore te bring en vas te stel watter soortgelyke verskynsels in samelewings verskillende oorsake het. In baie opsigte bepleit hy dus dit wat Bloch later as funksies van die vergelykende metode in die geskiedkunde onderskei.

187) Vgl. Lane en Riemersma, a.w., bl. 495 e.v.

188) Kyk bl. 43, 65 hierbo.

iese monargieë met mekaar te vergelyk, blyk die invloed van die een op die ander. 'n Vergelyking van die opkoms van state-vergaderinge in verskillende Europese lande kan weer dui op op die gemeenskaplike politieke en sosiale omstandighede wat tot hierdie verskynsel aanleiding gegee het. Ten slotte kan deur vergelyking gevind word dat verskynsels wat baie met mekaar ooreenkom tog ook in verskeie opsigte van mekaar verskil, bv. die Engelse vorm van lyfelowenskap, die villainage en die Franse vorm, die servage. Albei verskynsels kan dan nie deur dieselfde oorsake verklaar word nie, maar oorsake moet gevind word wat elk na sy besonderheid kan verklaar.

Deur vergelyking kan dus sowel die uitgebreidheid as apartheid van 'n verskynsel nader vasgestel en oorsake gevind word wat daarby pas. Bloch dui deur vergelyking aan dat verklaringe wat vir sommige verskynsels aangegee is onvoldoende is omdat hul òf ook vir ander, daarvan verskillende, verskynsels geld òf omdat hulle nie vir al die met mekaar ooreenstemmende verskynsels geld nie.

Bloch bepleit vergelyking van samelewings wat in tyd en ruimte na aan mekaar is, dus nie van ver van mekaar verwyderde periodes en omgewings nie, en veral van die verskillende Europese samelewings met mekaar. Hy wou die beperktheid van die meeste historici se gesigskring tot die eie, nasionale geskiedenis oorkom en deur vergelyking wyer perspektief in die geskiedenis en groter historiese sintese bevorder. Hy bepleit daarom ook 'n groter gerigtheid op historiese sintese, reeds by die skryf van monografieë, en internasionale samewerking tussen historici; deur vergelykende ondersoek kan die nasies nader aan mekaar gebring word.¹⁸⁹⁾

Dit was ook die ideaal wat ander lede van die Annales-

189) Vgl. *ibid.*, bl. 521. In sy werk oor die Europese feudalisme poog Bloch self om tot groter sintese in die Europese geskiedenis te kom. (Bloch, M., Feudal society. Chicago, University of Chicago Press, 1961 (vert., eerste uitgawe 1939).) Hy het verder die ideaal gekoester om 'n werk oor die Franse samelewing binne die struktuur van die Europese Beskawing te skryf. Vgl. Higham, J., Krieger, E. en Gilbert, F., History. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1965, bl. 372.

groep soos H. Berr en L. Febvre wou verwesenlik deur van vergelykende metodes gebruik te maak.¹⁹⁰⁾ Een van hul geesgenote, die Belgiese historikus Henri Pirenne, het eweneens 'n pleidooi vir 'n universele geskiedenis volgens vergelykende metodes gelewer: "The comparative method alone can diminish racial, political and national prejudices among historians. These prejudices inevitably ensnare him who, confined within the limits of national history is condemned to understand it badly because he is incapable of comprehending the bonds attaching it to the histories of other nations".¹⁹¹⁾ Die gesigspunt van vergelykende ondersoek kan daarom alleen dié van universele geskiedenis wees. "Therefore to the degree in which history is viewed in the totality of its development, and in which one accustoms himself to study particular or national histories in the functioning of general evolution, will the weakness inherent in the historical method be diminished. It will attain the maximum precision which the subject permits when the final goal is clearly perceived by its adepts to the scientific elaboration of universal history".¹⁹²⁾ In ooreenstemming hiermee staan nog 'n ander ekonomies-sosiale geskiedkundige, Henri Sée die gebruik van vergelykende metodes voor om tot vaste, wetenskaplike kennis van die universele geskiedenis te kom.¹⁹³⁾

In die strewe van die Annales-groep en hul geesverwante blyk duidelik die pogings om die beperkinge wat hulle as inherent aan die historiese metode gesien het te oorkom ten einde werklik wetenskaplike geskiedenis, wat vir hulle terselfdertyd universele geskiedenis was, te skryf. Die vergelykende metode is as 'n ge-

190) Berr, H. en Febvre, L., History (Seligman, E.R.A. en Johnson, A (red.), The encyclopaedia of social sciences. Dl. 4, New York, Macmillan, 1932, bl. 367 e.v.).

191) Aangehaal in Meyerhoff, H. (red.), The philosophy of history in our time. New York, Doubleday, 1959, bl. 98- 99. Hierin word 'n artikel van Pirenne weergegee wat oorspronklik in Engels verskyn het en waarin hy beskouings oor die vergelykende metode herhaal wat hy in 1923 tydens 'n historiese kongres uiteengesit het.

192) Aangehaal in Meyerhoff, a.w., bl. 99.

193) Sée, H., Science et philosophie de l'histoire. Parys, Alcan, 1933 (tweede uitgawe), bl. 159 e.v.

skikte middel beskou om hierdie doel te bereik. Wat hulle deur vergelyking nagestreef het, was dus veral historiese sintese, nie soseer generalisasie nie.

In hul drang om nasie-gesentreerdheid te oorkom en wêreldeenheid te bereik, verteenwoordig die hierbo behandelde historici 'n strewe wat by baie wetenskaplikes en onder die Westerse volke in die algemeen posgevat het in die tyd na die Eerste Wêreldoorlog. In hierdie strewe blyk 'n reaksietendens teen die tradisionele historiese metodes en beskouinge en teen die historisme wat soveel waarde geheg het aan die studie van elke historiese verskynsel in sy besonderheid en van die eie nasionale geskiedenis. Nie alleen in Frankryk nie, ook in die V.S.A. het die drang na universele geskiedenis as die gemeenskaplike geskiedenis van die hele mensheid na vore gekom. Hier het die New History-beweging van die vroeë twintigste eeu nog by die ouer positiwisme aangeknoop.¹⁹⁴⁾ Historici van hierdie rigting, soos J.H. Robinson en H.E. Barnes, wou, ten einde die geskiedenis 'n „tool of human betterment“ te maak,¹⁹⁵⁾ alle menslike aktiwiteite en nie slegs politieke gebeure nie soos gewoonlik gedoen is, beskryf onder die gesigspunt van die ewolusie van die mensheid.¹⁹⁶⁾ Die sosiale wetenskappe is as bondgenote van die geskiedenis binnegehaal.¹⁹⁷⁾ Hoewel daarna 'n relativistiese stroming onder Amerikaanse historici die oorhand behaal en 'denkbeeld van die historisme groter ingang gevind het,¹⁹⁸⁾ het die invloed van die New History-strewe en veral van die sosiale weten-

194) Figure soos H. Buckle en K. Lamprecht word bv. as voorbeelde voorgehou deur historici van hierdie rigting. Vgl. Barnes, H.E., A history of historical writing. New York, Dover, 1963 (eerste uitgawe 1937), bl. 392.

195) H. Wish, voorwoord tot Robinson, J.H., The new history. New York, MacMillan, 1965 (eerste uitgawe 1911), bl. vi.

196) Vgl. Barnes, A history of historical writing, bl. 392.

197) Vgl. Barnes, H.E., The new history and the social sciences. New York, Century, 1925.

198) Vgl. Higham, Gilbert en Krieger, a.w., bl. 121 en Strout, C., The pragmatic revolt in American history. New Haven, Yale University Press, 1958.

skappe op die geskiedskrywing gebly¹⁹⁹⁾ en veral na die Tweede Wêreldoorlog weer sterk op die voorgrond getree.

Dit is dus in 'n reaksietendens teen die historisme en die relatiwistiese konsekwensies daarvan dat die gebruik van vergelykende metodes vir universele en wetenskaplike geskiedskrywing in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog bepleit is. Na hierdie oorlog sou die historisme nog sterker in diskrediet geraak en sou daar groter algemene mensheidsbewussyn en 'n groter strewe na universeelhistoriese sintese kom. Die ideale van die Aufklärung en die ouer positiwisme om 'n algemene geskiedenis van die hele mensheid, geldend vir alle tye en plekke, te lewer, sou weer op die voorgrond tree. Die gebruik van vergelykende metodes vir generalisasie sou daarmee ook nuwe voorstanders vind, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word.

D. Slot

Onder invloed van verskillende geestestrominge is verskillende vergelykende metodes in die geskiedkunde gepropageer en aangewend. Geeneen van hierdie metodes sou egter 'n blywende plek in die geskiedwetenskaplike metodologie inneem nie. Slegs as hulpmiddel by die bronne-interpretasie is die gebruik van vergelykinge redelik algemeen deur historici aanvaar.

Generaliserende vergelyking is steeds, maar op beperkte wyse en sonder vaste metodes gedoen. Dit is deur geen van die geestestrominge van die negentiende eeu in besonder bevorder nie. Die Romantiek het wel vir die eerste keer die strewe gebring dat die geskiedenis om homself bestudeer moet word, maar daarmee nie direk die neiging om algemene kennis van die geskiedenis deur wetenskaplike ondersoek te vorm nie. In die ouer positiwisme is wel algemene wette in die geskiedenis probeer vind, maar weens die opvatting dat hierdie wette dié van die menslike natuur moet wees

199) Dit kom, wat die tyd voor die Tweede Wêreldoorlog betref, o.a. tot uiting in : Ware, Caroline F.(red.), The cultural approach to history. New York, Columbia University Press, 1940.

wat nie uit ondersoek na die historiese feite alleen verkry kan word nie, het dit eerder gelei tot rekonstruksie van die geskiedenis op grond van algemene wette. Dit het daarmee uiteindelik tot die reaksie gelei, soos beliggaam in die historisme, dat juis die individuele en relatiewe die essensiële van die geskiedenis is, waardeur die moontlikheid van generaliserende geskiedenisvergelyking heeltemal afgesny is.

Nuwe geestestrominge en behoeftes in die jongste tyd sou vir die eerste keer tot daadwerklike pogings lei om deur empiriese vergelykende ondersoek tot generalisasie oor die geskiedenis te kom.

HOOFSTUK III

EIETYDSE BESKOUINGE VAN HISTORICI

Dit is belangrik om aan eietydse beskouinge van historici oor die generaliserende geskiedenisvergelyking aandag te gee ten einde die algemene gevoel in historiese kringe oor so 'n metode van geskiedonderzoek te probeer peil en om die aktualiteit daarvan duideliker aan te toon. Aangesien tans meer as ooit tevore oor die generaliserende geskiedenisvergelyking geskryf word, kan 'n ondersoek na kontemporêre beskouinge ook waardevol wees om nadere insig in die aard van hierdie vergelyking te bekom. Hierdie beskouinge van historici¹⁾ word net kortliks geskets, sonder om op die hele filosofie en agtergrond van elke figuur in te gaan. In hierdie verband word ook enkele algemene omstandighede en tendense ter inleiding kortliks aangedui.

A. Algemene tendense

In die huidige dekades word die mees grondliggende beginsels van die geskiedwetenskap, soos hulle veral onder invloed van die historisme hul beslag gevind het, bevraagteken en die geskiedwetenskap as 't ware in 'n grondslagkrisis gedompel.²⁾ Nuwe eise word aan die geskiedkunde gestel waaraan vanuit die ou grondbeginsels en met die beproefde metodes nie maklik voldoen kan word nie. Daar word na nuwe metodes gesoek en die metode van vergelyking is een van dié wat in hierdie verband onder die aandag kom.

Verskillende faktore, w.o. in besonder die Tweede Wêreldoorlog en die nuwe omstandighede wat daardeur geskep is, het daartoe bygedra om die ou gevestigde opvattinge oor die sin en waarde van die geskiedenis in mekaar te laat tuimel. Die gevoel het ont-

1) Oor die opvattinge van ander wetenskaplikes blyk meer in hoofstuk IV hieronder.

2) Vgl. Anderle, O.F., Theoretische Geschichte (Historische Zeitschrift, dl. 185, 1958, bl. 1- 54) en Wagner, F., Moderne Geschichtschreibung. Berlyn, Duncker & Humboldt, 1960.

staan dat die geskiedwetenskap, soos dit tradisioneel beoefen is, gefaai het omdat dit geen antwoord kon bied op kernprobleme van die huidige tyd nie.³⁾ Die ou opvatting dat die geskiedenis om homself bestudeer moet word, het, so word altans geglo, tot steriele vakspesialisme gelei. Sommige historici het daarom pogings in die werk begin stel om die geskiedkunde meer op die huidige tyd te rig en uit die geskiedenis antwoorde op eietydse probleme te probeer vind.⁴⁾ Hierby word ook van vergelyking gebruik gemaak; hedendaagse probleme word belig deur 'n studie van soortgelyke verskynsels in die verlede. 'n Strewe om oorlog te voorkom deur die integrasie van state in groter geheelenhede het bv. gelei tot 'n studie van politieke integrasiepogings uit die geskiedenis.⁵⁾

Verder word gemeen dat geskiedenisstudie nie net op die hede nie, maar ook op die toekoms lig behoort te werp. 'n Vergelyking van die verskillende beskawings wat die geskiedenis ken, kan moontlik tot insig in die gang van beskawings en só ook in dié van die Westerse Beskawing lei en brandende vraagstukke oor die toekoms belig. Dat 'n poging van hierdie aard, die studie van A.J. Toynbee,⁶⁾ groot belangstelling geniet het en nou nog geniet, ook onder vakhistorici, spreek van die begeerte om die toekoms uit die geskiedenis te leer ken.

Hierdie tendense bring mee dat die beginsel dat die geskiedkunde hom slegs op die besondere en konkrete moet rig, wat onder invloed van die historisme so diep en algemeen posgevat het, in die gedrang gebring word. Veral in Groot-Brittanje en die V.S.A. beklemtoon historici en filosowe van die jongste tyd dat die geskiedkunde ook op die algemene gerig behoort te word en wys daarop dat die geskiedwetenskaplike in elk geval nie sonder algemene begrippe

3) Vgl. Ritter, G., Gegenwärtige Lage und Zukunftsaufgaben deutscher Geschichtswissenschaft (Historische Zeitschrift, dl. 170, 1950, bl. 1- 22).

4) Dié strewe kom veral tot uiting in die werk van G. Barraclough, History in a changing world. Oxford, Blackwell, 1955.

5) Kyk hoofstuk VIII hieronder.

6) Toynbee, A study of history.

kan klaarkom nie. Die invloed van die sosiale wetenskappe en van nuwe wysgerige strominge, veral van die sg. logiese positiwisme en die taalfilosofie, lei tot 'n steeds sterker tendens om algemeen geldende wette of reëls uit die geskiedenis te haal en daarop te betrek.

Van besondere betekenis in hierdie verband is die sg. Hempel-Popper-tese wat inhou dat alle historiese verklarings tot universele wette herlei kan word.⁷⁾ 'n Besondere verklaring, bv. dat die Tweede Vryheidsoorlog die gevolg was van 'n Britse imperialistiese beleid, berus op 'n algemene reël of wet, nl. dat 'n imperialistiese beleid tot oorlog lei. Historici het hulle nooit oor hierdie algemene wette wat ten grondslag van hul verklarings lê, besin nie, maar, so meen die eksponente van hierdie teorie, dit is nodig dat hulle meer bewus word daarvan ten einde hul vak op 'n meer wetenskaplike wyse te beoefen. Vir historiese ondersoek is, soos in alle wetenskappe die geval is, algemene hipoteses nodig. Die metode van aanvoelende "verstehen", waarop deur die historici soveel klem gelê word, is net 'n middel om verklarings te suggereer en in sigself ontoereikend as historiese metode. Dit is duidelik dat die opvattinge wat ten grondslag van die Hempel-Popper-teorie lê radikaal van dié van die historisme verskil. In hierdie beskouing is die strewe aanwesig om relatiwisme, waartoe die historisme gelei het, teen te gaan en om die werklikheid aan vaste, algemeen geldende wette te onderwerp. Waar die historisme die belang van die geskiedenis sterk beklemtoon het, wil die logiese positiwiste en hul geesverwante die mag van die geskiedenis verswak. Die wette wat t.o.v. die geskiedenis geld, sien hulle nie as spesifiek historiese wette nie, maar as samelewingswette wat deur sosiologiese studie gevind kan word; dit is altans die opvatting van C.G. Hempel.⁸⁾ Die geskiedkunde is dus nie nodig om hierdie wette te ontdek nie; meer nog, as al die wette opgespoor is, sal die taak

7) Vgl. Hempel, C.G., The function of general laws in history (Gardiner, a.w., bl. 345 e.v.).

8) Ibid., bl. 355.

van die historikus oorbodig word.⁹⁾

Daar het heelwat diskussie gevolg op die ponering van die Hempel-Popper-tese, veral onder aanhangers van die logiese positiwisme en die taalfilosofie self.¹⁰⁾ Sommige skrywers het probeer aantoon dat nie alle historiese verklarings tot universele wette herleibaar is nie en die opvatting van die uniekheid van historiese feite, sy dit slegs 'n gedeeltelike uniekheid, probeer verdedig. Ander het die waarde van historiese ondersoek naas die soek na algemene wette beklemtoon. Maurice Mandelbaum huldig bv. die standpunt dat hierdie wette juis deur geskiedenisvergelyking gevind moet word: „. . no social scientist will ever be able either to discover or to confirm these generalizations in which he is interested, without making an appeal to the descriptive analyses of historians. And since in the absence of the possibility of establishing most generalizations under laboratory conditions, social scientists will have to rely on the comparative method, the range of the relevant historical materials will increase, rather than abstract, as the range of generalizations spreads”.¹¹⁾

Uit die aanhaling hierbo blyk die beskouing dat die taak van die historikus hoofsaaklik bestaan uit die voorsiening van feite-materiaal vir die sosiale wetenskappe, waarin dan generaliserende vergelyking gedoen moet word om algemene samelewingswette te vind. Dit is dan ook begryplik dat die logiese positiwisme nie baie aanhangers onder historici gevind het tot dusver nie, maar eerder aansluit by algemene tendense in die sosiale weten-

9) Vgl. Mandelbaum, M., Historical explanation: the problem of covering laws (History and theory, dl. 1, 1961, bl. 241).

10) Die verskillende beskouinge word o.m. weergegee in Gardiner, a.w. en Burston, W.H. en Thompson, D. (red.), Studies in the nature and teaching of history. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1967. In die tydskrif History and theory word verder heelwat aandag aan hierdie beskouinge gegee.

11) Mandelbaum, History and theory, dl. 1, bl. 241- 242.

skappe van die huidige tyd.¹²⁾

Die toetrede van die sosiale wetenskappe tot terreine wat vroeër die onbetwisbare domein van die geskiedkunde was, het geleidelik tot 'n strewe onder historici om self en in samewerking met die sosiaal-wetenskaplikes tot algemene kennis van die geskiedenis te probeer kom. Veral in die V.S.A., waar die geskiedkunde steeds in noue betrekking tot die sosiale wetenskappe gestaan het,¹³⁾ word, in besonder in die bulletins van die Social Science Research Council,¹⁴⁾ daarop aangedring dat historici self tot generalisasies moet kom. „The historian is one of the guardians of the cultural heritage of mankind. In carrying out these functions he aims to compose accurate accounts and analyses of selected portions of the past. From these accounts and analyses, or from the original sources themselves, he endeavours to reach generalizations that appear to be valid. On the basis of his knowledge he also seeks to provide credible explanations of the development of contemporary events, thoughts, manners, and institutions”.¹⁵⁾ Om hierdie taak te vervul, moet die historikus saamwerk met sosiaal- en selfs met natuurwetenskaplikes¹⁶⁾ en nuwe metodes, w.o. vergelykende metodes, gebruik.

Die strewe na groter samewerking met die sosiale wetenskappe, soos veral by historici van die V.S.A. en Frankryk duidelik blyk, maar ook in ander lande al meer na vore kom, is deel van die steeds sterker wordende geestestendens om die menslike samelewing en menslike verhoudinge sentraal te stel. 'n Sterk algemene mens-

12) Aangesien die logiese positiwiste nie baie aandag aan die generaliserende geskiedenisvergelyking gee nie en hul beskouinge daaromtrent veral ooreenkom met dié in die sosiale wetenskappe van die huidige tyd, word hul beskouinge nie uitgebreider behandel nie. Die tendens van die stroming kom in volgende hoofstukke tog na vore en sekere van hul standpunte onder bespreking. In verband met die Hempel-Popper-tese self kyk bl. 118, 156 hieronder.

13) Kyk bl. 80- 84 hierbo.

14) Social Science Research Council, Theory and practice in historical study en The social sciences in historical study resp.

15) Social Science Research Council, Theory and practice in historical study, bl. 134.

16) Ibid., bl. 139- 140. Vgl. Social Science Research Council, The social sciences in historical study.

heidsbewussyn het daartoe gelei dat, soos in die dae van die Aufklärung, nie meer die eiendomlike van elke volk en kultuur nie, maar die algemeen menslike in die ontwikkeling van alle volke en kultu-
re beklemtoon word. Hierdie nuwe geestestroming bring t.o.v. die
geskiedkunde die strewe mee om die beperking in
die geskiedbeoefening tot die grense van die eie land te oorkom en
universele geskiedenis te skryf. Die vergelykende metode sou daartoe
kan meewerk om nasionale begrensinge te oorwin en die algemene
mensheidsbesef te versterk; "The comparative method is the surest
means of diminishing racial, political, religious and national pre-
judices"; aldus die Amerikaanse historikus C.J.H. Hayes¹⁷⁾ in na-
volging van die woorde van Pirenne.¹⁸⁾ 'n Nuwe internasionale tyd-
skrif, Comparative studies in society and history, is reeds in die
lewe geroep om vergelykende studie van die samelewing en die geskie-
denis te bevorder. "Today there is a revival of interest in the me-
thod of comparison, forced on us by the times. Without relinquishing
the sense of nationality, we have acquired a sense of humanity. The
notion of being ethnocentric has become a matter of reproach. Even
scholarship is not free from that score..." - so verklaar die redak-
trise van hierdie tydskrif.¹⁹⁾ Bydraes tot die tydskrif as-
ook die werk van die Franse Societé Jean Bodin pour l'histoire com-
parative²⁰⁾ toon die strewe om die geskiedenisvergelyking in diens
te stel van algemene mensheids- en samelewingsvraagstukke van die
huidige tyd.

Dit is ook onder invloed van bogenoemde nuwe geestes-
tendense dat historici van die V.S.A. 'n vergelykende benadering
tot die eie nasionale geskiedenis voorstaan. Dit kan dien "to re-
vise complacent assumptions of national exclusiveness, uniqueness
or excellence, to reconsider commonplace myths and flattering legends;
and to put to the test of comparison many other traditional assumptions

17) Hayes, C.J.H., American frontier - frontier of what? (American historical review, dl. 51, 1946, bl. 215).

18) Kyk bl. 83 hierbo.

19) Thrupp, Sylvia L., Editorial (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 1).

20) Publikasies uitgegee deur hierdie organisasie is o.a.: Le ser-
vage. Brussel, 1957 en La paix. Brussel, 1962.

that are rarely subjected to such scrutiny".²¹⁾ Hoewel daar al verskillende studies vanuit so 'n vergelykende benadering verskyn het,²²⁾ is daar weinig eenvormigheid in oogmerke en in prosedure onder aanhangers van die rigting.²³⁾ In mindere mate word die vergelykende benadering tot die landsgeskiedenis ook in ander lande gepropageer en op die proef gestel.²⁴⁾

Die sterk universele mensheidsbewussyn van die na-oorlogse wêreld moes natuurlik ook lei tot 'n versterkte strewe na groter sintese van die geskiedenis. Die ideale van die Annales-groep²⁵⁾ het nou onder historici van alle Westerse lande ingang gevind en die vergelykende metode is as 'n belangrike instrument na vore gebring om wêreldgeskiedenis te skryf.

Om nog 'n ander rede word die gebruik van vergelykende metodes in die geskiedkunde voorgestaan. Veral in die afgelope half-eeu het die bronnemateriaal wat die historikus moet hanteer sô ontstellend toegeneem dat die gebruik van 'n vergelykende metode gesien word as 'n moontlike manier om vinniger tot historiese interpretasie en sintese te kom.²⁶⁾ Hierdie gebruik van die vergelykende metode moet dus gedeeltelik in die plek van gewone bronne-onderzoek wees. Tot dusver het hierdie strewe nog nie veel praktiese toepassing gevind nie.

Dit blyk dus dat die gebruik van vergelykende metodes tans

21) Woodward, C.V.(red.), The comparative approach to American history. New York, Basic Books, 1968, bl. 12. (Woorde van Woodward self is aangehaal.)

22) Hiervan word 'n oorsig gegee in Woodward, a.w.

23) Vgl. Bucke, P.F., Review, Woodward, a.w. (History and theory, dl. 9, bl. 10- 16).

24) In Suid-Afrika het reeds 'n poging in dié rigting verskyn: Boucher, M., The frontier and religion: a comparative study of the U.S.A. and South Africa in the first half of the 19th century. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa, Pretoria, 1967. Op die moontlikhede van 'n vergelykende benadering tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis wys o.a. F.A. van Jaarsveld in sy werk, Die eise van ons tyd aan die geskiedskrywing. Johannesburg, R.A.U., 1968, bl. 18.

25) Kyk bl. 80 e.v.hierbo.

26) Vgl. Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 189 en Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 377.

vanuit verskillende oogpunte en vir verskillende doeleindes voorgestaan word, maar dat wat die toepassing betref nog weinig gedoen is. Die groot variasie in beskouinge oor die gebruik en moontlikhede van sulke metodes veroorsaak eerder verwarring en verhinder die uitbouing van besondere prosedures en tegnieke.

Die generaliserende vergelyking in besonder word eweneens vanuit verskillende motiewe voorgestaan. Om groter duidelikheid hieroor te verkry, is dit nodig om uitsprake van historici van nader te bekyk en kortliks die aandag te laat val op diegene wat vergelykende metodes slegs op die individuele in die geskiedenis of op historiese sintese wil betrek, en só op negatiewe wyse hul beskouing oor die generaliserende vergelyking te kenne gee.

B. Vergelyking en die individuele

Die strenge skeiding tussen geskiedenis en sosiale wetenskappe waarby eg. op die individuele en lg. op die algemene gerig moet wees, soos gemaak deur denkers van die historisme,²⁷⁾ word ook vandag nog deur verskillende historici aanvaar en gebruik om generaliserende vergelyking nie as die taak van historici nie, maar van sosiaal-wetenskaplikes te bestempel. Die Engelse geskiedskrywer Allan Bullock verklaar bv. dat dit die sosioloog en die meta-historikus is wat na algemene wette en patrone in die geskiedenis moet soek, maar nie die geskiedkundige nie; "his purpose (d.w.s. dié van die historikus) is not to form general propositions about revolutions or civilizations as such, but to give an account of the French or the Russian Revolution, to trace the rise and fall of the Hellenic and Chinese Civilizations".²⁸⁾

'n Ander Britse geleerde, sir Isaiah Berlin, verdedig die primaat van die individualiserende metode, waardeur die historikus gebeure van binne-uit kan betrag, teenoor die aanslae van Hempel en sy geesgenote se teorieë.²⁹⁾ Die historikus stel in die

27) Kyk bl. 73 e.v. hierbo.

28) Bullock, A., The historian's purpose: history and metahistory (History today, dl. 1, 1951, bl. 9).

29) Berlin, I., History and theory: the concept of scientific history (History and theory, dl. 1, 1961, bl. 1- 31).

eerste plek belang in verskille, „precisely in that which differentiates one thing, person, situation, age, pattern of experience, individual or collective, from one another; when they (d.w.s. die historici) attempt to account for and explain, say the French Revolution, the last thing that they seek to do is to concentrate only on those characteristics which the French Revolution has in common with other revolutions, to abstract only common recurrent characteristics, to formulate a law on the basis of them, or at any rate an hypothesis, from which something about the pattern of all revolutions as such (or more modestly, all European revolutions) and therefore this revolution in particular, could in principle be reliably inferred. This, if it were feasible, would be the task of sociology, which would then stand to history as a 'pure' science to its application".³⁰⁾ In sy afweer teen die opvattinge van Hempel en sy volgelinge verwerp Berlin dus alle moontlike gerigtheid op die algemene as taak van die historikus.

Berlin sien die vergelyking in die geskiedkunde, sowel wat die soek na ooreenkomste as dié na verskille betref, as gerig op die verstaan van die individuele historiese verskynsels en as onlosmaaklik deel van die historikus se eie metode. Hierdie metode vereis immers „a capacity for integration, for perceiving qualitative similarities and differences, a sense of the unique fashion in which various factors combine in the particular concrete situation, which must at once be neither so unlike any other situation as to cause a total break with the continuous flow of human experience, not yet so stylized and uniform as to be the obvious creature of theory and not of flesh and blood".³¹⁾ Geskiedbeoefening en teorievorming bly vir Berlin dus teengesteltes en sistematiese vergelyking kan vir hom daarom geen historiese metode wees nie.

Die rol van vergelyking in die proses van historiese verstaan word in besonder deur J. Engel benadruk.³²⁾ Engel gaan

30) Ibid., bl. 18- 19.

31) Ibid., bl. 30.

32) Engel, J., Studium generale, dl. 9, bl. 96- 108.

eweneens daarvan uit dat die historikus in sy werksaamhede steeds met die eenmalige en konkrete feite te doen het en daarom nie met tipes en sosiologiese vorme nie. Sulke tipes mag algemeen en gemeenskaplik lyk, maar kan uiteindelik tog niks anders as ook weer eenmalige en besondere verskynsels wees nie.³³⁾ Daarom kan die algemene begrippe wat die historikus gebruik slegs hulpmiddels wees en nie werklik op algemene strukture en prinsipiële onderskeidings wys nie. Die historikus kan verskillende individuele dinge slegs onder 'n gemeenskaplike noemer bring met behulp van die analogie. „Uns scheint, es gibt keine andere logische Möglichkeit einer Aussage über von uns verschiedenes Individuelles als nach der Analogie. Das ist die objektive Fundierung allen Verstehens.“³⁴⁾ Engel sien dus in analogieë die enigste moontlikheid om deur die proses van „verstehen“ heen tot objektiewe kennis te kom; die middel om die individuele te verstaan, is die analogie en die algemene begrippe van die historikus analogiebegrippe. Aangesien analogieë vanuit die eie ervaring gevind en gebruik word, kan hierdie begrippe net vir bepaalde tye en plekke sinvol wees om die geskiedenis mee te interpreteer. Tot algemeen geldende kennis kan nooit gekom word nie.

Engel gee die analogie 'n filosofiese, kenteoretiese betekenis,³⁵⁾ wat slegs aanvaarbaar is indien die moontlikheid dat die algemene ook objektief in die historiese werklikheid bestaan, verwerp word. Vergelyking, waardeur ooreenkomste gevind word wat net t.o.v. sekere aspekte van verskynsels bestaan en wat nooit heeltemal opgaan nie, het die enigste weg geword om die geskiedenis te ken. Met hierdie siening toon Engel aan tot watter uiterste konsekwensies die historisme kan lei.

Die analogie as middel van historiese kenne word deur

33) Ibid., bl. 98.

34) Ibid.

35) Engel sien die geskiedenis self ook as analogies van aard. Op hierdie ontologiese betekenis van die analogie hoef hier nie ingegaan te word nie.

Engel onderskei van die historiese analogie,³⁶⁾ wat deur 'n historikus soos P. Rassow bestempel word as „die ungeeignetste, jedenfalls die allergefährlichste Form, eine Gegenwart richtig zu deuten“.³⁷⁾ Hiermee keer Rassow hom teen die veelvuldige pogings om lesse vir die hede uit die verlede te haal, 'n gebruik waarteen o.a. vermaarde geskiedkundiges soos R. Wittram en P. Geyl reeds gewaarsku het.³⁸⁾ Historiese analogieë gaan nooit heeltemal op nie, „omdat elk verschijnsel in zijn eigen, zich niet te herhalen omstandigheden vastzit en er niet geheel uit kan worden losgemaakt.“³⁹⁾ Die afweer teen die historiese analogie spruit uit die besef dat hierdie middel meesal deur dilettante en vir propagandistiese doeleindes op allerlei wyses gebruik word en ook uit die oortuiging dat die historiese verskynsels streng individueel van aard is, so dat die moontlikheid van analogiesluiting eintlik nie bestaan nie. Analogie - wat nie met generaliserende vergelyking gelykgestel moet word nie⁴⁰⁾ - is dus 'n vorm van vergelyking wat vanuit die beskouing dat die geskiedenis net met die individuele te make het wel as hulpmiddel gebruik kan word om die individuele te ken, maar nie om konklusies te trek, te voorspel en te rekonstrueer nie.

Die beskouing waarvolgens geskiedenisstudie net op die individuele gerig is, sluit dus sistematiese vergelyking om tot die algemene te kom, uit. Vergelyking, of dit nou gerig is op ooreenkoms of op verskil, word gesien slegs as deel van die historiese metode om die individuele te ken.

C. Vergelyking vir sintese

Deur die propagering van vergelykende metodes om tot

36) Hierby moet in gedagte gehou word dat die woord „analogie“ in verskillende betekenis gebruik kan word, iets waarop Engel nie ingaan nie, maar wat die onderskeid wat hy maak, beïnvloed. Kyk bl. 150 hieronder.

37) Rassow, P., Der Historiker und seine Gegenwart. München, Rinn, 1948, bl. 10.

38) Wittram, a.w., bl. 50- 54 en Geyl, P., Tochten en toernooien. Utrecht, Oosthoek, 1950, bl. 131.

39) Geyl, a.w., bl. 131.

40) Kyk bl. 150 e.v. hieronder.

historiese sintese te kom, sonder om daarby die beskouing dat dit in geskiedenisstudie slegs om die individuele gaan prys te gee, staan historici soos D. Gerhard en T. Schieder tussen die vorige groep en die volgende, wat generaliserende vergelyking as 'n moontlike metode vir die geskiedkunde beskou.

Reeds voor die Tweede Wêreldoorlog het 'n groep Franse historici, verbonde aan die skool van die Annales, die gebruik van vergelykende metodes om tot historiese sintese te kom, bepleit.⁴¹⁾ By hulle beskouinge sluit die siening van D. Gerhard in verskillende opsigte aan. Gerhard glo dat dit die taak van die sosiaal-wetenskaplike, en nie van die historikus nie, is om gelykvormighede in die geskiedenis te probeer vind. By sulke studie is die historiese tyd, wat Gerhard as essensieel in die geskiedkunde beskou, nie 'n konstituerende element nie. 'n Vergelykende studie van rewolusies gerig op ooreenkomste en gelykvormighede sien hy as onhistories, maar nie 'n vergelyking van rewolusies gerig op verskille en op bv. die verandering van die rewolusiebegrip in die geskiedenis nie.⁴²⁾ Die historiese vergelyking moet volgens Gerhard altyd die besondere na vore bring, nie die tipiese nie, maar dit kan tog tot groter samehange, tot groter individuele eenhede kom en geheelstrukture in die geskiedenis blootlê. Gerhard, wat hom waarderend uitlaat t.o.v. die studies van Tocqueville en Burckhardt,⁴³⁾ sien in die vergelyking van historiese gegewenhede met 'n meer duursame karakter, soos instellings, veral belangrike moontlikhede vir die kontemporêre geskiedskrywing. Hy noem die „vergleichende Sonderbehandlung ähnlicher Institutionen einer der besten Wege, um in den Gesamtzusammenhang von Institutionen, Lebensweisen und grundlegenden Anschauungen einer Kultur oder eines Landes einzudringen“.⁴⁴⁾ In 'n tyd van toenemende vakspesialisasie is sulke vergelyking om tot groter samehange, tot sintese te kom selfs dringend noodsaaklik. Terwyl

41) Kyk bl. 80 e.v. hierbo.

42) Gerhard, a.w., bl. 91- 93.

43) Ibid., bl. 96. Vgl. bl. 50 hierbo.

44) Ibid., bl. 103.

hy dus, soos die skool van die Annales, die geskiedenisstudie meer op die permanente strukture van die geskiedenis wil rig, toon hy, anders as hierdie rigting, teenkanting teen sosiaal-wetenskaplike metodes en wil hy die taak van die historikus as gerig op die individuele teenoor dié van die sosiaal-wetenskaplike as betrokke op die algemene afgrens. Sintetiserende vergelyking, waardeur die historikus tot groter, nog steeds individuele samehange kan kom, kan daarom in die geskiedkunde toegepas word, maar generaliserende vergelyking hoort tot die aktiwiteite van die sosiale wetenskappe.

'n Soortgelyke beskouing blyk by Sylvia L. Thrupp, ekonomiese geskiedkundige en redaktrise van die blad Comparative studies in society and history.⁴⁵⁾ Sy is 'n vurige voorstander van samewerking tussen historici en sosiaal-wetenskaplikes en wil by hul verenigde optrede die take só verdeel dat die geskiedkundiges na sintese strewe en die sosiaal-wetenskaplikes na algemene reëlmatighede soek.⁴⁶⁾ Hoewel sy die taak van die tydskrif wat sy redigeer, omskryf as dié van „sociological and anthropological analysis on both historical and contemporary processes of change”,⁴⁷⁾ skyn dit dus tog of sy die funksie van die geskiedkunde nie tot feite-onderzoek wil beperk nie, maar ook vergelyking gerig op sintese daaronder reken. Generaliserende geskiedenisvergelyking daarenteen bly vir haar voorbehou vir die sosiale wetenskappe.

'n Belangrike pleidooi vir sintetiserende vergelyking⁴⁸⁾ as metode in die geskiedkunde is dié van die historikus Theodor Schieder. Hy onderskei hierdie vergelyking van ander soorte van vergelyking, wat hy die „paradigmatiese”, „analogiese” en „generaliserende” vergelykinge noem,⁴⁹⁾ en verbind dit veral met die individu-

45) Kyk bl. 92 hierbo.

46) Vgl. Thrupp, Sylvia L., History and sociology; new approaches for co-operation (American journal of sociology, dl. 63, 1957, bl. 11- 16).

47) Thrupp, Sylvia, L., Millennial dreams in action: essays in comparative study. Den Haag, Mouton, 1962, buiteblad.

48) Schieder self spreek van „synthetische Vergleichung”.

49) Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 191 e.v.

aliserende vergelyking. Laasgenoemde sien hy as die „herausbildung von historischen Individualitäten durch Abgrenzung von anderen oder Konfrontation mit anderen; und dann die Erarbeitung allgemeiner Begriffe durch vergleichende Zusammenschau ihrer einzelnen historisch-individuellen Erscheinungsformen".⁵⁰⁾ Hierdie algemene begrippe beskou hy as tipes, gevorm deur die proses van „Aufsteigen von Besonderen zum Allgemeinen",⁵¹⁾ maar tegelykertyd ook as groter samehange, gehele wat deur hul besondere dele gekonstitueer word.⁵²⁾ Die verhouding individueel-algemeen en deel-geheel val vir Schieder dus saam; die tipes en groter samehange is vir hom dan ook slegs individualiteite van 'n hoër orde. Die sintetiserende vergelyking, as die uitbouing van sulke individualiteite, staan in diens van die individualiserende aktiwiteit van die historikus, wat in die historisme so benadruk word; daarom is die sintetiserende vergelyking vir Schieder „wohl der reifste Frucht des Historismus für unser Thema".⁵³⁾

Hoe moet hierdie sintetiserende vergelyking verrig word? Soos uit die aanhaling hierbo blyk, begin dit vir Schieder in „gewone" individualiserende vergelyking, wat hy omskryf as die „Herauslösung einer Kausalreihe und . . . Eliminierung anderer möglicher geschichtlichen Vorgehens".⁵⁴⁾ As 'n bepaalde individuele verskynsel op hierdie wyse afgegrens is, kan van daaruit tot 'n sg. hoër individualiteit gekom word, wat dan 'n histories-reële tipe is, egte werklikheid - in teenstelling tot die ideaaltipe wat Schieder „ge- raffte, stilisierte Wirklichkeit" noem.⁵⁵⁾ Die proses van opstyg

50) Ibid., bl. 199.

51) Ibid., bl. 200.

52) Ibid., bl. 201.

53) Ibid.

54) Ibid., bl. 201- 202.

55) Ibid., bl. 210. Schieder wil die grense tussen reële en ideële tipes nie te skerp trek nie. Vgl. sy opstel, Der Typus in der Geschichtswissenschaft (Schieder, T., Staat und Gesellschaft im Wandel unserer Zeit. München, Oldenbourg, 1958, bl. 172 e.v.).

van die individuele eenhede na hoër individualiteite, van die besondere na die algemene, omskryf Schieder soos volg : „Wir steigen von kleineren Einheiten zu immer grösseren auf. So wenn wir zuerst uns eine Anschauung von einem deutschen Fürsten zu Beginn des 18. Jahrhunderts verschaffen, zum Beispiel von Kurfürst Max Emmanuel von Bayern. Dann kennen wir ein lokal begrenzten Bereich, eine besondere Persönlichkeit aus diesem Jahrhundert. Wir rücken dann zu nächsten grösseren Einheit vor, dem deutschen Fürsten im 18. Jahrhundert. Wir suchen bereits individuelle Züge höheren Grades und fragen: Wie beispielsweise regiert der durchschnittliche Fürst dieser Zeit? Von hier aus kommen wir schliesslich zu der Epochbestimmung des Absolutismus. Sie setzt sich aus vielen kleinen Mosaiksteinen zusammen, wobei wir uns aber stets an die konkrete Wirklichkeit zu halten, Charakteristisches herauszuarbeiten versuchen. Wir steigen also zu grösseren Einheiten auf, indem wir kleinere zusammenfassen".⁵⁶⁾

Schieder sien hierdie tipes, of hulle nou reël of ideel is, as algemeen van aard, maar dan tog slegs as van 'n relatiewe algemeenheid. Hulle kan net in 'n beperkte mate geld buite die gebied waaraan hulle ontleen is en is nie geldig vir alle tye en volke nie.⁵⁷⁾ Die algemene is vir Schieder slegs die individualiteit van 'n hoër orde en van werklike generalisering is daar nie sprake nie, ook al noem hy die sintetiserende vergelyking 'n verbinding tussen die individualiserende en die generaliserende vergelyking.⁵⁸⁾

Terwyl Schieder die generaliserende vergelyking dus deels in sintetiserende vergelyking wil laat opgaan, wys hy ook op die moontlikheid om deur analogiese vergelyking, d.w.s. die vind van ooreenkomste tussen van mekaar verskillende gevalle, tot generalisasie te kom. Hy spreek hom egter nie ten gunste van sulke vergelyking uit nie en toon weinig waardering vir Toynbee se studie waarin die kulture volgens hom verskyn as "in wissenschaftli-

56) Schieder, Staat und Gesellschaft im Wandel unserer Zeit, bl. 45.

57) Ibid., bl. 46, 49.

58) Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 209.

che Labor steril gemachte Objekte, mit denen jede Form von Experiment möglich geworden ist".⁵⁹⁾ Schieder is dan ook nie ten gunste van die gebruik van sosiaal-wetenskaplike metodes in die geskiedkunde nie en meen dat die geskiedwetenskap uit eie krag, d.w.s. langs die weg van individualiserende en sintetiserende vergelyking tot groter algemeenheid kan kom.⁶⁰⁾

Die gebruik van sintetiserende vergelyking word, soos uit voorgaande blyk, voorgestaan vanuit beskouinge waarin die geskiedkunde as gerig op die individuele teenoor die sosiale wetenskappe as gerig op die algemene gestel word. Die algemene waartoe die historikus kan kom, is slegs die hoër individualiteit, die groter samehang. Deur die belang van die sintetiserende vergelyking as metode vir die geskiedkunde aan te toon, het die hierbo behandelde historici 'n belangrike bydrae in die soektog na nuwe weë vir die geskiedwetenskap gelewer. Deur hierby egter vas te bly hou aan die opvatting dat die geskiedkunde slegs op die individuele gerig behoort te wees, kon ander oplossinge om algemene kennis van die geskiedenis te verkry nie aan die hand gedoen word nie. Hoewel iemand soos Schieder verder as baie aanhangers van die historisme gaan deur die uitbou van algemene tipes voor te staan, bly hierdie tipes uiteindelik slegs individueel en relatief van aard en kan die beperkinge van die historisme daarmee nie oorkom word nie.

D. Vergelyking gerig op die algemene

Daar is 'n hele aantal historici wat, vanuit verskillende oogpunte en vir verskillende doeleindes, die gebruik van vergelykende metodes in die geskiedkunde om tot die algemene te kom, be-

59) Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 206: Hoewel Schieder die "analogiese vergelyking" dus as 'n weg tot generaliserende vergelyking sien, omvat dit volgens Schieder nie net die vind van ooreenkomste tussen ver van mekaar verwyderde verskynsels nie, maar ook die maak van afleidings t.o.v. ander besondere verskynsels. As sodanig lei dit nie direk tot generaliserende vergelyking nie, maar eerder tot historiese rekonstruksie; die "analogiese vergelyking" van Schieder kom daarom veral ooreen met wat in hierdie werk "rekonstruerende vergelyking" genoem word. Kyk hoofstuk V hieronder.

60) Vgl. Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 208.

pleit. Om die verskille tussen die onderskeie wetenskaplikes met hul hul omgewings duideliker na vore te bring en ter wille van oorsigtelikheid word historici by hierdie bespreking nasie-gewys gegroepeer.

1. Duitse historici

Soos Gerhard en Schieder sien R. Wittram vergelyking net moontlik in noue betrekking tot die individuele:

„Vergleichen heisst: mit einem Schlage die Isolierung des einzelnen aufheben und langsam zu genauen Unterscheidungen vordringen. Wenn man das Ganze in Betracht zieht, wird das Vergleichen immer dazu führen, dass man die Unterschiede genauer wahrnimmt und gerade das Andersartige schärfer herausarbeitet. Erst wenn man alles herausgeholt hat, was die Individualität der geschichtlichen Erscheinung ausmacht, wird man in die Hand nehmen dürfen, was eben doch noch gemeinsam ist, wird es wagen und bezeichnen dürfen. Und wenn es dann mehr ist als das Menschliche schlechthin, wenn eine geschichtliche Tendenz, ein Denkvermögen, eine Lebensform darin Ausdruck findet, dann kann das ein Beitrag sein zur Erkenntnis des grösseren Zusammenhangs der Geschichte, die zwar lauter Individualitäten hervorbringt, aber mit ihren epochalen Stössen eben doch allgemeine menschliche Wandlungen bewirkt".⁶¹⁾

Anders as Schieder wil Wittram dus nie deur die verskille heen tot algemeenheid as hoër individualiteit kom nie, maar in die ooreenkomste wat oorbly as die verskille daaruit gehaal is, iets algemeens, iets gemeenskapliks aan die hele geskiedenis vind. Wittram gaan nie verder in op die metode waarop hierdie vergelyking gedoen moet word nie. Hy beklemtoon net dat die vergelyking middel moet bly en nie doel op sigself mag word nie⁶²⁾ en meen ook dat dit slegs gebruik kan word as dit werklik blyk dat daar iets gemeenskapliks in die geskiedenis moet wees. Hy meen nl. dat vergelyking net moontlik geword het omdat „unser Überblick so weit und allgemein

61) Wittram, a.w., bl. 50.

62) Ibid.

geworden ist, dass wir die Zustände in ihrer Grundzügen erkennen und die Personen aus ihrer Isolierung befreien können; sie sind nicht nur ein Weg zu neuen Ergebnissen, sondern setzen die Forschungsergebnisse vieler Geschlechter voraus".⁶³⁾ Eers tans het egte, kritiese vergelyking moontlik geword.⁶⁴⁾ Die vergelyking wat Wittram in gedagte het, is dus slegs moontlik waar reeds tot eenheid en gemeenskaplikheid van die geskiedenis gekom is en berus derhalwe op eenheid en samehang. As sodanig is hier sprake van sintetiserende vergelyking en nie van generaliserende vergelyking nie. Wittram se uitlatinge is in elk geval te vaag om hom as voorstander van generaliserende vergelyking te bestempel. Tog is dit duidelik dat hy verder wil gaan as Schieder om die beperkinge van die historistiese individualiteitsbeginsel te oorkom en iets algemeens uit die geskiedenis te haal wat werklik meer is as slegs 'n groter individuele geheel.

Ook F. Wagner benader die vergelykingsprobleem vanuit die standpunt van die historisme. Hy sien egter nog veel groter moontlikhede in die vergelyking as Wittram: „Die Vergleiche könnten das Glück des geschichtlichen Denkens sein, insofern sie die organische Struktur der Geschichte blosslegen. . . Ihre Technik müsste unter der Einwirkung einer umfassenden Idee und also bis zum wahllosen Notwendigkeit, bis zur logischen Meisterschaft ausgebildet werden".⁶⁵⁾ Die vergelyking kan insig bied in die „Formensprache der Geschichte" en 'in die „morfologischen Verwandtschaft, welche die Formensprache aller Kulturgebiete innerlich verbindet".⁶⁶⁾ Deur die vorme, die „hinter den Phänomenen liegende Strukturverhältnisse"⁶⁷⁾ bloot te lê, word 'n „dritte, sozusagen transzendente Ebene der Geschichte"⁶⁸⁾ bereik. Begrippe soos „koninkryk", „staat" en „oorlog" kan na hul reële bestaan belig word deur sulke

63) Ibid.

64) Ibid., bl. 46.

65) Wagner, Studium generale, dl. 8, bl. 707.

66) Ibid.

67) Ibid., bl. 710.

68) Ibid.

vergelyking.⁶⁹⁾ Die transendentale vlak van die geskiedenis is vir Wagner gelyk aan die struktuur van die skepping self, sodat vergelyking 'n weg is naas dié van spekulasie en mistiek om tot die diepste sinsamehange deur te dring; soos vir Vico en Gervinus⁷⁰⁾ word vergelykende studie van die geskiedenis vir Wagner identies met filosofie. Dat Wagner die skeppingstruktuur as transendentale vlak van die geskiedenis sien en historiese studie as die beste wyse om filosofie te beoefen, toon die invloed van die historistiese denke.

Enigsins verwant aan die opvattinge van Wagner is dié van die historikus en filosoof E. Rothacker. Vergelyking gerig op die individuele of op ontwikkeling en verwantskap, soos in die Romantiek beoefen, het vir hom geen prinsipiële betekenis nie. Slegs die vergelyking wat tot algemene wesenskennis lei, is vir hom van sulke betekenis.⁷¹⁾ Die swakheid van die vergelykende metode lê daarin dat die geskiedkundige die reg het om steeds in die besondere geïnteresseerd te wees, maar sy krag in die algemene name wat hierdie besondere verskynsels dra.⁷²⁾ Die individuele historiese verskynsels het tog ook algemene momente, wat in die sistematiese geesteswetenskappe langs die weg van vergelyking ondersoek kan word.⁷³⁾ „Indem die stilistisch verschiedenen Mathematiken den gemeinsamen Titel Mathematik oder Kunst oder Staat oder Plastik tragen, müssen sie auffasbar sein als gesetzliche Varianten eines gemeinsamen Tragers, nämlich des menschlichen Geistes... So scheint auch die Menschheit ein Gewächs, das freilich nur jeweils in konkreten Besonderungen erscheint, welche Besonderungen aber beherrscht sind von ewigen Gesetzen, die ihren Ort in einem Urschema unseres Geist besitzen".⁷⁴⁾ Vergelykende ondersoek behoort dus uit-

69) Ibid., bl. 711.

70) Kyk bl. 22, 47 hierbo.

71) Rothacker, Logik und Systematik der Geisteswissenschaften, bl. 100.

72) Ibid., bl. 102.

73) Rothacker, Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, dl. 60, bl. 22.

74) Rothacker, E., Toynbee und Spengler (Deutsche Vierteljahrschrift für Literaturwissenschaft und Geistesgeschichte, dl. 24, 1950, bl. 401).

eindelik te lei tot kennis van die menslike gees. Rothacker wil hê dat die vergelykende ondersoeke van die sistematiese geesteswetenskappe saamgevat word in 'n algemene mensheidswetenskap wat self-kennis van die mensheid bied.⁷⁵⁾ Die swaartepunt van die vergelykende metode lê vir hom in „einer eigentümlichen Mitte zwischen Weltgeschichtschreibung und Prinzipienlehre, bzw. dem Problem einer allgemein gültigen Terminologie“.⁷⁶⁾ Soos Vico lê hy 'n verband tussen universele geskiedenis en die menslike gees, tussen wêreldgeskiedskrywing en algemene mensheidskennis. Rothacker herlei dus die algemene in die geskiedenis nie soos Wagner tot die struktuur van die skepping nie, maar tot die aard van die menslike gees. Aangesien hy aanvaar dat die geskiedwetenskaplike net in die besondere geïnteresseerd is, ken hy die taak van generaliserende vergelyking aan die sistematiese geesteswetenskappe en aan 'n algemene mensheidswetenskap toe. Hierdie skeiding kom ooreen met die historistiese beskouing, maar veel meer as denkers onder invloed van die historisme, soos Schieder en Wittram bv., sien hy die rol van die algemene in die geskiedenis self.

'n Vierde Duitse historikus, J. Vogt, wil die taak van generaliserende vergelyking aan historici en sosiaal-wetenskaplikes gesamentlik opdra: „Die Konstanten also, innerhalb derer das individuelle Ereignis und das persönliche Handeln in der Geschichte erscheinen, bedürfen einer von Soziologen und Historikern gemeinsam zu leistenden Klärung“.⁷⁷⁾ In sekere opsig is die historici selfs die geskikste om die gelykvormighede van die geskiedenis te ondersoek: „Die Historie wird gut daran tun, die Problematik der Gleichförmigkeit des politischen und sozialen Lebens mehr als bisher in ihr Arbeitsgebiet einzubeziehen, statt es nur den Managern der Revolution zu überlassen, mit der Unbefangenheit, die sich auszeichnet aus den Arsenal der Geschichte ein Regulierungswissen, eine förmliche ‚Kunstlehre von der Entfesselung und Lenkung soziale Kräfte‘ heraus-

75) Rothacker, Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, dl. 60, bl. 31.

76) Ibid., bl. 23.

77) Vogt, . . . Gesetz und Handlungsfreiheit in der Geschichte, bl. 19.

zuholen".⁷⁸⁾ Die geskiedwetenskap moet meer wees as materiaalversameling vir die sosiale wetenskappe en voorspellinge op grond van ondeskundige gebruik van die geskiedenis moet deur historici teengegaan word.

Vogt glo dus dat daar 'n soort wetmatigheid in die geskiedenis is, egter nie natuurnoodwendige wetmatigheid nie. „Was eine Kulturbetrachtung, eine vergleichende Geschichtswissenschaft suchen muss und erreichen kann, sind nicht Gesetze natürlicher Organismen, sondern Bauformen geistiger Gebilde, die das geschichtliche Verstehen vertiefen und das geschichtliche Handeln erleuchten können".⁷⁹⁾ Deur induksie kan uit 'n groot aantal verskynsels 'n tipe, 'n patroon, 'n reël afgelei word,⁸⁰⁾ iets wat Vogt self probeer doen in enkele „Studien zur historischen Wiederholung".⁸¹⁾ In hierdie studies herlei hy ooreenkomste in die geskiedenis veral tot geografiese konstante faktore en tot die algemene menslike natuur, maar, soos al enigsins uit die aanhalings hierbo blyk, vind hy sulke algemene faktore ook in die aard van die kultuur en van die staat self.⁸²⁾ Vogt sien daarom die generaliserende vergelyking nie as in die eerste plek van filosofiese belang soos Wagner en Rothacker nie, maar as van betekenis om die historiese verstaan self te verhelder.

Othmar Anderle sien eweneens in die studie van die gelikvormighede van die geskiedenis belangrike moontlikhede vir die geskiedkunde self en meen dat daardeur huidige grondliggende probleme in hierdie wetenskap opgelos kan word. Anderle bepleit die invoer van 'n nuwe metode in die geskiedonderzoek, nl. een van holistiese integrasie, waarvolgens groter gehele in die geskiedenis direk as aparte eenhede gevat en geïnterpreteer kan word. Hierdie eenhede of „Ganzheiten" omskryf hy as „von ihrer Umgebung mehr oder

78) Ibid., bl. 28.

79) Ibid., bl. 23.

80) Vogt, Wege zum historischen Universum: von Ranke bis Toynbee, bl. 134.

81) Titel van werk. Kyk bl. 59, voetnoot 104 hierbo.

82) Vgl. Vogt, Wege zum historischen Universum: von Ranke bis Toynbee, bl. 134.

weniger deutlich abgehobene, in sich gegliederte Einheiten".⁸³⁾ Om met hierdie metode tot groter sintese in die geskiedenis te kom, moet dus vooraf aangeneem word dat die geskiedenis uit 'n aantal aparte en gelyksoortige eenhede bestaan. So 'n aanname bring verdere moontlikhede vir nuwe metodes in die geskiedkunde mee: „Sobald die Annahme oder die Feststellung einer Mehrzahl von gestaltgleichen Baus gemacht wird, ergibt sich die Möglichkeit Strukturen mit einander zu vergleichen, Homologien und Analogien festzustellen und auf Grund der bauplanmässigen Entsprechungen eine Gestalt aus der anderen zu erhellen, ja unter Umständen sogar zu rekonstruieren".⁸⁴⁾ 'n Rekonstruerende vergelyking waarby, soos by die ouer positivistiese gebruik daarvan, van 'n geheel na die dele gegaan word, word dus moontlik, maar ook 'n generaliserende vergelyking waardeur tot algemene kennis van hierdie eenhede van die geskiedenis gekom kan word. Anderle staan simpatiek teenoor 'n geskiedenis morfologie as „eine exakte Disziplin von formalen historischen Erscheinungen, Gebilde und Abläufe".⁸⁵⁾ 'n Metode moet aangewend word wat „das Typische eines Gebildes oder Prozesses zu erfassen sucht, um damit den Gesetzen und Kräften des geschichtlichen Geschehens auf die Spur zu kommen".⁸⁶⁾ Gelykvormighede, wette en patrone lê vir Anderle binne die sfeer van die historiese en hy staan daarom 'n teoretiese beligting van die geskiedkunde voor, 'n teoretiese geskiedenis as onderdeel van die geskiedkunde, waarin die geskiedenis na sy formele aspekte langs empiriese weg bestudeer word.⁸⁷⁾

Anderle se standpunt staan ver weg van die historistiese geskiedbeskouing wat by die meeste Duitse historici so diep inge-

83) Anderle, O.F., Das Integrationsproblem in der Geschichtswissenschaft (Schweitzer Beiträge zur allgemeinen Geschichte, dl. 15, 1957, bl. 238).

84) Anderle, Die Welt als Geschichte, dl. 16, bl. 95.

85) Ibid., bl. 85. Vgl. Anderle, O.F., Geschichtswissenschaft in der Krise (Grimm, B. (uitg.), Festgabe Joseph Lortz. Baden, 1958, bl. 514- 522).

86) Anderle, Historische Zeitschrift, dl. 185, bl. 23.

87) Vgl. ibid., bl. 33- 35.

wortel is en wat by enkele historici op wie se uitlatinge hierbo gelet is nog in een of ander vorm aanwesig is. Al die hierbo behandelde figure sien in die vergelyking 'n moontlikheid om tot iets algemeens in die geskiedenis te kom en wil dit as metode gebruik om grondliggende probleme van die geskiedkunde te probeer oplos. Ten opsigte van die resultate wat bereik kan word, verskil hul grootliks van mekaar: insig in die struktuur van die skepping, in die aard van die menslike gees, in historiese patrone en wette of slegs in iets gemeenskapliks wat daar in die geskiedenis mag wees. Met uitsondering van Anderle suggereer die skrywers slegs moontlikhede en gaan nie in op die metode wat gevolg moet word om die gewenste resultate te bereik nie.

2. Nederlandse historici

In Nederland het enkele historici op die moontlikhede van vergelykende metodes in die geskiedkunde gewys. T.J.G. Locher bring die vergelyking in noue verband met universele geskiedenis en sien in vergelykende studie van die wêreldgeskiedenis 'n wyse om antwoord te vind op die vraag hoe dit met ons beskawing gesteld is. Die pogings van Spengler en Toynbee het uitsigte geopen, al het hul nie op die juiste manier te werk gegaan nie; „ze hebben een pad gehouwen en zijn te vlug naar de top gelopen”.⁸⁸⁾ Die taak van vergelykende geskiedenisondersoek is nie om allerlei skemas op te stel nie, maar „om het eigene en het vreemde beter te leren verstaan en als het kan iets van gemeenschappelijkheid in het verloop van de menselijke samenleving te ontdekken”.⁸⁹⁾ Locher gaan nie daarop in of hierdie gemeenskaplikheid op algemene wette en strukture in die geskiedenis moet dui nie; hy beklemtoon net dat sulke vergelyking stelselmatig en t.o.v. die geskiedenis as geheel gedoen moet word ten einde tot resultate van belang te kom.⁹⁰⁾

'n Ander geskiedkundige, A.E. Cohen, pleit nie soos Lo-

88) Locher in Den Boer, Hugenholtz en Locher, a.w., bl. 243.

89) Ibid.

90) Ibid. Vgl. Locher, T.J.G., Ephorus' jongste nakomelingschap : (Museum, dl. 60, 1955, bl. 173- 207).

cher vir sistematiese vergelyking nie, maar sien groter waarde in die vergelykende aktiwiteit self, wat die historikus se vaardigheid en begrip verskerp.⁹¹⁾ Vergelyking is vir hom slegs 'n hulpmiddel en nie 'n metode nie en die aktiwiteit sien hy as belangriker as die resultaat. Soos vir Berlin is die vergelyking vir Cohen dus inherente deel van die historiese metode self; dit kan die individuele verskynsels belig, maar deur kontraswerking kan ook dieper deurgedring word in die begrip van historiese prosesse.⁹²⁾ Deur vergelyking kan die konstante en strukturele faktore, die algemene agtergronde van die steeds wisselende situasies na vore kom. „Het zijn de structurele factoren die wij moeten kennen, willen wij met begrip staan tegenover de veranderingen die de maatschappij, de cultuur, de politieke formatie ondergaan door het voorvallen van ingrijpende gebeurtenissen en door het optreden van personen van uitzonderlijke betekenis. Voor het kenne van zulke essentiële basisgegevens voor het historisch proces kan de vergelijking, ook zonder tot methode te zijn verheven, ons helpen".⁹³⁾ Die generaliserende vergelyking as sodanig word dus geensins deur Cohen afgewys nie; hy wil dit juis in noue betrekking tot die gewone geskiedenisstudie bring.

Die opvattinge van die derde en laaste figuur uit hierdie groep, J. Romein, hou enigsins verband met dié van Anderle. Hy bepleit eweneens die totstandbrenging van 'n teoretiese geskiedenis as onderdeel van die geskiedwetenskap self om bepaalde onderwerpe te bestudeer wat nie regstreeks aan 'n bepaalde tyd of plék gebonde is nie en dus van begripsmatige aard is.⁹⁴⁾ Hierdie sg. historiologiese of prosessuele onderwerpe behoort bestudeer te word deur middel van vergelyking van historiese prosesse van verskillende periodes en omgewings.⁹⁵⁾ As onderwerpe wat s6, dus eintlik

91) Cohen, A.E., Vergelijken in de tijd. Groningen, Noordhoff, 1961, bl. 19, 20.

92) Ibid., bl. 7.

93) Ibid., bl. 19.

94) Romein, J., Tussen vrees en vrijheid. Amsterdam, Querido, 1958, bl. 28.

95) Ibid.

deur generaliserende vergelyking, bestudeer kan word, noem Romein o.m.: die verloop van beskawings, die ritme van die geskiedenis, begrippe soos „Renaissance“, „Barok“ en „feodalisme“. Die begrippe „individualisme“ en „nasionalisme“ daarenteen lyk vir hom meer van sosiologiese aard en reken hy nie soseer tot die terrein van die teoretiese geskiedkunde nie.⁹⁶⁾ Daarbenewens meen hy dat al die begrippe slegs na hul historiese aspekte in die teoretiese geskiedwetenskap bestudeer moet word: „Een boek, dat de dictatuur van Sulla, die van Cromwell, van Napoleon of Lenin behandelt, behoort tot de ‚gewone‘ geschiedenis, ook al is de aandacht van de schrijver meer op het verschijnsel dan op de gebeurtenissen gericht, doch zodra het boek alle of een aantal dezer dictaturen niet achter elkaar beschrijft, maar vergelijkend ontleedt en het derhalve de dictatuur tot onderwerp heeft, behoort het tot de theoretische geschiedenis. Op voorwaarde althans dat het de dictatuur in haar diverse historische aspecten vertoont, want sodra zijn auteur daarvan zou abstraheren, zou hij ophouden historicus te wezen en socioloog worden“.⁹⁷⁾ Dit geld ook vir die vergelyking van verskynsels soos die rewolusie en die staat. Ten einde die teoretiese geskiedenis net op sake van historiese aard te betrek, wil Romein dus bepaalde onderwerpe in die geskiedenis daaraan toewys en tewens die vergelyking net op historiese aspekte van onderwerpe rig. Presies waar die grense getrek moet word en wat onder historiese aspekte verstaan moet word, verduidelik hy nie. Dit is in elk geval belangrik dat hy die generaliserende vergelyking, soos Vogt, Anderle en Cohen, in noue verband met die werk van die historikus wil hou.

Romein meen dat historiese vergelykinge tot praktiese konklusies kan lei; uit 'n vergelyking van diktature kan bv. geleer word hoe om die ontstaan van 'n diktatuur te vermy.⁹⁸⁾ Self doen

96) Ibid., bl. 33.

97) Ibid., bl. 36.

98) Vgl. ibid.

Romein 'n kort vergelykende studie,⁹⁹⁾ waaruit hy gevolgtrekkings maak t.o.v. die rewolusies wat in die huidige tyd so dikwels voorkom en hoe hulle vermy kan word. S6 kan geskiedenisstudie dus antwoorde bied op eietydse probleme en die geskiedenis meer op die huidige situasie betrek word, wat een van Romein se ideale is.

3. Engelse historici

Die belangstelling in generaliserende vergelyking is onder Britse historici veral aangewakker deur die verskyning van Toynbee se studie van beskawings. Op Toynbee se metode en resultate word in 'n latere hoofstuk ingegaan;¹⁰⁰⁾ hier kan net genoem word dat hy die opvatting dat alle feite uniek en daarom onvergelykbaar is sterk teenstaan.¹⁰¹⁾ Hy gaan in sy werk uit van die gedagte dat beskawings filosofies ekwivalente eenhede en daarom vergelykbaar is.¹⁰²⁾ Hy vind 'n reëlmaat in die verloop van beskawings, sonder om dit egter as absolute noodwendige wette van die geskiedenis te wil sien.

In die stryd tussen historici rondom Toynbee se poging tot beskawingsvergelyking word sy opvattinge sowel teengestaan as onderskryf. As voorbeeld van die ondersteuners se standpunt kan Christopher Dawson aangehaal word: "The 'pure' historian maintains that it is not his business to form general propositions about civilizations as such, but only to trace the rise and fall of such civilizations as the Hellenic and Chinese. But how is he to do this, until he has discovered what a civilization is? And how is he to discover this unless he has made some comparative study of other civilizations?"¹⁰³⁾

Die beskouinge van die historikus Geoffrey Barraclough

99) De nasionale en sociale revolusie in Azië en de tijdsfactor. Romein, J., Eender en anders. Amsterdam, Querido, 1964, bl. 209- 223.

100) Hoofstuk VI hieronder.

101) Vgl. Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 11.

102) Vgl. *ibid.*, dl. 7, bl. 51.

103) Dawson, C., The problem of metahistory (History today, dl.1, Junie 1951, bl. 11).

verteenwoordig die strewe van verskillende geskiedkundiges deur 'n sterk pleidooi te lewer om geskiedenisstudie meer op eietydse vraagstukke te betrek en 'n breër visie as die tradisionele nasionaal-gerigte uitkyk op die geskiedenis aan te moedig. Barraclough meen dat die historikus 'n besondere studie moet maak van die „seminal ages” in die geskiedenis¹⁰⁴⁾ ten einde vas te stel in hoeverre „our own age marks a similar climatic”.¹⁰⁵⁾ Hy gaan van die veronderstelling uit dat die huidige tyd 'n tyd van groot verandering, ook 'n „seminal age” is. Uit die verlede, so glo Barraclough, kan ons die hede ken; „the past impinges at every turn on the present”.¹⁰⁶⁾ Hiermee wend hy hom teen 'n te groot beklemtoning van die uniekheid en relatiwiteit van elke historiese verskynsel en periode en teen die strenge handhawing van die historiese kontinuiteitsbeginsel wat vergelyking van verskillende periodes met mekaar onmoontlik maak. 'n Vergelykende studie van beskawings, hoewel stewiger gefundeer as dié van Toynbee, kan tot nuwe insig in ons eie beskawing lei en aantoon of daar vooruitgang in die geskiedenis van meer as net materiële aard is.¹⁰⁷⁾ Die studie van die wêreldgeskiedenis is vir hom nie primêr gerig op sintese nie, maar op die verskillende beskawings van die verlede; dit is „a study of a number of cultures, each rising and falling into a trough and petering out when its creative powers are used up”.¹⁰⁸⁾ Daarom sien hy vergelykende studie gerig op generalisasie as 'n weg tot die skryf van universele geskiedenis.

4. Amerikaanse historici

Uit die V.S.A. kom die meeste en die duidelikste uitsprake ten gunste van generaliserende vergelyking.

F. Redlich sien in die gebruik van vergelykende metodes

104) Barraclough, a.w., bl. 12.

105) Ibid., bl. 13.

106) Ibid., bl. 26.

107) Ibid., bl. 227.

108) Ibid., bl. 232.

in die geskiedkunde sowel die moontlikheid om die unieke beter na vore te bring as om tot nuwe historiese verklarings te kom. Hy spreek in hierdie verband van beide sintese en generalisasie. Die historikus moet nie vergelykinge tussen godsdienste en regering-sisteme doen soos die sosiaal-wetenskaplike nie, ook al word daarby van historiese materiaal gebruik gemaak. Die sosiaal-wetenskaplike vergelyk steeds feite, instellings en prosesse t.o.v. 'n bepaalde periode sonder om die rol van historiese ontwikkeling daarby in besonder te betrag; „in contrast, comparative historiography, to be an independent field of scholarly endeavour, would have to compare historical processes, i.e. changes over time, developments over time, with other such processes. Consequently, the former investigations stand in the same relation to comparative historiography as snapshots stand to cinematographic films".¹⁰⁹⁾ Soos Romein wil Redlich dus onderwerpe van spesifiek historiese aard vir vergelykende geskiedenisondersoek reserveer. Deur hierdie soort vergelyking kan dieper insig in die aard van historiese prosesse verkry word, wat ook kan lei tot die vind van nuwe verklarings vir besondere historiese verskynsels.

Ten opsigte van die metode waarvolgens die historikus generaliserende vergelyking moet doen, maak Redlich slegs enkele opmerkings. Hy meen dat by 'n vergelyking van prosesse in die tyd uitgebreide klassifikasieskemas soos in die sosiale wetenskappe gebruik word nie 'n belangrike rol behoort te speel nie. Hy beklemtoon dat historiese metodes aangewend moet word en nie die metodes van die sosiale wetenskappe nie. Vergelykende studie van die geskiedenis moet op monografiese studies berus en geensins in die plek daarvan gedoen word nie. Aangesien vergelykende studie 'n omvattende werk is, meen hy dat dit op groot skaal en gesamentlik, groepsgewyse aangepak moet word.¹¹⁰⁾

Die feit dat Redlich aan die generaliserende vergelyking van die geskiedenis 'n eie veld van ondersoek en eie metodes

109) Redlich, Kyklos, dl. 11, bl. 379- 380.

110) Ibid., bl. 385.

teenoor dié van die sosiale wetenskappe wil toeken, dui op 'n afweer van al te groot invloed van die kant van die sosiale wetenskappe op die geskiedkunde. Hierin verskil sy beskouinge van dié van verskillende ander Amerikaanse historici wat juis die nadruk op samenwerking met die sosiale wetenskappe by die vergelykende ondersoek laat val.

Die invloed van die sosiale wetenskappe kom veral duidelik na vore in bulletins 54 en 64 van die Social Science Research Council,¹¹¹⁾ waarin kortliks aan die vergelyking aandag gegee word. In bulletin 54 waarsku die historikus Sidney Hook teen die gevaar van valse historiese analogieë maar spreek hom ten gunste uit van die vorming van parallelle vir historiese generalisasie. Onder generalisasie, iets wat in hierdie bulletin sterk bepleit word, verstaan die skrywers „a statement of relationships - one not possessing the exactness of 'laws' in the physical sciences but still having tentative validity and meaningfulness. One may, for example, generalize that the wasteful methods of early American farmers were due to a poor cultural tradition rather than to their geographical environment. Such a generalization, if supported by the evidence, is helpful in interpreting the long-run history of American agriculture”.¹¹²⁾ Generalisasie in hierdie betekenis gesien, hou eintlik net 'n verklaring in wat op 'n redelik wye gebied betrek is, maar nie noodwendig geld vir bepaalde historiese verskynsels in die algemeen nie. Tog bepleit Hook generaliserende vergelyking om algemene stelling oor bv. rewolusies te maak en wys hy op die prosedure van sodanige vergelyking: „Analogies between two historical events can be properly evaluated only when we make explicit the defining properties of the class of events of which both are declared to be members. E.g., if a revolution is defined in terms of changes in class-power or transformations of property relations, historical analogies

111) Social Science Research Council, Theory and practice in historical study en The social sciences in historical study resp.

112) Social Science Research Council, Theory and practice in historical study, bl. 140.

drawn between the Russian and French Revolution will have greater validity in determining the truth about an hypothesis concerning the nature of revolutions than an analogy between the American and Russian Revolutions. However, if a revolution is defined in political terms, the analogy between the American and Russian Revolution may be relevant".¹¹³⁾ Hoewel Hobk slegs spreek van analogieë tussen twee verskynsels het die prosedure wat hy skets ook betrekking op die generaliserende vergelyking waarby meesal meer as twee gevalle ondersoek word. Hy sien in die vergelyking dus 'n moontlikheid om hipoteses te toets en teorieë te bevestig.

Die beskouing in bulletin 64 t.o.v. vergelykende metodes kom hoofsaaklik met dié van Hook ooreen. Vergelyking word as "a method to develop theory about classes of historical phenomena" omskryf.¹¹⁴⁾ Vergelykende metodes "provide ways to test some hypotheses".¹¹⁵⁾ Deur Mill se metode van ooreenstemmende variasies te gebruik,¹¹⁶⁾ kan met behulp van vergelyking kousale relasies tussen verskynsels soos bv. kapitalisme en demokrasie gevind word. Slegs eenhede van dieselfde aard en genoeg gevalle moet vergelyk word en daar moet op sowel ooreenkomste as verskille gelet word.¹¹⁷⁾ Die gebruik van statistiese metodes, bv. om stempersentasies en lewenstandaarde met mekaar te vergelyk, en van sosiaal-wetenskaplike begrippe word deur die skrywers van die bulletin aanbeveel.¹¹⁸⁾ Die vergelykende metodes van die sosiale wetenskappe het vir hulle duidelik as model gedien.

In 'n ander publikasie van die Social Science Research Council word die belang van generalisasie in die geskiedwetenskap

113) Ibid., bl. 109- 110.

114) Social Science Research Council, The social sciences in historical study, bl. 151.

115) Ibid.

116) Kyk bl. 80 hierbo.

117) Social Science Research Council, The social sciences in historical study, bl. 152. *

118) Ibid.

nog sterker beklemtoon.¹¹⁹⁾ Die redakteur van die geskrif, Louis Gottschalk, het reeds tevore gepleit dat die historikus die generalisasies waartoe die sosiaal-wetenskaplikes geraak nie moet ignoreer nie, maar moet toets en gebruik of, indien nodig, weerlê.¹²⁰⁾ Die historikus moet self ook tot generalisasies probeer kom en daarby verskillende metodes, w.o. dié van vergelyking, aanwend.¹²¹⁾ Analogieë kan 'n belangrike rol speel in historiese ondersoek en die historikus op die spoor van oorsake en gevolge bring;¹²²⁾ analogieë kan egter net op moontlikhede dui, nie bewys nie.¹²³⁾ Hiermee verwerp hy die generaliserende vergelyking nie as middel tot bewysvoering nie, omdat hy dit, hoewel hy dit nie eksplisiet stel nie, anders as Hook van die analogie onderskei. 'n Vergelyking van die oorsake van 'n aantal rewolusies kan bv. lei tot 'n generalisasie van beperkte geldigheid oor die oorsake van rewolusies as sodanig,¹²⁴⁾ 'n vergelyking wat Gottschalk self op beknopte wyse doen.¹²⁵⁾

Op die beskouinge en metodes van Amerikaanse historici wat self vergelykende studies onderneem het, word in die loop van hierdie werk ingegaan, maar volledigheidshalwe word tans op enkele van hul opvattinge gewys. Crane Brinton, wat 'n vergelykende studie van rewolusies gedoen het,¹²⁶⁾ beklemtoon dat daar geen verskil tussen natuur- en geesteswetenskaplike metodes gemaak moet word nie.

119) Gottschalk, L. (red.), Generalization in the writing of history. Chicago, University Press, 1963.

120) Gottschalk, L., Understanding history. A primer of historical method. New York, Knopf, 1950, bl. 252- 254.

121) Vgl. Gottschalk, Generalization in the writing of history, bl. 113 e.v.

122) Gottschalk, L., Causes of revolution (American journal of sociology, dl. 50, Julie 1944, bl. 1- 8).

123) Gottschalk, Understanding history. A primer of historical method, bl. 269 en Gottschalk, L., Kluckholm, C. en Angell, K. (red.), The use of personal documents in history, anthropology. Social Science Research Council, 1945, bl. 68- 69.

124) Gottschalk, American Journal of Sociology, dl. 50, bl. 1- 8.

125) Ibid.

126) Brinton, C.C., Anatomy of revolution. New York, Prentice-Hall, 1952 (eerste uitgawe 1938),

Hy wil 'n gevallestudie van rewolusies doen soos wat gevallestudie dies in die mediese wetenskap gemaak word.¹²⁷⁾ R. Coulborn beskou die vergelyking as „the ultimate theoretical operation which is useful for understanding civilizations and civilized societies; which is to say that it is the best way of understanding history”.¹²⁸⁾ Vergelyking, so beklemtoon hy, moet op feite-onderzoek gegrond wees en nie in die plek daarvan gedoen word nie en moet metodies en sistematies gedoen word.¹²⁹⁾ 'n Derde historikus, R. A. Kann, verklaar dat hy met sy vergelykende studie nie 'n bepaalde noodwendige patroon in die geskiedenis wil vind nie en dat die geskiedenis steeds die verskeidenheid van die lewe reflekteer.¹³⁰⁾ Waar Brinton hom nog verset teen 'n geskiedbeskouing waarin alle klem op die uniekheid van historiese feite val, blyk dit dus dat Kann, geruime tyd later, soos Redlich eerder die toenemende invloed van sosiaal-wetenskaplike denke oor die geskiedenis wil teëgaan.

Ten slotte word nog aandag gegee aan die standpunt van W.H. Sewell wat die vergelykende metode primêr as instrument sien om bepaalde hipoteses te toets. „If an historian attributes the appearance of phenomenon A in one society to the existence of condition B, he can check this hypothesis by trying to find other societies where A occurs without B or vice-versa. If he finds no cases which contradict the hypothesis, his confidence in its validity will increase, the level of his confidence depending on the number and variety of comparisons made. If he finds contradictory cases, he will either reject the hypothesis outright or reformulate and refine it so as to take into account the contradictory evidence and then subject it again to comparative testing. By such a process of testing, reformulating, and retesting, he will construct explanations which satisfy him as convincing and accurate. Whether em-

127) Kyk verder bl.257 e.v. hieronder.

128) Coulborn, R., The origin of civilized societies. Princeton, University Press, 1957, bl. viii.

129) Ibid., bl. ix.

130) Kann, R.A., The problem of restoration. A study in comparative political history. Berkeley, University of California Press, 1968, Preface (ongenommerd).

ployed by social scientists, the comparative method is an adaption of experimental logic to investigations in which actual experimentation is impossible".¹³¹⁾

Sewell, wat die vergelykende metodes soos toegepas deur Marc Bloch ondersoek,¹³²⁾ stel hom dus op die standpunt van Durkheim deur vergelyking as 'n soort indirekte eksperimentele metode te wil gebruik.¹³³⁾ Hy gaan, soos Durkheim en die meeste sosiaal-wetenskaplikes, uit van die gedagte dat ooreenkomstige oorsake soortgelyke gevolge het. Verder wil hy 'n negatiewe toetsing van hipoteses doen deur telkens in die gevalle-ondersoek te probeer aantoon dat 'n teorie nie heeltemal opgaan nie en dit dan te verbeter en te verfyn sodat dit vir al die gevalle geld. Tog meen hy, soos uit bogenoemde aanhaling blyk, dat dit nie alleen daarom gaan dat daar geen gevalle moet wees waarvoor dit nie opgaan nie, maar ook dat die teorie in 'n hele aantal gevalle bevestig moet word.

Sewell wys daarop dat die eenhede van vergelyking in die eerste plek bepaal word deur die aard van die probleem wat ondersoek word en dat hulle dus nie noodwendig samelewings wat ver van mekaar verwyderd in tyd en ruimte is, hoef te wees nie. Vergelyking is ook slegs 'n hulpmiddel om historiese verklarings te vind en te toets en kan nie self historiese verklaring doen nie.

Sewell gaan verder as die meeste ander voorstanders van vergelykende metodes deur hulle ook te wil aanwend vir gevalle waarvoor daar geen parallelle situasies bestaan nie. In sulke gevalle moet nagegaan word watter algemene wette deur 'n besondere historiese verklaring geïmpliseer word en hierdie wette dan as hipoteses in ander gevalle getoets word. Vir die verklaring van waarom 'n sekere vakunie op 'n bepaalde tyd tot 'n staking oorgegaan het, kan bv. as hipoteses geneem word: „union members will be hesitant to strike if they recently lost a long and costly strike" en „a strike is more

131) Sewell, History and theory, dl. 6, bl. 208- 209.

132) Kyk bl. 81- 82 hierbo.

133) Kyk bl. 80 hierbo.

likely to succeed if the firm being struck is having trouble meeting orders".¹³⁴⁾ Hierdie algemene stellings kan dan deur 'n ondersoek van ander stakings bevestig of gemodifiseer word. Dit is duidelik dat Sewell hierdie metode alleen kan propageer deur die Hempel-Popper-tese oor die verhouding tussen algemene wette en besondere historiese verklarings te aanvaar..¹³⁵⁾

Sewell gaan verder as enige ander historikus op wie se beskouinge hierbo gelet is om generaliserende vergelykings op die gewone ondersoek van die historikus te betrek. Volgens sy beskouing dat by elke historiese verklaring algemene hipoteses geïmpliceer word wat dan deur vergelykende ondersoek getoets kan word, sal generaliserende vergelyking werklik die daaglikse werk van elke historikus moet word. Eintlik bevestig hy net die belang van vergelyking as deel van die historiese metode self, soos o.m. deur Berlin en Cohen beklemtoon. Deur hierby van hipotese-toetsing te spreek, gee hy dit net 'n meer sosiaal-wetenskaplike kleur wat teenstanders van die tradisionele historiese metodes meer sal bevredig. Sewell se beskouinge werp hiermee ook lig op die praktiese toepasbaarheid van die Hempel-Popper-tese, waaraan hieronder meer aandag gegee sal word.¹³⁶⁾

Dit blyk dus dat in die V.S.A. vergelyking in die geskiedkunde byna steeds op generalisasie betrek word, al word onder „generalisasie” baie en verskillende dinge verstaan. Die invloed van die sosiaal-wetenskaplike vergelykende metodes, waarop in die volgende hoofstuk gelet word, is hier duidelik waarneembaar.

E. Slot

Daar bestaan dus uiteenlopende beskouinge oor die generaliserende geskiedenisvergelyking onder hedendaagse historici. Byna geen twee figure wil heeltemal dieselfde oogmerke daarmee bereik of sien daarin presies dieselfde moontlikhede nie. Ten opsigte van

134) Sewell, History and theory, dl. 6, bl. 217.

135) Kyk bl. 89 hierbo.

136) Kyk bl. 156 hieronder.

die metodes waarvolgens te werk gegaan moet word, is die uitsprake vaag; slegs enkele algemene opmerkings word hieroor gemaak. Dit blyk egter duidelik dat die strewe om tot iets algemeens in die geskiedenis te kom onder verskillende, w.o. vooraanstaande historici uit verskeie lande en groeperinge aanwesig is. Sowel vanuit die beginsels van die historisme, wat nog sterk onder Duitse historici heers, as onder invloed van die sosiale wetenskappe, soos veral in die V.S.A. na vore kom, word hierdie begeerte uitgespreek.

In hierdie oorsig is volstaan met slegs enkele opmerkings as kommentaar by die verskillende beskouinge. Verdere kritiek kan alleen uitgespreek word vanuit 'n duideliker begrip van die verskillende vergelykingsvorme en hulle verhouding tot mekaar. Hierdie hoofstuk het juis gedien om so 'n begrip te help vorm. By die bespreking van die generaliserende vergelyking in verhouding tot ander vergelykingsvorme in hoofstuk V hieronder word op verskillende uitsprake wat hierbo behandel is, teruggekom.

HOOFSTUK IV

KONTEMPORÊRE METODES IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE

In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon dat daar steeds heelwat invloed van die sosiale wetenskappe op die geskiedkunde uitgegaan het, ook wat die gebruik van vergelykende metodes betref. Hierdie invloed is tans ook duidelik waarneembaar en, aangesien sosiaal-wetenskaplikes buitendien self vergelykende ondersoek van die geskiedenis doen, is dit nodig om die vergelykende metodes van die hedendaagse sosiale wetenskappe van nader te beskou. Hierdie metodes is eintlik almal aanpassinge van die metode van Durkheim, waarop in 'n vorige hoofstuk reeds gewys is,¹⁾ en word veral met behulp van statistiese tegnieke in grootskaalse projekte gebruik. Die verskillende metodes word hieronder kortliks beskryf en bespreek, voorafgegaan deur 'n vlugtige skets van die vernaamste strominge in die sosiale wetenskappe en van die algemene tendense t.o.v. geskiedenisvergelyking.

A. Die belangstelling in vergelyking en in die geskiedenis

In die sosiale wetenskappe van die huidige tyd is daar 'n herlewing van die belangstelling in grootskaalse vergelykende ondersoek en, samehangend daarmee, in die studie van historiese verskynsels.

In hoofstukke I en II hierbo is histories oorsigtelik die vroeëre betrokkenheid van die sosiale wetenskappe op die geskiedkunde geskets en aangedui dat die vergelykende metodes wat in hierdie wetenskappe onder invloed van die Romantiek en die ouer positiwisme gebruik is, in besonder gerig was op die ontwikkeling van tale, volke, die staat, die samelewing, ens. Die vroeë sosiale wetenskappe was dan ook sterk histories gerig, maar nadat hierdie vergelykende metodes in diskrediet geraak het, is alle aandag gerig op die studie van probleme en toestande in die eietydse Westerse

1) Kyk bl. 80 hierbo.

samelewing. In beperkte mate is nog van vergelykende metodes gebruik gemaak, o.m. in die volkekunde vir historiese rekonstruksie en in die sosiologie as eksperimentele metode soos uitgebou deur Durkheim.

Dit is egter eers in die jongste tyd dat vergelykinge tussen samelewings, kulture en state van oral ter wêreld en van verskillende historiese periodes aktief en op groot skaal gedoen word. Soos in die geskiedkunde is dit veral die tydsomstandighede wat hierdie herlewing van die belangstelling in die vergelyking veroorsaak het. „The newly awakened interest in comparison is part and parcel of the silent revolution that has taken place in the social sciences during the past decades. Such a reorientation in turn is in part due to the radical political transformations in the era of total wars and revolutions. . . Times of crisis not only try man's soul but also challenge his accustomed ideas and interests. . . The comparative approach is above all, an eye-opener to a people's self-recognition and to its taking a stand".²⁾

Dit gaan egter nie net daarom om deur vergelyking die eie waardes in nuwe perspektief te sien nie, maar daar het ook 'n strewe gekom om probleme buite die veld van die eie samelewing en kultuur te probeer oplos. „The many efforts of international economic and political integration, the numerous programs of aid to the poorer countries of the world, the campaigns to fight illiteracy, to improve agriculture, to introduce basic industrial skills - all these varieties of efforts increased the demand for knowledge of social, economic and cultural conditions throughout the world and accentuated the need for comparative research".³⁾

Aangesien die sosiologiese en staatkundige teorieë wat reeds gevorm is en gevestig geraak het net op studie van die Wes-

2) Neumann, S., The comparative study of politics (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 105).

3) S. Rokkan in Merritt, R.L. en Rokkan, S. (red.), Comparing nations. New Haven, Yale University Press, 1966, bl. 4. Vgl. ook die voorwoord van R.K. Merton tot Marsh, R.M., Comparative sociology. New York, Harcourt & Brace, 1967.

terse Beskawing gebaseer was, moes die sosiale wetenskappe sowel wat teorieë as wat metodes betref, gereoriënteer en geïnternasionaliseer word.⁴⁾ Verskillende grootskaalse projekte is georganiseer, waarvan sommige onder invloed van Unesco,⁵⁾ en groot getalle vergelykende studies, meesal in die vorm van kort artikels, het reeds in die afgelope jare verskyn.⁶⁾

Met die uitbreiding van die belangstelling tot nie-Westerse beskawings onder sosioloë het die sosiologie eintlik die terrein van die volkekunde betree en ook die terrein van die staatkunde en die ekonomie nie onaangeroerd gelaat nie. Die reoriëntasie van die sosiale wetenskappe het hulle dus nader aan mekaar gebring en het tot groter integrasie van hul ondersoeksvelde gelei. Die sosioloog Talcot Parsons stel dit so: „Comparative study is also stimulating a new level of interdisciplinary research. Here two major shifts have emerged. First, anthropology with its predilection for studying small-scale societies largely without recent, more technical methods, has become relatively less prominent. The more comparative work, especially on 'development' has been done primarily by economists, political scientists, and sociologists. This move has greatly advanced the integration of comparative studies and the larger corpus of the social sciences, a factor now affecting both significantly. Second, interdisciplinary collaboration in the social sciences, which during and after World War II concentrated largely on 'Area studies' of particular national societies and regional complexes, is now shifting toward a more explicitly comparative perspective. Consequently, there has been growing concern with generalization, both theoretical and empirical. These statements are particularly true of American social science".⁷⁾

Die strewe na generalisasie, in besonder op grond van empiriese studie, het ook belangstelling in die geskiedenis meege-

4) Vgl. Lipset, S.M., Revolution and counterrevolution. New York, Basic Books, 1968, bl. 28 en Marsh, a.w., bl. 5, 6.

5) Vgl. Heckscher, a.w., bl. 7.

6) R.M. Marsh het in 1967 'n duisend vergelykende studies, gedoen oor 'n tydperk van tien jaar, getel. Marsh, a.w., bl. 46.

7) Parsons, T., Societies, evolutionary and comparative perspectives. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1966, bl. 112.

bring. Die statistiese metodes het die gebruik van baie feitemateriaal, ook die feite van die geskiedenis, vereis. „If the object of social scientists is to reach testable generalizations about human social life, acceptance by them of historical data implies the . . . assumption that these discrete, specific, individual data can be classified, that they are 'generalizable' data, and that the generalizing operation in social science must cope with them. . . Generalizations refer to particulars, and it is by comparison of histories that we reach generalizations".⁸⁾ Só lui 'n gedeelte van die pleidooi van 'n sosiaal-wetenskaplike om historiese feite by die sosiaal-wetenskaplike ondersoek te betrek.

In die generalisasie-strewe word slegs die geskiedenis se feite benodig, wat ter wille van statistiese vergelykinge as diskreet en kwantifiseerbaar gesien en uit hul historiese verband geneem word. Die sosiale wetenskappe moes egter in sommige opsigte tog historiese verband en historiese ontwikkeling by hul ondersoek betrek. Aangesien die jong, nog weinig ontwikkelde nasies en hul gebiede in besonder die aandag van sosiaal-wetenskaplikes gevra het, het probleme van ontwikkeling soos nasievorming en modernisasie na vore gekom. Omdat sodanige vraagstukke deur historici in hul studie van die ontwikkeling van die Westerse volke ondersoek word, was samewerking met die geskiedwetenskap gewens. Om hierdie samewerking te bevorder, is o.m. 'n tydskrif vir vergelykende studie van die samelewing en die geskiedenis opgerig.⁹⁾ Die sosiaal-wetenskaplikes het met die studie van hierdie probleme duidelik die terrein van die geskiedkunde betree, soos wat hulle ook reeds mekaar se terreine betree het. Die gedagte het ook opgekom om deur 'n studie van soortgelyke vraagstukke van die verlede lig op eietydse probleme te werp, sodat sosiaal-wetenskaplikes in groot mate historiese studie, met of sonder hulp van die historici self, begin verrig.

8) Bock, The acceptance of histories, bl. 122, 14.

9) Die tydskrif Comparative studies in society and history. Vgl. bl. 92 hierbo.

B. Algemene strominge

In die huidige sosiale wetenskappe, in besonder in die volkekunde, kan verskillende algemene denkrigtinge onderskei word, wat ook die gebruik van vergelykende metodes raak.

In die staatswetenskap is sedert die Oudheid reeds vergelykende studie gedoen,¹⁰⁾ maar tog is daar tans nog nie van 'n goed ontwikkelde vergelykende staatkunde sprake nie. Eers in die jongste dekades het die strewe na sistematiese vergelyking en na teorievorming op grond daarvan sterker geword.¹¹⁾ By die eerste pogings tot metodiese vergelyking van state kan nog net vaagweg tussen verskillende benaderinge onderskei word. G. Heckscher en ander deelnemers aan 'n internasionale konferensie oor vergelykende staatkunde stel 'n konfiguratiewe benadering, d.w.s. die vergelyking van verskillende state as geheel teen die agtergrond van hul tyd en omgewing, teenoor die funksionele benadering, waarby die funksies van state afsonderlik met mekaar vergelyk word.¹²⁾ By lg. rigting sluit R. Macridis enigsins aan met sy struktureel-analitiese metode, waarvolgens 'n staat as 'n sisteem, bepaal deur sy doel en funksies, gesien word; op grond van vergelyking tussen verskillende state as variasies van die sisteem kan algemene teorieë oor die staat en oor politieke optrede gevorm word.¹³⁾

In die sosiologie is 'n funksionele benadering, gepaardgaande met statistiese metodes, die mees algemene. Naas hierdie grootskaalse statistiese vergelyking word egter deur sommige sosioloë, onder die invloed van figure soos Max Weber,¹⁴⁾ intensiewe vergelykende studies op kleiner skaal gedoen. Laasgenoemde benadering word o.m. voorgestaan deur S. Andreski, wat vergelyking wil doen nie net om ooreenkomste nie, maar ook om verskille te vind.

10) Kyk bl. 12 hierbo.

11) Vgl. Macridis, R.C. en Brown, B.E. (red.), Comparative politics: notes and readings. Homewood, Dosey Press, 1964, bl. 3.

12) Heckscher, a.w., bl. 51.

13) Macridis, a.w., bl. 1-4.

14) Kyk bl. 74 hierbo i.v.m. Weber se metode van vergelykende ondersoek.

Oor die metodes wat hierby gevolg moet word, maak hy slegs enkele opmerkinge: „On the basis of an analysis of a fairly narrow range of data, a hypothesis can be formulated which may later be modified in the light of wider (or at least different) evidence; and this process can go on being repeated. Ideally comparative analysis should be carried out within all accessible ranges of data - narrow as well as wide".¹⁵⁾

In die volkekunde kom die verskillende benaderinge die duidelikste na vore. Nadat die ouer positiwistiese vergelykingsmetode in diskrediet geraak het,¹⁶⁾ het strominge bekend as die diffusionisme en historikalisme na vore gekom. In albei is vergelykende metodes gebruik.¹⁷⁾ die diffusioniste was daarop uit om die invloed van die een kultuur op die ander na te gaan en het vergelyking gedoen om hierdie invloed te ondersoek. Die historikaliste het vergelyking gedoen met die oog op historiese rekonstruksie en daarby metodes gevolg wat ooreenkom met die vergelykende metode van die Romantiek.¹⁸⁾ Ook in die huidige tyd lê verskillende volkekundiges klem op 'n historiese benadering tot die studie van kulture: M.J. Herskowitz bepleit bv. die vergelyking van verskillende kulture met mekaar wat aan 'n gemeenskaplike historiese ontwikkeling deel het, soos die verskillende kulture van die Negers wat vanaf die sestienste eeu in Noord-, Midde- en Suid-Amerika ontstaan het.¹⁹⁾

Volkekundiges van die rigting van die konfigurasionalisme benadruk die integrasie van die verskillende kultuurelemente in die besondere kultuurgeheel en wil in hul ondersoeke sulke besondere kultuurpatrone of, soos sommige dit noem, kultuurpersoonlikhede

15) Andreski, S., Elements of comparative sociology. Londen, Weidenfeld & Nicolson, 1964, bl. 66- 67.

16) Kyk bl. 54- 55 hierbo.

17) Vgl. Naroll, R., The comparative method in cultural anthropology (Blalock, H.M. en Blalock, Ann B. (red.), Methodology in social research. New York, McGraw Hill, 1968, bl. 237- 238).

18) Kyk bl. 37- 38 hierbo.

19) Herskowitz, M.J., On some modes of ethnographic comparison (Bijdragen tot de taal-, land- en volkenkunde, dl. 112, 1956, bl. 141).

na vore bring.²⁰⁾ Die konfigurasionaliste wil kulture slegs in hul geheelkonteks en slegs teen die agtergrond van hul besondere tyd en omgewing vergelyk.²¹⁾ Die relatiwiteit in waardes van elke kultuur, ook van dié waaruit die onderzoeker self kom, word deur aanhangers van hierdie rigting beklemtoon,²²⁾ en hulle sluit dus nou aan by grondliggende opvattinge in die geskiedkunde. Figure soos A.Kroeber en P. Bagby wil kultuur as die "intelligible aspect of history"²³⁾ sien en wys op die rol van waardes in die vergelyking van beskawings met mekaar.²⁴⁾ Kroeber het verder die styl as die element wat die individualiteit van 'n kultuur of beskawing bepaal na vore gebring.²⁵⁾ Vanuit die rigting van die konfigurasionalisme word intensiewe vergelykende ondersoek voorgestaan en nie grootskaalse projekte volgens statistiese metodes, wat eintlik alleen vanuit 'n konfigurasionalistiese benadering moontlik is nie.

Hoewel die aanhangers van die funksionalisme in die volkekunde vroeër teen vergelykinge gekant was,²⁶⁾ word dit tans aktief deur hulle toegepas. Die Britse volkekundige A.R. Radcliffe-Brown is veral ten gunste van vergelyking tussen ooreenstemmende funksies of aspekte van verskillende kulture,²⁷⁾ waarby die heelagtergrond en historiese situasie nie in ag geneem word nie. Daarom is die metode van ooreenstemmende variasies²⁸⁾ vir die funksionaliste veral geskik om tot generalisasie te kom.

20) Vgl. Keesing, a.w., bl. 210.

21) Vgl. Harris, a.w., bl. 617.

22) Vgl. Kroeber, A.L., The nature of culture. Chicago, University Press, 1952, bl. 136- 139.

23) Bagby, a.w., bl. 129.

24) Ibid., bl. 193 e.v.

25) Kyk bl. 193 e.v. hieronder vir meer besonderhede.

26) Köbben, A.J., De vergelijkende functionele methode in de volkekunde. Groningen, Wolters, 1955, bl. 4.

27) Radcliffe-Brown, A.R., The comparative method in social anthropology (Journal of the Royal Anthropological Institute, dl. 81, 1950, bl. 15- 22).

28) Kyk bl. 80 hierbo.

In die jongste tyd het in die volkekunde en die sosiologie nog 'n stroming, die sg. neo-ewolusionisme, na vore gekom. Die neo-ewolusioniste wil die verskille tussen samelewings interpreteer as differensiasie in die tyd vanuit 'n gemeenskaplike oorspronklike samelewing.²⁹⁾ Die variasie tussen die verskillende samelewingsisteme dui dus op 'n ontwikkelingsreeks wat deur 'n klassifikasie van die sisteme gevind en beskryf kan word. Die vergelyking wat die neo-ewolusioniste doen, is dus slegs 'n meer verfynde vorm van die ouer-positiwistiese vergelykingsmetode.³⁰⁾ Aanhangers van die neo-ewolusionisme maak, soos die funksionaliste, heelwat van statistiese metodes gebruik by die vergelyking en om tot generalisasies te kom.³¹⁾

Ten slotte moet nog gewys word op die rigting van strukturalisme in die volkekunde en sosiologie. Die strukturaliste wil agter die spesifieke kulturele verskynsels algemene strukture vind en deur steeds verdere abstraksie blootlê. Hierdie strukture is in laaste instansie te herlei tot die struktuur van die menslike gees wat vir alle tye en plekke geld.³²⁾ Sonder dat van besondere metodes daarvoor sprake is, word in hierdie rigting steeds vergelyking van strukture gedoen om so tot algemener strukture te kom. Die vergelyking van feite self, soos in die funksionalistiese metode van statistiese vergelyking gedoen word, word egter verwerp.

In die sosiale wetenskappe word dus vanuit verskillende beskouinge verskillende soorte van vergelyking voorgestaan. As besondere metodes is egter slegs dié van ooreenstemmende variasies en die statistiese vergelyking ontwikkel.

C. Metodes en tegnieke

Tans moet kortliks gelet word op die metode van ooreen-

29) Vgl. Marsh, a.w., bl. 29.

30) Kyk bl. 53 e.v. hierbo.

31) Vgl. Marsh, a.w., bl. 26.

32) Vgl. ibid. en Levi-Strauss, C., Strukturele Anthropologie. Frankfurt, Suhrkamp, 1967 (vert.), bl. 311- 312.

stemmende variasies, soos dit veral in die volkekunde toegepas word, en op die statistiese cross-cultural survey wat eweneens in die volkekunde, maar in soortgelyke vorm ook in die sosiologie en staatswetenskappe gebruik word.

1. Die metode van ooreenstemmende variasies

Op die grondgedagte van hierdie metode, soos deur Durkheim geponeer, is reeds in 'n vorige hoofstuk gewys.³³⁾ Dit kom daarop neer dat op grond van parallele tussen van mekaar verskillende en/of verskille tussen soortgelyke gevalle afleidinge t.o.v. algemene oorsaaklike verbande gemaak word. Eintlik word hierdie metode, al word dit nie altyd ewe uitgebreid toegepas nie, in elke ondersoek na oorsake, na verklaringe gebruik, want „the search for causes is the search for differences in comparable situations”.³⁴⁾

In die volkekunde staan Radcliffe-Brown vergelykende studie voor, veral in die sin van ondersoek na parallele in verskillende situasies, om daardeur tot generalisasies te kom. „We began with a particular feature of a particular region in Australia, the existence of exogamous moities named after the eaglehawk and the crow. By making comparisons amongst other societies, some of them not Australian, we are enabled to see that it is not something particular or peculiar to one region, but is one instance of certain widespread tendencies in human societies. We thus substitute for a particular problem of the kind that calls for a historical explanation, certain general problems. . . The comparative method is therefore one by which we pass from the particular to the general, from the general to the more general, with the end in view that we may in this way arrive at the universal, at characteristics which can be found in different forms in all human socie-

33) Kyk bl. 80 hierbo.

34) MacIver, R.M., Social causation. Boston, Ginn, 1942, bl. 149.

ties".³⁵⁾

'n Nadere metodologiese uiteensetting word gedoen deur S.F. Nadel wat die vergelykende metode as onderdeel van die eksperimentele metode in die volkekunde behandel.³⁶⁾ Hoewel hy van 'n eksperimentele metode spreek, wil hy hiermee nie natuurwetenskaplike tegnieke op groot skaal oorneem en vir gebruik in die volkekunde aanpas nie; hy waarsku juis teen te ver deurgevoerde toepassing van natuurwetenskaplike metodes en beklemtoon dat die generalisasies wat in die volkekunde bereik word slegs van beperkte geldigheid is, afhangende van die hoeveelheid gevalle wat ondersoek word.³⁷⁾

Nadel wys daarop dat om tot vergelyking te kom daar in die eerste plek reeds 'n vermoede t.o.v. 'n bepaalde ooreenkoms of verband moet wees waarop die ondersoek dan gerig kan word. Daarbenewens moet vooraf aanvaar word dat so 'n verband in prinsipe moontlik is en by die vergelyking van die verskynsels moet tewens aangenem kan word dat hulle eenhede van dieselfde soort is, dat daar 'n bepaalde identiteit tussen hulle bestaan wat meer is as die dra van 'n gemeenskaplike naam.

Die toepassing van die metode van verskil beskryf Nadel as volg: „We could consider several societies of generally similar nature which differ in certain modes of action or relationships; more precisely, we could here compare either different and perhaps contemporaneous societies, or the same society at different periods, if these exhibit some limited cultural change”.³⁸⁾ Aangesien nabygeleë samelewings dikwels in baie opsigte aan mekaar ge-

35) Radcliffe-Brown, Journal of the Royal Anthropological Institute, dl. 81, bl. 22. Eintlik impliseer Radcliffe-Brown hier sowel sintetiserende vergelyking, waar dit gaan om tot 'n wyer samehang te kom, as generaliserende vergelyking, waar dit gaan om die verkry van die algemene uit die studie van besondere gevalle. Kyk bl. 147 e.v. hieronder.

36) Nadel, S.F., The foundations of social anthropology. Londen, Cohen & West, 1951, bl. 223 e.v.

37) Ibid., bl. 248- 251. Nadel se stelling dat 'n generalisasie afhang van die hoeveelheid gevalle wat bestudeer is, kan moeilik onderskryf word. Kyk bl. 153 hieronder.

38) Nadel, S.F., a.w., bl. 226.

lyk is, word sulke samelewings meesal vergelyk as die metode van verskil gebruik word. Robert Redfield vergelyk bv. vier Indiaanse gemeenskappe in dieselfde gebied, die skiereiland Yucatan, wat slegs van mekaar verskil t.o.v. hul grootte: daar is 'n groot stadsgemeenskap, 'n groot dorpsamelewing, een in 'n kleiner dorp ens. Hy ondersoek dan of daar nog verskille tussen hierdie vier gemeenskappe is om op grond daarvan tot algemene konklusies oor die invloed van die grootte van die gemeenskap op die aard van die kultuur te kom.³⁹⁾ Hierdie metode het, soos o.a. R. Naroll aantoon,⁴⁰⁾ verskillende voordele: 'n alte uitgebreide kennis van kulture is nie noodsaaklik nie aangesien die samelewings tot 'n selfde kultuurgroep kan behoort, intensiewe studie kan gedoen word omdat dit om 'n relatief klein gebied gaan en die feite kan in hul konteks beskou word. Daarteenoor staan egter dat nie sonder meer aanvaar kan word dat al die ooreenkomstige verskille op algemene verbande wys nie; die verskille wat R dlich bv. in die groot stadsamelewing gevind het, is nie noodwendig almal veroorsaak deur die grootte van die samelewing nie, maar kan ook die gevolg wees van be nvloeding deur die nabygele  Westerse samelewings. Aangesien daar altyd verskille tussen kulture bestaan, hoe nabygele  ook al, is dit moeilik om slegs di  verskille te isoleer wat op 'n universele verband wys.⁴¹⁾

'n Alternatiewe metode is di  van ooreenkoms: "We could compare several, perhaps numerous, societies of widely different nature yet sharing some identical feature; or different periods, showing radical change in the life of the same society".⁴²⁾ As voorbeelde noem Nadel o.a. die vergelyking van die gildestelsels in Wes-Afrika en Europa met mekaar of van huweliksgebruike in verskillende kulture en periodes. Sodanige vergelyking kan dus t.o.v. alle moontlike samelewings, ook van primitiewe sowel as beskaafde gemeenskappe gedoen word; die voorwaarde is slegs dat hul een eienskap in gemeen moet h . Die groot getal primitiewe samelewings

39) Redfield, R., The folk culture of Yucatan. Chicago, University Press, 1941.

40) Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 241).

41) Hierop word verder ingegaan op bl.157 hieronder.

42) Nadel, a.w., bl. 226.

wat deur die volkekunde ondersoek word, vorm dan ook 'n ideale veld vir eksperimentering volgens hierdie metode met die doel om algemene wette te probeer vind.⁴³⁾ Hierdie metode leen hom tot die gebruik van statistiese tegnieke, soos hieronder aangetoon sal word. Die metode het egter ook sy nadele: dit vereis uitgebreide ondersoek na 'n aantal uiteenlopende kulture en samelewings, waarby intensiewe studie nie altyd moontlik is nie. Feite kan nie so maklik in hul konteks bestudeer word nie en die beïnvloeding van kulture deur mekaar kan 'n steurende faktor wees, hoewel dit hier makliker as by die metode van verskil deur oordeelkundige seleksie uitgeskakel kan word. Ooreenkomste kan dus makliker as aanduiding van algemene verbande beskou word as verskille.

2. Die statistiese cross-cultural survey

Die strewe na generalisasie en na die toepassing van teorieë buite die gebied van die Westerse Beskawing het gelei tot die aanpak van grootskaalse vergelykende ondersoeke van samelewings, kulture en state van oral ter wêreld. Hierby word die metode van ooreenkoms, soos hierbo bespreek, d.m.v. statistiese tegnieke en die gebruik van rekenoutomate, op 'n kwantitatiewe wyse toegepas. Uitgebreide projekte soos die cross-cultural en die cross-polity survey word deur universiteite en organisasies in die V.S.A. onderneem.⁴⁴⁾ Sowel sosioloë, en staatswetenskaplikes as volkekundiges, wat eintlik die eerste was om met sulke projekte te begin, werk daaraan mee. Groot hoeveelhede feitemateriaal oor die verskillende samelewings en kulture van die wêreld is al versamel, geklassifiseer en vergelyk. Deur die feite kwantifiseerbaar te maak, kan die graad van korrelasie tussen twee verskynsels of funksies presies vasgestel word. Hierdie metode word dan ook deur verskillende wetenskaplikes as „scientifically the most powerful method of hypothesis test”,⁴⁵⁾ waarvolgens meer „scientific rigour”⁴⁶⁾ aan die

43) Ibid., bl. 228.

44) Hierdie projekte word behandel in o.a.: Merritt en Rokkan, a.w., Rokkan, a.w.; Blalock, a.w.

45) Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 243).

46) Ibid.

sosiaal-wetenskaplike generalisasies gegee kan word, beskou. Deur statistiese vergelyking kan die gevaar dat die sosiale wetenskappe „theory-rich and data-poor“⁴⁷⁾ bly, afgeweer word.

Ten grondslag van die aanwending van hierdie tegniek lê die gedagte dat alle feite kwantifiseerbaar is en alle teorieë op kwantitatiewe wyse getoets kan word. As voorbeeld om aan te toon dat alle teorieë só getoets kan word, noem 'n skrywer 'n poging om Max Weber se teorie dat daar 'n verband tussen kapitalisme en die Protestantse gees bestaan te bevestig: Aan 'n aantal Katolieke en Protestantse skoolkinders is 'n opstel waarin veral oor geld gehandel word, gegee om te voltooi. Die feit dat 'n groter getal Protestantse as Katolieke skoliere in staat was om die taak suksesvol uit te voer, dien dan as bewys vir die geldigheid van die teorie.⁴⁸⁾

Aangesien kwantitatiewe vergelyking slegs moontlik is wanneer 'n groot aantal feite beskikbaar is, speel die versameling van feitemateriaal 'n belangrike rol in die aanwending van hierdie metode. Die volkekundige G.P. Murdock, 'n grondlegger van die cross-cultural survey, het die sg. human relation area files ingestel, waarin inligting t.o.v. alle aspekte van 'n verteenwoordigende deel ('n sample) van die wêreld se kulture versamel en gekodifiseer is. In 1964 het hierdie versameling etnografiese data reeds meer as twee miljoen bladsye getel.⁴⁹⁾ Hoewel sowel beskaafde as primitiewe kulture by die ondersoek betrek is, het dit in die loop van die werksaamhede geblyk dat feitemateriaal oor die beskaafde samelewings nie so maklik op dieselfde wyse as dié oor die primitiewe gemeenskappe verwerk kon word nie.⁵⁰⁾ Tog is in die meeste projekte feite oor alle samelewings, dus nie net etnografiese materiaal in enger sin nie, maar ook feite uit geskiedwerke, dokumente en sosio-grafiese ondersoeke versamel.

S.Rokkan onderskei drie groepe van materiaal wat in hierdie projekte gebruik word:

47) K.W. Deutsch in Merritt en Rokkan, a.w., bl. 37.

48) Merritt en Rokkan, a.w., bl. 33- 34.

49) Marsh, a.w., bl. 262.

50) Ibid., bl. 7.

Ten eerste is daar die sg. „process-produced data”, dinge wat deur die kultuurdraers of lede van die samelewing self geproduseer is, bv. werktuie, boeke, dokumente, kunswerke en ook idees en beskouinge. Die meeste van hierdie gegewens is in museums, argiewe en geskrifte te vinde. Die materiaal wat vir statistiese doeleindes gebruik kan word, moet sover moontlik verteenwoordigend wees van dit wat alles deur 'n bepaalde kultuur voortgebring is. Die gegewens kan ook deur rekenoutomate verder verwerk word; dokumente kan bv. deur rekenoutomate geanaliseer word.⁵¹⁾

'n Tweede groep bestaan uit die beskrywings van etnografe, reisigers, historici, taalkundiges, staatswetenskaplikes ens. oor spesifieke samelewings. Dit is veral hierdie materiaal wat in die projek van Murdock gekodifiseer is.⁵²⁾

Naas hierdie soorte gegewens, wat min of meer ooreenkom met die oorblyfsels en dokumente wat die historikus vir sy ondersoek gebruik, is daar nog 'n derde groep materiaal wat direk, spesiaal vir die doel van die projek ingesamel word. Dit is meningsopnames en onderhoude wat, deur die juiste steekproewe te neem en vraelyste op die juiste wyse op te stel, direk vir statistiese bewerking geskik is.⁵³⁾

Spesiale metodes is ontwerp om die betroubaarheid van die gegewens te toets. Beskrywings en meningsopnames kan bv. albei belangrike elemente van onjuistheid bevat wat die resultaat kan beïnvloed; sowel die skrywer of ondervraer as die beskryfde of ondervraagde persone kan deur hul individuele eienaardighede die beskrywing op 'n bepaalde wyse beïnvloed.⁵⁴⁾ Hier is dus nie net sprake van toevallige foute wat deur grootskaalse statistiese vergelyking eintlik vanself uitgeskakel word nie, maar ook van onjuisthede wat stelselmatig, konsekwent in soortgelyke gegewens voorkom en só tot 'n heeltemal foutiewe resultaat aanleiding kan gee.⁵⁵⁾

51) Merritt en Rokkan, a.w., bl. 5- 6.

52) Ibid., bl. 6.

53) Ibid., bl. 17- 19.

54) Rokkan, a.w., bl. 31- 33.

55) Vgl. Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 263).

In die geskiedkunde word die betroubaarheid van gegewens deur bronnevergelyking en bronnekritiek verseker, maar vir die statistiese ondersoek sou hierdie prosedure te tydrowend wees. 'n Metode om onjuisthede uit te skakel waarby self ook van statistiese prosedures gebruik gemaak word, is deur R. Naroll ontwerp en as volg omskryf: „Field reports are classified by conditions of observation. Circumstances are selected that seem likely to affect the reliability of field reports and to produce either random error or systematic bias. These reports gathered under supposedly more favorable circumstances are accordingly called 'favorable reports', those under supposedly less favorable conditions, 'unfavorable reports'. Statistical tests are made to see if there is a statistically significant difference between favorable and unfavorable reports. Thus, for example, the investigator tests to see if favorable reports are more likely to report high values of suicide than unfavorable reports. If the test fails to reveal a significant difference, the data are considered reliable and the data collection process is considered in working control".⁵⁶⁾ As faktore waarvolgens rapporte as gunstig of ongunstig geklassifiseer kan word, noem Naroll o.a. die lengte daarvan, die tyd waarin dit verskyn het, die mate waarin dit wat die rapporteur weergee deur homself waargeneem is, die duur van sy verblyf in die bepaalde samelewing, sy kennis van die taal en die posisie wat hy daar bekleed het.⁵⁷⁾ Hierdie toetsing vereis dus nog heelwat studie van die gegewens self, wat nog verder verminder kan word deur i.p.v. om 'n rapport self te bestudeer ten einde vas te stel of selfmoord daarin as belangrik beskou word d.m.v. 'n rekenoutomaat te tel hoeveel maal die woord „selfmoord” daarin voorkom.⁵⁸⁾

Dit is duidelik dat 'n groot hoeveelheid gegewens oor 'n bepaalde onderwerp nodig is om hulle betroubaarheid te kan toets en dat hierdie betroubaarheid ook slegs by benadering bepaal

56) Naroll, R., Data quality control - a new research technique. Glencoe, Free Press, 1962, bl. 14.

57) Ibid., bl. 14- 15. Vgl. Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 266- 267).

58) Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 271- 280).

kan word. Die resultate kan dus, anders as by geskiedwetenskaplike ondersoek, slegs geldigheid verkry op grond van die groot hoeveelheid gegewens.

By die klassifikasie en vergelyking van die materiaal kom ook verskillende probleme na vore. Omdat die gegewens in verskillende tale is, is 'n juiste vertaling van terme nodig, iets wat nie altyd so maklik gedoen kan word nie.⁵⁹⁾ Aangesien die terme gebruik word om die feite te klassifiseer, kan 'n verkeerde vertaling of die afwesigheid van presiese ekwivalente in verskillende tale tot heelwat probleme lei. Die gegewens word in bepaalde kategorieë georden; in een klassifikasie van kulture word bv. die volgende indeling gevolg: „location of the culture in question, linguistic affiliation, natural environment, settlement pattern, diet, subsistence base, technology, writing system, demography, political integration, societal complexity, social stratification, work organizations, occupational specialization, economics, law, jurisprudence and medicine, community organization, largest monagnatic kingroup, lineality of kingroup, lineality of inheritance, authority within the family, avoidance, mode of marriage, divorce, status of women, fertility, pregnancy and childbirth, infancy and childhood, adolescence, sex, illness and therapy, aggression and warfare, religion - magic - eschatology, games, culture-contact and culture exchange”.⁶⁰⁾

Dit is noodsaaklik om die juiste kategorieë vir klassifikasie te kies: as hulle te ruim geneem word, kan slegs baie algemene ooreenkomste gevind word wat byna niksseggend is en as hulle te eng geneem word, mag dalk geen enkele ooreenkoms gevind word nie.⁶¹⁾ In elke geval moet die kategorieë duidelik omskryf word en mekaar nie oorvleuel nie, sodat net gegewens daaronder gerangskik word wat daar en nêrens anders nie tuishoort. Tog , soos reeds uit 'n

59) Vgl. *ibid.*, bl. 267- 268 en Marsh, a.w., bl. 271- 280.

60) Rokkan, a.w., bl. 156.

61) Vgl. *ibid.*, bl. 179- 188 en Sjoberg, G., *The comparative method in the social sciences* (Philosophy of science, dl. 22, 1955, bl. 106- 117).

blik op die hierbo aangehaalde klassifikasie blyk, sal daar altyd grensgevalle voorkom waarby verskillende kodifiseerders geneig sal wees om dieselfde gegewens in verskillende kategorieë te plaas. Uit 'n ondersoek het geblyk dat daar net '85% ooreenstemming tussen 'n aantal kodifiseerders bestaan het oor die rangskikking van 'n bepaalde hoeveelheid gegewens onder verskillende hoofde.⁶²⁾ Hier kan sprake wees van sowel toevallige foute, wat weens die groot hoeveelheid gegewens by die statistiese vergelyking uitgeskakel word, en van stelselmatige, konsekwente onjuisthede. Uit gebrek aan kennis oor 'n bepaalde gemeenskap mag dit bv. moeilik wees om gegewens daaroor juis te kodifiseer en telkens dieselfde foute gemaak word.⁶³⁾

'n Fundamentele probleem by hierdie prosedure is die afbakening van die verskillende eenhede, kulture, samelewings, state ens., wat bestudeer word. Volkekundiges, sosioloë en staatkundiges gaan elk meesal uit van verskillende eenhede van ondersoek, wat dus nie onderling vergelykbaar is nie.⁶⁴⁾ Daarom is dit noodsaaklik dat in dieselfde ondersoek al die eenhede volgens dieselfde kriterium, of dit nou taal, politieke organisasie of godsdiens is, afgebaken word.

Aangesien daar meer as vyf duisend kulture en/of samelewings ter wêreld bestaan,⁶⁵⁾ is dit noodsaaklik dat 'n bepaalde seleksie van gevalle om te ondersoek gemaak word. Moet so 'n seleksie bloot willekeurig of volgens bepaalde kriteria geskied? Hoewel aanvanklik gemeen is dat 'n willekeurige seleksie die mees betroubare resultate by statistiese bewerking moet oplewer, word in latere ondersoeke voorkeur gegee aan 'n doelbewuste seleksie volgens sekere kriteria, sodat die gevalle wat ondersoek word in alle opsigte verteenwoordigend van die geheel is. Tog is daar nog maar weinig duidelikheid onder sosiaal-wetenskaplikes oor welke kriteria gebruik moet word; „a typical cross-cultural survey sample is one in which

62) Marsh, a.w., bl. 270.

63) Vgl. *ibid.*

64) Vgl. *ibid.*, bl. 11-15 en Naroll, *The comparative method . . .* (Blalock, a.w., bl. 248-253).

65) Marsh, a.w., bl. 287.

the sampler vaguely claims that he has tried to represent the universe faithfully, that he has given thought to representing each of the worlds major geographic regions, and that he believes the sample representative".⁶⁶⁾ Op dié punt het die cross-cultural survey dan ook reeds heelwat kritiek ontvang.⁶⁷⁾ en is gebreke in die projek van Murdock aangetoon, veral omdat daarin nie genoeg groter en meer beskaafde samelewings opgeneem is nie.⁶⁸⁾ 'n Belangrike oorweging by die seleksie behoort natuurlik die beskikbaarheid van voldoende gegewens te wees. Verder moet die invloed van die een kultuur op die ander, wat op ooreenkomste kan dui sonder dat van algemene wette sprake is, deur doeltreffende seleksie uitgeskakel word. Om hierdie faktor heeltemal te elimineer, is o.m. voorgestel dat met 'n bepaalde graad van onderlinge beïnvloeding rekening gehou moet word deur dit negatief in berekening te bring by die korrelasies wat in die statistiese vergelyking gevind word.⁶⁹⁾

Korrelasies word verkry deur die statisties verwerkte materiaal t.o.v. twee of meer kategorieë kwantitatief te vergelyk. Hierby word meesal van rekenoutomate gebruik gemaak. 'n Korrelasie kan òf positief òf negatief wees en moet in albei gevalle redelik groot wees om van betekenis te wees, want 'n korrelasie is immers slegs 'n matematiese relasie wat tussen alle denkbare verskynsels in die werklikheid kan bestaan.⁷⁰⁾ Natuurlik is dit nie nodig om alle moontlike verskynsels met mekaar te vergelyk nie, wat buitendien 'n onbegonne taak sou wees; daar word by die vergelyking uitgegaan van 'n bepaalde vermoede t.o.v. 'n relasie tussen twee verskynsels wat dan statisties getoets kan word. Eintlik het die cross-cultural survey self nog geen nuwe hipoteses gevind nie en net gedien ter bevestiging of diskwalifisering van bepaalde vermoedens

66) Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 254).

67) Vgl. Harris, a.w., bl. 631- 632 en Rapoport, A., Comments on 'The comparative method in the social sciences' (Philosophy of science, dl. 22, 1955, bl. 118- 122).

68) Vgl. Merritt en Rokkan, a.w., bl. 44- 45.

69) Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 262).

70) Vgl. MacIver, a.w., bl. 99- 100.

en teorieë.⁷¹⁾ Reeds by die programmering van gegewens vir statistiese verwerking moet rekening gehou word met die hipoteses wat getoets moet word, en verskillende metodes is reeds uitgewerk om sodanige programmering te doen. Die korrelasies kan dus help om verklarings en teorieë te vind en die statistiese tegnieke is hulpmiddels by die vergelyking wat in laaste instansie tog deur die ondersoeker self gedoen moet word. Die korrelasies kan nie dien as absolute bewyse nie, want hulle bestaan selde t.o.v. alle gevalle waarvoor 'n hipotese behoort te geld; selfs as 'n belangrike minderheid gevalle bepaalde ooreenkomste vertoon, word dit as genoegsaam beskou om 'n teorie te staaf.⁷²⁾ So 'n teorie kan egter nie volledig wees as die uitsonderinge, d.w.s. die gevalle waar geen korrelasie gevind word nie, ook verklaar word nie, soos 'n volkekundige tereg opmerk.⁷³⁾

Die prosedure soos hierbo beskryf, word natuurlik nie oral presies eenders toegepas nie; daar is slegs op enkele tipiese trekke gewys. Die metode is ook nog nie meer in besonder t.o.v. historiese verskynsels aangewend vir sover bekend nie, al kan elemente van die metode soms voorkom waar geskiedenisvergelyking gedoen word. Veral probleme t.o.v. nasievorming en modernisering word tans met behulp van statistiese metodes ondersoek, sonder egter dat al tot belangrike resultate gekom is.⁷⁴⁾

Op die gevare van 'n alte groot vertroue in statistiese vergelyking is reeds dikwels gewys, ook deur sosiaal-wetenskaplikes.⁷⁵⁾ Die gebruik van kwantitatiewe metodes kan 'n valse eksaktheitsidee skep, sodat gepoog word om soveel as moontlik met sulke metodes te werk en die resultate daarvan oorskat word. „Statistical cross-cultural surveys can, indeed must, be used to supplement other methods of generating and testing hypotheses, but they cannot

71) Naroll, The comparative method. . . (Blalock, a.w., bl. 243).

72) Vgl. Köbben, A.J.T., The logic of cross-cultural analysis: why exceptions? (Rokkan, a.w., bl. 17).

73) Ibid., bl. 17 e.v.

74) Vgl. Rokkan, a.w., bl. 67- 134.

75) Vgl.:ibid., bl. 17; Andreski, a.w., bl. 67; Harris, a.w., bl. 617.

be used alone or even as the primary source of nomothetic statements", só waarsku 'n volkekundige sy vakgenote.⁷⁶⁾ Dit blyk uit die bespreking hierbo dat die statistiese vergelyking slegs aangewend kan word waar groot hoeveelhede feitemateriaal beskikbaar is, iets wat nie t.o.v. alle onderwerpe van belang die geval is nie; dít is ook een van die redes waarom hierdie prosedure nie so maklik op die geskiedenis toegepas kan word nie. Die statistiese vergelyking verg dus baie feite-ondersoek en is nie noodwendig 'n eenvoudiger prosedure as 'n meer intensiewe vergelykende studie op kleiner skaal en sonder die gebruik van die rekenoutomaat nie. Die grootste gebrek van die statistiese prosedure is egter dat feite as losse, diskrete eenhede beskou en vergelyk word en nie in hul konteks nie; hierdie beswaar geld eintlik die hele funksionalistiese benadering wat ten grondslag van die statistiese vergelykende metode lê.

D. Slot

Hierdie oorsig is slegs bedoel om verdere insig te bekom in die aard van die generaliserende geskiedenisvergelyking en die wyse waarop dit verrig behoort te word en nie in die eerste plek om vergelykende metodes in die sosiale wetenskappe as sodanig te behandel en te beoordeel nie. Aangesien verskillende vergelykende studies wat in die hoofstukke hieronder behandel word die werk van sosiaal-wetenskaplikes is, sal teen die agtergrond van wat hierbo behandel is meer lig gewerp kan word op die invloed van huidige strominge en prosedures in die sosiale wetenskappe op hul metodes van ondersoek.

76) Harris, a.w., bl. 618.

HOOFSTUK V

'N BESKOUING VANUIT SISTEMATIESE OOGPUNT

In die vooraangaande hoofstukke is beskouinge oor en toepassing van die generaliserende geskiedenisvergelyking behandel teen die agtergrond van die algemene ontwikkeling van die geskiedwetenskap en van algemene geestestrominge. Tans moet, op grond hiervan, self tot 'n bepaalde beskouing oor die generaliserende vergelyking en sy verhouding tot ander vergelykingsvorme gekom word. Eers dan kan die prosedure wat verder in hierdie werk by die behandeling van 'n aantal vergelykende studies gevolg moet word, nader bepaal word.

A. Vergelyking

Vergelyking hoort tot die menslike denke: Alle denke, logiese onderskeiding, of dit nou sistematies in wetenskaplike ondersoek of direk in die alledaagse lewenspraktyk gedoen word, bevat 'n element van vergelyking, want onderskeiding impliseer reeds die vind van ooreenkoms en verskil.

Die vergelyking as logiese aktiwiteit berus op psigiese prosesse soos dié van waarneming, herinnering en assosiasie. In die vorming van 'n assosiasie word 'n verbinding gedoen tussen twee of meer voorstellings wat gelyktydig gevorm word of waarvan een reeds in die geheue vasgelê was en deur die ander teruggeroep is.¹⁾ Dat een voorstelling 'n ander oproep, aan 'n ander herinner, kan die gevolg daarvan wees dat die twee voorstellings na of naas mekaar in die bewussyn lê²⁾ of dat hulle op mekaar lyk. So 'n gelykenis wat tussen twee dinge waargeneem en gekonstateer word, kan dan berus op 'n ooreenkoms wat tussen dié dinge in die werk-

1) Vgl. Kuypers, A., Inleiding in de zielkunde. Kampen, Kok, 1963. (heruitg.), bl. 170.

2) Ibid., bl. 177.

likheid bestaan.³⁾

Vergelyking word meesal gedoen tussen twee dinge wat na of naas mekaar in die bewussyn en daarom meesal ook so in die werklikheid voorkom of waartussen 'n gelykenis vasgestel is, dus nie sommer tussen enige twee denkbare dinge nie. Hoewel die vergelyking dus direk op gelykenis en assosiasie gefundeer is, moet dit as logiese aktiwiteit van hierdie psigiese prosesse onderskei word; dit wat reeds psigies as 'n assosiasie gekonstateer is, moet deur vergelyking logies ondersoek word. By vergelyking gaan dit altyd om ooreenkoms én verskil; as slegs op ooreenkomste gelet word, vind identifikasie plaas en geen vergelyking nie en as slegs aan verskille aandag gegee word, word kontrastering gedoen. Natuurlik kan by die vergelyking wel eensydig die ooreenkomste of die verskille beklemtoon word,⁴⁾ maar in sistematiese vergelyking is albei ewe belangrik. Ook al is die doel van die vergelyking slegs om ooreenkomste of slegs om verskille te vind, kan net deur aandag aan beide te gee, vasgestel word in hoeverre twee dinge ooreenkom of verskil.

Wanneer twee dinge t.o.v. meer as een aspek met mekaar ooreenkom, word meesal van 'n analogie gespreek. Kant het die analogie gedefinieer as 'n „vollkommenen Ähnlichkeit zweier Verhältnisse zwischen ganz unähnlichen Dingen”.⁵⁾ Die ooreenkoms tussen die wisseling van die seisoene van lente, somer, herfs en winter en die lewensloop van die mens in jeug, volwassenheid, latere leeftyd en ouderdom kan bv. as 'n analogie beskou word.

As daar ooreenkomste tussen twee of meer dinge vasgestel is, is daarmee nog nie bepaal watter soort relasie daar tussen hulle bestaan nie. Soos uit voorafgaande hoofstukke blyk, kan die ooreenkoms dui op invloed van die een verskynsel op die ander, maar ook op 'n gemeenskaplike oorsprong of op onderworpenheid aan 'n

3) Ibid., bl. 173- 174.

4) Vgl. Thrupp, Journal of economic history, dl. 17, bl. 554.

5) Aangehaal deur Engel, Studium generale, dl. 9, bl. 97.

selfde reël of wet.⁶⁾ As bv. bepaalde ooreenkomste tussen twee tale gevind word, sou dit kan beteken dat die een taal deur die ander beïnvloed is, dat hul van 'n gemeenskaplike oertaal afstam of dat in albei dieselfde taalreëls, wat tot die aard van die taal as sodanig hoort, hul laat geld. Afhangende van die doel van ondersoek kan die vergelyking dus aangewend word om bepaalde soort relasies te vind en 'n metode ontwerp word wat die vergelyking in besonder op dié relasies rig. Verskillende soorte vergelykende metodes kan derhalwe voorkom.

Die vergelyking word in die wetenskap meesal aangewend om kennis te vorm. As logiese aktiwiteit is dit sy primêre funksie. Die vergelyking kan egter ook vir nie-logiese doeleindes aangewend word, bv. om te verduidelik of uit te beeld. In die taal speel die vergelyking 'n belangrike rol in die vorm van beeldspraak en metafore. Vir didaktiese en verduidelikende doeleindes word die vergelyking dikwels aangewend, bv. in 'n Bybelse gelykenis soos dié van die Saaier waardeur die koms van die Koninkryk van God duidelik gemaak word deur dit te vergelyk met 'n man wat uitgegaan het om te saai. Ter wille van estetiese uitbeelding word vergelyk; deur bv. die persoonlikhede van twee figure vergelykend uit te beeld, kan dit op 'n kunstvolle wyse gedoen word. Hierdie verduidelikende en estetiese vergelykinge kom ook in wetenskaplike beskrywinge, veral in geskiedskrywing voor, maar dien dan geen primêre logiese doel nie.⁷⁾ Van 'n metafoor, wat 'n vorm van analogie is, kan bv. geen logiese afleidinge gemaak word nie.⁸⁾ Sodanige vergelyking moet derhalwe nie in die eerste plek aan wetenskaplike nie, maar aan linguale, estetiese en didaktiese eise voldoen en hoef nie volgens bepaalde wetenskaplike metodes gedoen te word nie. Op dié soort vergelyking is hierdie studie dus nie gerig nie.

Op indirekte wyse speel die vergelyking in die weten-

6) Kyk by. bl. 55- 56 hierbo.

7) Sodanige vergelyking is, al dien dit geen logiese doel nie, nog geen skynvergelyking soos F. Wagner meen nie. Vgl. Wagner, Studium generale, dl. 8, bl. 706.

8) Vgl. Oppenheimer, R., Analogy in science (American psychologist, dl. 11, 1956, bl. 129).

skap 'n rol by die gebruik van voorbeelde en modelle. In die Klasieke Oudheid is dit as hoofdoel van geskiedenisstudie beskou om voorbeelde te verkry waarna die menslike handele in allerlei situasies gerig kan word.⁹⁾ Om die juiste voorbeeld vir elke situasie te vind, moes natuurlik vergelyk word. Ook in wetenskaplike ondersoek word geskikte modelle d.m.v. vergelyking gevorm, terwyl die model dikwels self as 'n soort maatstaf van vergelyking gebruik word. Dat modelle ook 'n rol in die geskiedenisvergelyking kan speel, sal in latere hoofstukke na vore kom.¹⁰⁾

B. Vergelykende metodes in die geskiedkunde

Om wetenskaplike ondersoek doeltreffend te kan doen, word van bepaalde metodes gebruik gemaak. Elke wetenskap het sy eie metodes, aangepas by sy besondere taak. Wanneer vergelyking 'n belangrike rol by sulke metodes speel, kan van vergelykende metodes gespreek word. Dus slegs as die vergelyking op 'n bepaalde wyse en vir 'n bepaalde doel aangewend word, is daar sprake van 'n vergelykende metode.

In die geskiedkunde is en word verskillende soorte vergelykende metodes aangewend en/of voorgestaan. Op grond van die behandeling in die voorafgaande hoofstukke word hierdie metodes nou kortliks naas mekaar gestel en vir sover moontlik aangedui wat hulle belang vir die geskiedkunde kan wees.

1. Individualiserende vergelyking

Individualiserende vergelyking is dié vergelyking wat daarop gerig om die besondere, eiendomlike van 'n bepaalde gebeurtenis, instelling, kultuur of periode te vind en na vore te bring. In hierdie vergelyking gaan dit dus om die verskille, nie om die ooreenkomste nie, al moet sistematies al die ooreenkomste en verskille ondersoek word ten einde goed te kan vasstel in hoeverre twee of meer eenhede van mekaar verskil. Natuurlik word veral verskynsels

9) Kyk bl.14 hierbo.

10) Kyk o.m. bl. 303 hieronder.

wat op die oog af baie met mekaar ooreenkom, vergelyk om juis die verskille tussen hulle na vore te bring. Aangesien verskynsels uit dieselfde tyd en omgewing veral baie gemeenskaplike kenmerke vertoon, word individualiserende vergelyking meesal tussen sulke verskynsels wat naby aan mekaar in tyd en plek staan, gedoen, maar dit kan natuurlik ook tussen ander verskynsels gedoen word.

Om twee dinge met mekaar te kan vergelyk, moet reeds vooraf aangeneem word dat hulle twee aparte, individuele dinge is, sodat die individualiserende vergelyking nie soseer gebruik kan word om individuele eenhede te ontdek nie. Elke individuele ding of gebeurtenis vorm ook self 'n samehang van kleiner individuele dinge of gebeurtenisse. Hoeveel verskillende handeling en gebeurtenisse kan nie in 'n alledaagse verskynsel soos 'n motorongeluk onderskei word nie? Elke gebeurtenis kan tot in die oneindige opgebreek word, in elk geval tot aan die kleinste subatomêre beweging, en dit het dus weinig sin om deur vergelyking elementêre, grondliggende eenhede te soek. Eers as 'n bepaalde eenheid as individualiteit geneem word, kan d.m.v. individualiserende vergelyking vasgestel word in watter opsigte dit besonder en uniek is.

Die individualiserende vergelyking speel 'n belangrike rol in die ondersoek van die historikus. Dit is nl. sy taak om die besondere van 'n bepaalde tyd en omgewing in die verlede na vore te bring en die besondere kenmerke daarvan te verklaar. Deur vergelyking kan die historikus op die spoor gebring word van waarom juis 'n sekere gebeurtenis op dié bepaalde tyd en in daardie besondere omgewing plaasgevind het.¹¹⁾ Hy kan deur vergelyking toets of sy verklaring juis die besondere elemente in 'n bepaalde gebeurtenis raak, want, soos Marc Bloch aangetoon het, die besondere van die gebeurtenis moet juis verklaar word,¹²⁾ 'n verklaring vir die ontstaan van die Franse Rewolusie wat net so vir ander rewolusies gebruik kan word of wat, aan die ander kant, net sekere aspek-

11) Vgl. die ondersoek na die oorsake van die Vendée-opstand tydens die Franse Rewolusie deur C. Tilly, *The analysis of a counter-revolution (History and theory, dl. 3, 1962, bl. 30- 38)*.

12) Kyk bl. 82 hierbo.

te daarvan dek, is geen genoegsame verklaring nie.

Hoewel die individualiserende vergelyking so belangrik is dat dit eintlik by geen historiese ondersoek kan ontbreek nie, bestaan daar tog geen bepaalde metode van sodanige vergelyking nie. Anders as by die sintetiserende en die generaliserende vergelyking wat elk net op 'n bepaalde soort ooreenkoms gerig word, is alle verskille by die individualiserende vergelyking van belang en is 'n besondere tegniek om net sekere verskille uit te sonder dus nie nodig nie. Verder hoef die individualiserende vergelyking nie tot 'n metode uitgebou te word nie, omdat dit reeds 'n belangrike element uitmaak van die historiese metode self, al word dit, soos A.E. Cohen tereg verklaar,¹³⁾ nie genoeg gebruik by die gewone ondersoek van die historikus nie. Hierdie vergelyking hoef nie al te uitgebreid en sistematies gedoen te word nie, wat ook 'n byna onbegonne taak sou wees, maar moet gedurig in die ondersoek aanwesig wees ten einde elke gebeurtenis steeds in juiste perspektief te sien.

2. Sintetiserende vergelyking

Waar dit by die individualiserende vergelyking steeds om verskille gaan, rig die sintetiserende vergelyking hom op ooreenkomste. Dit is egter nie alle ooreenkomste wat by hierdie vergelyking van belang is nie maar slegs dié wat dui op samehang, op deelhê aan 'n groter eenheid. Daarom kan hierdie vergelyking, anders as die individualiserende, eintlik net gedoen word tussen verskynsels wat in tyd en ruimte aan mekaar grens; 'n samehang of groter geheel bestaan immers net in 'n besondere tyd en plek. Die sintetiserende vergelyking is daarom, om die terme van Cohen te gebruik, 'n sinkroniese en geen diakroniese vergelyking nie.¹⁴⁾

Soos by alle vergelyking die geval is, moet by sintetiserende vergelyking uitgegaan word van bepaalde aparte eenhede of individualiteite, waarvan die besondere kenmerke deur individualiserende vergelyking natuurlik beter na vore gebring kan word. Oor-

13) Cohen, A.E., a.w., bl. 19, 20.

14) Ibid., bl. 7.

eenkomste wat tussen die eenhede gevind word, kan dan daarop dui dat die een die ander beïnvloed het of dat hul deur 'n gemeenskaplike faktor beïnvloed is, of ook dat hulle aan mekaar verwant is en 'n gemeenskaplike oorsprong het, wat alles weer beteken dat hulle saam deel het aan 'n groter samehang. Ooreenkomste gevind tussen Duits en Engels dui bv. aan dat hierdie twee tale verwant is en van 'n gemeenskaplike Germaanse oertaal afstam, sodat albei deel vorm van die groter geheel, nl. die Germaanse taalfamilie. Ooreenkomste tussen die oorsake van die stigting van die Nederlandse handelsryk in die Ooste gedurende die sewentiende eeu en dié van die stigting van die Kaapse verversingspos in 1652 dui bv. daarop dat eg. gebeurte lg. gebeurtenis beïnvloed, mede-veroorsaak het en dat beide ook deur gemeenskaplike faktore, w.o. die opkoms van Nederland as handels- en seemoondheid, veroorsaak is. Albei het dus deel aan 'n groter samehang, die vestiging van die Nederlandse handelsryk in die sewentiende eeu.

Die samehange wat deur sintetiserende vergelyking blootgelê word moet nie gesien word as eenhede van 'n hoër orde of gehele waarin die eenhede waarvan uitgegaan is „resloos” opgaan nie. Elke eenheid het immers iets unieks wat hom van alle ander eenhede laat verskil, waardeur dit werklik 'n aparte eenheid is, en het dus deel aan die groter samehang net in die ooreenkomste met ander eenhede wat naas die verskille met hulle aanwesig is. Die stigting van die Kaapse verversingspos in 1652 is 'n unieke gebeurtenis wat geensins heeltemal opgaan in die groter en ewe unieke gebeurtenis, die stigting van die Nederlandse oorsese handelsryk nie. Sowel die kleiner as die groter eenhede bly aparte gebeurtenisse, elk met sy besondere, unieke kenmerke.¹⁵⁾ Een gebeurtenis kan daarom ook deelhê aan meer as een groter samehang; die stigting van die Kaapse verversingspos vorm bv. ook deel van die groter samehang, die blanke kolonisasie van Suid-Afrika, wat net gedeeltelik en in sekere opsigte saam-

15) Hoewel T. Schieder, soos op bl. 99- 102 hierbo aangetoon, tereg die groter samehange in die geskiedenis as self eenmalig van aard sien, kan sy opvatting dat kleiner individualiteite daarin in hul totaliteit opgaan nie onderskryf word nie.

val met die vestiging van die Nederlandse handelsryk.

Uit die bespreking hierbo blyk dat die geskiedenis gesien moet word as bestaande uit 'n verskeidenheid van unieke gebeure wat op verskillende wyse met mekaar saamhang. Deur individualiserende vergelyking word die verskeidenheid na vore gebring en deur sintetiserende vergelyking die samehang. Soos in die individualiserende vergelyking uitgegaan moet word van eenhede wat 'n bepaalde individualiteit het te midde van al die samehang, moet in die sintetiserende vergelyking 'n bepaalde samehang te midde van al die verskeidenheid reeds vooraf in die oog gehou word om dit dan vergelykend te kan uitbou. Om tot die sg. reële tipe van die Aufklärung te kom, moes Schieder dit vooraf reeds as 'n samehang tussen al die verskynsels raakgesien het om steeds juis dié ooreenkomste wat behoort tot daardie samehang uit te sonder en so uiteindelik by die samehang self uit te kom.¹⁶⁾ So 'n eenheid, of dit nou 'n tipe genoem word of nie, bly individueel en betrokke tot 'n bepaalde tyd en omgewing, en, al mag dit bruikbaar wees om ander soortgelyke verskynsels te belig, dit kan nie somer direk op 'n ander tyd en omgewing betrek word nie. Indien die geskiedenis as samehangende verskeidenheid gesien word, kan nie sg. hoër individualiteite, soos Schieder,¹⁷⁾ of elementêre, basiese eenhede, soos Anderle¹⁸⁾ doen; daarin onderskei word nie.¹⁹⁾

Die sintetiserende vergelyking het 'n belangrike taak in die geskiedkunde te vervul, veral waar die strewe na groter eenheid en sintese in die geskiedenis tans so sterk is. In kombinasie met die individualiserende vergelyking kan dit gebruik word om aan te dui watter veld 'n sekere verklaring behoort te dek²⁰⁾ of in watter opsigte die nasionale geskiedenis uniek is en in watter dit deel vorm van 'n groter samehang; dit is immers wat in die sg. vergely-

16) Kyk bl. 100- 102 hierbo.

17) Kyk bl. 100 hierbo.

18) Kyk bl. 108 hierbo.

19) So iets kan net gedoen word op grond van bepaalde voorveronderstellinge oor die aard van die geskiedenis self, van 'n bepaalde geskiedbeskouing en nie suiwer deur induksie soos Schieder bv. wil hê nie.

20) Kyk bl. 82 hierbo.

kende benadering tot die landsgeskiedenis gedoen word.²¹⁾ Die sintetiserende vergelyking kan egter nie gebruik word om tot algemene kennis van die geskiedenis te kom nie, om van die besondere na die algemene op te styg soos Schieder wil hê nie,²²⁾ sulke algemene kennis word eerder vooraf vereis om sintetiserende vergelyking doeltreffend en ter wille van besondere oogmerke aan te wend. Om bv. die geskiedenis van verskillende volke wat saam deel uitmaak van 'n groter beskawing tot eenheid te bring, is kennis van wat 'n beskawing as sodanig is van belang. Sulke kennis kan nie deur sintetiserende nie, maar slegs deur generaliserende vergelyking bekom word, soos hieronder aangetoon sal word.

Vir die sintetiserende vergelyking, wat eers in hierdie eeu vir die eerste keer daadwerklik bepleit en toegepas word, is nog geen besondere metode en tegniek ontwerp nie. 'n Indringende ondersoek na hierdie vergelyking sou heel moontlik riglyne vir 'n metode waarvolgens dit doeltreffend toegepas kan word, kan oplewer.

3. Analogie

Alhoewel R. Wittram 'n skerp onderskeid maak tussen vergelyking en analogie²³⁾ kan die analogie die beste as 'n besondere soort vergelyking gesien word. Aangesien analogieë t.o.v. die geskiedenis veelvuldig voorkom en aangesien die analogie met die generaliserende vergelyking in verband staan en soms ten onregte daarmee vereenselwig word, moet ook enkele opmerkinge oor die gebruik van die analogie in die geskiedkunde gemaak word.

Die woord „analogie” word in verskillende betekenisse gebruik; in die logika het dit oorspronklik beteken „identiteit van relasie”: vier terme is analoog as die eerste in dieselfde verhouding tot die tweede as die derde tot die vierde staan.²⁴⁾

21) Kyk bl. 92- 93 hierbo.

22) Kyk bl. 100 hierbo.

23) Wittram, a.w., bl. 46.

24) Joseph, H.W.B., An introduction to logic. Oxford, Clarendon, 1916 (eerste uitgawe 1906), bl. 532.

Dit word egter ook dikwels as sinoniem met „ooreenkoms” gebruik.²⁵⁾ Die analogie kan, vir sover dit met die vergelyking in verband gebring word, die beste gesien word as 'n ooreenkoms tussen sommige eienskappe van twee of meer verskillende dinge.²⁶⁾ Op grond daarvan word dan afleidinge gemaak t.o.v. verdere, onbekende aspekte van een van die dinge. Die historikus S. Hook omskryf die analogie as „a comparison which, on the basis of certain points of resemblance between two cases, suggests the existence of some further resemblance selected because of relevance to the purposes of comparison”.²⁷⁾

As bv. ooreenkomste gesien word tussen die ontwikkelingsgang van 'n lewende organisme en die verloop van 'n beskawing en op grond daarvan die afleiding gemaak word dat 'n beskawing, soos 'n lewende organisme, moet sterf en ondergaan, is daar van 'n analogieredenasie sprake. Is so 'n afleiding egter logies aanvaarbaar? Dit is duidelik dat hoe meer ooreenkomste tussen beskawings en lewende organismes gevind word, hoe aanvaarbaarder sal die afleiding lyk.²⁸⁾ 'n Beskawing en 'n lewende organisme bly egter uiteindelik twee heeltemal verskillende dinge en die geldigheid van die afleiding gaan terug tot die probleem van die verband tussen historiese en biologiese ontwikkeling, 'n filosofiese vraagstuk waaroor daar geen algemeen aanvaarde beskouing bestaan nie.

Dit word meesal aanvaar dat die analogie geen bewyse kan verskaf nie, maar slegs leidrade, hipoteses.²⁹⁾ Eintlik is die analogie een van die belangrikste middele om tot hipoteses te kom en dit word dikwels in die geskiedkunde aangewend om op die spoor van verklarings te kom.³⁰⁾ In die hele proses van historiese ver-

25) Ibid.

26) Kyk bl. 143 hierbo.

27) Social Science Research Council, Theory and practice in historical study, bl. 108.

28) Vgl. Mill, a.w., bl. 103 en Bernheim, a.w., bl. 611.

29) Vgl.: Joseph, a.w., bl. 540; Mill, a.w., bl. 104; Social Science Research Council, Theory and practice in historical study, bl. 108.

30) Vgl.: Mill, a.w., bl. 98; Cohen, M.R., The meaning of human history. La Salle, Open Court, 1947, bl. 248; Bernheim, a.w., bl. 129. Kyk ook bl. 43 hierbo.

staan speel die analogie 'n belangrike rol, want daarby word getrag om in die innerlike van historiese figure deur te dring met behulp van kennis oor heeltemal ander persone en hul karakters.³¹⁾ Dat die analogie die enigste middel is om insig in die geskiedenis te bekom en dit in terme wat verstaanbaar is in die eie tyd weer te gee, soos J. Engel beweer,³²⁾ kan egter net aanvaar word as die reële bestaan van die algemene in die werklikheid ontken word.

Historiese analogieë kan, soos in die vroeë geskiedbeskouing tereg besef is,³³⁾ insig in die toekoms bied, maar slegs in dit wat moontlik in die toekoms kan gebeur; geldige voorspelling kan op grond daarvan nie gedoen word nie. Die analogie is dus slegs 'n vergelyking wat op moontlikhede kan wys en op hierdie manier help om te verklaar en te ken, maar lei nie direk tot die vorming van wetenskaplike kennis nie. Daarom kan dit ook nie volgens bepaalde wetenskaplike metodes gedoen word nie.

4. Generaliserende vergelyking

Waar die analogie 'n middel is om hipoteses te vind en nie as wetenskaplike metode gebruik kan word nie, kan die generaliserende vergelyking aangewend word om hipoteses te toets op 'n wetenskaplike en sistematiese wyse. Waar in 'n analogieredenasie die mate van ooreenkoms tussen twee verskynsels die waarskynlikheid van die afleiding bepaal (al kan dit eintlik nooit werklik as geldig aanvaar word nie), word generaliserende vergelyking gedoen tussen 'n groter aantal gevalle wat net in een opsig ooreen hoef te kom; die analogie berus op 'n analogieredenasie en die generaliserende vergelyking op 'n induksieredenasie.³⁴⁾

In die generaliserende vergelyking gaan dit om die afleiding van 'n algemene stelling uit 'n aantal besondere gevalle. By 'n gewone induksieredenasie is daar nie direk sprake van vergelyking

31) Kyk bl. 43- 44 hierbo.

32) Kyk bl. 96- 97 hierbo.

33) Kyk bl. 14 hierbo.

34) Vgl. Bernheim, a.w., bl. 610 en Cohen, M.R. en Nagel, E., An introduction to logic and scientific method. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1966 (eerste uitgawe 1939), bl. 286. Kyk ook bl. 66 hierbo.

nie, maar tog kan vergelyking, veral waar dit om die geskiedenis gaan, 'n belangrike rol daarby speel. Eintlik tree meesal 'n dubbele vergelyking op: eers moet 'n aantal gevalle vergelyk word om vas te stel of hulle 'n gemeenskaplike element besit, bv. dat in al die historiese verskynsels wat vergelyk gaan word van rewolusie sprake is; dan word verdere vergelyking gedoen, waaruit bv. blyk dat in al die gevalle 'n diktatuur ontstaan het. Op grond daarvan kan dan 'n algemene afleiding gemaak word: deur rewolusies ontstaan diktature.³⁵⁾ Dikwels word sodanige vergelyking gedoen op grond van 'n bepaalde hipotese of vermoede. As bv. 'n aantal kraaie vergelyk word om vas te stel of hulle almal swart is, word dit waarskynlik gedoen op grond van 'n vermoede dat alle kraaie swart is. Die geldigheid van die konklusie hang af van die aantal en soort kraaie wat vergelyk is; dit is 'n onbegonne taak om alle kraaie te ondersoek en 'n seleksie moet dus gemaak word. Wanneer verteenwoordigers van elke soort kraai en uit verskillende dele van die wêreld geneem is, is die afleiding meer waarskynlik as wanneer 'n bloot willekeurige aantal kraaie geneem word; die seleksie moet dus verteenwoordigend wees. Soms kan een geval as verteenwoordigend van 'n groep of klas aanvaar word, bv. 'n monster van 'n soort metaal vir die metaal self, en is ondersoek na die een geval voldoende om algemene afleidings te maak, sodat vergelyking dan nie nodig is nie. Hoe gekompliseerder die verskynsel, hoe belangriker is die vergelyking as deel van die ondersoek. Natuurlik speel die aard van die afleidings ook 'n rol: as die konklusie baie evident of logies aanvaarbaar is, bv. wanneer 'n goeie rede gevind kan word waarom kraaie altyd swart is, wat geleë is in die eienskappe van die kraai as sodanig, is ondersoek na 'n groot aantal gevalle nie noodsaaklik nie.

Historiese gebeure is gekompliseerde verskynsels en die redes waarom daar soms ooreenkomste tussen gebeure uit heeltemal verskillende periodes en omgewings is, is nie voor die hand liggend nie. Daarom is ondersoek en vergelyking van historiese verskynsels noodsaaklik ten einde algemene afleidings oor die geskiedenis te maak. Afleidings van algemene aard uit die studie van een geval,

35) Vgl. die opmerkinge van S. Hook, bl. 115 hierbo.

bv. oor die aard van die demokrasie slegs op grond van 'n ondersoek van die Amerikaanse demokrasie, kan daarom moeilik in historiese studie gedoen word. Deur slegs een geval te bestudeer, kan nie onderskei word tussen wat besonder daaraan is en wat algemeen is van die klas waarvan dit 'n verteenwoordiger is nie.

Hoewel generaliserende vergelyking meesal gedoen word tussen gevalle van 'n selfde klas of soort, bv. tussen rewolusies, beskawings of prosesse van politieke integrasie, hoef nie vooraf aanvaar te word dat daar werklik algemene klasse of soorte van historiese verskynsels bestaan nie. Die vereiste is slegs dat die gevalle wat vergelyk word reeds 'n gemeenskaplike kenmerk besit, bv. dat in almal bepaalde vorme van rewolusionêre aktiwiteit voorkom, al word die rewolusie as sodanig nie vooraf as 'n algemene historiese verskynsel erken nie. Deur dan egter 'n verdere ooreenkoms tussen die gevalle te vind, bv. dat almal tot diktature gelei het, kan die algemene afleiding „rewolusies lei tot diktature” gemaak word. Daar word dus gevind dat daar 'n relasie tusseh die eerste en die tweede ooreenkoms moet wees onafhanklik van die besondere gevalle wat ondersoek word; as die een element optree, moet die ander ook aanwesig wees. Natuurlik moet die tweede ooreenkoms nie geïmpliseer wees in die eerste, waarvan uitgegaan word nie. 'n Presiese omskrywing van die ooreenkoms waarmee begin word, meesal in die vorm van 'n definisie van die klas waartoe die gevalle behoort, is derhalwe noodsaaklik.

Generaliserende vergelyking word meesal gedoen tussen gevalle wat ver van mekaar verwyderd in tyd en ruimte is en is dus nie soos die sintetiserende vergelyking 'n sinkroniese vergelyking nie, maar 'n diakroniese. Ooreenkomste wat dui op invloed van die een verskynsel op die ander, waarop die sintetiserende vergelyking hom rig, word sodoende uitgeskakel. Ook word verseker dat gevalle wat vergelyk word verskillende periodes en gebiede verteenwoordig, dus verteenwoordigend van die besondere klas of groep is. Deur rewolusies uit verskillende tye en plekke te neem, word seker gemaak dat rewolusies van allerlei aard, rewolusies wat onderling baie verskil, ondersoek word, sodat as nog 'n ooreenkoms gevind word, dit nie net vir 'n sekere soort rewolusies of rewolusies van 'n sekere periode in die geskiedenis geld nie.

Hoewel daar dus 'n essensiële verskil in aard en doel tussen die sintetiserende en generaliserende vergelykinge bestaan, is hulle nie altyd so maklik van mekaar te onderskei nie. Dit sou bv. moontlik wees om 'n aantal veldslae wat in Griekeland in die vierde eeu v.C. gevoer is te vergelyk en daaruit 'n algemene afleiding te maak. Dit sou dus 'n afleiding t.o.v. 'n bepaalde soort veldslae, nl. vierde-eeuse Griekse veldslae, wees op grond waarvan dan konklusies t.o.v. ander, minder bekende veldslae van dieselfde soort gemaak kan word. Hier is egter 'n aantal gevalle vergelyk wat mekaar kon beïnvloed het of deur gemeenskaplike faktore beïnvloed kon wees. Deur sintetiserende vergelyking kan hierdie invloede opgespoor en so 'n groter samehang gevind word op grond waarvan dan afleidings oor minder bekende veldslae wat deel vorm van die samehang gemaak kan word. So sou generaliserende en sintetiserende vergelyking op dieselfde wyse en vir dieselfde doel gebruik word. Kan egter generalisasies gevorm word wat net vir 'n bepaalde tyd en plek geld of is daar dan sprake van groter, maar spesifieke en individuele samehange? Soos reeds in die inleiding gestel,³⁶⁾ word in hierdie studie daarvan uitgegaan dat „generalisasie” beteken om iets algemeen geldend, van betrekking op die geskiedenis in die algemeen en dus nie gebonde aan 'n besondere tyd of plek nie te maak. Daar moet dus 'n radikale onderskeid tussen die algemene en die individuele gemaak word om generalisasie en sintese en generaliserende en sintetiserende vergelyking goed van mekaar te kan onderskei.³⁷⁾ So 'n onderskeid word nie altyd deur beoefenaars van die twee soorte vergelyking getrek nie en daar kom gevalle voor waar beide vergelykinge, nie onderskei van mekaar nie of in kombinasie met mekaar, voorgestaan en/of gebruik word.³⁸⁾

Ook met individualiserende vergelyking kan daar soms verwarring ontstaan. Dit blyk dat die generaliserende vergelyking, soos

36) Kyk bl. 3 hierbo.

37) Kyk bl. 317 hieronder vir verdere uiteensetting van hierdie onderskeid.

38) Kyk bl.161 voetnoot 53 hieronder.

hierbo geskets, soortgelyk is aan die metode van ooreenkoms, wat deur Durkheim ingestel is.³⁹⁾ Durkheim het egter ook 'n metode van verskil ontwerp waarvolgens generaliserende vergelyking gedoen kan word. Hierdie metode van generalisasie is, soos reeds aangetoon,⁴⁰⁾ o.a. deur W.H. Sewell t.o.v. die geskiedenis voorgestaan, waarby hy as 'n voorbeeld na 'n prosedure van M. Bloch verwys. Deur vergelyking het Bloch aangetoon dat die oorsake wat aangegee is vir die munt van goud in Florence en Genua tydens die Middeleeue, nl. die rykdom van hierdie stede nie genoegsaam is nie omdat dié oorsaak ook geld vir Venesië waar egter geen goud gemunt is nie. Hy gee dan 'n ander verklaring, nl. dat Florence en Genua 'n gunstige handelsbalans met die Ooste gehad het, iets wat nie vir Venesië geld nie.⁴¹⁾ Sewell meen dat Bloch volgens hierdie prosedure 'n algemene wet gevind en bewys het, nl. dat 'n gunstige handelsbalans goudmuntiging veroorsaak.⁴²⁾ Bloch, hoewel hy onder invloed van Durkheim se metode vergelyk het,⁴³⁾ was egter glad nie daarin geïnteresseerd om algemene wette te vind nie, maar slegs om oorsake van besondere verskynsels op te spoor en te toets. Wat hy in werklikheid in die bogenoemde geval gedoen het, was om individualiserende vergelyking toe te pas; deur vergelyking vind hy in watter opsigte Genua en Florence besonder, anders as Venesië is en dit bring hom op die spoor van 'n verklaring van die verskynsel wat by hierdie besonderheid pas.

Kan die metode van verskil ook gebruik word by generaliserende vergelyking soos Sewell wil hê? Waar die metode van ooreenkoms vereis dat dinge wat baie verskil, maar ten minste in een opsig ooreenkom, vergelyk moet word, moet volgens die metode van verskil vergelyk word tussen dinge wat baie met mekaar ooreenkom en ten minste in een opsig verskil. Historiese verskynsels wat baie soortgelyk is, is meesal van 'n selfde tyd en omgewing, dus beïn-

39) Kyk bl. 80 hierbo.

40) Kyk bl. 119- 120 hierbo.

41) Vgl. Sewell, History and theory, dl. 6, bl. 208- 218.

42) Ibid.

43) Kyk bl. 81- 82 hierbo.

vloed deur gemeenskaplike faktore. Deur individualiserende vergelyking moet die besonderheid van elke verskynsel dan na vore gebring word, maar wys hierdie besonderheid dan direk op algemene wette? Dit kan alleen die geval wees as, volgens die Hempel-Popper-tese⁴⁴⁾ waarvan Sewell 'n aanhanger is, elke historiese verklaring algemene wette impliseer. Elke besondere verklaring kan daarvolgens eintlik in 'n algemene wet omgesit word, sodat daar net soveel besondere verskynsels as algemene wette moet wees. Dit is immers moontlik om algemene wette so te formuleer dat hul in prinsipe wel algemeen geld, maar dat 'n situasie waarop hul betrek kan word net een maal voorgekom het en waarskynlik ook nooit weer sal voorkom nie. Een algemene wet is ook nie voldoende om 'n verskynsel in sy geheel te verklaar nie; 'n kombinasie van wette is hiervoor nodig. Dat 'n gunstige handelsbalans tot goudmunting lei, is 'n algemene stelling wat kan help om ander gevalle van goudmunting te verklaar, maar dit is onwaarskynlik dat dit as enigste verklaring in ander besondere gevalle kan dien.

Sonder om 'n oordeel oor die Hempel-Popper-tese as sodanig te wil vel, kan ons dus sê dat dit weinig sin het om alle denkbare generalisasies te vorm en alle moontlike algemene stellinge deur vergelyking te vind. Verklaringe van besondere verskynsels kan net so eenvoudig sonder sulke stellinge gemaak word. Hiermee word egter nie gesê dat algemene stellinge van geen belang vir die geskiedkunde is nie; algemene kennis van die geskiedenis en van belangrike historiese verskynsels soos beskawings en rewolusies kan tot dieper insig in die geskiedenis self lei. Aangesien die metode van verskil nie van die individualiserende vergelyking onderskei kan word nie en tot generalisasies lei wat net op een besondere verskynsel prakties toepasbaar is, is hierdie metode nie baie geskik vir generaliserende geskiedenisvergelyking nie. Dit is baie meer voor-die-hand-liggend dat vergelyking van bv. 'n aantal rewolusies gedoen word, dus die metode van ooreenkoms gebruik word, om tot kennis van rewolusies as sodanig te kom. Die metode van verskil kan, soos die analogie, tot hipoteses lei, maar, deurdat die konklusies

44) Kyk bl. 89- 90 hierbo.

sie net t.o.v. een geval geld, nie werklik algemene hipoteses toets nie. Natuurlik wil dit nie sê dat die metode van ooreenkoms geen gebreke het nie;⁴⁵⁾ die probleme daaraan verbonde moet juis in die volgende hoofstukke ondersoek word.

Die generaliserende vergelyking moet verder onderskei word van die illustrasie van algemene stelling met voorbeelde, wat Schieder „paradigmatiese vergelyking” noem.⁴⁶⁾ In die vroeë opvattinge oor die geskiedenis is geglo dat op grond van die geskiedenis self geen algemene, vaste kennis gevorm kan word nie, maar dat dit slegs voorbeelde en illustrasies vir algemene stelling kan verskaf. Hierdie voorbeelde kan dan hoogstens gesistematiseer word, soos o.m. Bodin probeer doen het.⁴⁷⁾ Die eksemplariese, pragmatiese geskiedbeskouing kom in sekere sin nog in die ouer positivisme voor⁴⁸⁾ en is ook vandag seker nog nie verdwene nie. Dit is natuurlik nie altyd moontlik om 'n skerp lyn te trek tussen uitvoerige toeligting van 'n teorie met voorbeelde en die toets van 'n hipotese deur gevalle-ondersoek nie, veral ook aangesien die skrywer self nie altyd bewus is van die verskil tussen hierdie twee metodes nie. Sommige werke wat verder in hierdie verhandeling ondersoek word, mag in die loop van die ondersoek blyk eerder werke van paradigmatiese as van generaliserende vergelyking te wees.

In die beskouing van die aard van die generaliserende vergelyking in verhouding tot ander vergelykingsvorme speel filosofiese standpunte dus 'n rol. Die opvatting wat hier t.o.v. die verhouding tussen die individuele en die algemene gehuldig word, mag aanvegbaar wees. Tog kan die werke waarin vergelykende ondersoek gedoen word en verder in hierdie verhandeling bestudeer word geredelik as pogings tot generaliserende vergelyking, as studies waarin getrag word om uit die vergelyking van besondere gevalle tot algemene afleidings te kom, beskou word. Die konklusies

45) Vgl. die beskouing oor die metodes van ooreenkoms en verskil in die sosiale wetenskappe op bl. 130- 133 hierbo.

46) Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 191.

47) Kyk bl. 20- 21 hierbo.

48) Kyk bl. 51 e.v. hierbo.

wat aan die einde van hierdie ondersoek bereik word, sal sover moontlik op die resultate van ondersoek na die werke self berus.

5. Rekonstruerende vergelyking

Meesal word van vergelykende metodes in die geskiedkunde gespreek as dit om historiese rekonstruksie en nie om individualisering, sintetisering of generalisering gaan nie.

Ooreenkomstig die wyses van praktiese aanwending van vergelykende metodes in die verlede kan in hoofsaak tussen twee maniere van vergelyking met die oog op rekontruksie onderskei word, nl. die vergelykende metode van die Romantiek en dié van die ouer positivisme.

Die metode van die Romantiek, wat aan die vergelykende taalwetenskap ontleen is, is 'n metode van rekonstruksie op grond van verwantskap. Ooreenkomste tussen 'n aantal verskynsels kan dui op 'n gemeenskaplike oorsprong watter oorsprong dan uit 'n studie van die ooreenkomste self gerekonstrueer kan word. Uit ooreenkomste tussen Germaanse tale kan bv. heelwat afgelei word oor 'n Germaanse oertaal waarvan dié tale afstam. Hierdie vergelyking is eintlik net 'n toepassing van die sintetiserende vergelyking: ooreenkomste word gevind wat dui op 'n samehang en op grond van kennis van die samehang as geheel kan ontbrekende dele daarvan gerekonstrueer word. Dié prosedure word algemeen gevolg by die interpretasie van historiese bronnemateriaal, waarby op grond van 'n algemene samehang wat tussen 'n groep verskynsels gevind word dié gebeure wat deel daarvan vorm, maar waaroor gegewens nie in alle opsigte volledig is nie gerekonstrueer word. Op hierdie gebruik van die vergelyking by die historiese interpretasie het Droysen en Bernheim reeds gewys.⁴⁹⁾ Ten opsigte van hierdie belangrike toepassing van die sintetiserende vergelyking sou verdere studie verhelderend kan wees en daartoe kan lei dat vergelyking vir historiese rekonstruksie meer sistematies en op groter skaal toegepas word. Die rekonstruerende vergelyking bly 'n belangrike hulpmiddel om leemtes in historiese gegewens te oorbrug, alhoewel dit seker nie in die plek

49) Kyk bl. 42- 44 en 64- 66 hierbo.

daarvan gedoen moet word nie.

Dit was egter 'n ander metode van rekonstruerende vergelyking wat in die agtiende eeu deur Friedrich von Schiller voorgestaan is om leemtes in bronnemateriaal op te vul⁵⁰⁾ en wat vanaf daardie tyd dikwels toegepas is: rekonstruksie op grond van 'n algemene wet. Op grond van aannames oor die uniformiteit van die menslike natuur en van die geleidelike vooruitgang van die mensheid het Aufklärungsdenkers en later aanhangers van die ouer positiwisme die geskiedenis gerekonstrueer. Die rekonstruksie is nie net gedoen waar bronnemateriaal ontoereikend is nie, maar in die plek daarvan; diverse gegewens oor verskillende tye en volke is bymekaargebring en op grond van vooraf aanvaarde algemene beginsels georden om 'n geskiedenis van die hele mensheid volgens vaste ontwikkelingsstadia te skryf.⁵¹⁾ Vergelyking is dus slegs gedoen om verskillende gegewens in volgorde van eenvoudig na gekompliseerd, van die laere na die hoëre te plaas, wat dan vanself 'n historiese volgorde moes aandui. In sy mees verfynde vorm is hierdie metode deur die historici Lamprecht en Breysig toegepas.⁵²⁾

Die feit dat hierdie metode in diskrediet geraak het, dui daarop dat dit nie tot aanvaarbare resultate gelei het nie. Dit hoef egter nie te beteken dat rekonstruerende vergelyking op grond van algemene wette as sodanig te verwerp is nie. Die wette wat deur die Aufklärungsdenkers en ouer positiwiste aanvaar is, impliseer 'n hele geskiedfilosofie; eintlik het hulle die hele geskiedenis op grond van hul eie filosofiese beginsels gerekonstrueer. Dit is egter nie ondenkbaar dat op grond van wette of reëls wat self deur empiriese studie verkry is en geredelik aanvaarbaar is tot historiese rekonstruksie gekom kan word nie. Algemene afleidinge gemaak deur generaliserende vergelyking kan bv. gebruik word om onbekende aspekte van besondere historiese verskynsels te belig. Sodanige rekonstruksie sal seker nie op so 'n groot skaal

50) Kyk bl. 30- 31 hierbo.

51) Kyk bl. 53 e.v. hierbo.

52) Kyk bl. 59 e.v. hierbo.

en in die plek van bronnestudie soos tydens die Aufklärung en die ouer positiwisme gedoen kan word nie. Hulle besondere wyse van rekonstruksie het uit die aard van hul algemene aannames voortgekom.

Dit is dus in besonder as toepassing van die sintetiserende en generaliserende vergelykinge dat historiese rekonstruksie 'n belangrike betekenis in die geskiedkunde kan verkry. Eintlik kan die rekonstruerende vergelyking daarom nie werklik as 'n aparte vergelykingsvorm naas die sintetiserende en generaliserende vergelykinge beskou word nie.

C. Prosedure van verdere ondersoek

In die voorafgaande bespreking is gewys op enkele essensiële kenmerke van en vereistes vir die beoefening van generaliserende vergelyking. Op welke wyse moet dit egter in die geskiedkunde toegepas en welke resultate kan daardeur bereik word? Hierop kan slegs antwoord gevind word deur 'n aantal werke waarin hierdie vergelyking gebruik word nader te beskou.

Die tien werke wat vir nadere ondersoek gekies is, verteenwoordig min of meer al die pogings tot generaliserende vergelyking in die jongste dekades wat opgespoor kon word. Dit is dus nie noodwendig werke wat aan die essensiële vereistes van generaliserende vergelyking voldoen nie. Dié geskrifte waarin generaliserende vergelyking net in kombinasie met sintetiserende en individualiserende vergelyking gedoen word, waarin die skrywer bv. na sintese strewe en slegs as newedoel na generalisasie, is egter uitgesluit.⁵³⁾ Algemeen-beskoulike werke waarin weinig historiese studie weergegee word en wat duidelik meer teoretiese studies gestaaf met voorbeelde is, word ook nie in ag geneem nie. Dit het meegebring dat kort artikels waarin enigsins van generaliserende vergelyking sprake is ook nie vir nadere ondersoek in aanmerking kon kom nie. Verder word tematologiese geskiedwerke, bv. studies oor die oorlog of

53) Vgl. bv. Moore, B., Social origins of dictatorship and democracy. Lord and peasant in the making of the modern world. Boston, Beacon Press, 1967.

die stad in die geskiedenis,⁵⁴⁾ en versamelinge van studies oor 'n gemeenskaplike onderwerp, bv. van referate gelewer op 'n simposium, sonder dat daarby direk van vergelyking sprake is, buite beskouing gelaat.

Soos reeds in die inleiding opgemerk,⁵⁵⁾ is die ondersoek ook slegs beperk tot onderwerpe wat as histories van aard beskou kan word. Alhoewel dit in die praktyk nie altyd moontlik is om grense te trek nie, word hier van die veronderstelling uitgegaan dat daar wel sulke onderwerpe onderskei kan word. As hierdie onderskeid nie gemaak word nie, sou alle onderwerpe wat in die sosiale wetenskappe bestudeer word in aanmerking kom⁵⁶⁾ en sou die geskiedkunde as omvattende totaliteitswetenskap gesien moet word, waarop o.m. Wagner se siening van die geskiedenisvergelyking uitloop.⁵⁷⁾ Hiermee word die moontlikheid van generaliserende vergelyking op grond van die geskiedenis t.o.v. sodanige onderwerpe nie ontken nie, maar die ondersoek slegs beperk tot dié onderwerpe wat as van besondere belang vir die geskiedkunde beskou word en tot pogings tot generalisasie oor die geskiedenis self. Onder die onderwerpe wat uitgesoek is vir verdere studie mag egter tog nog gevalle wees wat eintlik eerder op die terrein van die sosiale wetenskappe tuishoort.

Die seleksie van werke wat hier gemaak word, berus dus op bepaalde beskouinge oor die generaliserende geskiedenisvergelyking en die konklusies wat op grond van hierdie ondersoek bereik word, is ook slegs geldig binne die grense van die beskouing wat hierbo gegee is.

Die feit dat die werke wat behandel word almal afkomstig is van Engelse en Amerikaanse wetenskaplikes is dus nie 'n gevolg van die seleksie nie, maar daarvan dat vergelykende studie vir

54) Bv. Wright, Q., A study of war. Chicago, University Press, 1942 en Mumford, L., The city in history. Londen, Secker & Warburg, 1961.

55) Kyk bl. 2- 3 hierbo.

56) Vgl. die afbakeninge wat J. Romein en F. Redlich in hierdie verband maak, bl. 110- 114 hierbo.

57) Kyk bl. 104- 105 hierbo.

generalisasie tans slegs in Engeland en die V.S.A. aktief beoefen word.⁵⁸⁾ Alhoewel sommige van die outeurs in kontak met mekaar staan en mekaar kon beïnvloed het t.o.v. die gebruik van bepaalde metodes van generaliserende vergelyking hoef dit nie af te doen aan die waarde van die konklusies van 'n ondersoek soos hierdie een nie. Daar is soveel variasie in die metodes wat gevolg word dat baie, al is dit nog nie alle, probleme van die generaliserende vergelyking daardeur belig kan word en die moontlikhede daarvan in verskillende opsigte na vore kan kom.

Dit is, soos reeds gestel,⁵⁹⁾ nie die doel van hierdie ondersoek om die werke as sodanig te behandel en te bespreek nie, maar net om die metodes waarvolgens te werk gegaan is te beskryf en te vergelyk. Deur werke oor gemeenskaplike onderwerpe naas mekaar te behandel en al die werke volgens dieselfde skema te ondersoek, word die moontlikheid van onderlinge vergelyking bevorder. Dié skema of indeling word gemaak op grond van wat hierbo as essensiële kenmerke en vereistes van die generaliserende vergelyking aangestip is en bestaan uit die volgende afdelings:

- (i) die doeleindes wat getrag word om met die ondersoek te bereik;
 - (ii) die hipoteses wat ten grondslag van die ondersoek lê;
 - (iii) die omskrywing van die onderwerp of die klas waarvan gevalle bestudeer word;
 - (iv) die seleksie van gevalle;
 - (v) die metode van die gevalle-ondersoek self;
 - (vi) die konklusies wat op grond daarvan bereik word.
- Deur hierdie indeling te volg kan belangrike probleme en vereistes i.v.m. die gebruik van die generaliserende geskiedenisvergelyking makliker na vore kom en sonder alté uitgebreide bespreking saamgevat word.

58) Op die agtergronde hiervan is reeds hierbo, veral op bl. 84, 86- 94, ingegaan.

59) Kyk bl. 8 hierbo.

HOOFSTUK VI

BESKAWINGS - A.J. TOYNBEE EN A.L. KROEBER

In die eerste twee hoofstukke hierbo is aangetoon dat vergelykinge tussen kulture en beskawings sedert Vico dikwels gedoen is. Die beskawingsteorieë van Vico, Von Lasaulx, Danilevski, Spengler en Breysig het nie suiwer langs empiriese weg ontstaan nie;¹⁾ „wir wollen nicht vergessen, dass die Kulturzyklentheorie bis heute nicht Resultat einer historischen Induktion, sondern eine auf dem Wege des Methodensynkretismus entstandene Deduktion ist“, het E. Spranger in 1926 verklaar.²⁾ Sedertdien het daar tog vergelykende studies verskyn waarin in veel groter mate van 'n empiriese werkwyse sprake is. Hieronder het die studie van A.J. Toynbee,³⁾ 'n vakhistorikus, veral groot belangstelling gewek. Waar iemand soos Spengler wel baie populêre aandag geniet het, maar sy geskrif deur vakhistorici feitlik geïgnoreer is, het Toynbee ook heelwat kritiek, waarderend of nie, van vakgenote ontvang. Sy poging is in elk geval deur historici ernstig geneem; nog meer, die waarde en moontlikhede van so 'n onderneming is onder oë gesien. Sonder om in te gaan op al die kritiek wat Toynbee in talle artikels en selfs uitgebreide werke wat aan sy studie gewy is, ontvang het, moet die metode waarvolgens hy te werk gegaan het hier kortliks bespreek word.

Naas die werk van Toynbee word ook 'n studie van die Amerikaanse volkekundige Alfred Kroeber⁴⁾ in beskouing geneem as 'n poging om langs empiriese weg deur vergelyking tot generalisasies oor die verloop van beskawings te kom.

Daar is nog verskillende ander geskrifte wat vir behandeling in aanmerking kom. Op die kort vergelykende studie van R.

1) Kyk bl. 22- 25, 45- 46, 61- 62 en 78- 79 hierbo.

2) Spranger, a.w., bl. 23.

3) Toynbee, A study of history.

4) Kroeber, A.L., Configurations of culture growth. Berkeley, University of California Press, 1944.

Coulborn,⁵⁾ wat slegs oor die ontstaan van beskawings handel, word, meer sydelings, by die bespreking van Toynbee se werk gelet. Van P. Bagby se belangrike geskrif oor die vergelykende studie van beskawings⁶⁾ kan ook net terloops sprake wees, omdat daarin veral aan teoretiese kwessies aandag gegee en nie veel vergelykende ondersoek gedoen word nie. P.A. Sorokin se vergelykende studie⁷⁾ is eintlik nie een van beskawings nie, want hy erken beskawings nie as aparte en selfstandige eenhede wat vergelyk kan word nie,⁸⁾ maar van dinge soos kunswerke, wetenskappe, oorloë en rewolusies om daardeur 'n teorie oor die ontwikkeling van die kultuur op te bou. Daarom word sy metodes bekyk in die hoofstuk oor die vergelykende studie van rewolusies.⁹⁾ Ander minder empiriese en meer beskouwlike werke,¹⁰⁾ versamelwerke¹¹⁾ en bundels referate gelewer op simposia¹²⁾ van die jongste dekades is wel van belang vir ons onderwerp maar kan moeilik as vergelykende studies van beskawings beskou word.

A. A.J. Toynbee

Arnold J. Toynbee (geb. 1889) is 'n gewese hoogleraar in die moderne Griekse taal en letterkunde aan die Universiteit van

- 5) Coulborn, The origin of civilized societies.
- 6) Bagby, a.w.
- 7) Sorokin, Social and cultural dynamics.
- 8) Kyk hoofstuk IX hieronder.
- 9) Vgl. Montagu, M.F. Ashley (red.), Toynbee and history. Critical essays and reviews. Boston, Porter Sargent, 1956, bl. 180.
- 10) Hieronder kan o.m. gereken word: die werk van F. Koneczny. Kyk Hilckmann, A., Feliks Koneczny und die vergleichende Kulturwissenschaft (Saeculum, dl. 3, 1952, bl. 571- 602); Quigley, C., The evolution of civilizations. An introduction to historical analysis. New York, MacMillan, 1961; Wolfendale, W., History has tongues. A study of the comparative development of ancient and modern civilizations. Londen, Gollancz, 1946.
- 11) Bv. Unesco (uitg.), The interrelation of cultures. Their contribution to international understanding. s.p., 1953.
- 12) Bv. Anderle, O.F. (red.), The problems of civilizations. Den Haag, Mouton, 1964.

Londen en direkteur van die Royal Institute of International Affairs.¹³⁾ Hy is opgelei in en was georiënteer op die nie-Westerse geskiedenis. Benewens 'n groot aantal ander werke¹⁴⁾ het van hom, oor 'n tydperk van sewe-en-twintig jaar die twaalfdelige A study of history verskyn.¹⁵⁾ Die laaste deel is reeds 'n antwoord aan kritici wat vanaf die dertigerjare, maar veral na die Tweede Wêreldoorlog, in groot getalle kommentaar op sy werk gelewer het. Benewens talle artikels¹⁶⁾ het daar ook verskillende werke oor Toynbee se studie verskyn, w.o. verkorte weergawes en inleidings daarop,¹⁷⁾ ondersoeke na sy filosofie¹⁸⁾ en gebundelde referate en artikels.¹⁹⁾

1. Filosofiese agtergrond

Dit is ter wille van hierdie ondersoek noodsaaklik om die filosofiese beskouinge en voorveronderstellinge waarvan Toynbee in sy studie uitgaan en wat sy metodes medebepaal in gedagte te hou. Ook die resultate van sy studie het belangrike geskiedfilosofiese konsekwensies; daar is dikwels beweer dat Toynbee, wat sy werk slegs as 'n empiriese studie van die geskiedenis wil aandien,

13) Vgl. Dietrich, K. (red.), Historische Theorie und Geschichtsforschung der Gegenwart. Berlyn, De Gruyter, 1964, bl. 18.

14) Hiervan word 'n lys gegee in Anderle, O.F., Die Toynbee-Kritik. Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees im Urteil der Wissenschaft (Saeculum, dl. 9, 1958, bl. 258- 259).

15) Dl. 1- 3 is gepubliseer in 1934, dl. 4- 6 in 1939, dl. 7- 10 in 1954, dl. 11 (bestaande uit 'n aantal kaarte en 'n indeks) in 1959 en dl. 12 (Reconsiderations) in 1961.

16) Hiervan word die belangrikstes genoem deur Anderle, Saeculum, dl. 9, bl. 258- 259.

17) Somervell, D.C., Abridgement of Toynbee, A.J. A study of history. 2 dele, Londen, Oxford University Press, 1946- 1957 en Locher, T.J.G., Inleiding tot het denken van Toynbee. Assen, Born, 1959.

18) Anderle, O.F., Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees. Frankfurt, Humboldt, 1955; Dreyer, P.S., Geskiedenis en openbaring. 'n Kritiese studie van die beskouing van Arnold J. Toynbee. Ongepubl. proefskrif, Univ. Pretoria, 1958; Henningsen, M., Menschheit und Geschichte. Untersuchungen zu A.J. Toynbees A study of history. München, List, 1967; Zahn, E.F.J., Toynbee und das Problem der Geschichte. Eine Auseinandersetzung mit dem Evolutionismus. Keulen, Opladen, 1954.

19) Aron, R. (red.), L'histoire et ses interprétations. Entretiens de Arnold J. Toynbee. Parys, Mouton, 1961; Gargan, a.w.; Montagu, a.w.

'n geskiedfilosofiese sisteem gelewer het.²⁰⁾ Hieronder sal na vore kom in hoeverre hierdie opvatting onderskryf kan word; tans word slegs kortliks gelet op die algemene filosofiese agtergrond van sy werk.

Verskillende geestestrominge het 'n invloed op Toynbee se denke gehad. Hy was afkomstig uit 'n Engelse liberale milieu, waarin o.a. 'n strewe na sosiale hervorming en na vrede en afkeer van geweld geheers het.²¹⁾ Hy het verder invloed ondergaan van die lewensfilosofiese ewolusionisme, veral van die beskouinge van Henri Bergson, waarby ook die holisme van J.C. Smuts.²²⁾ Hierdie verskillende elemente kom by Toynbee tot uiting in sy ideaal van wêreld-eenheid waarby nasie-gesentreerdheid oorkom en wêreldvrede sodoende bereik kan word. Daarom sien hy beskawings, en nie nasies nie, as geëeleenhede van die geskiedenis en glo hy op grond van sy ewolusionisme dat op die stadium van beskawings in die geskiedenis 'n hoër fase, nl. van wêreld-eenheid, moet volg.

Reeds in die eerste deel van sy werk, by die bespreking van die veld van ondersoek van die studie, laat Toynbee sy ewolusionistiese veronderstellinge blyk. „All extant primitive societies must have reached our ledge from an unseen ledge below, and all societies in process of civilization are endeavouring to reach an unseen ledge above; and for all we know, the number of ledges above this and below that may be infinite in both directions. The heights of the towers above us are quite beyond our powers of estimation, but we have some inkling of the dizzy depths below. We know that we have to descend below the ledge from which Sub-man rose to Man in order to find the level of the common Ancestor of Mankind and

20) Vgl.: Locher, Inleiding tot het denken van Toynbee, bl. 5; Thompson, K.W., Toynbee's approach to history reviewed (Ethics, dl. 65, 1955, bl. 255); Gargan, a.w., bl. 214.

21) Vgl. Smitskamp, H., Toynbee (Christeljk Nationale Bibliotheek (uitg.), Denkers van deze tijd. Dl. 2, Franeker, Wever, 1954, bl. 179).

22) Vgl.: Romein, Tussen vrees en vrijheid, bl. 110; Montagu, a.w., bl. 33-34; Henningsen, a.w., bl. 98; Zahn, a.w., bl. 15, Smitskamp, a.w. (Christeljk Nationale Bibliotheek, a.w., bl. 179); Emmens, W.S., A. Toynbee: A study of history (Philosophia reformata, dl. 15, bl. 162).

the anthropoids".²³⁾ Op grond van die ewolusiegedagte wil hy beskawings van primitiewe gemeenskappe afgrens; op grond daarvan meen hy ook dat die ontwikkeling van beskawings 'n eindpunt moet bereik by die oorgang in 'n nuwe stadium, 'n hoër vorm. Dié hoër vorm vind Toynbee in die loop van sy studie, nl. die hoër godsdienste.

Gedurende die sewe-en-twintig jaar waarin die werk geskryf is, het Toynbee se beskouinge heelwat verandering ondergaan,²⁴⁾ veral ook wat betref die rol wat hy aan die godsdienste toeken. In 1955 het hy self verklaar: „More than twenty-seven years have now passed since I began to make my first notes for A study of history, and I am conscious that, during these years, my outlook has changed. As I have gone on, Religion has come, once again, to take the central place in my picture of the Universe. Yet I have not returned to the religious outlook in which I was brought up. I was brought up to believe that Christianity was a unique revelation of the whole truth. I have now come to believe that all the historic religions and philosophies are partial revelations of the truth in one or other of its aspects".²⁵⁾ Hieruit blyk reeds enkele trekke van die godsdiensterelatiwisme, sinkretisme, ekumenisme en mistisisme wat kritici in Toynbee se denke gevind het.²⁶⁾ Die godsdienste as hoër fase in die ewolusie van die mensheid het die taak om die mens tot by die uiteindelijke eindpunt te bring; hul bied die „road toward sainthood".²⁷⁾ Met sy studie wil Toynbee 'n bydrae lewer om die mensheid tot volmaaktheid te bring; hy wil die mense aanspoor om mee te werk aan die bereiking van hoër eenheid deur naasteliefde en medemenslikheid te betrag: „If the first step on Man's road

23) Toynbee, A study of history, dl. 1, bl. 196.

24) Vgl.: Bock, K.E., Review, A study of history, dl. 12 (History and theory, dl. 2, 1963, bl. 303); Smitskamp, a.w. (Christelĳk Nasionale Bibliotheek, a.w., bl. 201, 206); Locher, Inleiding tot het denken van Toynbee, bl. 10; Dreyer, a.w., bl. 279.

25) Toynbee, A.J., What I am trying to do (Montagu, a.w., bl. 6-7).

26) Vgl. Anderle, Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees, bl. 41 e.v. Kyk ook Dreyer, a.w., bl. 50, 235 e.v.

27) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 520-521.

towards sainthood is the renunciation of Man's traditional role of being his brother's murderer, the second would be the acceptance of Man's new role of being his brother's keeper; and happily, this sense of responsibility for the positive welfare of Man's fellow human beings has already declared itself".²⁸⁾ Hoewel Toynbee slegs wetenskaplike oogmerke vir sy studie aangee, blyk hier elemente van 'n ander motief: hy wil sy filosofie propageer en wys op die noodsaak om in die tyd waarin ons tans leef hierdie opvattinge te aanvaar.

2. Oogmerke

Toynbee wil sy studie self slegs uit 'n wetenskaplike oogpunt motiveer, "to try out the scientific approach to human affairs and test how far it will carry us".²⁹⁾

In die eerste bladsye van sy werk sit Toynbee uiteen waarom hy 'n nuwe wetenskaplike benadering tot die geskiedenis voorstaan. Hy meen dat die heersende instelling van die tyd, d.w.s. van die vroeg-twintigste eeu, "Democracy" en die "Industrial System", die inkrumping van die historikus se gesigsveld tot die grense van sy eie nasie veroorsaak het.³⁰⁾ Die nasie kan egter nie slegs uit homself verstaan word nie, dit is eintlik geen "intelligible field of historical study" nie. So 'n veld is alleen die beskawings of societies; "we have established the existence of societies which (unlike their articulations called states) are independent entities in the sense that each of them constitutes by itself an 'intelligible field of historical study', but which at the same time are all representatives of a single species".³¹⁾ Deur die beskawings as eie, selfstandige eenhede soos biologiese spesies te sien, is dit vir Toynbee moontlik om deur vergelyking algemene kennis van die aard daarvan en so van die geskiedenis te vorm: "The next step

28) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 571. Vgl. ook Toynbee, A.J., Civilization on trial. Londen, Oxford University Press, 1948, bl. 39 e.v.

29) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 6.

30) Ibid., dl. 1, bl. 10.

31) Ibid., dl. 1, bl. 51. Vgl. Montagu, a.w., bl. 10.

in a study of History is to find out more about the species to which such societies belong; and the natural way to proceed is to make a comparative study of the societies belonging to it".³²⁾ Op dié wyse kan hy 'n „panoramic view" i.p.v. die tradisionele „myopic view" van die geskiedenis verkry.³³⁾

Dat nog ander motiewe daartoe meegewerk het om 'n vergelykende studie van beskawings aan te pak, laat Toynbee blyk as hy vertel hoedat oorpeinsinge oor die ondergang van die Klassieke Beskawing hom laat afvra het of 'n selfde lot alle beskawings, dus ook die Westerse Beskawing, moet tref. „What was this 'Door of Death' through which so many once flourishing civilizations had already disappeared? This question led the writer into a study of the breakdowns and disintegrations of civilizations; and thence he was led into a complementary study of their geneses and growths".³⁴⁾

Toynbee hoop dus om algemene reëls oor die verloop van beskawings te vind; hy meen egter nie dat hy noodwendig geldende wette op grond waarvan die toekoms voorspel kan word, sal ontdek nie: „All our currently accepted propositions, generalizations and 'laws' are merely hypotheses that have not been discredited by evidence so far".³⁵⁾ Al wil hy deur sy ondersoek hipoteses oor die verloop van beskawings bevestig, wil hy dus geen aanspraak daarop maak dat hulle ook buite die gebied van sy ondersoek geld nie.³⁶⁾

Waar verskillende van Toynbee se kritici dit betwyfel of so 'n vergelykende studie van beskawings tot die geskiedkunde behoort,³⁷⁾ wil hy dit self nie ten alle koste daartoe reken nie;

32) Ibid.

33) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 132.

34) Aangehaal in Somervell, a.w., dl. 2, bl. 354. Vgl. Toynbee, Civilization on trial, bl. 6- 10 en Montagu, a.w., bl. 8- 11.

35) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 41- 42.

36) Dit is eintlik 'n inkonsekwente standpunt. Kyk bl.192 hieronder.

37) Gerhard, a.w., bl. 90- 91 en Montagu, a.w., bl. 126.

"in choosing a name for the book under review, I deliberately called it not a history, but a study of history",³⁸⁾ verklaar hy.

Dit blyk dus dat Toynbee 'n strewe om universele geskiedenis te skryf en tot 'n groter eenheidsvisie van die geskiedenis te kom, wil kombineer met 'n poging om algemene kennis van die gang van beskawings te bekom. So 'n kombinasie is slegs moontlik as die geskiedenis met die verloop van 'n aantal van mekaar onafhanklike beskawings gelykgestel word;³⁹⁾ hier blyk dat Toynbee se hele filosofie sy oogmerke medebepaal. In elk geval kan Toynbee se poging daarom beslis as een tot generalisasie oor die geskiedenis, en nie as een tot sintese van die geskiedenis nie, beskou word. Natuurlik is in sy "dieper" motief⁴⁰⁾ ook 'n strewe na sintese aanwesig, wat na vore kom as hy verklaar dat hy beoog "to help... a fellow men of different civilizations to become more familiar with one another, by helping them to understand and appreciate one another's histories and to see in these local and partial stories a common achievement and common possession of the whole family".⁴¹⁾

3. Hipotese en definisie

Toynbee se hipotese van ondersoek het uit voorafgaande reeds na vore gekom: dat alle beskawings 'n enersse siklus van geboorte, groei en ondergang voltooi. Hierby gaan hy dus daarvan uit dat beskawings of societies, soos hy hulle liewer noem, in sigself begrypbare velde van ondersoek en gelyke en vergelykbare eenhede is. Hierdie uitgangspunt vorm nie deel van sy hipotese nie, want hy probeer dit nie in sy ondersoek bewys nie; dit kom direk voort uit sy grondliggende filosofiese opvattinge. Kritici wat sy uitgangspunt nie kan onderskryf nie,⁴²⁾ kan dus ook nie met sy hipotese en

38) Toynbee, A.J., Comments (Montagu, a.w., bl. 385).

39) Soos in die volgende afdeling hieronder aangetoon word, het dié uitgangspunt in sy ondersoek geblyk nie houdbaar te wees nie.

40) Hierop is reeds gewys op bl. 168- 169 hierbo.

41) Toynbee, What I am trying to do (Montagu, a.w., bl. 11).

42) Vgl. Locher, T.J.G., Toynbee's antwoord (De gids, dl. 5, bl. 103) en Anderle, Saeculum, dl. 3, bl. 224.

resultate instem nie.

In die loop van die ondersoek het Toynbee egter self gevind dat sy uitgangspunt nie heeltemal houdbaar is nie en gee hy aan die begrip „intelligible field” ’n meer relatiewe karakter: „A civilization is an intelligible field in comparison with its component communities - nations, city-states, millets, castes, or whatever else the components may happen to be in different circumstances. In general a larger unit of study is likely to be more intelligible than a smaller one, considering that nothing can be completely intelligible in short of the sum total of reality”.⁴³⁾

Tog wil Toynbee, ten einde sy hipotese te kan handhaaf, beskawings as besondere eenhede in die geskiedenis sien. In sy Reconsiderations kom hy, nadat kritici hom van vaagheid in sy gebruik van terme en begrippe beskuldig het,⁴⁴⁾ met enkele definisies. Hy omskryf die society as „the total network of relations between human beings”⁴⁵⁾ en spesifieke samelewings as „particular networks that can be analyzed as being combinations of a number of institutions that are their components, but which cannot be identified as being themselves components of any more comprehensive network”.⁴⁶⁾ ’n Beskawing definieer hy dan as „a state of society in which there is a minority of the population, however small, that is free from the task, not merely of producing food, but of engaging in other of the economic activities - eg. industry and trade - that have to be carried on to keep a life of the society going on the material plane at the civilizational level”.⁴⁷⁾ ’n Beskawing is anders as ’n samelewing ’n kulturele eenheid, „one of the species of the ge-

43) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 286.

44) Vgl.: Bagby, a.w., bl. 105; Bock, History and theory, dl. 6, bl. 303; Thompson, K.W., Ethics, dl. 65, bl. 299; Montagu, a.w., bl. 149.

45) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 271.

46) Ibid., dl. 12, bl. 280.

47) Ibid., dl. 12, bl. 278.

nus of culture".⁴⁸⁾ Hy spreek nog steeds van spesies, al is dit in figuurlike sin, en sien die beskawings tog as gelyke en vergelykbare eenhede, duidelik te onderskei van primitiewe samelewings.

In die eerste deel van sy werk vergelyk Toynbee beskawings met motors wat deur eenrigtingstrate beweeg, waarvan geeneen nog daarin geslaag het om die uitgang te bereik nie.⁴⁹⁾ Hy wil die beskawings dus sien as dinamiese prosesse wat van 'n beginpunt, die primitiewe samelewings, na 'n eindpunt, 'n hoër stadium van ontwikkeling, beweeg en hul ondergang as mislukking om die einddoel te bereik. Juis dié mislukking van al die beskawings tot dusver is vir Toynbee 'n verdere bewys vir hul vergelykbaarheid en filosofiese ekwivalensie.⁵⁰⁾ Die ontwikkelingstadium in die menslike ewolusie wat hulle verteenwoordig duur slegs ses duisend jaar oor 'n tydperk van honderdduisende jare van menslike ontwikkeling; daarom is hul ook filosofies kontemporêr. Vanuit sy lewensfilosofiese, ewolusionistiese standpunt sien Toynbee die beskawings as onderling vergelykbare prosesse of ontwikkelingstadia. Dit is vir hom só evident dat hy, ook nog in sy Reconsiderations,⁵¹⁾ eintlik nie daaraan twyfel nie.⁵²⁾

Ander ondersoekers het groter moeite ondervind om die beskawingsbegrip te definieer en 'n kriterium vir hul afbakening van primitiewe kulture te vind: P. Bagby wil beskawings as van primêr kulturele aard beskou. Kultuur sien hy as „regularities in the behaviour, internal and external, of the members of a society, excluding those regularities which are clearly hereditary in origin”,⁵³⁾ en 'n kultuureenheid as „the aggregate of cultural regularities found in a group of local communities, the size and boundaries of

48) Ibid., dl. 12, bl. 282.

49) Ibid., dl. 1, bl. 116.

50) Ibid., dl. 1, bl. 177.

51) Vgl. *ibid.*, dl. 12, bl. 170.

52) Vgl. Popper, K.R., The poverty of historicism. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1957, bl. 110- 112.

53) Bagby, a.w., bl. 95.

the group being determined in theory by the presence or absence of a set of basic ideas or values, and in practice by the presence of a set of characteristic institutions".⁵⁴⁾ Beskawings is vir hom daarom "larger, more complex cultures, which embrace the fields of events usually studied by historians"⁵⁵⁾ wat van die primitiewe kulture te onderskei is deur die aanwesigheid van stede. Aangesien hy stede definieer as "agglomerations of dwellings, many . . . of whose inhabitants are not engaged in producing food",⁵⁶⁾ word arbeidsverdeling vir hom net soos vir Toynbee 'n kriterium om beskawings van primitiewe gemeenskappe te onderskei.

Daarteenoor meen R. Coulborn dat die civilized societies, soos hy beskawings noem, van primitiewe gemeenskappe te onderskei is deur hul groter kompleksiteit en die aanwesigheid van meer kennis en groter rykdom by die lede, terwyl ook die sikliese beweging vir hom iets tipies van die beskawings teenoor primitiewe samelewings is.⁵⁷⁾ Dit is 'n belangrike verskil met Toynbee, wat die siklus as 'n abnormaliteit en 'n reglynige ewolusie as die normale verloop wil sien. Coulborn wil die siklusbeweging selfs gebruik om beskawings van mekaar af te baken: "Civilization differs in all cases to some extent between cycles, whether the cycles are said to be successive cycles in the history of the same society, or whether they are said to belong to different, but related - more or less successive - societies. When the difference is less, the same name is used for the society in the two successive cycles in question; where the difference is greater a new name is used for the society in the later cycle, and in each case of greater difference the new society derived its civilization from more than the one predecessor, even if the one predecessor contributed most."⁵⁸⁾ Waar Toynbee die beskawings as vaste liggame en aparte spesies sien, beskou Coulborn die grense tussen beskawings dus as veel meer relatief. Hy erken tog 'n individualiteit van elke beskawing,

54) Ibid., bl. 122.

55) Ibid., bl. 159.

56) Ibid., bl. 163.

57) Coulborn, The origin of civilized societies, bl. 20.

58) Ibid., bl. 7- 8.

'n eie styl, „the 'Chineseness' of what is Chinese, the 'Egyptian-ness' of what is Egyptian",⁵⁹⁾ wat ook 'n moontlikheid bied om beskawings van mekaar te onderskei.⁶⁰⁾

Dit blyk dat Toynbee se begrip van wat 'n beskawing is nie as algemeen aanvaar beskou kan word nie, maar sterk gekleur is deur persoonlike veronderstellinge. Daardeur is sy hipotese dat beskawings eenhede van dieselfde soort en dus in alle opsigte vergelykbaar is eweneens aanvegbaar. Sy siening beïnvloed ook direk sy afbakening van die beskawings wat hy vergelykend wil ondersoek van mekaar, soos hieronder aangetoon sal word.

4. Afbakening van eenhede van ondersoek

In sy soektog na 'n veld van ondersoek wat, anders as 'n nasie soos Engeland, 'n eenheid in sigself vorm, kom Toynbee op die Westerse Beskawing af. Deur sy ondersoek verder in die ruimte uit te brei, vind hy nog 'n aantal gelyksoortige eenhede, o.m. die beskawings van die Oosterse Christendom en die Islam en die Hindoe-en Verre Oosterse Beskawings.⁶¹⁾ Deur dan sy ondersoek in die tyd uit te strek, bereik hy die Klassieke Beskawing, wat deur 'n interne en eksterne proletariaat met die Westerse Beskawing verbonde is. Hy meen dat, aangesien die fase van interne en eksterne proletariaat vanuit die Klassieke Beskawing se oogpunt anders as vanuit die Westerse Beskawing se oogpunt gesien word, daar besluit van twee aparte beskawings sprake moet wees.⁶²⁾ Hy gaan daarna na of ander van die reeds geïdentifiseerde beskawings op soortgelyke wyse met ouer beskawings verbind is en vind só nog 'n aantal kulture. Toynbee meen dat die verskynsels van 'n interne en eksterne proletariaat, 'n universele kerk en universele staat en 'n volksverhuising besondere tekens is wat op 'n affiliasie⁶³⁾ van een beskawing met 'n ouer een dui, sodat hierdie verskynsels eintlik saam 'n krite-

59) Ibid., bl. 22.

60) Vgl. ibid., bl. 16- 17.

61) Toynbee, A study of history, dl. 1, bl. 34- 35.

62) Ibid., dl. 1, bl.42.

63) Die term „affiliasie" word hier en verder i.v.m. Toynbee se studie gebruik in die sin wat Toynbee dit doen, nl. om 'n besondere verband of verwantskap tussen twee beskawings aan te dui.

rium vorm om beskawings van mekaar te onderskei. Op grond van dié kriterium moet hy die Westerse en Klassieke Beskawings as afsonderlike eenhede sien, maar kan hy bv. nie in die Egiptiese Beskawing meer as een beskawing vind nie. Aangesien die gedagte van affiliasie reeds die verval en ondergang van die ouer beskawing impliseer, word die ondergangsfase as stadium wat elke beskawing moet deurloop dus reeds vooraf aangeneem i.p.v. deur die ondersoek self aangetoon.⁶⁴⁾ Sy kriteria van afbakening word derhalwe relatief tot die oogmerke van sy studie en tot sy hipotese, soos hy self erken.⁶⁵⁾ Ook blyk dit dat die ondergang van die Klassieke Beskawing in besonder vir Toynbee die tekens van affiliasie toon, sodat hierdie beskawing eintlik as model geneem word om die beskawings te onderskei en van mekaar af te baken.

Deur die bogenoemde prosedure vind Toynbee een-en-twintig beskawings, wat in die loop van sy ondersoek nog met twee vermeerder. Hy klassifiseer hulle soos volg:

(a) beskawings van die eerste generasie, onverwant aan ander, d.w.s. sonder 'n verbinding met ander vroeëre of latere beskawings - (i) Egiptiese en (ii) Andes-beskawing;

(b) beskawings van die eerste generasie, ongeaffilieer met ander, d.w.s. sonder 'n verbinding met 'n vroeëre beskawing - (iii) Siniese Beskawing (later genoem Shang-beskawing terwyl die Siniese 'n geaffilieerde beskawing word), (iv) Minbïese, (v) Sumeriese en (vi) Maya-beskawing en (vii) die beskawing van die Indusbekken (later bygevoeg);

(c) beskawings van die tweede generasie - (viii) Siriese Beskawing (geaffilieer met die Minbïese); (ix) Indiese Beskawing (geaffilieer met dié van die Indus); (x) Babiloniese Beskawing (geaffilieer met die Sumeriese); (xi) Yucatec-beskawing (geaffilieer met die Maya-beskawing); (xii) Mexikaanse Beskawing (geaffilieer met die Maya-beskawing); (xiii) Siniese Beskawing (geaffilieer met die Shang-beskawing); (xiv) Hettitiese Beskawing (ge-

64) Vgl. Dray, W.H., Toynbee's search for historical laws (History and theory, dl. 1, 1961, bl. 43) en Bagby, a.w., bl. 77.

65) Toynbee, A study of history, dl. 8, bl. 667- 675.

affilieer met die Sumeriese); (xv) Hellenistiese Beskawing (geaffilieer met die Minoïese);

(d) beskawings van die derde generasie - (xvi) Ortodokse Christendôm - hoofliggaam (geaffilieer met die Hellenistiese Beskawing); (xvii) Ortodokse Christendom - Russiese tak (geaffilieer met die Hellenistiese Beskawing); (xviii) Westerse Beskawing (geaffilieer met die Hellenistiese); (xix) Arabies-Moslem-beskawing (geaffilieer met die Siriese); (xx) Iraans-Moslem-beskawing (geaffilieer met die Siriese); (xxi) Hindoe-beskawing (geaffilieer met die Indiese); (xxii) Verre Oosterse Beskawing - hoofliggaam (geaffilieer met die Siniese); (xxiii) Verre Oosterse Beskawing - Japanse tak (geaffilieer met die Siniese).⁶⁶⁾

Hierbenewens vind Toynbee in die loop van sy werk nog 'n aantal arrested civilizations, nl. dié van die Eskimo's, Nomade, Osmanli en Spartane,⁶⁷⁾ asook sg. abortiewe beskawings: die eerste Siriese Beskawing, die Verre Oosterse Christendôm, die Verre Westerse Christendom, die Skandinawiese Beskawing en die Middeleeuse Westerse stadstaatkosmos.⁶⁸⁾ Hierdie lyste is egter nie volledig nie, want Toynbee gebruik dié gevalle slegs as voorbeelde by die behandeling van 'n bepaalde fase in die ontwikkeling van beskawings.

Dit is dus op grond van die affiliasie-gedagte dat Toynbee generasies van beskawings kan onderskei en so verskillende beskawings vind waar ander ondersoekers miskien net een sien. Dat Toynbee se konklusies deur so 'n afbakening beïnvloed moet wees, spreek vanself. Ook blyk dit dat die biologiese spesie-idee 'n rol speel ; hy onderskei generasies waarby elke beskawing slegs van een ander beskawing afstam. In sy Reconsiderations kom Toynbee met 'n heeltemal nuwe klassifikasie waarin hy, deur naas die Klassieke Beskawing nou ook die Chinese en Joodse Kulture as model te gebruik,

66) Ibid., dl. 1, bl. 132- 133 en dl. 7, bl. 772. Vgl. ook dl. 12, bl. 461.

67) Ibid., dl. 3, bl. 4- 79.

68) Ibid., dl. 2, bl. 340 e.v. en dl. 3, bl. 299.

nie meer die ou affiliasie-idee toepas nie en een beskawing nou as aan verskillende ouer beskawings verwant beskou. Ook onderskei hy tussen hoof- en satellietbeskawings. Sy lys sien daar nou soos volg uit:

(I) Hoofbeskawings: (a) beskawings onverwant aan ander, d.w.s. sê sonder 'n besondere verband met 'n ouer of latere beskawing - (i) Andes-beskawing en (ii) Midde-Amerikaanse Beskawing (sluit nou die Maya-, Yucatec en Mexikaanse Beskawings in);

(b) ongeaffilieer met ander, d.w.s. sonder 'n besondere verband met 'n vroeëre beskawing - (iii) Sumeries-Akkadiese Beskawing (sluit nou die Babiloniese in); (iv) Egiptiese Beskawing; (v) Egeïese Beskawing; (vi) Indus-beskawing; (vii) Siniese Beskawing (sluit nou die Shang-beskawing en die Verre Oosterse Beskawing - hoofliggaam in);

(c) geaffilieer met ander - tweede generasie - (viii) Siriese Beskawing (geaffilieer met die Sumeries-Akkadiese, Egiptiese, Egeïese en Hettitiese Beskawings); (ix) Hellenistiese Beskawing (geaffilieer met die Egeïese); (x) Indiese Beskawing (geaffilieer met die Indus-beskawing, sluit nou die Hindoe-beskawing in);

(d) geaffilieer met ander - derde generasie - (xi) Ortodoks-Christelike Beskawing; (xii) Westerse Beskawing en (xiii) Islam-beskawing, al drie geaffilieer met sowel die Siriese as Hellenistiese Beskawings.

(II) Sekondêre beskawings: die Mississippi-beskawing, en die Suidwes-Amerikaanse Beskawing (albei geaffilieer met die Midde-Amerikaanse); die beskawings van die Noord- en Suid-Andes (geaffilieer met die Andes-beskawing); die beskawing van die Elamiete⁶⁹⁾ (geaffilieer met die Sumeries-Akkadiese); die Hettitiese Beskawing (eers as 'n hoofbeskawing gesien, geaffilieer met die Sumeries-Akkadiese); Urartu⁶⁹⁾ (geaffilieer met die Sumeries-Akkadiese); die Iraanse Beskawing (vroeër 'n hoofbeskawing, geaffilieer met die Sumeries-Akkadiese en Siriese Beskawings); die Koreaanse, Japanse en Viëtnamese Beskawings (geaffilieer met die Siniese Beskawing); die Italiese Beskawing⁶⁹⁾ (geaffilieer met die Hellenistiese);

69) Deur Toynbee as onseker aangedui.

die Suidoos-Asiatiese Beskawing (geaffilieer met die Indiese en Islam-beskawings); die Tibetaanse Beskawing (geaffilieer met die Indiese); die Russies-Ortodokse Beskawing (geaffilieer met die Ortodoks-Christelike en Westerse Beskawings, vroeër gesien as 'n hoofbeskawing).⁷⁰⁾

Hierdie belangrike wysiginge het Toynbee dus eers aangebring nadat sy ondersoek reeds voltooi was. Die feit dat hy dit kon doen sonder om van sy konklusies beslis te herroep, dui reeds daarop dat sy vergelykende ondersoek nie sistematies beskawing vir beskawing betrek nie.

Dit is ook belangrik om kortliks daarop te let hoe Toynbee se klassifikasie van dié van ander wetenskaplikes verskil. Oswald Spengler onderskei naas die Westerse, Klassieke en Arabies-Bisantynse Beskawings nog die Indiese, Chinese en Maya-beskawings, al gee hy aan lg. drie weinig aandag.⁷¹⁾ Alfred Kroeber, op wie se studie nog nader gelet moet word, maak geen skerp onderskeid tussen beskawings en ander kultuureenhede nie en meen dat een beskawing verskillende fases van opkoms en verval kan hê. Hy onderskei bv. 'n Grieks-Romeinse Beskawing, waartoe hy ook die Bisantynse Beskawing as fase reken. Hiernaas ken hy die Westerse en Islam-beskawings, 'n Indiese Beskawing met twee fases, 'n Chinese Beskawing met drie fases, 'n Egiptiese Beskawing met vier fases en 'n Maya-beskawing.⁷²⁾ Philip Bagby se lys bevat die Egiptiese, Babiloniese, Chinese, Indiese, Klassieke, Peruviaanse, Midde-Amerikaanse, Wes-Europese en Midde-Oosterse⁷³⁾ Beskawings. Hy beskou die Hettitiese, Siro-Fenisiëse, Myceense, Indus-, Birmese, Ceylonese, Cambodjaanse, Maleis-Indonesiese, Koreaanse, Japanse e.a. kulture slegs as peri-

70) Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 559- 561.

71) Kyk bl. 78 hierbo.

72) Kroeber, A.L., A roster of civilizations and culture. Chicago, Aldine, 1962.

73) Dít is, soos die Arabies-Bisantynse Beskawing van Spengler, 'n beskawing wat elemente soos die Islam-, Bisantynse en Nestoriaans Christelike Kulture bevat en word as sodanig heeltemal as eenheid verwerp deur Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 454, en Kroeber, A roster of civilizations and culture, bl. 24- 25.

ferie- of sekondêre beskawings. Alle beskawings is tans ook besig om periferie-beskawings van die Westerse Beskawing te word. Hy meen dat die periferie-beskawings hul van hoofbeskawings onderskei deur dat hul van korter duur was en geen belangrike kunsstyl of denksistiem opgelewer het nie.⁷⁴⁾ Ten slotte onderskei Rushton Coulborn sewe primêre beskawings, nl. die Midde-Amerikaanse, Andes-, Kretensiese, Egiptiese, Mesopotaamse, Indiese en Chinese Beskawings. Hierdie beskawings is die vroeëres, terwyl die latere beskawings almal deur vermenging tussen die primêre beskawings ontstaan het in die Middellandse-seegebied, nl. die Hebreuse, Grieks-Romeinse, Iraanse, Westerse en Islam-beskawings.⁷⁵⁾

Daar is dus heelwat onderlinge verskille in die afbakening en klassifikasie van beskawings. Soms word daar onderskei tussen primêre en sekondêre, hoof- en periferie-beskawings, waarby weer baie verskille t.o.v. afbakenings- en klassifikasiekriteria bestaan. Toynbee se indeling volgens die affiliasie-idee is net een moontlike wyse om beskawings te onderskei en sy lys bevat baie beskawings wat glad nie algemeen as afsonderlike beskawings aanvaar word nie. Dat sy beskawings vergelykbare eenhede, almal spesies van dieselfde soort is,⁷⁶⁾ staan dus geensins vas nie. Toynbee se uitgangspunt, waaraan hy ook in die laaste deel van sy werk nog vashou, nl. dat al die beskawings as mekaar se gelykes beskou moet word, is geensins algemeen aanvaarbaar en in sigself voldoende om beskawings van mekaar af te baken nie.

Toynbee het geen seleksie van beskawings vir verdere ondersoek gedoen nie; alle beskawings wat hy gevind het, word in die ondersoek betrek. Desnieteenstaande bevat sy lys nie alle beskawings wat bestaan en al onderskei is nie; daar is veral 'n aantal sekondêre en periferie-beskawings, waarvan Toynbee in sy Reconsidera-

74) Bagby, a.w., bl. 165- 177.

75) Coulborn, R., Structure and process of civilized societies (Comparative studies in society and history, dl. 8, 1965-1966, bl. 404- 431).

76) Vgl. Burn , A.R., The comparative study of civilizations. Toynbee's study of history. (History, dl. 41, 1956, bl. 6- 7).

tions ook verskillendes opnoem,⁷⁷⁾ wat hy buite behandeling laat. Daar is t.o.v. die kleiner en minder duidelik onderskeibare eenhede 'n seleksie gedoen wat 'n element van willekeur bevat. Om hierdie rede en weens sy besondere definisie van beskawings, kan sy konklusies nie sonder meer as geldend vir alle moontlike beskawings gereken word nie.

5. Metode van ondersoek

Teen Toynbee se metode van ondersoek as een van vergelyking van beskawings as sodanig is heelwat kritiek ingebring. Sommige geleerdes het verklaar dat sy onderneming om 'n aantal beskawings naas mekaar te stel en te vergelyk in prinsipe reeds onmoontlik is, o.a. P. Geyl, wat die mening huldig dat die geskiedenis te ryk en gevarieerd is om in algemene kategorieë gevoeg te word.⁷⁸⁾ H.J. Morgenthau weer glo dat sulke algemene kategorieë waarin die geskiedenis georden kan word slegs gevind kan word indien die ondersoeker die onmoontlike regkry, nl. om buite sy eie beskawing te tree, sy gebondenheid daaraan te oorkom.⁷⁹⁾ 'n Derde wetenskaplike, C. Dawson, meen dat die hoër religies, wat so 'n belangrike plek in Toynbee se studie inneem, nie empiries te bestudeer is nie omdat hulle die sfeer van die geskiedenis transendeer.⁸⁰⁾ Verder word die beswaar geopper dat daar te min beskawings in die geskiedenis is om op grond daarvan geldige generalisasie te doen.⁸¹⁾ Oor lg. probleem was Toynbee self ook besorg en dit het hom die relatiewe geldigheid van sy konklusies laat beklemtoon.⁸²⁾ Dit is duidelik dat bogenoemde punte van kritiek uit bepaalde, onderling verskillende geskied-

77) Kyk bl. 178- 179 hierbo.

78) Geyl, a.w., bl. 137.

79) Montagu, a.w., bl. 194.

80) Ibid., bl. 134.

81) Ibid., bl. 272.

82) Vgl. Toynbee, A study of history, dl. 12, bl. 41 e.v. Soos reeds gemeld, nl. op bl. 153 hierbo, hang die geldigheid van 'n generalisasie nie in die eerste plek af van die aantal gevalle wat ondersoek is nie, maar van die mate waarin hul verteenwoordigend is van al die gevalle wat tot die onderwerp behoort.

filosofiese standpunte gerig word. Dit raak probleme i.v.m. die aard van die generaliserende vergelyking self waarom in hierdie hele ondersoek gehandel word en waarop slegs antwoord gegee kan word as by die konklusies daarvan gekom word.⁸³⁾

'n Ander groep kritici kan Toynbee se metode in beginsel onderskryf, maar nie sy hele prosedure as korrek beskou nie.⁸⁴⁾ Daar word o.m. beweer dat 'n vergelykende studie van beskawings soveel feite-ondersoek vereis dat dit eintlik nie deur een man uitgevoer kan word nie⁸⁵⁾ en dat kennis van verskillende onderwerpe op verskillende wetenskaplike terreine daarvoor nodig is, kennis wat Toynbee nie in genoegsame mate besit nie.⁸⁶⁾ Verder toon kritici dat die gegewens oor sommige beskawings, bv. die Chinese,⁸⁷⁾ gebrekkig is en dat beskawings eers veel beter geken moet word voordat hul vergelykbaar is.⁸⁸⁾ Die geregverdigdheid van hierdie kritiekpunte sal hieronder duideliker na vore kom.

Op die empiriese werkwyse van Toynbee, soos hy sy prosedure van ondersoek self steeds noem, word ook heelwat kommentaar gelewer. So word verklaar dat Toynbee eintlik 'n empiristiese standpunt huldig⁸⁹⁾ en selfs dat hy 'n natuurwetenskaplik-positiwistiese benadering tot die geskiedenis het.⁹⁰⁾ Aangesien hierdie beskuldiging ook van bepaalde standpunte, teengestel aan dié waarvan hul Toynbee beskuldig, ingebring word, word hulle nie sonder meer deur alle kritici onderskryf nie. Hoewel sy gebruik van biologiese begrippe

83) Kyk hoofstukke XIII en XIV hieronder.

84) Vgl. Barraclough, a.w., bl. 14, 16 en Dray, History and theory, dl. 1, bl. 34.

85) Vgl. Romein, Tussen vrees en vrijheid, bl. 107.

86) Vgl. Montagu, a.w., bl. 112, 178 en Anderle, Saeculum, dl. 9, bl. 220 e.v.

87) Vgl. Montagu, a.w., bl. 271.

88) Ibid., bl. 137, 167.

89) Vgl. Anderle, Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees, bl. 17, 35.

90) Vgl. Collingwood, R.G., The idea of history. Oxford, Clarendon, 1946, bl. 159 en Anderle, Saeculum, dl. 9, bl. 206.

enigsins aan 'n natuurwetenskaplike benadering herinner, staan hy in ander opsigte juis weer ver van so 'n benadering af. Hy is nl. ook reeds dikwels aangeval vir sy aanwending van mites, wat hy 'n „intuitive form of apprehending and expressing universal truths” noem.⁹¹⁾ Hy trek nie 'n skerp grens tussen mite en wetenskap nie⁹²⁾ en die beskuldiging dat hy legendes en feite, metafore en argumente verwar,⁹³⁾ is nie ten onregte nie. Logiese redenasie speel nie 'n primêre rol in sy metode van ondersoek nie; Karl Popper wys daarop dat hy argumente nie op hul gesigswaarde aanvaar nie, maar 'n irrasionele element daarin sien.⁹⁴⁾ In hierdie tendense van Toynbee se werkwyse blyk ook iets van die invloed van die psigo-analise, waar-toe hy hom aangetrokke gevoel het.⁹⁵⁾ Hoewel nie gesê kan word dat Toynbee geen empiriese prosedure volg nie, kan sy metode van ondersoek dus nie as in alle opsigte stelselmatig en wetenskaplik beskou word nie.

Om enigsins 'n beeld van Toynbee se metode van ondersoek te verkry, word kortliks gelet op sy prosedure by die bestudering van die ontstaan van beskawings.⁹⁶⁾ Op grond van die affiliasie-idee, wat hy reeds by die afbakening van die beskawings na vore gebring het, kan hy vireers die ontstaan van die latere beskawings as verklaar beskou en hom op die ontstaan van die primêre beskawings direk uit die primitiewe samelewings toespits. Hy gee eers 'n algemene beskouing, waarin hy duidelik maak dat die ontstaan van die eerste beskawings as die oorgang van 'n statiese na 'n dinamiese toestand ge-

91) Toynbee, A study of history, dl. 2, bl. 259.

92) Vgl. Anderle, Saeculum, dl. 9, bl. 227.

93) Vgl. Montagu, a.w., bl. 97, 291.

94) Popper, K.R., The open society and its enemies. Dl. 2, Londen, Routledge & Kegan Paul, 1947, bl. 251.

95) Vgl. Henningsen, a.w., bl. 105.

96) Toynbee se studie bestaan uit die volgende hoofafdelings : die ontstaan van beskawings; die groei van beskawings; die instorting (breakdown) van beskawings; die disintegrasie van beskawings; universele kerke; heroïese tydperke; kontak tussen beskawings in die ruimte; kontak tussen beskawings in die tyd; wetmatigheid en vryheid in die geskiedenis; die vooruitsigte van die Westerse Beskawing.

sien moet word, wat hy in terme van Chinese filosofie as die oorgang van 'n Yin- na 'n Yang-fase en as deel van die ritme van die heelal uitdruk.⁹⁷⁾ Waarom is die Yin-toestand, die „integration of custom“, egter juis op bepaalde tye en plekke deurbreek? Toynbee ondersoek die moontlikheid dat 'n besondere ras of omgewing die oorsaak is, maar aangesien beskawings onder verskillende rasse en in diverse omgewings ontstaan het, kom hy tot 'n negatiewe konklusie.⁹⁸⁾ Hy kom nou met 'n nuwe faktor, die begrip „challenge and response“, wat hy eers in die algemeen en in aansluiting by sy beskouinge oor Yin en Yang met behulp van mites toelig. Dan wil hy dié faktor empiries op die proef stel: „Let us look again into the origin of our twenty-one civilizations in order to ascertain, by an empirical test, whether the conception of Challenge-and-Response answers to the factor of which we are in search any better than the hypotheses of Race and Environment which we have already weighed and found wanting“.⁹⁹⁾ Hierdie ondersoek is nie baie uitgebreid nie; in sowat drie bladsye per beskawing toon hy aan watter omstandighede telkens uitdagings gestel het - soms is dit die woestyn, soms die see (Kreta) of die tropiese oerwoud (Midde-Amerika). Hy meen dat die juistheid van sy hipotese t.o.v. die eerste beskawings nou aangetoon is en wil dit ook in die geval van die geaffilieerde beskawings toepas, waar die uitdaging veral in die menslike omgewing geleë is - in administratiewe swakheid van die regering, die optrede van die interne proletariaat ens., dus juis in dié omstandighede wat tot die ondergang van die vorige beskawing, waarmee dit geaffilieer is, gelei het.

Vervolgens wys Toynbee daarop dat, voortvloeiende uit sy hipotese, beskawings nie maklik in gunstige omstandighede ontstaan nie. Om dit aan te toon beskryf hy verskillende situasies, op Ceylon en Paaseiland en in die Romeinse Campagna, in Capua en in Nieu-Engeland. Telkens het die omgewings met die gunstige omstandighede nie tot sulke belangrike kultuurontwikkelinge en kultuurprodukte gelei as dié waarin juis moeilike omstandighede geheers het

97) Toynbee, A study of history, dl. 1, bl. 195, 203.

98) Ibid, dl. 1, bl. 233.

99) Ibid., dl. 1, bl. 299, 300.

nie. Vergelykinge tussen die ontwikkelinge aan die Chinese Geelrivier en aan die Jangste, in Brandenburg en in die Rynland, in die hoog- en in die laaglande van Guatemala ens. word gedoen om dit verder duidelik te maak en te wys op die stimulus wat sg. hard countries bied. Hy beskryf ook gevalle waar immigrasie, nuwe grond en terugslae 'n uitdaging gebied het wat suksesvol beantwoord is. Die uitdaging kan soms egter te groot word; dit illustreer hy met vergelykinge in drie terme, waar die een gebied se uitdaginge te klein, die tweede s'n net genôeg en die derde s'n te groot was: Noorweë - Ysland - Groenland; Dixie - Massachusetts - Maine; Brazilië - La Plata - Patagonië. Alte groot uitdagings kan abortiewe beskawings voortbring, soos hy probeer aantoon deur die behandeling van die vroeg-Middeleeuse Christelike beskawing in Ierland, die beskawing van die Vikinge en dié van die Nestoriaanse Christene. Sy uiteindelijke konklusie oor die oorsaak van die ontstaan van beskawings formuleer hy soos volg: „In scientific terminology, the most stimulating challenge is to be found in a mean between a deficiency of severity and an excess of it”.¹⁰⁰⁾ In die loop van sy studie ontdek Toynbee later 'n verdere faktor in die ontstaan van beskawings, meer in besonder in dié van die geaffilieerde beskawings, nl. die universele kerk en die rol van die hoër godsdienste. Sy algemene verklaring vir die geboorte van beskawings bly egter die wet van uitdaging en antwoord.

Het Toynbee die geldigheid van hierdie wet oortuigend bewys? Dit is duidelik dat hy nie stelselmatig al die beskawings wat hy onderskei se ontstaansgeskiedenis behandel nie; hy gebruik selfs voorbeelde vir die ontstaan van kultuurontwikkelinge wat glad nie as aparte beskawings deur hom beskou word nie, bv. die beskawing in Noord-Amerika, op Paaseiland en op Ceylon. Toynbee illustreer sy stellings slegs met voorbeelde en toets dit nie werklik deur gevalle-onderzoek nie. Hy probeer ook nie aantoon dat die konsepsie „challenge and response” 'n voldoende verklaring bied vir die ontstaan van beskawings of selfs dat dit die primêre faktor daarin is nie, dit ten spyte daarvan dat hy een-en-'n-halwe

100) Ibid., dl. 2, bl. 393.

boekdeel aan die ontstaan van beskawings wy.

Dat Toynbee se ondersoek nie wetenskaplik en deeglik genoeg is nie blyk as dit vergelyk word met ander pogings om die ontstaan van die eerste beskawings te verklaar. Daar is al verskillende en uiteenlopende verklarings gegee, o.a. die bestaan van 'n hidrouliese landboustelsel en van 'n gesentraliseerde burokratiese regering,¹⁰¹⁾ veranderde klimaatomstandighede, uitputting van grond deur primitiewe landboubeoefening en die koms van 'n nuwe religie. Laasgenoemde faktore word genoem deur Rushton Coulborn wat 'n redelik deeglike ondersoek na die ontstaan van die eerste beskawings doen.¹⁰²⁾ Coulborn gaan in op die geologiese omstandighede en die ontwikkeling en verspreiding van die landbou onder die primitiewe samelewings en kom tot die konklusie dat klimaatsveranderinge gelei het tot uitbreiding van 'n woestynklimaat na die vroeër vrugbare gedeeltes waar landbou beoefen is. Die gevolglike opdroging van watervoorrade het gekom op 'n stadium toe die grond reeds deur swak landboumetodes uitgeput was en die bevolking as gevolg van die groot opbrengste van die landbouproduksie reeds baie toegeneem het. Die landbouers moes daarop hul toevlug neem tot die rivieroewers, waarby hul eers die moerasse om die riviere moes drooglê. Die vrugbare grond wat hul sodoende gevind het, het 'n veel groter landbouproduksie as te vore opgelewer. Dié toestande het verder gelei tot waterverering as 'n nuwe religie wat deur die primitiewe gemeenskappe gesamentlik aanvaar is en waardeur hul in die nuwe omgewings tot groter eenhede saamgesmelt het. Hierdie omstandighede het saam gelei tot die ontstaan van die oudste beskawings.

Dié teorie wat Coulborn deur 'n vergelykende ondersoek vorm,¹⁰³⁾ stem nie ooreen met ander soos dié van Toynbee en Wittfo-

101) Wittfogel, K.A., Oriental despotism: a comparative study of total power. New Haven, Yale University Press, 1957. Vgl. ook Wolf, E.R., Understanding civilizations (Comparative studies in society and history), dl. 9, 1966-1967, bl. 446-465).

102) Coulborn, The origin of civilized societies.

103) Die teorie soos hierbo geskets, geld slegs vir die eerste beskawings wat aan rivieroewers ontstaan het. Coulborn pas dit egter aan om ook te geld vir die beskawings op Kreta en in Midde-Amerika.

gel nie en is ook nie onaanvegbaar nie. Dit berus op 'n bepaalde interpretasie van weinig gegewens. Coulborn gebruik egter alle moontlike feitemateriaal vir sy ondersoek, geologies en argeologies, en ook oorleweringe en mites, gegewens dus wat Toynbee geensins almal tot sy beskikking gehad en aangewend het nie. Toynbee se teorie is gegrond op onvoldoende ondersoek van feite wat self al te onvoldedig is om 'n algemeen aanvaarbare konklusie moontlik te maak. In die lig van Coulborn se teorie lyk dié van Toynbee ook nie omvattend genoeg nie; dit bevat wel 'n element van Coulborn se verklaring, maar nie soseer die essensiële of primêre element daarvan nie. Toynbee se verklaring is dus nie direk onjuis nie, maar wel onvoldoende en eensydig.

Toynbee se prosedure in sy verdere ondersoek bly ongeveer dieselfde. Hoewel hy uitgebreide beskrywinge gee, bevat dit grotendeels algemene beskouinge en verwysings na verskillende gevalle, sonder dat die geskiedenis van die verskillende beskawings direk vergelykend naas mekaar gestel word. Sy teorieë spruit voort uit sy beskouinge en eintlik nie uit die ondersoek self nie, wat slegs dien om dit te illustreer. As al sy verklarings en generalisasies, wat in hulself onvoldoende en eensydig is, dan tot 'n sisteem aaneensluit, spreek dit vanself dat so 'n sisteem ook eensydig is en deur die besondere kombinasie van eensydighede in sy geheel onjuis word.

Hiermee is nie gesê dat Toynbee se sisteem apriories is en sy empiriese metode daarom slegs skyn en selfbedrog moet wees, soos kritici beweer nie.¹⁰⁴⁾ Al mag 'n bepaalde teorie reeds by hom vorm aangeneem het voor hy met sy ondersoek begin het, gaan hy tog empiries te werk en is sy teorie veel meer die resultaat van

104) Vgl.: Hampl, F., Grundsätzliches zum Werke A.J. Toynbees (Historische Zeitschrift, dl. 173, 1952, bl. 466); Smitskamp, a.w. (Christeljk Nationale Bibliotheek, a.w., bl. 181); Dreyer, a.w., bl. 284; Erdmann, K.D., Toynbee - eine Zwischenbilanz (Archiv für Kulturgeschichte, dl. 33, 1951, bl. 174-250); Zahn, a.w., bl. 39; Geyl, a.w., bl. 144; Gargan, a.w., bl. 40.

induksie as dié van die ouer kultuursiklusteoretici.¹⁰⁵⁾ In die loop van sy werk vind hy steeds nuwe probleme, waarvoor hy nuwe verklarings soek, en ondergaan sy hele beskouing ook verandering. Sy empiriese werkwyse is egter nie wetenskaplik korrek genoeg nie. Tereg is die beswaar geopper dat Toynbee te veel selekteer, vereenvoudig en reduceer by sy verklarings en sodoende die geskiedenis in 'n bepaalde skema bring, 'n Procrustusbehandeling laat ondergaan.¹⁰⁶⁾ Natuurlik is 'n mate van seleksie by elke wetenskaplike ondersoek noodsaaklik en kan nooit alle moontlike feite i.v.m. 'n sekere onderwerp behandel word nie; nie alle feite is sleutelfeite nie, verklaar Toynbee self tereg.¹⁰⁷⁾ Die probleem is egter of Toynbee se sleutelfeite werklik die sleutelfeite en al die sleutelfeite is. Toynbee se seleksie is in verskillende opsigte eensydig; hy behandel bv. hoofsaaklik politieke, sosiale en godsdiensgeskiedenis en gee weinig aandag aan die rol van die ekonomie, die wetenskap en die kuns.¹⁰⁸⁾ Ook skyn dit of hy te veel aandag gee aan die feite wat sy hipotese bevestig en te weinig aan dié wat dit kan weerlê.¹⁰⁹⁾ Deur sy prosedure om hipoteses te stel en dan gevalle te beskryf wat hulle juistheid moet aantoon, kan dié beskawings waar die hipoteses nie so maklik as juis aangetoon kan word nie stilswyend weggelaat word. Die beskuldiging dat sy metode dié van 'n „lucky dip“¹¹⁰⁾ en 'n „rule of the thumb“¹¹¹⁾ is, is daarom nie heeltemal ten onregte nie. Dit kom alles daarop neer dat Toynbee se ondersoek meer dien om te illustreer as om te bewys.

105) Vgl. Vogt, Wege zum historischen Universum: von Ranke bis Toynbee, bl. 109 en Locher, De gids, dl. 5, bl. 100.

106) Vgl.: Montagu, a.w., bl. 45-46, 192; Locher, Inleiding tot het denken van Toynbee, bl. 33; Barnes, H.E. (red.), An introduction to the history of sociology. Chicago, 1948, bl. 111.

107) Geyl, P. en Toynbee, A.J., Can we know the pattern of the past? Bussum, Kroonder, 1948, bl. 36.

108) Vgl.: Locher, Inleiding tot het denken van Toynbee, bl. 20; Romein, Tussen vrees en vrijheid, bl. 207; Montagu, a.w., bl., 104.

109) Vgl. Montagu, a.w., bl. 92 en Dray, History and theory, dl. 1, bl. 38-39.

110) Vgl. Montagu, a.w., bl. 115.

111) Ibid., bl. 214.

Verskillende skrywers, w.o. vakspesialiste op bepaalde dele van die geskiedenis wat deur Toynbee betree is, toon op oortuigende wyse aan dat Toynbee se feite-interpretasie dikwels eensydig of onjuis is.¹¹²⁾ Dit dui daarop dat sy bronnestudie te wense oorlaat en dat hy te maklik tot konklusies kom wat in sy teorie pas. Dit moet natuurlik onthou word dat baie studies oor nie-Westerse beskawings eers verskyn het nadat Toynbee sy ondersoek gedoen het, maar tog skyn dit of sy werk, hoe uitgebreid dit ook al is, nie genoeg gedokumenteer en wetenskaplik begrond is nie. 'n Vergelykende studie van beskawings soos Toynbee dit onderneem het, blyk dus eintlik 'n onbegonne taak te wees.

Op grond van voorafgaande opmerkinge oor Toynbee se metode van ondersoek kan die vraag gestel word of hy werklik generaliserende vergelyking doen. Toynbee se prosedure kom inderdaad na aan die „paradigmatiese vergelyking“, die illustrasie van algemene stellings met voorbeelde: sy beskrywings gee meer toeligting as bewysvoering en sy ondersoek betrek nie telkens sistematies al die gevalle wat hy vir bestudering afgebaken het nie. Natuurlik moet hierby in gedagte gehou word dat dit onmoontlik sou wees om die verskillende beskawings elk volledig te behandel vir sover dit die ondersoek raak; Toynbee kan immers nie alles weergee wat hy bestudeer het nie. Desnieteenstaande kan sy wyse van weergawe nie geskik genoem word om sy hipoteses oortuigend te bevestig nie.

Al doen Toynbee dan eerder „paradigmatiese“ as generaliserende vergelyking, gaan hy nie sover as Spengler om sy wette as só vasstaande aan te neem dat hy op grond daarvan ook die geskiedenis rekonstrueer nie. T. Schieder beweer van Toynbee se vergelykingsprosedure: „Der Vergleich wird bei diesem geschichtswissenschaftlichen System zum methodischen Zentrum: Das System selbst beruht auf dem Formgesetz der Analogie und jede Analogisierung im einzelnen bestätigt das Grundgesetz des Ganzen. Damit haben wir die äusserste Grenze des generalisierenden Vergleichs er-

112) Dit blyk veral in: Montagu, a.w., waarin kenners oor o.a. die Chinese, Egiptiese en Joodse geskiedenis aan die woord is. Vgl. ook: Gargan, a.w., bl. 73 e.v.; Bock, History and theory, dl. 11, bl. 130 e.v.; Den Boer, W., Toynbee en de oude geskiedenis. Historiographie en mythus (De gids, dl. 10, 1948, bl. 12-40).

reicht".¹¹³⁾ O. Anderle verklaar: „das Netz der Vergleiche ist so dicht gewebt, dass jedes Teil nicht nur das Ganze, sondern auch die anderen Teile spiegelt".¹¹⁴⁾ Hierdie opvattinge kan nie onderskryf word nie; Toynbee maak wel dikwels van onderlinge vergelykinge gebruik om sy teorie te belig, bv. t.o.v. die gebiede waar op uitdaginge van verskillende graad gereageer moes word,¹¹⁵⁾ terwyl ook sy metafore en analogieë natuurlik 'n element van vergelyking bevat, maar dit raak nie direk sy prosedure van vergelykende ondersoek nie. Hy gaan empiries en metodies te werk en probeer om slegs deur vergelykende ondersoek tot generalisasie kom, al is dit nie sistematies en objektief genoeg nie.

6. Konklusies

Die konklusies waartoe Toynbee geraak, dus sy hele sisteem, is goed bekend en word daarom nie hier weergegee nie.¹¹⁶⁾ Dit is belangrik om in gedagte te hou dat sy generalisasies t.o.v. die verskillende fases van die beskawings, soos dié van „challenge and response", „withdrawal and return", die ontstaan van 'n dominerende minderheid en 'n interne en eksterne proletariaat, argaïsme en futurisme, palingenesia en die drie-en-'n-halwe slag van die disintegrasiesproses, saam 'n geheel vorm waaraan 'n eenheidsvisie ten grondslag lê. Alhoewel sommige van sy generalisasies dus meer aanvaarbaar as ander beskou kan word, kan hulle nooit sonder meer los van die sisteemgeheel gesien word nie.

In die voorafgaande oorsig is aangetoon dat Toynbee se ondersoekmetode te eensydig selektief is en sy konklusies 'n eensydige interpretasie van die feitelike toestand bied. Nie alleen laat Toynbee hom te veel deur sy filosofiese uitgangspunt lei nie, soos reeds by die afbakening van beskawings blyk, maar die Klassie-

113) Schieder, Geschichte als Wissenschaft, bl. 206.

114) Anderle, Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees, bl. 28-29.

115) Kyk bl. 185 hierbo.

116) 'n Kort samevatting van die konklusies word o.m. gegee deur Somervell, a.w., dl. 2.

ke Beskawing dien vir hom ook steeds as model vir die vergelyking.¹¹⁷⁾ Daarom sien hy alleen sekere ooreenkomste raak en generaliseer hy net op grond daarvan. Hoewel die verskillende generalisasies as sodanig nie onjuis is nie, gee hulle nie sonder meer die essensiële van die verloop van beskawings t.o.v. die onderskeie fases weer nie en bied die hele sisteem geen juiste teorie oor die gang van beskawings nie. Dit pas ook nie op alle beskawings nie, nie eens op al dié wat Toynbee self, met kriteria aan sy beskouing ontleen, afgebaken het nie. Uitgaande van 'n ander beskouing en op grond van 'n ander model sou 'n ondersoek gedoen kan word wat tot heeltemal ander generalisasies lei en so tot 'n heeltemal ander beskawingsteorie as dié van Toynbee. Dit blyk dus dat Toynbee se filosofiese voorveronderstellinge in besondere mate sy resultate beïnvloed het, sodat nie ten onregte gesê word dat hy 'n geskied-filosofiese sisteem gelewer het nie.

Desnieteenstaande is Toynbee se sisteem nie waardeloos, soos bv. die historikus Geyl meen nie.¹¹⁸⁾ Ook al word al sy generalisasies as onjuis verwerp, bied hulle tog nuwe insigte in die verloop van beskawings; die ooreenkomste wat Toynbee vind, dui op bepaalde reëlmatighede in die verloop van beskawings, al oordryf hy miskien die aantal en aard daarvan. Sekere van sy generalisasies kan ook vrugbaar gebruik word by die verklaring van besondere gebeure; die konsep „challenge and response”, hoe eensydig en in terme van Toynbee se filosofie ook al geformuleer, kan bv. tog help verklaar waarom kulture dikwels eerder in minder as in meer gunstige omstandighede ontstaan en tot bloei kom.

Is Toynbee se generalisasies egter nie net vanselfsprekendhede, truïsmes, soos Geyl meen nie?¹¹⁹⁾ Hoewel, soos hierbo aangetoon, stellinge soos dié van „challenge and response” te algemeen en te eensydig is om 'n voldoende verklaring te bied, is sy

117) Vgl.: Locher, Inleiding tot het denken van Toynbee, bl. 17; Anderle, Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees, bl. 29; Montagu, a.w., bl. 215.

118) Geyl, a.w., bl. 144.

119) Ibid., bl. 101.

hele sisteem daarenteen juis nie algemeen genoeg om op alle beskawings te pas nie. Juis algemeenhede wat vanselfsprekend lyk, kan, as hulle goed na vore gebring word, nuwe insig in historiese probleme bied; dit doen Toynbee in belangrike mate.

Het die wette wat Toynbee poneer 'n noodwendigheidskarakter? Hoewel Toynbee graag die menslike vryheid vooropstel, is daar tog elemente van determinisme in sy studie; as die breakdown ingetree het, is 'n beskawing onherroeplik verlore, meen hy. Hy verklaar bv. dat die Romeinse Ryk as universele staat in die ondergangsfase van die Hellenistiese Beskawing nog voor dit gevestig was reeds tot ondergang gedoem was.¹²⁰⁾ Tog wil Toynbee daaraan vashou dat die reëlmatighede wat hy gevind het nie hoef te geld vir ander gevalle as dié wat hy ondersoek het nie: "Even if all other civilizations that have come into existence so far were to prove in fact to have followed this path, there is no known law of historical determinism that compels us to leap out of the intolerable frying pan of our time of troubles into the slow and steady fire of a Universal State".¹²¹⁾ Hiermee wil Toynbee die toekoms van die Westerse Beskawing oop hou. Toynbee onderskei egter nie tussen konklusies wat net geld t.o.v. die spesifieke gevalle waaruit dit getrek is en algemene stellinge gemaak op grond na spesifieke gevalle, waaruit dan afleidinge t.o.v. ander spesifieke gevalle gemaak kan word nie.¹²²⁾ Soos aangetoon,¹²³⁾ hoort dit tot die wese van die generaliserende vergelyking om op grond van ooreenkomste tussen sommige gevalle tot algemeen geldende stellings te kom. Uit Toynbee se oogmerke blyk tog ook duidelik dat hy kennis oor die gang van beskawings as spesies van dieselfde soort wil vorm en sy prosedure is in beginsel een van generaliserende vergelyking. Daarmee is egter nog nie gesê dat Toynbee se generalisasies, as hulle as geldig aanvaar sou word, 'n noodwendigheidskarakter het nie. Hulle kan ook

120) Toynbee, A study of history, dl. 4, bl. 61.

121) Aangehaal in Somervell, a.w., dl. 1, bl. 553.

122) Vgl. Dray, History and theory, dl. 1, bl. 41.

123) Kyk bl. 153- 154 hierbo.

die karakter hê van geldende, maar oortreebare reëls. Op hierdie probleem word by die konklusies i.v.m. die gebruik van die generaliserende vergelyking aan die einde van hierdie werk nog teruggekom.¹²⁴⁾

Hierbo is geprobeer om aan te toon dat Toynbee se procedure van ondersoek nie in alle opsigte korrek is nie en sy generalisasies daarom nie sonder meer aanvaar kan word nie. Reeds by die afbakening van beskawings, waarby hy kriteria aanwend wat op sy eie teorie wat hy nog in die ondersoek moet vorm, gegrond is, blyk 'n onwetenskaplike werkwyse.¹²⁵⁾ Al het Toynbee, deur die generaliserende vergelyking nie in alle opsigte juis te gebruik nie, hierdie metode as sodanig by baie van sy kritici in diskrediet gebring,¹²⁶⁾ het hy aan die ander kant tog juis belangstelling in vergelykende geskiedenisstudie aangewakker. Toynbee se werk het die moontlikhede van 'n vergelykende studie van beskawings aangetoon en, sonder dat sy teorie self aanvaarbaar is, 'n dieper insig in die gang van beskawings gebring. Daarom kan gesê word dat Toynbee se studie 'n belangrike bydrae tot die geskiedenisvergelyking is.¹²⁷⁾

B. A.L. Kroeber

Alfred L. Kroeber (1876- 1960) was in lewe hoogleraar in die volkekunde aan die Universiteit van California. Hy is die outeur van verskeie belangrike volkekundige werke, veral oor kultuur en beskawings in die algemeen.¹²⁸⁾ Sy omvangrykste geskrif,¹²⁹⁾ en seer seker een van sy belangrikste, Configurations of Culture

124) Kyk bl. 313 e.v. hieronder.

125) Vgl. Dray, History and theory, dl. 1, bl. 32 e.v.

126) Vgl. Bagby, a.w., bl. 181.

127) Vgl. Locher, De gids, dl. 5, bl. 128.

128) Die vernaamstes is: Anthropology. New York, Harcourt & Brace, 1948; The nature of culture; A roster of civilizations and culture; Style and civilization. Berkeley, University of California Press, 1963 (eerste uitgawe 1957); An anthropologist looks at history. Berkeley, University of California Press, 1963.

129) Dit tel sowat 900 bladsye.

growth, het in 1944 verskyn, nadat Kroeber vanaf 1931 tot 1938 byna voltyds daaraan gewerk het.¹³⁰⁾ Dit was eintlik ook bedoel as 'n magnum opus,¹³¹⁾ waarin hy sy teorieë oor die kultuur empiries wou verifieer. 'n Dergelike prosedure het hy in latere geskrifte oor die kultuur nie meer probeer volg nie. Kroeber se studie het in wetenskaplike kringe heelwat aandag getrek, maar nie naastenby soveel belangstelling en publisiteit geniet as Toynbee se vergelykende studie nie.

1. Oogmerke en hipotese

"The problem I have set myself in this book is an investigation of one of the forms which culture takes. This form is the frequent habit of societies to develop their cultures to their highest levels spasmodically: especially in their intellectual and aesthetic aspects, but also in more material and practical respects. The cultures grow, prosper and decline, in the opinion of the world. How far they tend to be successful in their several activities simultaneously, or close together, or far apart in time, and how much variation in this regard is of record, is part of the problem".¹³²⁾ Hierdie verskynsel is dikwels raakgesien, maar "has not been systematically investigated. . . by a comparison of all available facts; that is to say, investigated empirically instead of intuitively or a priori".¹³³⁾ Wat Kroeber dus wil bestudeer, is die bloeitydperke van beskawings; hy spreek in dié verband van kulture omdat hy geen skerp onderskeid tussen kulture en beskawings trek nie en lg. beskou as groter, meer komplekse kulture wat dikwels hoogtepunte van kultuurontwikkeling bereik.¹³⁴⁾ Daarom handel sy ondersoek tog slegs oor beskawings en doen hy 'n vergelykende ondersoek na hul

130) Vgl. Kroeber, Configurations of culture growth, bl. viii en Kroeber, Theodora, Voorwoord tot Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. xviii.

131) Vgl. Harris, a.w., bl. 330.

132) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 5.

133) Ibid.

134) Vgl.: Kroeber, Style and civilization, bl. 150; Kroeber, A roster of civilizations and culture, bl. 59; Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. 4.

bloiefases en daarmee ook na hul hele verloop.

Dit blyk dat die konsepsie „kultuur” 'n fundamentele rol by Kroeber speel. In al sy werke het hy hom met die kultuur as sodanig besig gehou. Reeds in 1917 het hy in 'n opspraakwekkende artikel die destyds aanvaarde ewolusionistiese opvatting dat kultuur 'n bepaalde fase in die mens se natuurlike ontwikkeling verteenwoordig, aangeval en geponeer dat die kulturele vlak outonoom, bio-organies is.¹³⁵⁾ Hy omskryf kultuur soos volg: „the mass of learned and transmitted motor reactions, habits, techniques, ideas and values - and the behavior they induce - is what constitutes culture. Culture is the special and exclusive product of men, and is their distinctive quality in the cosmos. . . Culture. . . is at one and the same time the totality of products of social men, and a tremendous force affecting all human beings, socially and individually”.¹³⁶⁾ Hy wil die kultuur nie, soos die funksionaliste, as 'n somtotaal van menslike funksies sien nie, maar beskou dit soos die konfigurasionaliste as 'n geheel van besondere aard en as 'n krag wat mense beïnvloed en gee 'n psigiese konotasie daaraan.¹³⁷⁾ Hierdie siening raak direk sy uitgangspunt in die ondersoek onder bespreking.

Op Kroeber se teorieë t.o.v. akkulturasie, stimulusdiffusie ens. hoef hier nie ingegaan te word nie. Van belang vir die behandeling is egter veral sy opvatting oor styl, wat hy in sy latere werke na vore bring. „A style is a strand in a culture or civilization: a coherent, self-consistent way of expressing certain behavior or performing certain kinds of acts. It is also a selective way: there must be alternative choices, though actually they may never be elected. Where compulsion or physical or physiological necessity reign, there is no room for style”.¹³⁸⁾ Dit is

135) Vgl. Kroeber, A.L. en Kluckholm, C., Culture: a critical review of concepts and definitions. New York, Vintage Books, 1963, bl. 290.

136) Kroeber, Anthropology, bl. 8- 9.

137) Kyk bl. 127- 128 hierbo.

138) Kroeber, Style and civilization, bl. 150.

die styl wat die karakteristieke elemente van 'n bepaalde kultuur bevat.¹³⁹⁾ Hoewel hy in sy werk onder bespreking hierdie konsep nie gebruik nie, kom die gedagte tog na vore.

Kroeber laat hom ook uit oor die verhouding tussen kultuur en geskiedenis. Hy noem homself „a natural historian of culture”,¹⁴⁰⁾ waarmee hy te kenne gee dat hy, soos die konfigurasionaliste, die kultuur histories wil benader en dat hy dit wetenskaplik, eintlik natuurwetenskaplik wil ondersoek;¹⁴¹⁾ hy heg nl. groot waarde aan 'n wetenskaplik eksakte en empiriese werkwyse. Daarby glo hy dat die algemene vorme van die geskiedenis kultureel van aard is en haal hy met instemming Eduard Meyer aan wat die taak om die algemene in die geskiedenis te ondersoek aan die volkekunde wil toeken.¹⁴²⁾ In sy kultuurondersoek, so glo hy, benader hy die geskiedenis net op 'n ander wyse as die historici; die geskiedkunde en die volkekunde verskil nie soseer in studieveld as in metode nie.¹⁴³⁾ Die vergelyking tussen besondere kulture en beskawings sien hy as 'n grensgebied tussen die geskiedwetenskap en die volkekunde.¹⁴⁴⁾ Hy meen daarom dat hy met sy Configurations of culture growth gedeeltelik die gebied van die geskiedkunde betree, hoewel hy op 'n ander plek weer verklaar dat hy daarin 'n sosiologiese benadering tot die geskiedenis en die kultuur het.¹⁴⁵⁾

Kroeber gebruik in sy ondersoek bepaalde metodes wat anders is as dié wat gewoonlik in die geskiedkunde gevolg word, maar wat ook metodes is om langs empiriese en induktiewe weg tot konklusies te kom.¹⁴⁶⁾ Eintlik ontwerp hy self metodes wat voortkom

139) Vgl. Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. 14- 15.

140) Kroeber, The nature of culture, bl. 3.

141) Vgl. *ibid.*, bl. 16.

142) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 3.

143) Vgl. Kroeber, Style and civilization, bl. 153 en Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. 117, 162- 163.

144) Vgl. Kroeber, Style and civilization, bl. 154 en Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. 165- 167.

145) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. vii.

146) Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. 74.

uit sy kultuurbeskouing. Hy sien die aanwesigheid van groot figure in die geskiedenis as aanduiding van die hoogtepunte van kultuurontwikkelinge. Sulke figure kan net optree as die tyd ryp is, as die kultuursituasie daarvoor geskik is, want tydens ander periodes is daar wel persone met die potensiaal om groot kultuurprestasies te lewer, maar kan hul skeppinge nie in die kultuur opgeneem word nie. Hier blyk sy beskouing dat die kultuur 'n krag is wat die optrede van mense bepaal. Op grond daarvan kan hy verklaar waarom groot figure altyd in groepe, clusters, voorkom: „But inasmuch as historically recognized geniuses do not ordinarily appear in an even flow, but in clusters separated by intervals, it is evident that cultural situations or influences must at time allow and at others inhibit the realization of geniuses. In short, it would seem that a large proportion, probably a majority, of eminently superior individuals never get into the reckoning of history".¹⁴⁷⁾ Omdat die groot figure as produkte van 'n kultuurontwikkeling gesien kan word, kan 'n ondersoek na die frekwensie waarin hulle in bepaalde periodes van die geskiedenis optree, lei tot kennis van die kultuurkonfigurasies; waar hulle in groot groepe bymekaar is, is daar 'n bloeifase, 'n hoogtepunt van 'n beskawing en waar sulke figure afwesig is, moet die beskawing nog in 'n groeifase of in 'n tydperk van verval wees.

Hier is eintlik sprake van 'n sirkelredenasie. Terwyl die frekwensie van groot figure in die geskiedenis verklaar word uit die aard van die kultuur word tegelykertyd gepoog om die kultuur en sy konfigurasies te leer ken deur die frekwensie van hierdie figure te ondersoek. Slegs indien Kroeber se uitgangspunt aanvaar word, is sy metode en die konklusies waartoe hy geraak aanvaarbaar. In 'n sekere sin kan sy opvatting oor die verband tussen kultuurontwikkeling en die frekwensie van groot figure as 'n hipotese beskou word, wat, aangesien sy metode op die hipotese berus, nooit heeltemal in die ondersoek bewys kan word nie. Desnieteenstaande kan uit die geheel sy konklusies en sy hele teorie tog aanneemlik gemaak word.

Kroeber wil sy metode van ondersoek na die wyse waarop

147) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 14.

groot figure in die geskiedenis versprei is, gebruik om 'n antwoord op verskillende vrae te vind: „The first question is whether such clusterings or spurts of higher cultural productivity are real or are perhaps only illusions of our minds. Then arises a series of more specific questions. Is there a tendency toward a norm of duration for such successful growths, or anything to show of what the duration is a function? Must the florescence extend over the whole of the culture, or may it be partial? Is there any order, or tendency toward order, for the several activities to come successfully to their zeniths? Can a culture pass through a cycle to full decline and then enjoy another cycle of prosperity, or are we in that case dealing with two cultures? Can the cycles or bursts be induced from without, or must they develop from within? Do the peaks tend to come early within growths, toward the end, or is the growth curve most often symmetrical?”¹⁴⁸⁾

Kroeber wil nie 'n verklaring soek vir al die kultuur-verskynsels nie, maar slegs die verskillende beskawings ondersoek met die oog daarop om vas te stel of daar ooreenkomste, reëlmatighede is en so tot algemene kennis oor die aard van beskawings en van die geskiedenis kom.¹⁴⁹⁾ Die invloed van kulture op mekaar laat hy vir die doel van sy ondersoek buite rekening.¹⁵⁰⁾

2. Definisie en afbakening van eenhede van ondersoek

Dit is reeds genoem dat Kroeber die terme „kultuur” en „beskawing” feitlik as sinonieme gebruik; beskawings is vir hom hoogstens „somewhat greater variations comparable to clottings or coagulations in a continuous liquid - to crystallizations, if one will”.¹⁵¹⁾ Hy gee daarom geen kriterium om beskawings van primitiewe gemeenskappe en hul kulture te onderskei nie.

Sonder om 'n duidelike omskrywing van die aard van sy

148) Ibid., bl. 5- 6.

149) Vgl. ibid., bl. vii, 6.

150) Ibid., bl. 6.

151) Kroeber, A roster of civilizations and culture, bl. 59.

eenhede van ondersoek te gee, selekteer hy 'n aantal beskawings vir vergelykende studie: die beskawings van die Grieke en Romeine, van Wes-Europa, Egipte, Indië, China, Japan en Mesopotamië. Ander beskawings, soos die Midde-Amerikaanse, moes weens gebrek aan voldoende gegewens buite beskouing gelaat word.¹⁵²⁾ Sy lys bevat die ver- naamste beskawings van die geskiedenis, al dui hy nie aan hoe hierdie kulture van mekaar afgebaken moet word nie en of bv. die Griekse en Romeinse kulture as aparte beskawings beskou moet word of nie. Hy wil immers juis ondersoek of die kultuursiklusse wat hy vind op aparte beskawings dui. Deur slegs 'n aantal gebiede waarin op sekerre periodes in die geskiedenis hoogtepunte van kultuurontwikkeling bereik is te ondersoek, laat hy die moontlikheid oop om eers as sy gevolgtrekkings gemaak is 'n afbakening te doen; op hierdie wyse ontkom hy aan die moeilikhede van Toynbee by sy afbakening van beskawings as eenhede van ondersoek. Natuurlik moet Kroeber tog 'n mate van voorlopige onderskeid tussen kulture hê ten einde elke groot figuur by 'n bepaalde kultuurgroep in te deel, maar hy hou hierdie onderskeid vaag en laat hom hoofsaaklik deur die geografiese skeidings lei. Daar duik in sy ondersoek soms probleme op t.o.v. die juiste indeling van sommige figure: moet die Joodse filosowe van die Middeleeue gereken word tot die Arabiese kultuur omdat hulle in die gebied van daardie kultuur geleef het of nie?¹⁵³⁾

Kroeber ag hom nie baie gebonde aan beskawings as eenhede van sy ondersoek nie en vergelyk ook die kultuurontwikkelings van die verskillende nasies binne die Westerse Beskawing met mekaar. Dit lewer nog groter probleme by die indeling van figure op en hy reken persone soos Desiderius Erasmus, Andreas Vesalius en Copernicus, wat gedurende hul lewens in die gebied van twee volke gewoon het tot beide hierdie nasies.

Dit is dus vir Kroeber moontlik om sonder dat hy 'n noukeurige definisie en afbakening van sy eenhede van ondersoek gee 'n vergelykende studie te verrig. Kroeber se metode as een van

152) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 24- 25.

153) Ibid., bl. 41.

ondersoek na die verspreiding van groot figure in tyd en ruimte stel hom hiertoe in staat. Kan sy studie daarom wel as vergelykend beskou word? Hierbo is immers aangetoon dat die vergelyking van 'n aantal eenhede van dieselfde soort of wat een bepaalde ooreenkoms met mekaar het essensieel van die generaliserende vergelyking is.¹⁵⁴⁾ Deurdad Kroeber die verskillende figure by bepaalde kulture moet indeel om die verskillende kultuurontwikkelinge te kan ondersoek en dan hierdie ontwikkelinge vergelyk om tot algemene konklusies te kom, is hier tog van generaliserende vergelyking sprake. Sy eenhede van ondersoek is tog beskawings, kulture wat bloeifases bereik het, en as sodanig gevalle van dieselfde soort. Dit is egter duidelik dat dit hier om 'n ongewone vorm van vergelykende ondersoek met die oog op generalisasie gaan.

Dit blyk dat Kroeber slegs 'n aantal beskawings vir sy ondersoek selekteer en nie alle moontlike beskawings ondersoek soos Toynbee nie. Tog dek sy veld van ondersoek byna net soveel beskawings as dié van Toynbee, omdat hy kultuurontwikkelinge in een geheel neem waar Toynbee reeds vooraf meer as een beskawing onderskei het. Die verloop van die belangrikste beskawings val in elk geval in sy studieveld, sodat sy seleksie geredelik as verteenwoordigend beskou kan word.

3. Metode van ondersoek

Kroeber omskryf sy prosedure van ondersoek self soos volg: „The most feasible plan for the study seemed to be to examine separately each separable course of a recognized intellectual or aesthetic activity and to determine as nearly as possible the growth of its quality or value curve in terms primarily of time, but of geographic location also. This means that the quality-time configurations of Chinese philosophy, Indian philosophy, Greek philosophy, Arabic philosophy, and so on, were separately expressed. These in turn were then compared with one another. Thereupon science was treated in the same way; then sculpture; and so forth”.¹⁵⁵⁾ Kroeber

154) Kyk bl. 153 hierbo.

155) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 21.

stel eers t.o.v. elke kultuur (die Griekse, Romeinse ens.) en elke kultuuraktiwiteit (filosofie, wetenskap, kuns ens.) 'n kronologiese lys van groot figure op en kyk dan of daar groepe, clusters, voorkom. Hy doen nie direk 'n ondersoek na die historiese agtergrond van die verskillende gevalle nie, maar lewer tog heelwat kommentaar waarin hy wys op die rol van bepaalde historiese omstandighede en bepaalde probleme bespreek. Hy is bewus daarvan dat hy op hierdie wyse nie kan laat reg geskied aan al die faktore wat by die verskillende kultuurontwikkelinge optree nie, maar hy kon geen ander geskikte metode vind nie.¹⁵⁶⁾ Hy meen dat sy prosedure passend is vir 'n eerste behandeling van die onderwerp en dat by verdere ondersoek verfyning van metodes noodsaaklik sal wees.¹⁵⁷⁾ Sy metode stel hom in staat om sonder om omvattende ondersoek te doen tog langs induktiewe weg tot algemene kennis oor die verloop van beskawings te kom.

Kroeber gebruik in sy ondersoek dus 'n indeling volgens kultuuraktiwiteite: filosofie, natuurwetenskappe, filologie, beeldhoukuns, skilderkuns, drama, letterkunde en musiek, onder welke afdelings hy dan telkens die verskillende kulture vergelykend ondersoek. Hierdie indeling dek beslis nie alle kultuuraktiwiteite nie, maar slegs dié van estetiese en intellektuele aard. Hiervoor is daar verskillende redes. Ten eerste beskou Kroeber politieke aktiwiteite eintlik nie werklik as deel van die kultuur nie¹⁵⁸⁾ en verder maak hy doelbewus 'n seleksie omdat dit 'n te omvattende taak sou wees om alle kulturele aktiwiteite te ondersoek. Die belangrikste rede skyn egter te wees dat alle kultuuraktiwiteite hulle nie leen tot so 'n metode van ondersoek nie. Kroeber wou bv. ook graag die godsdiens by sy studie betrek, maar kon nie 'n geskikte wyse vind om dit te ondersoek nie.¹⁵⁹⁾ Dit is duidelik dat op die gebied van

156) Ibid.

157) Vgl. Kroeber, A.L., Comments on the Grays' 400-year cycle in human ability (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 231).

158) Vgl. ibid. Volgens sy definisie van kultuur, aangehaal op bl. 195 hierbo, behoort hy tog ook politieke, sosiale en ekonomiese aktiwiteite as deel van die kultuur te beskou.

159) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 799.

die godsdienste en in die sosiale en ekonomiese lewende groot figure nie altyd so 'n belangrike rol speel nie en dit onwaarskynlik is dat sulke figure op hierdie terreine net in die bloeifase van 'n kultuur optree. Dit is slegs vanuit 'n baie eng kultuurbeskouing dat die wetenskap en die kuns geredelik as verteenwoordigend van die kultuur as geheel aanvaar en Kroeber se konklusies as derhalwe geldend vir die kultuur as sodanig beskou kan word. Natuurlik kan Kroeber se generalisasies as net van betrekking op die rol van kuns- en wetenskapsaktiwiteite in die geskiedenis beskou word; ook sulke generalisasies is reeds van groot waarde.

Die indeling van die ondersoek volgens die verskillende kultuuraktiwiteite lewer ook probleme op t.o.v. die afbakening van die gebiede van mekaar. Natuurwetenskap, filosofie en letterkunde kan mekaar bv. in sekere opsigte oorvleuel; soms lê die prestasie van een figuur op meer as een gebied en reken Kroeber dit dan tot albei. 'n Mate van willekeur kan by die afbakening nie uitgeskakel word nie, hoewel dit nie noodwendig 'n belangrike invloed op die konklusies hoef te hê nie. Die probleem is egter nog groter: die aard van die kultuuraktiwiteite as sodanig wissel van kultuur tot kultuur en sommige aktiwiteite is in enkele kulture totaal afwesig;¹⁶⁰⁾ in die Islamkultuur is daar bv. geen skilder- of beeldhoukuns gelewer nie omdat dit op godsdienstige gronde verbied is. Dit bring mee dat t.o.v. sommige kultuuraspekte net 'n gedeelte van die kulture vergelyk kan word en ook dat soms dinge vergelyk word wat nie in alle opsigte vergelykbaar is nie.

'n Belangrike beperking is op die ondersoek gelê deur gebrek aan voldoende gegewens, veral oor die nie-Westerse beskawings; van die Egiptiese en Mesopotaamse kulture is bv. net enkele groot kunstenaars en wetenskaplikes uit oorleweringe bekend. Dat Kroeber se moontlikhede sodoende baie beperk is, blyk bv. daaruit dat byna geen komponiste van belang buite die Westerse Beskawing bekend is nie.¹⁶¹⁾ Kroeber is veral in sy ondersoek gehinder deur

160) Ibid., bl. 22- 23.

161) Ibid., bl. 23..

ontbrekende gegewens oor die periode waarin 'n figuur opgetree het, veral t.o.v. die Indiese Beskawing, sodat hy genoep is om self skattinge te maak en gissings te doen.

Kroeber het sy gegewens oor groot figure nie deur oorspronklike bronnenvorsing verkry nie, wat 'n onbegonne taak sou wees, maar uit algemene handboeke en ensiklopedieë geput. Hy het gemiddeld twintig tot sestig werke oor elke kultuuraktiwiteit geraadpleeg en na vergelyking van die inligting sy lysie opgestel. Die feit dat hy heelwat meer handboeke oor die nie-Westerse beskawings gebruik het as oor sy eie beskawing toon dat hy heelwat moeite gedoen het om hom in die hele geskiedenis van die vreemde beskawings in te werk. Kroeber het natuurlik geen uitgebreide kennis oor elk van die talle groot manne gevorm nie; „obviously I have not read every writer, philosopher, or scientist whose name is cited as material, nor can I identify the product of each sculpturer or painter named. I have tried to acquire at least a little first hand knowledge with some sample of each culture growth dealt with; not so much because this would suffice for a control, but for my own satisfaction and assurance..I am not a polyhistor nor writing a work of polyhistory, but I have selected facts, from among those on common record, as they are pertinent to the problem set”.¹⁶²⁾

Hoe bepaal Kroeber watter figure werklik as groot figure beskou kan word? Op basis van die werke wat hy geraadpleeg het, doen hy 'n seleksie waarby hy afgaan op die oordeel van die skrywers en op die hoeveelheid aandag wat aan die figure gewy word, maar wat uiteindelik op sy persoonlike oordeel moet berus.¹⁶³⁾ Hoewel Kroeber hom op algemeen aanvaarde sieninge kon verlaat, is dit immers hy alleen wat die figure t.o.v. die verskillende kulture en kultuuraktiwiteite teen mekaar moet opweeg. Natuurlik is dit nie direk nodig dat die groot figure in een beskawing van presies dieselfde kaliber as dié van 'n ander moet wees nie, want slegs die feit dat baie groot figure in sekere periodes voorkom, is van wesenlike belang vir die ondersoek. Desnieteenstaande is 'n bepaalde

162) Ibid., bl. 25.

163) Vgl. ibid., bl. 24.

maatstaf nodig om te besluit of 'n persoon as 'n groot figuur beskou kan word of nie en hang die konklusies oor die hoeveelheid figure in bepaalde periodes en kulture daarvan af.

In hierdie verband kom ook die probleem na vore dat die algemene waarde-oordeel van 'n figuur se prestasies waarop Kroeber hom verlaat medebepaal word deur die feit dat hy in die bloeityd van 'n kultuur opgetree het of nie. Hierop wys Kroeber self: „in ranking geniuses we evidently do not rank them according to intrinsic ability, which we have little means of establishing as such; rather, they appear to us as the composite product of personal superiority and cultural influence. If the cultural pattern which they express is still unformed, or is manifestly declining, we tend to evaluate them as lesser individualities than the geniuses at the pattern peak; but it is uncertain that they are really lesser. It does seem somewhat naïve to assume, because Donatello's and Michelangelo's presumptive native endowments plus the known state of art in Florence in 1430 and 1510 come to a higher total than Bernini's and Canova's presumptive endowments plus the obviously decadent state of Italian art, in 1650 and 1800, that Donatello and Michelangelo are therefore the greater men”.¹⁶⁴⁾ Kroeber vestig die aandag hierop om die invloed van die kultuurpatroon op kulturele prestasies en die beoordeling daarvan aan te toon. Hy dui egter nie aan hoe hy self so 'n gevaar in die beoordeling kan oorkom nie; as hy hom verlaat op werke waarin die beoordeling sodanig beïnvloed is, kan hy dit in elk geval moeilik afweer. Dit is dan moontlik dat die fases van kultuurbloei en -verval wat hy vind slegs dié is wat in die algemeen aanvaarde beoordeling as sodanig geld, sodat hy dan niks nuuts ontdek nie. Deur alle figure wat as van enigsins groot gewig beskou kan word mee te reken, kan die probleem in sekere mate oorkom word, maar nie geheel en al nie. Die kriterium om te onderskei tussen groot figure en ander deelnemers aan kultuuraktiwiteite kan nie ontbreek nie. 'n Subjektiewe element kan Kroeber, ten spyte van sy pogings om so objektief en wetenskaplik as moontlik te werk te gaan, by hierdie prosedure nooit heeltemal doeltreffend uitska-

164) Ibid., bl. 15.

kel nie.¹⁶⁵⁾ Die metode waarop sy hele werk berus, het groot moontlikhede vir 'n ondersoek soos dié wat Kroeber doen, maar eweneens inherente swakhede wat die geldigheid van die konklusies beïnvloed en waarmee voortdurend rekening gehou moet word.

Ten slotte moet daarop gewys word dat Kroeber se metode in sekere opsigte kwantitatief van aard is; as sosiaal-wetenskaplike en Amerikaner kan hy nie anders as om daarin meer wetenskaplike eksaktheid te sien nie. Hy meet die aard en grootte van die kultuurontwikkelinge aan die aantal groot figure wat daarin optree. So 'n metode maak dit onmoontlik om fyner nuanses in ag te neem, soos die verskille in betekenis van die onderskeie figure; die kaliber van een figuur kan soms tien maal so groot as dié van 'n ander wees. Deur soms die belangrikste figure onder 'n groep groot manne uit te sonder en aan hulle besondere aandag te gee by die bepaling van die aard van 'n kultuurontwikkeling en deur verder die waarde van sommige figure en groepe figure te bespreek, kan hy die gebreke van die kwantitatiewe metode tog enigsins oorkom.

4. Konklusies

In elke afdeling kom Kroeber na die ondersoek van 'n bepaalde kultuuraktiwiteit tot 'n aantal konklusies, wat hier nie almal weergegee kan word nie. Daarom word om tog 'n beeld van hierdie konklusies te gee tans net kortliks gelet op dié wat hy t.o.v. een sodanige kultuuraktiwiteit, nl. die filosofie, maak. Hy vind dat in die verskillende beskawings 'n aantal bloeitydperke van wysgerige denke onderskei kan word: in China 500- 200 v.C. (kulminasie 300 v.C.) en 1050- 1200 n.C. (kulminasie 1200); in Indië 600- 450 v.C. (kulminasie 500 v.C.) en 100- 1000 n.C. (kulminasie 800); in die Grieks-Hellenistiese Beskawing 600- 200 v.C. (kulminasie 300 v.C.) en 200- 450 n.C.; in die Islam-kultuur 800- 1100 (kulminasie in Arabië in 1100) en 1050- 1200 (kulminasie in Spanje in 1150); in die Westerse Beskawing 1100- 1400 (kulminasie 1250) en 1600- 1900 (kulminasie 1800). Dit blyk dat die tydperke, waarvan die jaartalle natuurlik slegs by benadering gegee is, oor

165) Vgl. Harris, a.w., bl. 331.

die algemeen taamlik lank is en bv. in die geval van die Westerse Beskawing die oorgrote tydperk waarin die beskawing bestaan het, dek. Desnieteenstaande is 'n feit, soos dié dat Kroeber in die Westerse Beskawing twee fases van bloei in wysgerige denke onderskei tog nie sonder betekenis nie, ook al mag die afbakening van die twee tydperke ietwat willekeurig lyk en al was die tydperk 1400- 1600 beslis nie heeltemal filosofie-loos nie.

Deur vergelyking van die bloeifases in wysgerige denke van die beskawings met mekaar stel Kroeber o.m. vas dat in die Chinese, Indiese en Griekse Beskawings die filosofie byna gelyktydig tot bloei gekom het. Hy vind ook 'n sentrifugale neiging in die tydperke van bloei op wysgerige gebied;¹⁶⁶⁾ so het die filosofie in die Middeleeuse Westerse Beskawing bv. vanuit Frankryk as sentrum na die omliggende lande versprei. Kroeber gee verder 'n moontlike verklaring vir die verskynsel van konfigurasies in die geskiedenis van die filosofie: „Apparently, when a given civilization breaks through the philosophic level, it brings to this a particular body of knowledge, a particular group of religious assumptions, a particular set of institutions. Out of these it develops something new: its particular system of philosophy. It does so by developing a certain set of thought processes; and these - or, if one prefer, their particular products - are what I call a philosophic pattern system. Such a system bears in itself certain specific potentialities, and also specific limitations, which enable it, even compel it, barring catastrophe from outside, to realize or fulfil itself to the terminus of these potentialities, but not to go beyond them. When the given set of potentialities is exhausted, the growth ends”.¹⁶⁷⁾ Hierdie verklaring lyk aanneemlik, maar kan slegs deur 'n meer omvattende ondersoek van die geskiedenis van die filosofie as juis bewys word.

Nadat Kroeber sy ondersoek na die wetenskap, die filologie, die beeldhou- en skilderkuns, drama, letterkunde en musiek

166) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 82- 83.

167) Ibid., bl. 90.

voltooi het, vergelyk hy die verskillende resultate met mekaar om sodoende tot algemene konklusies oor die groei van nasies en beskawings te kom. Dit blyk dat die bloeifases in die verskillende kultuuraktiwiteite nie in elke kultuur steeds heeltemal met mekaar saamval nie, maar tog in baie opsigte kronologies ooreenstem. Kroeber vind bv. in die Egiptiese Beskawing vier duidelike bloeifases of konfigurasies wat korrespondeer met die indeling in Ou Ryk, Middelryk, Nuwe Ryk en Egiptiese Renaissance. In die Grieks-Hellenistiese Beskawing onderskei hy fases wat saamval met die bloeiperiodes van onderskeidelik die ou Egeïese Kultuur, die Griekse stadstate, die Romeinse imperium en die Bisantynse Ryk. In die nasies binne die Westerse Beskawing onderskei Kroeber eweneens verskillende konfigurasies: in Frankryk is daar drie, wat ongeveer ewe belangrik is, nl. in die tydperk 1075- 1325, in die sewentiende eeu en in die tweede helfte van die agtiende en begin van die negentiende eeu; Italië het net een, nl. die Renaissance; Nederland se bloeifase val in die sestiende en sewentiende eeu; Engeland se drie konfigurasies is dié van die hoog-Middeleeue, van ongeveer 1575- 1775 en van die negentiende eeu; in Duitsland is daar vier, nl. rondom die jare 1000, 1200, 1500 en 1800 waarvan die laaste duidelik die belangrikste is. Vir die Westerse Beskawing as geheel is daar drie bloeifases, nl. tydens die hoog-Middeleeue, die Renaissance en vanaf ongeveer 1750. Hierdie konklusies lyk nie besonder nuut en sensasioneel nie en kom hoofsaaklik ooreen met algemeen aanvaarde sieninge. Dat Kroeber met sy besondere metode hierdie resultate bereik, is egter tog van groot belang; dit bevestig wat algemene beskouinge was, maar nie deur empiriese ondersoek getoets of bewys is nie. Kroeber se konklusies kom ook in verskillende opsigte ooreen met Toynbee se indeling van beskawings, waarby die bloeifases wat Kroeber onderskei by Toynbee almal aparte beskawings vorm, en eweneens met die stelsel van Sorokin, waarin net soos in die studie van Kroeber verskillende fases van bloei en verval in die geskiedenis van die Klassieke en Westerse Beskawings gevind word.¹⁶⁸⁾ Dit dui alles daarop dat dit hier om verskynsels gaan wat werklik in die loop van die geskiedenis onderskei kan word.

168) Vgl. Kroeber, Style and civilization, bl. 118 e.v.

Watter generalisasies oor die verloop van beskawings en oor die geskiedenis doen Kroeber? Hy vind, anders as Toynbee, geen bepaalde ritme in die gang van die geskiedenis nie en kom tot die slotsom dat kultuurontwikkelinge nie reëlmatig en geleidelik verloop nie, maar in stote, bursts, wat op een of ander manier verband hou met politieke en ekonomiese omstandighede - iets waarop hy egter nie verder ingaan nie.¹⁶⁹⁾ As verklaring vir hierdie verskynsel kom hy met die beskouing, soos reeds t.o.v. die filosofie aangedui, dat in 'n kultuur bepaalde potensialiteite slegs binne 'n gegewe patroon ontwikkel kan word. As so 'n patroon uitgewerk raak, tree verskynsels soos uitspattigheid en flamboyance op of kan 'n periode van starre tradisionalisme waarin net nageboots wat vroeër geskep is, volg.¹⁷⁰⁾ Dit is hierdie gebondenheid aan die kultuurpatroon in die kultuurskeppinge wat volgens Kroeber daartoe lei dat elke kultuur sy besondere styl het. Hy kom verder tot die gevolgtrekking dat dieselfde beskawing verskillende fases van bloei en verval kan deurgaan,¹⁷¹⁾ dus nie slegs een siklus het soos Toynbee en soveel ander kultuurteoretici meen nie. Daarom kan hy, ander as Toynbee bv., die Bisantynse Beskawing as 'n laaste fase van die Hellenistiese Beskawing sien. Kroeber vind geen getuienis daarvoor dat in die loop van die geskiedenis 'n versnelling in die groeitempo van beskawings ingetree het en dat daar vooruitgang in die geskiedenis is, soos die ewolusioniste en soveel ander meen nie.¹⁷²⁾ Sommige kultuuraktiwiteite soos die wetenskappe het wel 'n kumulatiewe effek, maar dit gee net meer inhoud aan die kultuur en beïnvloed nie die vorm nie - waarom dit vir Kroeber gaan en waarin hy 'n siklusse beweging sien. Die „dood“ van 'n beskawing is vir Kroeber net die beëindiging van 'n bepaalde kultuurpatroon en sy vervanging deur 'n

169) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 839.

170) Ibid., bl. 841. Vgl. hierdie beskouing met dié van Toynbee oor die rol van skeppende en dominerende minderhede en die intrede van die mimesis na die instorting van 'n beskawing.

171) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 841.

172) Ibid., bl. 845.

nuwe, waarby ook ingrype van buite 'n rol kan speel.¹⁷³⁾ Hy doen geen nadere afbakening van beskawings op grond van hierdie konklusies nie en hou hom aan die geografiese kriterium om vas te stel of daar sprake van een of meer beskawings is.¹⁷⁴⁾

As afleiding uit hierdie algemene konklusies en as resultaat van sy ondersoek meen Kroeber dat die Westerse Beskawing tans tekens toon dat die kultuurpatroon waarin dit hom vanaf ongeveer die tweede helfte van die negentiende eeu bevind, besig is om uitgewerk te raak. Dit hoef nie te lei tot die ondergang van die beskawing self nie, want 'n nuwe fase van groei binne 'n nuwe kultuurpatroon kan daarop volg.¹⁷⁵⁾

Hiermee is slegs enkele konklusies genoem waartoe Kroeber op grond van sy ondersoek geraak. Al kom hy nie tot so 'n omvattende sisteem soos Toynbee nie, lei sy vergelykende ondersoek tog tot 'n aantal belangrike algemene stellinge oor die verloop van beskawings en die aard van die kultuur. Is hierdie generalisasies genoegsaam bewys om as geldend aanvaar te word? Dit is aangetoon dat Kroeber se metode van ondersoek heelwat subjektiewe elemente en arbitrêre onderskeidings inhou, maar dit kan nie gesê word dat hy sy metode nie so goed as moontlik aangewend het nie. Anders as Toynbee bied Kroeber sy generalisasies nie in 'n samehangende sisteem aan nie, sodat die generalisasies nie van mekaar afhanklik is nie en elk afsonderlik aanvaar of verwerp kan word. Met sy beskouing oor kultuurpatrone gee hy slegs 'n moontlike verklaring om die verskillende konklusies tot eenheid te bring, maar dit was slegs sy doel om kenmerke van die verloop van beskawings vas te stel en nie om te verklaar nie. Die gebreke in sy ondersoek is nie sodanig dat sy algemene stellinge onwaarskynlik of onaanvaarbaar word nie. Kroeber se vergelykende studie het daarom gelei tot 'n aantal konklusies oor die verloop van beskawings en oor die geskiedenis self wat nie as onomstootlik vasstaande nie maar tog as aanneemlik en waarskynlik

173) Ibid.

174) In latere werke beklemtoon hy tog die styl as kriterium om beskawings van mekaar te onderskei en af te baken. Vgl. Kroeber, An anthropologist looks at history, bl. 3 e.v.

175) Kroeber, Configurations of culture growth, bl. 845.

beskou kan word.

Kroeber se ondersoek is verrig volgens 'n metode wat van sy bepaalde kultuurbeskouing afhanklik is en wat 'n geskikte middel is vir 'n eerste ondersoek na die aard van beskawings. Uitgebreider navorsing en vergelyking is egter noodsaaklik om dieper op probleme in te gaan en tot groter insig in die aard van beskawings te verkry, waarby dan op die begin wat deur Kroeber gemaak is, voortgebou kan word.

C. Slot

Die studies van Toynbee en Kroeber is albei belangrike bydraes tot die vergelykende ondersoek van beskawings. Albei bied groter insig in die wyse waarop beskawings verloop en daarmee in die aard van die geskiedenis. Al is Toynbee se sisteem in sy geheel veel minder aanvaarbaar as die generalisasies van Kroeber is beide tog van belang en is bv. die feit dat Toynbee net soos Kroeber 'n sikliese element in die gang van beskawings ontdek op sigself reeds 'n konklusie van betekenis. Toynbee en Kroeber dui aan dat vergelyking om tot algemene kennis oor die aard van beskawings te kom moontlik is, maar ook dat dit baie moeilik is. Deeglike ondersoek na die geskiedenis van al die beskawings is nodig en moet berus op voldoende gegewens. Die kennis oor die meeste vreemde beskawings is nog nie volledig genoeg om sulke ondersoek nou reeds op groot skaal aan te pak nie, terwyl leemtes in die gegewens volledige vergelykinge op baie punte onmoontlik maak. Die feit dat Toynbee se studie ten spyte van die kolossale omvang daarvan geensins volledig genoeg is nie en dat Kroeber slegs deur 'n besondere metode te volg die omvang van sy ondersoek kon beperk, toon aan dat 'n vergelykende studie van beskawings selfs meer as 'n leeftyd van ondersoek verg. Daarom is gesamentlike werkverrigting of, nog beter, splitsing van die ondersoek t.o.v. bepaalde aspekte van die verloop van beskawings noodsaaklik.¹⁷⁶⁾

176) Tydens 'n simposium oor vergelykende studie van beskawings is b.m. ook metodekwessies bespreek en het O. Anderle 'n metode van direkte gryp van beskawings as gehele (vgl. bl. 107- 108 hierbo) bepleit. Kyk Anderle, The problems of civilizations, bl. 32.

Die vergelykende studie van beskawings verkeer dus nog in 'n beginfase. Baie probleme wat in verdere ondersoek 'n rol kan speel, het in die werke wat hierbo behandel is waarskynlik nog nie goed na vore gekom nie. Een van die vernaamste vraagstukke waaroor meer duidelikheid verkry sal moet word voordat vergelykende studie enigsins stelselmatig aangepak kan word, skyn te wees die juiste onderskeiding en afbakening van beskawings van mekaar en van die primitiewe gemeenskappe.¹⁷⁷⁾ Die probleem van onderlinge beïnvloeding van beskawings wat lei tot ooreenkomste wat nie op algemene hede dui nie behoort ook in verdere studie na vore te kom. Deur die verskillende beskawings as hermeties afgeslote eenhede naas mekaar te stel, kan hierdie probleem nie opgelos word nie; eerder is aparte studie van die kontak tussen beskawings noodsaaklik.¹⁷⁸⁾ Diepgaande studie sou verder die probleem van waardeverskille waardeur die kultuuraktiwiteite en -produkte ingrypend beïnvloed word sterker na vore laat tree.¹⁷⁹⁾

In hierdie hoofstuk is slegs 'n aantal probleme aange-
toon wat in vergelykende ondersoek met die oog op generalisasie oor-
kom moet word en tewens net 'n aanduiding gegee van die groot moont-
likhede wat 'n vergelykende studie van beskawings het.

177) Vgl. Bagby, a.w., bl. 183.

178) Vgl. Köhler, O., Der Historiker und die Kulturmorphologen (Saecu-
lum, dl. 12, 1961, bl. 306- 318).

179) Vgl. Bagby, a.w., bl. 193.

HOOFSTUK VII

NASIES GESTIG DEUR EMIGRASIE - L. HARTZ e.a.

In die sosiale wetenskappe word tans baie aandag gewy aan die ontwikkelingsprobleme van jong, nuwe nasies. Ondersoeke na bv. nasionalisme en die opbou van nuwe nasies is in die afgelope jare op groot skaal aangepak¹⁾ en heelwat grootskaalse statistiese vergelyking is in dié verband gedoen. Vergelykenderwys word soms ook ingegaan op die ontwikkelingsprobleme van nuwe nasies van die verlede, o.a. van die V.S.A., Kanada, Suid-Afrika en Australië. Hiermee word aangesluit by die vergelykende benadering tot die Amerikaanse geskiedenis wat deur verskillende historici in die V.S.A. voorgestaan en beoefen word.²⁾

Teen die agtergrond van hierdie tendense moet die studie van Louis Hartz en sy medewerkers,³⁾ wat in hierdie hoofstuk bespreek word, gesien word. Dié werk is vir behandeling gekies omdat dit die enigste is waarin 'n duidelike vergelykende studie van nuwe nasies gemaak word; die ondersoeke in die grootskaalse projekte het eintlik nie geresulteer in vergelykende studies van enigsins intensiewe aard nie. Daar is slegs algemene teoretiese werke geskryf waarin besondere gevalle as voorbeelde dien⁴⁾ asook versamelwerke met baie kort stukke oor die verskillende nasies⁵⁾ en studies van

- 1) Belangrike projekte is o.a. onderneem deur die Universiteit van California se Institute for Industrial Relations and International Studies, in besonder deur die Research and Training Group in Comparative and Developmental Studies, en deur die Yale-universiteit in die kader van die Political Data Program.
- 2) Kyk bl. 92- 93 hierbo.
- 3) Hartz, L. (red.), The founding of new societies. New York, Harcourt Brace, 1964. Die subtitel lui: „Studies in the history of the United States, Latin America, South Africa, Canada and Australia”.
- 4) Bv. Bendix, R., Nation-building and citizenship. New York, Wiley, 1964.
- 5) Bv. Deutsch, K.W. en Foltz, W.J. (red.), Nation-building. New York, Alderton, 1963.

enkele gevalle⁶⁾ en verder is net die feitemateriaal gepubliseer op grond waarvan statistiese vergelykinge gedoen is.⁷⁾ Een van die redes waarom meer intensiewe vergelykende studie nie gedoen is nie is dat die probleme van nuwe nasies só 'n wye terrein dek en só gevarieerd is dat daar maar weinig ooreenkomste van land tot land is.⁸⁾ Die studie van Hartz handel dan ook slegs oor 'n aantal Westerse nasies wat vanaf die sestiende eeu deur emigrasie uit Wes-Europa in verskillende wêrelddele ontstaan het en dié opsig baie in gemeen het.

Louis Hartz is hoogleraar in die politieke wetenskap aan die Universiteit van Harvard en het ook reeds elders as besoekende professor in die geskiedkunde opgetree. Hy is die outeur van enkele werke oor die geskiedenis van die politieke denke in en oor die V.S.A.⁹⁾ Dit het hom tot die ondersoek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, aangespoor. Dié werk het in 1964 verskyn en is saamgestel met medewerking van 'n aantal deskundiges oor die geskiedenis van die nasies wat vergelyk word: R.M. Morse, hoogleraar in politieke geskiedenis aan die Yale-universiteit, is die outeur van die gedeelte oor Latyns-Amerika, L. M. Thompson, professor in die geskiedkunde aan die Universiteit van California, skryf oor Suid-Afrika, K.D. MacRae, professor in politieke wetenskap aan die Carleton-universiteit in Ottawa, oor Kanada en R.N. Rosecrane, hoogleraar in politieke wetenskap aan die Universiteit van California, oor Australië.

6) Lipset, S.M., The first new nation. The United States in historical and comparative perspective. New York, Doubleday, 1967 (eerste uitgawe 1963) en Chambers, W.N., Political parties in a new nation. The American experience, 1776-1809. New York, Oxford University Press, 1963.

7) Bv. Russett, B.M., Aller, H.R., Deutsch, K.W. en Laswell, H.D., World handbook of political and social indicators. New Haven, Yale University Press, 1964.

8) Vgl. Rokkan, a.w., bl. 81.

9) Hartz, L., Economic policy and democratic thought. Pennsylvania 1776-1860. Cambridge (V.S.A.), 1958; Hartz, L., The liberal tradition in America. New York, Harcourt & Brace, 1955.

A. Oogmerke, hipotese en definisie

Hartz beoog in The founding of new societies, "on the basis of an earlier analysis of American history from the angle of Europa, to present a general theory of five societies created by European migration in modern times".¹⁰⁾ Hierdie vyf nasies of societies is dié van die V.S.A., Latyns-Amerika, Suid-Afrika, Kanada en Australië. Hy wil sy teorie dus net betrek op 'n spesifieke groep lande en hy gee geen omskrywing van die aard van die nasies wat hy vir ondersoek uitkies of 'n rede waarom juis dié vyf nasies geseklekteer is nie behalwe dat hulle al vyf deur Europese migrasie in die moderne tyd ontstaan het. As hy 'n teorie wat slegs vir 'n aantal besondere gevalle geld deur vergelyking van hierdie nasies wil ontwerp, kan sy onderneming eintlik nie as een van generaliserende vergelyking beskou word nie. Dit skyn egter tog of Hartz meen dat sy teorie vir alle nasies wat deur emigrasie gevorm is, geld, soos reeds blyk uit die titel van die werk en wat ook na vore kom as hy die teorie in 'n ander geskrif wil betrek op die samelewings wat deur die kolonisasie van die Noormanne in Frankryk en Engeland en op Sisilië gevorm is.¹¹⁾ Aangesien die opset van sy prosedure met een van generaliserende vergelyking ooreenkom en sy teorie in principe op alle nasies wat deur emigrasie ontstaan, toegepas sou kan word, word hierdie geskrif tog bespreek t.o.v. die metode wat daarin gevolg word.

Hartz sit sy hele teorie reeds as hipotese in die eerste gedeelte van die werk uitgebreid uiteen. Slegs die hooftrekke daarvan word hieronder kortliks aangestip.

Soos reeds gestel, was Hartz se studie van die "liberal tradition" in die V.S.A. aanleiding vir die vorming van sy teorie. Dié beskouinge oor die intellektuele geskiedenis van Amerika, gevorm deur vergelyking met die Europese geskiedenis, word nou aan-

10) Hartz, The founding of new societies, bl. vii.

11) Hartz, L., American historiography and comparative analysis: further reflections (Comparative studies in society and history, dl. 5, 1962-1963, bl. 367).

gepas en uitgebrei na die ontwikkeling van ander nasies. Hy omskryf sy teorie soos volg: „There is a problem of traditionalism and change common to the societies studied in this book, and it derives from the fact that all of them are fragments of the larger whole of Europe struck off in the course of the revolution which brought the West into the modern world. For when a part of a European nation is detached from the whole of it, and hurled outward into a new soil, it loses the stimulus toward change that the whole provides. It lapses into a kind of immobility. Nor does it matter what stage of European history the part embodies, whether it is feudal, as in Latin America and French Canada, bourgeois as in the United States, Dutch South Africa, and English Canada, or actually radical, charged with the proletarian turmoil of the Industrial Revolution, as in Australia and British South Africa. The fragments reflect every phase of the European revolution, but they evince alike the immobilities of fragmentation. Moreover they are involved alike, because of this, in one of the strangest issues of change that the world impact of the modern era has produced. For it is the irony of that impact that it has hurled back at the fragments after centuries and from wholly unexpected angles, the very Western revolution they originally fled. Their escape has turned out to be an illusion, and they are forced now to transcend the conservatism to which it gave birth".¹²⁾

'n Eerste element van Hartz se teorie is dus dat 'n aantal samelewings of fragmente hulle op verskillende fases van die Europese geskiedenis van 'n groter geheel losgemaak het om ontwikkelinge daarbinne te ontvlug. As voorbeeld van dié ontvlugting noem hy o.a. die Puriteine wat na die V.S.A. geëmigreer het om vyandige heersende godsdiensoopvattinge te ontkom.¹³⁾ Deur hierdie eerste vlug word ook die invloed van latere vyandige rigtinge reeds afgesny: „For the fragment is protected against a whole series of later enemies as a result of the original movement, enemies which in the

12) Hartz, The founding of new societies, bl. 3- 4.

13) Vgl. Hartz, The liberal tradition in America, bl. 64- 68.

renewing process of European history arise out of those it escaped. Marx fades because of the fading of Laud. There is a stifling of the future as well as an escape from the past, and it is in the heart of the process of fragmentation that the one is determined by the other".¹⁴⁾

Die nuwe samelewings reflekteer die verskillende fases van die Europese ontwikkeling waaruit hul voortkom. Deurdat die fragment in die nuwe omgewing self 'n geheel word, kan dit wat in die Europese geskiedenis slegs 'n deel, 'n fase was, nou die grondslag vir die vorming van 'n nuwe nasie word: „Feudalism comes back to us as the French-Canadian Spirit, liberalism as the American Way of Life, radicalism as the Australian Legend".¹⁵⁾ Al die potensiaal van die stroming wat in Europa weens verdringing deur nuwe geestesrigtinge nie na vore kon kom nie kan nou in die ontwikkeling van die nuwe nasie tot ontplöoing kom.¹⁶⁾ Hartz behandel die verskillende elemente binne die feodale tradisie van Latyns-Amerika en Frans-Kanada, die demokratiese tradisie in die V.S.A., Nederlands-Afrikaanse Suid-Afrika en Brits-Kanada en die radikale tradisie in Brits-Suid-Afrika en Australië en wys o.m. daarop dat die verhouding teenoor die inboorlingrasse in die verskillende gebiede deur hierdie grondliggende beskouinge bepaal is. In die hiërargie van die feodale struktuur kon die nie-blanke inboorlinge maklik opgeneem word, maar volgens die liberale opvattinge moes die inboorling òf heeltemal gelykgestel òf slaaf wees; in die demokratiese tradisie is die slawerny daarom erger as in die feodale samelewing.¹⁷⁾

Deurdat die nuwe samelewing hom as deel los van 'n geheel gemaak het en dit wat in Europa slegs deel van 'n ontwikkelingsfase was nou grondslag van die nasie word, is tradisionalisme en immobiliteit in die nuwe gemeenskap onvermydelik. Ten einde die tradisie te beskerm, word selfs verdere immigrasie uit Europa ont-

14) Hartz, The founding of new societies, bl. 3- 4.

15) Ibid., bl. 9.

16) Ibid.

17) Ibid., bl. 17.

moedig, soos volgens hom in Suid-Afrika die geval was.¹⁸⁾ Trekke van immobiliteit vind Hartz o.m. in die nasionale geskiedskrywing van die verskillende lande¹⁹⁾ en in die filosofie wat, omdat die lewe in die nuwe nasies aan die punt van oorsprong gebonde bly, nie kan gedy nie.²⁰⁾

Uiteindelik word die nuwe nasies met hul fragmenttradisies tog gekonfronteer met die breë stroom van die Europese ontwikkeling, 'n konfrontasie wat móés volg na die uitbreiding van die Westerse Beskawing oor die hele wêreld; "as the globe contracted, the Western revolution that the fragments escaped was spreading throughout it with increasing rapidity, so that ultimately it was bound to overtake them, if only from a distant place suddenly made near".²¹⁾ Opvattinge wat in die nuwe nasies eers as vanselfsprekend aangeneem is, het nou in die gedrang gekom.²²⁾ Dit lei tot vergeefse pogings om die nasies van hierdie ontwikkelinge te isoleer: "Isolationist South Africa withdraws from the Commonwealth, but the world is still there. Loyal America deports the Communists, but the Bolshevik Revolution is still there".²³⁾ Op die lange duur, glo Hartz, sal die omvorming van die fragment volg om deel te word van 'n groter geheel, waarin dit 'n nuwe, ryker lewe sal vind as die lewe wat dit verloor het.²⁴⁾

By die uiteensetting van hierdie teorie verwys Hartz slegs na die Westerse Beskawing en die nasies wat deur emigrasie daaruit gevorm is en dit kan in hierdie vorm eintlik net op dié nasies toegepas word, want immers slegs die Westerse Beskawing het al tot wêreldwye ekspansie gekom en so die isolasie van ander nasies deurbreek. Dit is egter nie ondenkbaar nie dat soortgelyke ontwikkelinge, al is dit op kleiner skaal, ook in ander periodes van die geskiede-

18) Ibid., bl. 18.

19) Vgl. Hartz, Comparative studies in society and history, dl. 5, bl. 365- 377.

20) Hartz, The founding of new societies, bl. 23.

21) Ibid., bl. 20- 21.

22) Ibid., bl. 25.

23) Ibid., bl. 22.

24) Ibid., bl. 23.

nis kon plaasgevind het, bv. tydens die Griekse kolonisasie en die latere uitbreiding van die Hellenistiese Beskawing om die gebied van die vroeëre kolonies in te sluit. In prinsipe is dit 'n teorie oor nasies wat deur emigrasie gestig is, al word dit op die Westerse Beskawing gemodelleer en daarop betrek.

Deurdat Hartz sy teorie direk op 'n aantal besondere nasies rig, hoef hy hom nie nader uit te spreek oor die aard van die samelewings waarvoor dit geld en hul nie te definieer nie. Hy onderskei nie duidelik tussen nasies en samelewings nie en dui nie aan nie waarom die teorie vereis dat in Kanada en Suid-Afrika twee aparte nasies met aparte tradisies onderskei word, terwyl die samelewings in Latyns-Amerika saam as 'n geheel geneem word. In die ondersoek na die gevalle self word die eenhede van ondersoek wat Hartz onderskei nie almal apart beskryf nie, want daarin word die Suid-Afrikaanse en Kanadese geskiedenis weer elk in sy geheel beskryf. Dit is daarom nie moontlik om aan te toon hoedat die teorie tēlkens vir elke geval afsonderlik geld nie. Indien bv. beskryf sou word hoedat in die verskillende Latyns-Amerikaanse lande, ten spyte van groot verskille in die nasionale geskiednisse, 'n eenvormige feodale tradisie en ontwikkeling op grondslag daarvan onderskei kan word, sou die teorie veel beter bevestig kan word as deur die hele Latyns-Amerikaanse geskiedenis in een geheel te verhaal.

Hartz se ondersoek berus op 'n seleksie gevalle. Al betrek hy sy teorie net op 'n aantal spesifieke lande, behoort dit ten minste ook te geld vir ander lande wat sedert die sestiende eeu deur Europese emigrasie gestig is, bv. Nieu-Seeland.²⁵⁾ Hartz dui nie redes aan waarom Nieu-Seeland nie behandel word nie; in elk geval is sy seleksie van Westerse nasies deur emigrasie gestig uitgebreid en verteenwoordigend genoeg om sy teorie as geldig vir al sodanige samelewings te bewys.

2. Metode van ondersoek

Terwyl Hartz self die ondersoek na die geskiedenis van die V.S.A. doen, laat hy die behandeling van die ander gevalle aan

25) Vgl. Nowell, C.E., Review, Hartz, The founding of new societies (Journal of modern history, 1966, bl. 86- 87).

die hierbo genoemde deskundiges oor. Hartz het vooraf, in 1961, 'n konferensie van die medewerkers aan die boek belê waartydens hy sy teorie uiteengesit het, maar daarna het die skrywers hul studies afsonderlik tot stand gebring en in dié vorm is dit gepubliseer.²⁶⁾

Hartz se stuk oor die V.S.A. is soos hy self opmerk eintlik 'n vergelykende oorsig van die Amerikaanse geskiedenis.²⁷⁾ Telkens word vergelykinge met die ontwikkelinge in Europa en van die ander nuwe nasies gedoen. Op hierdie wyse kan hy goed daarin slaag om die immobiele karakter van die Amerikaanse geskiedenis in vergelyking met die Europese en ook die liberale aard van die Amerikaanse tradisie in vergelyking met die tradisies van die ander nuwe nasies na vore te bring. In sy kort behandeling van die Amerikaanse geskiedenis kon Hartz onmoontlik deeglik op alle aspekte ingaan; hy kon dit net kortliks vergelykend van 'n bepaalde hoek belig. So doende word die vrugbaarheid van sy teorie wel geïllustreer maar geensins bewys nie. Hartz behandel nie besondere probleme wat i.v.m. die toepassing van sy teorie op sekere dele van die Amerikaanse geskiedenis behoort op te duik nie. Watter rol het bv. die talle immigrante wat op later stadia van die Europese geskiedenis en ook dié wat reeds in die sewentiende eeu maar uit nie-liberale agtergronde na Amerika gekom het in die nasionale ontwikkeling gespeel? Het die Amerikaanse Rewolusie nie ook die aard van die Amerikaanse tradisie ingrypend bepaal nie?²⁸⁾ Hartz se beknopte behandeling van die Amerikaanse geskiedenis is eensydig en toon slegs aan waar sy teorie opgaan, nie waar dit miskien nie so maklik toegepas kan word nie. Hy bied eintlik 'n aangepaste en verkorte weergawe van sy vroeëre werk oor die Amerikaanse liberale tradisie²⁹⁾ waarin hy net be-

26) Hartz, The founding of new societies, bl. vii.

27) Ibid., bl. 69.

28) In Lipset, The first new nation, bl. 115 e.v. word juis die nasievormende aard van die Amerikaanse Rewolusie beklemtoon. Hierdie rewolusie is ook sterk beïnvloed deur Europese denkbeelde, iets wat teen Hartz se teorie van isolasie indruis. Vgl. Palmer, R.R., The age of democratic revolution. Europe and America, 1760-1800. 2 dele, Princeton, University Press, 1964-1969. Hierin word die samehang tussen die Amerikaanse en Europese geskiedenis in dié periode beklemtoon.

29) Hartz, The liberal tradition in America.

paalde aspekte van die Amerikaanse geskiedenis vanuit 'n besondere oogpunt benader en wat deur verskillende historici as 'n eensydige visie gekritiseer is.³⁰⁾

Die stukke van die ander skrywers is nog meer onbevredigend in hul benadering van Hartz se teorie. In die gedeelte oor Latyns-Amerika word glad nie direk na die teorie verwys nie; dit bevat slegs 'n algemene behandeling van die Latyns-Amerikaanse geskiedenis waarby implisiet iets oor die gelding van die teorie na vore kom. Dit word aan die leser oorgelaat om te oordeel of dit vir hierdie gebied opgaan of nie; sonder verdere kommentaar wys Morse bv. op die ooreenkomste en verskille tussen die Latyns-Amerikaanse stelsel van grondbesit en -bewerking en die Europese feodale stelsel.³¹⁾ Dat Hartz se teorie nie in alle opsigte vir Latyns-Amerika geld nie blyk dan ook duidelik uit die stuk self; so is daar bv. weinig sprake van ontvlugting in die emigrasiebewegings van Europa na Suid-Amerika.

Ook die ander skrywers gee hoofsaaklik slegs die geskiedenis van die verskillende lande, uiteraard baie oorsigtelik, weer en toon slegs hier en daar direkte verband met Hartz se teorie aan en dan nie eers altyd op die juiste wyse nie. L.M. Thompson gryp bv. in sy stuk oor Suid-Afrika die gedagte van ontvlugting aan om dit op die Groot Trek toe te pas wat tweehonderd jaar na die eerste emigrasie na Suid-Afrika plaasgevind het en waaraan mense deelgeneem het wat reeds geslagte lank in Suid-Afrika gevestig was. Hy vind onder die Afrikaners 'n duidelike gebrek aan elementêre waardes wat vandag in Europa geld,³²⁾ maar dit blyk juis die waardes van liberalisme en demokrasie te wees wat Hartz as tipies beskou van die Afrikaanse tradisie. Thompson gebruik Hartz se teorie eintlik net vir sy eie doeleindes, om sy eie siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis weer te gee. Hy wil in sy oorsig die agterlikheid van die

30) Vgl. die stukke van M. Meyers, L. Krieger en M.V. Jaffa in Comparative studies in society and history, dl. 5, 1962- 1963, bl. 261- 284.

31) Hartz, The founding of new societies, bl. 148.

32) Ibid., bl. 215.

Afrikaanse element teenoor die verligte Britse deel, wat hy glad nie as radikaal-tradisionalisties probeer tipeer nie, beklemtoon en op die gevaar wys wat die Afrikaanse isolasionalistiese strewe vir die toekoms van die Westerse Beskawing in Suid-Afrika inhou. Die oplossing van die Suid-Afrikaanse rasseprobleem sien hy in bloedvermenging waarby hy, vreemd genoeg, die Latyns-Amerikaanse feodale tradisie as voorbeeld voorhou.³³⁾

Die ondersoek van die besondere gevalle toon dus eintlik slegs aan dat Hartz se teorie vrugbaar aangewend kan word. Telkens word dit net t.o.v. sekere aspekte met die geskiedenis van die verskillende lande in verband gebring en word dit geensins doeltreffend getoets nie. Die onderskeie gesigspunte van die skrywers bring verskillende interpretasies van die teorie en van die geskiedenis van die besondere lande mee, want, ook al is die stukke op sigself wetenskaplik-deskundig, word juis die individuele sieninge van die skrywers telkens op die voorgrond geplaas. Dit bevorder geensins die algemene aanvaarbaarheid van die teorie nie en maak dit eerder vir meer historici onaanneemlik. Verder blyk duidelik dat so 'n omvattende teorie soos dié van Hartz wat ook bykans die hele geskiedenis van elke nuwe nasie raak slegs in 'n veel uitgebreider en diepgaander ondersoek as dié wat in die bespreekte studie onderneem is genoegsaam getoets sou kan word.

C. Konklusies

Die gevalle-ondersoeke is nie alleen ontoereikend om Hartz se teorie aanvaarbaar te maak nie; dit toon ook aan dat dit nie heeltemal opgaan nie. Die element van ontvlugting geld bv. slegs in geringe mate as motief vir die migrasies en stigting van nuwe nasies en die isolasie was nie altyd so groot as wat Hartz se teorie vereis nie. Dit is duidelik dat die teorie, soos die sisteem van Toynbee, eintlik te omvattend is om werklik op 'n aantal verskillende historiese gevalle wat net in gemeen het dat hulle tot dieselfde klas behoort, te pas. Dit is ook gemodelleer op een van die gevalle,

33) Ibid., bl. 217.

die V.S.A., waarvoor dit reeds nie heeltemal opgaan nie.³⁴⁾

Tog toon die gevalle-ondersoeke aan dat Hartz se teorie belangrike waarheidselemente bevat. Dat bepaalde geestestrominge in die ontwikkeling van die Westerse Beskawing 'n besondere invloed op die nuwe nasies gehad het, is nie te betwyfel nie. Ook bring die teorie tereg na vore dat isolasie gelei het tot ontwikkelinge in dié lande wat heeltemal van die algemene ontwikkeling van die beskawing in Europa verskil,³⁵⁾ sodat latere verdwyning van die isolasie tot aanpassingsprobleme lei. Hartz oorskat egter die element van tradisionalisme in die nuwe samelewings omdat hy hulle vanuit die Europese gesigspunt bekyk en die Europese ontwikkeling standaard vir vergelyking maak,³⁶⁾ Hartz se teorie bied insig in die rol van algemene faktore, soos dié van isolasie en 'n nasionale uitkyk en hulle rol in die geskiedenis. Meer algemeen gestel en nie so eensydig vanuit Europese gesigspunt benader nie, sou 'n juister teorie oor die ontwikkeling van nuwe nasies moontlik kan ontstaan. Hiervoor sou egter ook veel deegliker en uitgebreider ondersoek nodig wees as dié wat deur Hartz en sy medewerkers verrig is.

34) Vgl. die kritiek in Comparative studies in society and history, dl. 5, bl. 261- 284.

35) Tereg merk C.E. Nowell op dat Hartz nie genoeg aandag gee aan die rol van geografiese faktore in die ontwikkeling van die verskillende nuwe nasies nie. Nowell, Journal of modern history, 1966, bl. 86.

36) Vgl. Loewenstein, B.J., Review, Hartz, The founding of new societies (American historical review, Okt. 1966, bl. 123). Hy wys ook daarop dat Hartz die Europese geskiedenis self te eensydig sien en die eenheid daarvan oorbeklemtoon.

HOOFSTUK VIII

POLITIEKE INTEGRASIE - K.W. DEUTSCH, A. ETZIONI e.a.

Politieke integrasie, die vereniging van state en ander politieke eenhede tot 'n groter geheel, is 'n onderwerp wat, net soos nasievorming, in die sosiale wetenskappe bestudeer word veral weens die aktualiteit daarvan. Konflikte, so word geglo, kan in 'n belangrike mate deur die vereniging van kleiner state tot groter eenhede uitgeskakel word. Politieke integrasie word dus beskou as 'n middel om wêreldvrede te bereik. Verskillende instellings in die V.S.A. het hulle reeds met die probleem van politieke integrasie besig gehou en verskeie werke het daarvoor verskyn,¹⁾ waarvan sommige van algemene teoretiese aard, maar ook enkeles waarin historiese vergelykende ondersoek gedoen word. Dit is nl. besef dat die studie van politieke integrasiepogings van die verlede lig kan werp op die vraagstuk van politieke integrasie self en op die moontlikhede wat dit in die huidige tyd vir die bereiking van vrede bied. Twee vergelykende studies op grond van historiese ondersoek word in hierdie hoofstuk van nader beskou.

A. K.W. Deutsch, e.a.

Deur die Centre for Research in World Political Institutions van die Universiteit van Princeton, 'n instelling wat hom toelê op vraagstukke van internasionale organisasie en in besonder op „the central problem of international organization - the elimination of war”,²⁾ is 'n uitgebreide historiese ondersoek na politieke inte-

1) O.m.: Deutsch, K.W. e.a., Political community and the North Atlantic Area. Princeton, University Press, 1957 (subtitel: „International organization in the light of historical experience”); Etzioni, A., Political unification: a comparative study of leaders and forces. New York, Holt, Rinehart & Winston, 1965; Jacob, P.E. en Toscano, J.V. (red.), The integration of political communities. Philadelphia, Lippencott, 1964; Plischke, E. (red.), Systems of integrating the international community. Princeton, Van Nostrand, 1964.

2) Deutsch e.a., Political community and the North Atlantic Area, bl. vii.

grasiepogings gedoen, wat egter net gedeeltelik en in verskillende werke gepubliseer is.³⁾

Die projek is aangepak as 'n interdisiplinêre studie waaraan historici en sosiaal-wetenskaplikes saangewerk het. Die historici het die verskillende gevallestudies onderneem, nl. „German case, Francis L. Loewenstein (College of William and Mary); case of Habsburg Empire, Robert A. Kann (Rutgers University); Italian case, Maurice Lee, Jr. (Princeton University); case of Norway-Sweden, Raymond E. Lindgren (Occidental College); United Kingdom cases (England - Wales, England - Scotland and United Kingdom - Ireland), Sidney A. Burrell (Barnard College); and case of United States, Martin Lichterman (Massachusetts Institute of Technology)".⁴⁾ Die staatswetenskaplike K.W. Deutsch, van die Massachusetts Institute of Technology, het die vergelyking van gevalle gedoen en die generalisasies wat op grond daarvan bereik is, geformuleer; sy taak is vir ons doel dus die ver naamste. 'n Ander staatkundige, R.W. van Wageningen, was verantwoordelik vir die organisasie van die projek en het die afleidings t.o.v. die eietydse situasie gemaak.⁵⁾ Hierdie taakverdeling is spesiaal gedoen omdat gemeen is dat historici veral geskik sou wees om die historiese feite te ondersoek en te interpreteer en sosiaal-wetenskaplikes beter in staat sou wees om hipoteses op te stel en te generaliseer.⁶⁾ Dit het nie moontlik geblyk om al die historiese ondersoek persklaar te maak nie en slegs die vergelykende deel en die toepassings, die werk van Deutsch en Van Wageningen, is gepubliseer, terwyl twee gevallestudies later afsonderlik in druk verskyn het.⁷⁾

3) Deutsch e.a., Political community and the North Atlantic Area; Kann, R.A., The Habsburg Empire: a study in integration and disintegration. New York, Praeger, 1957; Lindgren, R.E., Norway - Sweden. Union, disunion and Scandinavian integration. Princeton, University Press, 1959.

4) Deutsch e.a. Political community and the North Atlantic Area, bl. vii.

5) Ibid.

6) Ibid.

7) Kyk voetnoot 3 hierbo.

1. Oogmerke, hipotese en definisie

Die doel van die projek is, so word duidelik gestel, "to throw light on an old problem - the elimination of war".⁸⁾ Hierop is die hele ondersoek dan ook gerig. Soos die titel van die werk aandui, word die moontlikhede van politieke vereniging in Wes-Europa en Noord-Amerika, dus die gebied van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie, om sodoende wêreldvrede te probeer bereik, bestudeer.⁹⁾ Die ondersoekers hoop om op hierdie aktuele vraagstuk lig te werp deur geskiedenisstudie; "whenever a difficult problem arises men turn to history for clues to its solution".¹⁰⁾ Die tradisionele, enkel teoretiese benadering van die sosiale wetenskap word beskou as "too narrow, too shallow, and too unrealistic. . . The record of what happened in history is richer and deeper than any single scheme of deduction or analysis, and we would ignore it at our peril".¹¹⁾ Aan die ander kant word gemeen dat die geskiedenis net deur die gebruik van sosiaal-wetenskaplike teorieë tot sy volle potensiaal gebring kan word.¹²⁾ Die ondersoek is soveel moontlik histories gerig en vooraf word so min moontlik aan teoretiese raamwerk gegee.

Die inleidende teoretiese beskouinge handel hoofsaaklik oor die konsep van politieke integrasie. Politieke integrasie word, vir die doel van die projek, as ekwivalent gestel aan die vorming van 'n sekuriteitsgemeenskap "in which there is real assurance that the members of that community will not fight each other physically, but will settle their disputes in some other way".¹³⁾ Die omskrywing van politieke integrasie word dus gedoen in terme van die bereiking van 'n toestand waarin oorlog uitgeskakel is. Daarom ook is dit vir Deutsch en sy medewerkers moontlik om twee vorme van politieke integrasie te onderskei, nl. amalgamasie of "the formal merger of two

8-) Deutsch e.a., Political community and the North Atlantic Area, bl. vii.

9) Ibid., bl. 3.

10) Ibid., bl. 3- 4.

11) Ibid., bl. 11.

12) Ibid., bl. 14.

13) Ibid., bl. 5.

or more previously independent units into a single larger unit, with some type of common government",¹⁴⁾ wat federaal of unitêr van aard kan wees,¹⁵⁾ en die vorming van 'n pluralistiese sekuriteitsgemeenskap waarin die lede hul politieke soewereiniteit behou en daar verskillende regeringsentra bly sodat integrasie net in die vorm van 'n vredesooreenkoms of alliansie bestaan. As voorbeeld van 'n pluralistiese sekuriteitsgemeenskap noem die skrywers die V.S.A. en Kanada met hul onderlinge vredesverdrae. Elke poging tot politieke integrasie het nie suksesvolle resultate nie; werklike politieke integrasie het eers tot stand gekom as „people on both sides do not fear war and do not prepare for it, it makes little matter how long it took them to reach that stage”.¹⁶⁾ Dat met amalgamasie nog nie reeds politieke integrasie bereik is nie word deur die geskiedenis van die Habsburgse Ryk getoon. Om die verskynsel van politieke integrasie te bestudeer, moet natuurlik ook aan hierdie onsuksesvolle pogings aandag gegee word.

Hoewel die definisie van politieke integrasie eensydig deur die uitgangspunt bepaal word, is die aantal gevalle wat bestudeer word tog ongeveer almal pogings om 'n groter politieke eenheid te bereik, soos dit redelik algemeen aanvaar word. Die sukses van die politieke integrasiepoging word dan egter getoets aan die kriterium of die gevaar van oorlogvoering teenoor mekaar suksesvol afgeweer is.

Dit skyn dus of die doel van die ondersoek reeds as 'n uitgangspunt aangeneem word; terwyl aangetoon moet word dat suksesvolle politieke integrasie onderlinge oorlogvoering uitskakel, word juis daarvan uitgegaan dat suksesvolle politieke integrasie bereik is as daar geen moontlikheid tot onderlinge oorlogvoering meer is nie. Sirkelredenasie word vermy deurdat nog 'n ander kriterium, nl. 'n gemeenskapsgevoel, vir die sukses van politieke integrasie gestel word. „The hypothesis upon which the inquiry is based is that

14) Ibid., bl. 6.

15) Ibid.

16) Ibid.

organizations designed for the long-run prevention of war (like the United Nations) can be effective only if they rest upon such a deep sense of community that the process of peaceful change has become assured over a long period of time".¹⁷⁾ Daar moet dus ondersoek word op watter wyse so 'n gemeenskapsgevoel die beste bereik kan word en naas politieke moet sosiale, ekonomiese, psigiese e.a. faktore bestudeer word. Die skrywers is nie daarmee tevrede om op 'n faktor soos nasionalisme te wys as verklaring vir 'n verskynsel nie, want aangesien dit juis daarom gaan om nasionalisme wat oorlogvoering bevorder deur integrasie te oorwin, is dit veral van belang om te weet watter dinge tot nasionalisme aanleiding gee.¹⁸⁾

Dat doeleindes, hipotese en omskrywing van die eenhede van ondersoek almal direk op die probleem van uitskakeling van oorlogvoering betrek is, bring mee, soos die skrywers dit self ook stel,¹⁹⁾ dat die aandag net op sekere aspekte van die verskynsel van politieke integrasie val.

2. Seleksie van eenhede van ondersoek

Die gevalle wat deur die projekgroep vir ondersoek geselekteer word, is almal pogings om politieke integrasie te bereik. Hiervan is in 'n opname drie-en-dertig gevalle in die geskiedenis gevind, maar dit is besluit om, inagnemende die beskikbaarheid van gegewens en ten einde die omvang van die ondersoek te beperk en dit makliker op eietydse problem toepasbaar te kan maak, net 'n aantal gevalle uit die geskiedenis van Wes-Europa en Noord-Amerika te ondersoek.²⁰⁾ Die ondersoek word dus beperk tot dieselfde gebied as dié waarop die resultate toegepas moet word, nl. die Noord-Atlantiese gebied. Hiertoë word gereken die gebied van die huidige state Oostenryk, Wes-Duitsland, Swede, Finland, Noorweë, Ysland,

17) Kann, The Habsburg Empire: a study in integration and disintegration, bl. v.

18) Deutsch e.a., Political community and the North Atlantic Area, bl. 19.

19) Ibid., bl. 21.

20) Ibid., bl. 16.

Denemarke, Groot-Brittanje, Ierland, Nederland, België, Luxemburg, Frankryk, Italië, Spanje, Portugal, Switserland, die V.S.A. en Kanada. Hierdie beperking van die seleksie tot 'n bepaalde geografiese gebied verseker nie dat die gevalle wat ondersoek word verteenwoordigend is van die onderwerp nie. Tog kan daar binne die Noord-Atlantiese gebied nog genoeg variasie wees om al die verskille tussen die gevalle te bevat.²¹⁾

Uit die gevalle in die geskiedenis van Wes-Europa en Noord-Amerika word 'n verdere seleksie gemaak, waarby gepoog word om sowel suksesvolle en onsuksesvolle gevalle en gevalle van amalgamasie en pluralistiese integrasie vir ondersoek uit te sonder. Uiteindelik word tien gevalle gekies, wat egter gedeeltelik uit kombinasies van verskillende integrasiepogings bestaan, sodat eintlik sestien gevalle, wat almal oor 'n tydperk van twee tot drie generasies strek, onderskei kan word:

- (i) die toename in Engelse eenheid na 1066;
- (ii) die verdere toename in Engelse eenheid na 1215;
- (iii) die unifikasie van Engeland en Wallis na 1485;
- (iv) die unifikasie van Engeland en Skotland na 1603;
- (v) die unie tussen Engeland en Ierland na 1801;
- (vi) die groter identifikasie van Noord-Ierland met Engeland na 1795;
- (vii) die unifikasie van die Amerikaanse kolonies vanaf 1765;
- (viii) die konfederasie van die Switserse kantons vanaf 1291;
- (ix) die toetrede van Zürich en Bern tot die konfederasie na 1351;
- (x) die verbintenisse van Genève met die konfederasie na 1519;

21) Vgl. *ibid.*, bl. 17, waar beweer word dat die gevalle genoeg in gemeen moet hê om vergelykbaar te wees. Dit wat hulle in gemeen het, behoort egter net die feit te wees dat almal politieke integrasiepogings is en daarnaas moet hulle juis soveel moontlik variasie tussen die gevalle verteenwoordig. Kyk bl. 153- 155 hierbo.

- (xi) die unifikasie van Italië na 1859;
- (xii) die Duitse unifikasie na 1866;
- (xiii) die dinastiese unie van Oostenryk, Boheme en Hongarye na 1526;
- (xiv) die hefter amalgamasie van Oostenryk en Boheme vanaf 1620;
- (xv) die verdere amalgamasie van Oostenryk en Hongarye na 1686;
- (xvi) die dinastiese unie van Noorweë en Swede vanaf 1814.²²⁾

Hierdie pogings kan nie almal as aparte gevalle beskou word nie en wat die jaartalle betref, is die beginpunte dié van bewegings wat soms reeds 'n lang voorgeskiedenis het. Deurdat verskillende pogings egter van dieselfde gebiede is en met mekaar in noue verband staan, kan die agtergrondsfaktore en voorgeskiedenis dikwels gemeenskaplik behandel word. Aan die ander kant bestaan die gevaar dat die ooreenkomste wat na vore kom die gevolg van onderlinge beïnvloeding kan wees; desnieteenstaande is daar genoeg gevalle wat weinig in gemeen het om ook die vind van ooreenkomste wat op generalisasies kan dui te verseker, want tussen die pogings, waarvan elf suksesvol en vyf onsuksesvol was, bestaan daar heelwat verskil in periode en omgewing en ook in die grootte van die eenhede.

3. Metode van ondersoek

Dit is reeds gemeld dat Deutsch en sy medewerkers nie alle aspekte van die politieke integrasieverskynsel wil ondersoek nie, maar slegs dié wat betrekking het op die hipotese. Daarom hoef die geskiedenis van al die gevalle nie uitgebreid ondersoek te word nie, wat 'n baie omvangryke taak sou wees, maar slegs in soverre dit vir die vergelyking noodsaaklik is; "since historical cases can at best be compared in only some of their aspects, and practically never in all of them, any comparison means the sacrifice of a great deal of detail, much of it important information".²³⁾

22) Deutsch e.a., Political community and the North Atlantic Area, bl. 18.

23) Ibid., bl. 15.

Tog moes uitgebreid aandag gegee word aan die agtergrondsomstandighede en al die aspekte van die integrasieproses self. Met die vordering van die ondersoek is reeds gaandeweg begin om vergelykinge te doen en sodoende kon die ondersoek verder op bepaalde sake toegespits word. Deutsch beskryf hierdie prosedure self soos volg: "What kinds of questions did we ask about these cases? Having as yet no orderly theory to be tested, we began by asking many commonsense questions of a descriptive nature. We of course knew that these would lead to other questions of a less obvious and perhaps more illuminating kind. Clearly we had to know the relative sizes, power positions, and economic levels of the various units that later approached integration. Also we had to know a great deal of their social and political institutions and about the kinds of contact which they had with each other. But as we went into the facts, we began to pay more attention to various aspects of social communication, both within and between the units. We then found that in most cases we had to go back into a much earlier period than we had planned. Despite the differences in time-span of the various cases, we drew up a common outline which we followed as closely as possible in all cases".²⁴⁾

Aangesien slegs 'n klein gedeelte van die ondersoekwerk in druk verskyn het, kan die metode van ondersoek moeilik beoordeel word. Die aanduidings is dat, soos van so 'n uitgebreide projek waaraan verskillende historici meegewerk het, verwag kan word, in elk geval intensiewe en deeglike navorsing gedoen is. Dit is egter onwaarskynlik dat meer as 'n klein gedeelte van die gegewens direk uit primêre bronne gekom het, veral omdat die enigste gepubliseerde gevallestudies hoofsaaklik op sekondêre bronnemateriaal gebaseer is. Oor die huidige situasie kon makliker eerstehandse gegewens verkry word en is daar selfs besondere tegnieke ontwerp om die mate van kommunikasie tussen state te bepaal, bv. deur statistieke oor die vloei van pos te bestudeer.²⁵⁾

Die studie oor die Habsburgse Ryk, wat gepubliseer

24) Ibid., bl. 17- 18.

25) Ibid., bl. 205- 206.

is,²⁶⁾ bied 'n duidelike en oorsigtelike beskrywing van die politieke, sosiale, ekonomiese, kulturele en godsdienstige agtergrondsfaktore wat die integrasieproses beïnvloed het. Kann ondersoek watter mate van nasionale eenheidsgevoel onder die inwoners van die Habsburgse Ryk ten spyte van die onderlinge verdeeldhede aanwesig was. Hy splits sy studie nie, soos vir die doel van die vergelyking gedoen is, maar behandel die hele geskiedenis as „a long drawn out process of imperfect integration”.²⁷⁾ Die werk van Lindgren²⁸⁾ dek 'n wyer veld as wat vir die ondersoek vereis word deurdat ook die huidige Skandinawiese eenheidsbeweging behandel word, terwyl verder uitgebreid aandag gegee word aan die afskeiding van Noorweë in 1905, waarvan Lindgren 'n besondere studie gemaak het. Die agtergrondomstandighede van die hele integrasieproses word goed maar beknopt aangetoon.

4. Konklusies

Deutsch en sy medewerkers het nie verwag om absoluut geldende wette deur hul vergelykende ondersoek te vind nie; „with what assurance can we apply the knowledge of one historical period to the situation in another? We are using past experience to find out what arrangements appear possible, which appear probable, and which appear more probable than others. We are not only dealing with possibilities, but with priorities of probabilities. In effect, we are looking for the minimum requirements for a peaceful political community. We are trying to see what is not needed for integration. We can therefore subtract, so to speak, from any hypothetical lists of present-day requirements, those conditions that did not have to occur during the course of successful integration in the past”.²⁹⁾ Deur die hoeveelheid gevalle waarin 'n faktor voorkom af te weeg teenoor die hoeveelheid waarin dit nie voorkom nie, probeer

26) Kann, The Habsburg Empire: a study in integration and disintegration.

27) Ibid., bl. viii.

28) Lindgren, a.w.

29) Deutsch e.a., Political community and the North Atlantic Area, bl. 11.

Deutsch bepaal hoeveel gewig daardie faktor in die proses van politieke integrasie dra.³⁰⁾ As 'n faktor bv. in sowel alle suksesvolle as onsuksesvolle pogings aanwesig is, kan dit nie in belangrike mate bydra tot bereiking van integrasie nie; as dit egter in twee maal soveel suksesvolle as onsuksesvolle pogings voorkom, want daar is twee maal soveel suksesvolle as onsuksesvolle gevalle bestudeer, kan dit wel van belang wees.³¹⁾ Deutsch maak dus van kwantitatiewe tegnieke gebruik en bepaal die belang van ooreenkomste deur hulle te tel. Hier is geen sprake van generalisasie nie; daar word gebly by die vind van moontlikhede en waarskynlikhede.

In die uitgebreide vergelykende gedeelte van die werk wys Deutsch op die verskillende ooreenkomste wat tussen die gevalle gevind is, bespreek die belang daarvan en vind uiteindelik die volgende nege faktore wat as essensieel vir suksesvolle integrasie deur amalgamasie geld:

- (i) onderlinge ooreenstemming van waardes tussen die inwoners van die onderskeie state;
 - (ii) ooreenstemming in lewenswyse;
 - (iii) die verwagting dat ekonomiese voordeel deur amalgamasie behaal kan word by inwoners van beide state;
 - (iv) toename van politieke en administratiewe bekwaamheid in die bestuur van een of meer van die state deur amalgamasie;
 - (v) groter ekonomiese ontwikkeldheid van een van die state;
 - (vi) kommunikasiebande tussen sowel die inwoners van die verskillende state as tussen die verskillende sosiale klasse;
 - (vii) 'n verbreding van die politieke magsgroep deur die amalgamasie;
 - (viii) mobiliteit van persone in ten minste die politiek belangrike samelewingslae;
 - (ix) groot kommunikasie- en transaksie moontlikhede.
- Daarbenewens is daar drie faktore wat moontlik essen-

30) Ibid., bl. 17.

31) Ibid., bl. 104.

sieel kan wees:

(i) 'n kompensasie van die kommunikasie- en transaksievloei deur die amalgamasie;

(ii) 'n wisseling in die rol wat sekere groepe speel;

(iii) onderlinge voorspelbaarheid van gedrag.

Dan is daar nog enkele faktore wat nie essensieel is nie, maar tog integrasie kan bevorder:

(i) 'n teësin om langdurige oorlog te moet voer;

(ii) militêre bedreiging van buite;

(iii) etniese en linguïstiese affiliasie.³²⁾

Van hierdie faktore is slegs twee ook essensieel vir die suksesvolle integrasie van pluralistiese gemeenskappe, nl. ooreenstemming in waardes en die vergroting van politieke en administratiewe kapasiteit deur die integrasieproses. Miskien is ook onderlinge voorspelbaarheid van gedrag 'n essensiële vereiste.³³⁾

Wat die integrasieproses self betref, maak Deutsch eweneens 'n aantal gevolgtrekkinge waarby hy verskillende moontlikhede onderskei, waarop hier nie ingegaan hoef te word nie.

Deutsch se konklusies is in sosiaal-wetenskaplike terme gestel en dit is duidelik dat hy hom in sy ondersoek deur sosiaal-wetenskaplike konsepsies laat lei het. Deur al die moontlike ooreenkomste tussen die gevalle te probeer gee en die belangrikheid daarvan te bepaal aan die hoeveelheid gevalle waarin dit voorkom, bly sy gevolgtrekkinge sterk gebonde aan die besondere verskynsels wat hy en sy medewerkers bestudeer het. In elk geval blyk dat hy sy konklusies heeltemal op die empiriese ondersoek grond.

Die gevalle-ondersoek het dus gelei tot die vind van 'n aantal ooreenkomste, historiese analogieë soos die outeurs self verklaar,³⁴⁾ maar nie tot die vorming van 'n teorie en eintlik nie eers tot generalisasies oor die aard van die politieke integrasie-

32) Ibid., bl. 157- 158.

33) Ibid., bl. 166- 167.

34) Ibid., bl. 13.

verskynsel nie. Natuurlik het die studie tog tot groter insig in politieke integrasie gelei, soos ook blyk uit die moontlikheid tot toepassing van die gevolgtrekkings op die eietydse situasie. Deur na te gaan watter essensiële faktore in die Noord-Atlantiese gebied aanwesig en welke afwesig is, kom R.W. van Wageningen tot 'n beskouing oor die moontlikhede van politieke integrasie in dié gebied en wys hy op middele wat aangewend kan word om hierdie oogmerk te bevorder. Die prosedure van ondersoek verseker egter nie dat ál die faktore wat integrasie veroorsaak en beïnvloed, gevind is nie en ook nie dat die essensiële faktore wat gevind is ál die essensiële faktore is nie; slegs moontlikhede en nie sekerhede nie is deur die ondersoek opgelewer.

B. A. Etzioni

Amitai Etzioni, sosioloog en outeur van 'n aantal geskrifte oor sosiologiese en staatkundige onderwerpe, is verbonde aan die Universiteit van Columbia. Sy werk onder bespreking³⁵⁾ het in 1965 verskyn as publikasie van die Institute of War and Peace Studies aan hierdie universiteit.

1. Oogmerke, hipotese en definisie

Die doeleindes wat Etzioni hom in sy studie van die verskynsel van politieke integrasie stel, staan in noue verband met die taak van die instituut wat dit uitgegee het. Hy wil nl., soos Deutsch en sy medewerkers, die vorming van groter regionale politieke organisasies en gemeenskappe as 'n moontlike middel om oorlog uit te skakel, ondersoek. „For this author, the most compelling appeal of regionalism is that the rise of regional communities may provide a stepping-stone on the way from a world of a hundred-odd states to a world of a stable and just peace. Such an achievement seems to require the establishment of a world political community. The rise of a world community is by no means assured; at best it will be a long and difficult process. Nor does the evolution of

35) Etzioni, a.w.

every regional community serve the cause of a world community. And one must note that, so far, for every regional association that succeeded, several have failed. But the increase in the number of regional communities and their growing success seems to indicate that the one avenue by which a world community - and not a world empire - might rise is the growth of regionalism".³⁶⁾

Hoewel Etzioni dus in die vorming van regionale unies die moontlikheid sien om wêreldvrede te bereik en die beperkthede van die nasie-state te oorkom,³⁷⁾ besef hy dat politieke unifikasie nie noodwendig daartoe hoef te lei nie³⁸⁾ en rig hy sy studie nie soos Deutsch en sy medewerkers direk op die oorlogsvraagstuk nie.

As sosioloog wil Etzioni die verskynsel van politieke unifikasie vanuit 'n sosiologiese gesigspunt benader, wat inhou dat hy, anders as die meeste ander ondersoekers, nie uitsluitend op politieke faktore let nie, maar ook op sosiale, ekonomiese e.a. faktore.³⁹⁾ Hy wil „political sociology of international relations" beoefen,⁴⁰⁾ waarby hy sy vergelykende ondersoek in 'n omvattende sosiologies-teoretiese raamwerk plaas. Eintlik is die teoretiese inleiding uitgebreider as wat vir die ondersoek vereis word⁴¹⁾ en daarom word tans daarop gelet net vir sover dit noodsaaklik is vir die behandeling van Etzioni se metode van ondersoek.

Etzioni omskryf unifikasie as „the process by which the bonds among the units of a system are strengthened",⁴²⁾ waarteenoor hy de-unifikasie stel as die verslapping van die bande tussen die eenhede in 'n sekere stelsel.⁴³⁾ Unifikasie en de-uni-

36) Ibid., bl. x- xi.

37) Ibid., bl. vii, xvii.

38) Ibid., bl. xvii.

39) Ibid., bl. ix.

40) Ibid., bl. viii.

41) Vgl. ibid.

42) Etzioni, a.w., bl. 332.

43) Ibid., bl. 3.

fikasie kan betrekking hê op die verhoudinge tussen enige soort samelewingseenhede w.o. state, die eenhede waarop Etzioni se ondersoek in besonder gerig is.⁴⁴⁾ Die unifikasieproses van politieke eenhede kan uiteindelik lei tot die totstandkoming van 'n politieke gemeenskap. „A political community is a community that possesses three kinds of integration: (a) it has an effective control over the use of the means of violence (though it may 'delegate' some of this control to member-units); (b) it has a centre of decision-making that is able to affect significantly the allocation of resources and rewards throughout the community; and (c) is the dominant focus of political identification for the large majority of politically aware citizens”.⁴⁵⁾ Die lede van 'n politieke gemeenskap kan dus as geïntegreer beskou word en só is 'n gemeenskap ook te onderskei van 'n stelsel; die lede van lg. eenheid is nie noodwendig geïntegreer nie. 'n Politieke unie is 'n stelsel van state waarin die unifikasieproses kan lei tot die vorming van 'n politieke gemeenskap al dan nie. Die politieke unie het wel 'n mate van integrasie bereik in verhouding teenoor 'n gewone internasionale organisasie: „A union is a group of countries that acts in unison, on a continuous rather than ad hoc basis, in a wide range of matters, and on matters more important to its interest than is the case in typical international organizations”.⁴⁶⁾

Die eenhede wat Etzioni ondersoek, is dus politieke unies, na sy gebruik van die term wat nie noodwendig ooreenkom met die amptelike name van sekere state nie, en die proses wat hy bestudeer, is die politieke unifikasie- of integrasieproses. Alhoewel Etzioni se terminologie van dié van Deutsch en sy medewerkers verskil, soos hy self ook aantoon,⁴⁷⁾ en hy ander eenhede van ondersoek het, handel hy eweneens oor die verskynsel van politieke integrasie of die omvorming van 'n aantal aparte eenhede tot 'n groter geheel as nuwe geïntegreerde politieke gemeenskap. Die unies kan,

44) Vgl. *ibid*, bl. 3, xviii.

45) Etzioni, a.w., bl. 4.

46) *Ibid.*, bl. 12.

47) *Ibid.*, bl. 13.

soos die integrasiepogings van Deutsch se ondersoek, uit amalgamasies van state in federasies en ander vorme bestaan, maar ook uit organisasies waarin die state hul soewereine onafhanklikheid behou, bv. die Nordiese Unie. Anders as Deutsch wil Etzioni nie die integrasieverskynsel direk aan die afwesigheid van oorlogsdreiging koppel nie en sien hy state met onderlinge vredesverdrae en alliansies nie sonder meer as unies nie.

Uit sy algemene teoretiese beskouinge vloei Etzioni se hipoteses vir die ondersoek voort. Hy onderskei 'n pre-unifikasiestaat en 'n eindstaat waartussen die integrasieproses lê. By hierdie proses let hy aanvanklik op sowel die verskillende sektore waarin integrasie plaasvind as op die integreringsmag, integrating power, self. Dit is hierdie integreringsmag wat Etzioni in sy vergelykende ondersoek nader wil bestudeer en waaroor hy 'n aantal hipoteses formuleer.

In ooreenstemming met die drie soorte integrasie wat hy, soos hierbo aangehaal, in 'n politieke gemeenskap onderskei, val die integreringsmag vir hom in drie soorte uiteen:

(i) die utilitêre mag of utilitarian power is die mag wat verkry word uit ekonomiese besit en tegniese en administratiewe kapasiteit in die onderskeie state;

(ii) die orde-handhawende mag of coercive power berus op militêre en polisiemag, wapens en mannekrag;

(iii) die identifiseringsmag of identitive power word verkry uit onderwys, godsdiens, nasionale gebruike ens.⁴⁸⁾

Etzioni behandel kortliks die samestelling (composition) en die verspreiding (distribution) van die drie soorte integreringsmag. By die samestelling speel die kommunikasie tussen maghebbers en onderdane en die ontvanklikheid van beide vir mekaar se wense en eise 'n primêre rol. Die verspreiding van die mag oor die verskillende state of eenhede kan gelykmatig (egalitarian) of ongelykmatig wees. Die mate waarin die mag in een van die eenhede van die

48) Ibid., bl. 38- 39.

unie gekonsentreer is, noem Etzioni die graad van „elitisme“ (elitism). Soms kan 'n staat buite die unie ook 'n integreringsmag uitoefen en word dié mag eers geleidelik deur 'n proses van „internasialisasie“ (internalization) deur lede van die unie self oorgeneem.

Deur gevalle-onderzoek wil Etzioni nadere insig in die verhouding tussen hierdie faktore verwerf: „We seek to establish who is leading the unification movement (the distribution) and by what means (the composition); that is, which units command the integrating power and what kinds of power they exercise. More specifically, we would like to know if these means in which power is concentrated in one or two units are more successful than those in which it is more evenly distributed. Under which conditions do external elites effectively guide unification and under which circumstances do they undermine it? What relative role does coercive, utilitarian, or identitive power play in unifications? What combinations are more effective? How important is communication between elite and nonelite units, and - elite-responsiveness to communications received, for successful unification?“⁴⁹⁾

Voordat hy tot die ondersoek oorgaan, bespreek Etzioni die moontlike verhoudinge wat hierdie faktore kan aanneem en dui voorlopig aan watter verhoudinge as die mees waarskynlike beskou kan word. Op grond daarvan formuleer hy sewentien algemene stellings of hipoteses wat in die ondersoek weerlê of bevestig moet word. Dit is nie nodig om al hierdie hipoteses hier weer te gee nie. As voorbeeld word drie stellings i.v.m. die graad van „elitisme“ aangehaal:

„1. Unions that have fewer elite-units will tend to be more successful than unions that have more. In particular, unions having one elite will be more successful than those having two, and those with two more than those with three.

„2. Egalitarian unions, whether they develop system-elites or not, tend to be similar in their degree of success to mono-elite unions.

49) Ibid., bl. 67.

"3. Egalitarian unions tend to be less decisive than elite unions, but more capable of generating commitments".⁵⁰⁾

2. Seleksie van eenhede van ondersoek

Etzioni ondersoek vier gevalle van politieke unifikasie, waarvan slegs twee reeds voltooi is:

- (i) die Verenigde Arabiese Republiek gedurende die jare 1958- 1961;
- (ii) die Wes-Indiese Federasie in die tydperk 1958- 1962;
- (iii) die Nordiese Unie in die jare 1958- 1964;
- (iv) die Europese Ekonomiese Gemeenskap in die tydperk 1958- 1964.

Die feit dat twee unifikasieprosesse reeds voltooi is, nl. dié van die V.A.R. en die Wes-Indiese Federasie, beteken eintlik dat hulle as pogings tot integrasie misluk het en weer ontbind is; die ander twee gevalle bestaan reeds so lank dat hulle as suksesvol beskou kan word. Al die gevalle dateer uit die huidige tyd. As redes hiervoor gee Etzioni die volgende aan: waar Deutsch en sy medewerkers reeds die pogings van die verlede deeglik ondersoek het, is die vier kontemporêre gevalle wat hy wil ondersoek nog nie deeglik bestudeer nie; verder kan 'n studie van eietydse unies meer direk hedendaagse probleme na vore bring.⁵¹⁾ Etzioni wil dus eintlik verskillende doeleindes kombineer, nl. 'n aantal kontemporêre unies wat nog nie goed bestudeer is nie ondersoek en hipoteses oor die aard van politieke unifikasie deur gevallestudie toets.

Dat hy juis dié vier kontemporêre gevalle gekies het, is ook te wyte aan die beskikbaarheid van gegewens en sy eie bekendheid met die omstandighede.⁵²⁾ In dié opsig is sy keuse beslis gelukkig. Kan die gevalle egter as verteenwoordigend beskou word om geldige konklusies oor die aard van politieke integrasie daaruit af te lei? Hoewel die gevalle uit verskillende wêrelddele geneem

50) Ibid., bl. 94.

51) Ibid., bl. 90.

52) Ibid.

is en sowel ontwikkelde as onderontwikkelde gebiede verteenwoordig, dateer hulle uit dieselfde tydperk. Verskillende ooreenkomste wat gevind word, kan dus die gevolg van tydsomstandighede wees en, hoewel dit vir Etzioni ook primêr om eietydse probleme gaan, mag dit insig in die aard van politieke unifikasie self juis belemmer. Die unies verskil egter ook in aard en grootte: daar is 'n eenheidstaat (die V.A.R.), 'n federasie (Wes-Indië) en twee oorkoepelende organisasies, verder 'n unie waarvan die lede deur die see geskei is (Wes-Indië) of deur ander state (die V.A.R.) en 'n unie wat 'n geografiese eenheid is.⁵³⁾ Natuurlik is dit nie so goed nie dat juis die twee Europese unifikasiepogings oorkoepelende organisasies met soewereine state as lede is, 'n geografiese eenheid vorm en die enigste suksesvolle pogings verteenwoordig.

Etzioni gee geen rede waarom hy slegs vier gevalle bestudeer nie en laat eintlik die moontlikheid oop dat ondersoek na ander unies aanvullend hierby gedoen kan word.⁵⁴⁾ Hierdie klein getal bevorder nie die moontlikheid om algemeen geldende konklusies te bereik nie; Etzioni se prosedure is egter ook nie werklik daarop gerig om sulke konklusies uit historiese studie te haal nie, soos hieronder aangetoon sal word.

3. Metode van ondersoek

Etzioni wil nie die vier gevalle in alle opsigte uitputtend behandel nie, iets wat binne die bestek van die veertigtal bladsye wat hy aan elke geval wy ook nie maklik gedoen sou kan word nie, maar slegs in soverre dit sy hipotese raak: „The cases themselves are not studied in an exhaustive way and no attempt is made to provide a comprehensive history or sociology of these unions. We are more interested in particular relationships than in particular unions; we wish, for instance, to understand the effect of the delay of reallocation of assets among participants on the unification of the Nordic area or of the European Economic Community as con-

53) Vgl. *ibid.*, bl. xix, 90.

54) Etzioni, a.w., bl. 89.

trusted with the effect of early reallocation on the de-unification of the United Arab Republic and of the Federation of West Indies, rather than describe these four unions from every possible aspect. Understanding the particular relationships requires some general analysis of the nature of the unions we deal with and some discussion of specific factors other than those on which the study focuses, since they significantly affect the relationship studied. But while we deal to some degree with the unions as such, this is only 'background' to our study; we direct our attention mainly to particular factors".⁵⁵⁾

Ten spyte van hierdie gerigtheid op die faktore waaroor die hipoteses handel, vorm elk van sy gevallestudies 'n goeie geheel waarin die agtergrondomstandighede almal goed na vore kom en die vernaamste gebeure self kortliks weergegee word. Etzioni maak van sy voorafgaande teoretiese beskouinge gebruik by die behandeling van die gevalle sonder egter dat dit tot 'n geskematiseerde beskrywing of eensydige interpretasie van feite lei; dit bevorder eerder die duidelikheid en vergelykbaarheid van die verskillende studies. Hy bespreek verder probleme oor die gelding van die hipoteses in die besondere gevalle. Hy gee dus nie net illustrasies van sy teorie, soos in die werk van Hartz gedoen is nie, maar 'n oorsigtelike en wetenskaplike behandeling van die gevalle as sodanig t.o.v. die aspekte daarvan wat vir hom relevant is.

Die gehalte van die ondersoek word ook verhoog deurdat dit op heelwat bronnestudie gegrond is, w.o. koerante, dokumente, statistiese gegewens en onderhoude wat hy self met enkele leiersfigure en gewone onderdane in die unies gevoer het. Die navorsing is deeglik en volledig genoeg vir die doel wat Etzioni hom daarmee gestel het en duidelik akkuraat en betroubaar.⁵⁶⁾ Anders as wat dikwels in die sosiale wetenskappe die geval is, maak Etzioni nie op groot skaal van statistieke gebruik nie; hy meen dat eensydige

55) Ibid., bl. 91.

56) Enkele deskundiges op die betrokke gebiede het sy ondersoek deurgegaan. Ibid., bl. xii.

georiënteerdheid op só 'n metode nie geskik sou wees vir sy doeleindes nie.⁵⁷⁾

4. Konklusies

Etzioni glo dat sy vergelykende ondersoek slegs enkele ooreenkomste kan oplewer en geen algemeen geldige wette of generalisasies wat ook op ander gevalle toegepas sou kan word nie.⁵⁸⁾ Deur die ondersoek kan sy algemene stellinge getoets word; „we see that some propositions have been strengthened, some have been weakened and some require reformulation”.⁵⁹⁾ Hulle kan egter nie op grond van die ondersoek as geldig bewys beskou word nie, want hierdie ondersoek dien vir hom slegs om beperkthede van die hipoteses te oorkom en „to illustrate the large variety of possible combinations in which the factors under study might appear”.⁶⁰⁾ Op hierdie wyse dus moet die geskiedenisstudie dieper insig in die probleme van politieke unifikasie bied.

In sy slothoofstuk bespreek Etzioni die resultate van die gevalle-ondersoek t.o.v. die juistheid van sy hipoteses. Hy vergelyk bv. die rol van eksterne elites in twee van die unies, nl. dié van Groot-Brittanje in die Wes-Indiese Federasie en dié van die V.S.A. in die E.E.G. en wysig op grond daarvan sy hipotese om tot die algemene stelling te kom dat hoe swakker die eenhede van die unie is, hoe sterker hul tot die interne elite aangetrokke is. Dit blyk dan daaruit dat Nederland en Italië as swakker E.E.G.-lede sterker tot die V.S.A. aangetrokke was as Frankryk en Wes-Duitsland.⁶¹⁾ Hierdie stelling is dus gevorm op grond van 'n studie van slegs twee gevalle waarin eksterne elites voorkom. As ooreenkoms tussen twee gevalle kan dit nie sommer direk as 'n algemeen geldende stelling aanvaar word nie. Die aanvaarbaarheid van die stelling lê dan ook eerder in die logiese evidensie daarvan as in sy toetsing

57) Etzioni, a.w., bl. x.

58) Ibid., bl. 89.

59) Ibid., bl. 285.

60) Ibid., bl. 92.

61) Ibid., bl. 292.

deur empiriese studie. Dit geld ook vir Etzioni se ander konklusies; hulle kan nie op grond van die paar gevalle as bewese beskou word nie, maar lyk tog nie onwaarskynlik nie. Die historiese ondersoek het dus 'n aantal dinge na vore gebring wat logies juis lyk en anders nie so maklik raakgesien sou word nie. Op hiérdie wyse het die historiese studie tot dieper insig in die aard van politieke integrasie gebring en nie deurdat hipoteses bewys of generalisasies op grond daarvan gevorm is nie.

Etzioni se hele vergelykende ondersoek speel eintlik 'n ondergeskikte rol in sy studie; dit moet teorieë wat vooraf reeds gevorm is, uitbrei, modifieer en meer by die werklike stand van sake aanpas. Ten spyte van die groot verdienstes van sy ondersoek kan dit daarom nie as 'n belangrike vergelykende studie geld nie.

C. Slot

Die studies van Deutsch en Etzioni kom nie alleen wat hul onderwerp betref nie, maar ook in die metode van ondersoek ooreen. Albei is op deeglike historiese navorsing gegrond en in geen van beide word die feite geweld aangedoen deur dit in 'n bepaalde skema te plaas nie. Tog het nie een van die twee sosiaal-wetenskaplikes Deutsch en Etzioni die juiste benadering tot die geskiedenis wat nodig is vir generaliserende vergelyking op grond daarvan nie; albei glo wel dat historiese studie belangrike insig in die aard van die politieke integrasieverskynsel kan bied, maar ook dat historiese ondersoek alleen nie tot die vind van algemeen geldende wette of generalisasies kan lei nie. en dus slegs ooreenkomste, analogieë en moontlikhede kan lewer. Om dié rede kom Deutsch en sy medewerkers net tot 'n aantal ooreenkomste en analogieë en probeer hulle nie om teorieë te vorm nie; en wil hulle so min as moontlik teoretiese konsepsies gebruik. Om dieselfde rede kom Etzioni vooraf reeds met 'n uitgebreide teoretiese raamwerk en probeer hy nie om sy teorie deur die historiese ondersoek werklik te bewys nie. Die ou eksemplariese geskiedbeskouing waarvolgens die geskiedenis net voorbeelde en analogieë kan bied en geen wetenskaplike en algemeen geldende kennis nie is dus in albei werke wat in hierdie hoofstuk bespreek is op die agtergrond aanwesig.

HOOFSTUK IX

REWOLUSIE - P.A. SOROKIN EN C.C. BRINTON

Vergelykinge tussen rewolusies is, in besonder in hierdie eeu, reeds deur baie skrywers gedoen. Die Russiese Rewolusie het veral sulke studie bevorder; reeds in 1906 is in 'n „vergleichende Studie über die grossen Umwälzungen in der Geschichte“¹⁾ na vergelyking van die rewolusies teweeggebring deur Christus, Luther Cromwell en Robespierre op die moontlikheid van 'n komende rewolusie in Rusland gewys. Daar het verskillende werke verskyn waarin die rewolusieverskynsel van sosiologiese,²⁾ staatkundige³⁾ en psilogiese⁴⁾ standpunt behandel is en wat algemeen teoretiese werke is waarin besondere rewolusies eintlik slegs as voorbeelde diens doen. Empiriese vergelykende studie is in 1937 deur die sosioloog P.A. Sorokin, as deel van 'n ondersoek na die ontwikkeling van die kultuur en die menslike samelewing,⁵⁾ en kort daarna deur die historikus C.C. Brinton gedoen,⁶⁾ op hierdie twee word tans kortliks gelet. Versamelwerke waarin afsonderlike stukke oor rewolusies

- 1) Liman, P., Die Revolution: Eine vergleichende Studie über die grossen Umwälzungen in der Geschichte. Berlyn, Schwetschke, 1906.
- 2) Sorokin, P.A., Sociology of revolution. Philadelphia, 1925 en Brinkman, L., Soziologische Theorie der Revolution. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1948.
- 3) Edwards, L.P., The natural history of revolution. New York, Russell, 1925; Arendt, Hannah, On revolution. Londen, Faber, 1963; Calvert, P., A study of revolution. 1970. Laasgenoemde werk kon nie betyds ter insae verkry word nie. Volgens boek-aankondiginge is dit egter ook 'n oorwegend teoretiese studie waarin 'n model van rewolusie gerekonstrueer en daarna aan een besondere geval getoets word.
- 4) Le Bon, G., La Révolution française et la psychologie des révolutions. Parys, Flammarion, 1912.
- 5) Sorokin, Social and cultural dynamics, dl. 3.
- 6) Brinton, The anatomy of revolution.

slegs naas mekaar verskyn⁷⁾ en kort artikels⁸⁾ word, in ooreenstemming met die prosedure in die vorige hoofstukke, buite beskouing gelaat.

Daar is natuurlik nog verskillende ander vergelykende studies van rewolusies deur historici gedoen, maar dit is ondersoekke waarin individualiserende en sintetiserende vergelyking toegepas is, ook al word hierby belangrike insig in die aard van rewolusies self gebied.⁹⁾

A. P.A. Sorokin

Pitrim A. Sorokin (geb. 1889) is 'n geleerde van Russiese oorsprong. Hy was in 1923 hoogleraar in die regte en die sosiologie aan die Universiteit van Leningrad, maar is kort daarna uit Rusland verban en het later professor in sosiologie aan die Universiteit van Harvard in die V.S.A. geword.¹⁰⁾ Hy het wêreldwye bekendheid verwerf deur sy publikasies, w.o. Social and cultural dynamics, waarvan hier 'n gedeelte bespreek word, die grootste en belangrikste is.

Tot Sorokin se oeuvre hoort ook 'n werk oor die sosiologie van die rewolusie¹¹⁾ wat kort na sy ervarings in die Russiese Rewolusie geskryf is en waarin hierdie rewolusie onderwerp en

- 7) Bv. Schöffner, I. (red.), Zeven revolutes. Amsterdam, De Bussy, 1964.
- 8) Enkele kort vergelykende studies van belang is: Labrousse, E., 1848 - 1830 - 1789. Comment naissent les révolutions (Congres historique du centenaire de la révolution de 1848, Actes. Parys, Presses Universitaires, 1948); Romein, Eender en anders, bl. 209- 223 (De nationale en sociale revolusie in Europa en Azië en de tidsfactor).
- 9) Enkele belangrike werke van hierdie aard is: Palmer, a.w.; Meriman, R.B., Six contemporaneous revolutions, 1640- 1660. Oxford, Clarendon, 1938; Hugenholtz, F.W.N., Drie boerenopstanden uit de veertiende eeuw. Vlaanderen 1323- 28, Frankrijk 1358, Engeland 1381. Onderzoek naar het opstandige bewustzijn. Haarlem, Tjeenk Willink, 1949.
- 10) Vgl. Dietrich, a.w., bl. 48- 49.
- 11) Sorokin, The sociology of revolution.

model vir sy algemene beskouinge oor rewolusies is en hy slegs af en toe na ander rewolusies verwys. Anders as sy meeste werke is hierdie een 'n sosiologiese werk in engere sin; dit handel hoofsaaklik oor die sosiale en sosiaal-psigiese aspekte van die rewolusie en oor die negatiewe uitwerking daarvan in hierdie opsigte. Sorokin, wat self aktief aan die eerste fase van die Russiese Rewolusie deelgeneem het, verwerp rewolusie hier as 'n swak metode om die materiële en geestelike welsyn van die massa te bevorder.¹²⁾

Hoewel aspekte van Sorokin se beskouing oor rewolusies in hierdie werk ook in sy latere studies terugkeer, bekyk hy die rewolusieverskynsel later tog van 'n heeltemal ander oogpunt, soos hieronder sal blyk.

1. Oogmerke, hipotese en definisie

Sorokin se Social and cultural dynamics is 'n poging om tot 'n algemene teorie oor die ontwikkeling van die kultuur en die samelewing te kom d.m.v. empiriese studie van kultuur- en samelewingsverskynsels. Hy doen agtereenvolgens ondersoek na die skilder- en beeldhoukuns, argitektuur, musiek, drama, letterkunde, filosofie, wetenskap, etiek, reg, oorloë, rewolusies, persoonlikheid en gedrag, wat vir hom almal sosiaal-kulturele verskynsels is: „the study of social forces and of society, which is the subject-matter of sociology, is but another aspect of the study of the forms and types of culture in history. There is, therefore one reality for the sociologist and historian alike and that is . . . the social and cultural world, one and indivisible”.¹³⁾ Vir Sorokin val geskiedenis dus saam met sosiaal-kulturele dinamiek.

Soos Kroeber doen Sorokin vergelyking t.o.v. die verskillende kultuuraktiwiteite, egter nie van groot figure wat so- danige aktiwiteite verrig het nie, maar van die kultuurprodukte

12) Vgl. *ibid.*, bl. 20 e.v. en Dietrich, a.w., bl. 52, 97.

13) Cowell, F.R., History, civilization and culture. Boston, Beacon, 1952, bl. 149. (Subtitel van werk: „An introduction to the historical and social philosophy of Pitrim A. Sorokin”).

en -verskynsels self. Hy vergelyk ook nie verskillende beskawings met mekaar nie, maar probeer net reëlmatighede in die verloop van die Klassieke en Westerse Beskawings vind, waarvan hy die gesamentlike geskiedenis ondersoek. Vir Sorokin is beskawings nie aparte eenhede nie; hy noem hulle „a sort of dumping ground where billions of diverse cultural phenomena are thrown together. . . Only part of these is causally or causally meaningfully united with other parts”.¹⁴⁾ In die plek daarvan stel hy die sosiaal-kulturele supersisteme wat hy in die loop van sy ondersoek vind, maar waarvan die belangrikste kenmerke reeds as hipotese vir sy studie dien.

Sorokin glo dat daar drie soorte sosiaal-kulturele sisteme en supersisteme onderskei kan word, ooreenstemmend met verskille in grondliggende menslike waardes, nl. die sensualistiese sisteem waarin alle menslike aktiwiteite empiries, realisties, aards en sinlik gerig is, die ideasionele sisteem waarin die aktiwiteite bo-sinlik, spiritueel en simbolies, na bo gerig is en die idealistiese sisteem as sintese tussen die twee. Waar bv. in 'n sensualistiese tydperk die wetenskap en die tegniek tot bloei kom, is die ideasionele periode meer 'n fase van godsdiensoefening en filosofiese besinning. Die idealistiese tydperk is by uitstek een van kreatiwiteit op alle gebiede, dus 'n bloeifase van die kultuur. Sorokin ondersoek nou in hoeverre die verskillende kultuurverskynsels die kenmerke van hierdie sisteme vertoon en of die sisteme mekaar reëlmatig in die geskiedenis opvolg. Sy prosedure word hier net i.v.m. die rewolusieverskynsel ondersoek, omdat dit in baie opsigte tiperend is vir sy hele ondersoekmetode in die Social and cultural dynamics.

Rewolusies en oorloë sien Sorokin as „phenomena accompanying sudden and catastrophic breakdowns in a system of organized intergroup and intragroup relations”.¹⁵⁾ Hieruit blyk reeds watter plek hy aan hierdie verskynsels in sy teorie wil toeken en ook sy sosiologiese uitgangspunt - nl. deur normale samelewings-

14) Sorokin, P.A., Social philosophies in an age of crisis. Boston, 1950, bl. 209- 210.

15) Sorokin, Social and cultural dynamics, dl. 3, bl. vi.

verhoudinge in die vorm van 'n sisteem te sien. Waar oorloë " verhoudinge tussen groepe raak, vind rewolusies binne 'n enkele groep of samelewing plaas, hoewel hy erken dat rewolusies soms oor 'n wyer gebied as 'n enkele samelewing strek.¹⁶⁾ Sorokin hou hom aan hierdie algemene omskrywing waarvolgens alle soorte opstande as rewolusies beskou kan word, maar waarvan hy tog blote demonstrasies en klein oproere wat nie direk teen die landswette indruis nie wil uitsluit; wat hy nader wil ondersoek is „happenings which violated the existing social order and laws of the period and of the society in which they occurred".¹⁷⁾ Sulke gebeure kom baie algemeen voor in die geskiedenis van die samelewing, soos siektes en krisisse in die lewe van die individu,¹⁸⁾ en Sorokin vind 'n groot aantal gevalle om te bestudeer.

Alhoewel Sorokin die rewolusieverskynsel ondersoek binne die kader van sy studie van die sosiaal-kulturele sisteme wil hy tewens verskillende ander vrae i.v.m. die aard van rewolusies beantwoord: „What is the general relationship between the 'critical' and the 'organic' periods in the life history of various societies when they are taken in a long-time perspective? Compared with the organic periods, are the periods of social storms somewhat extraordinary and abnormal, as many seem to think? Are these conditions recurrent, and if so, is their recurrence periodical? Do all the recurring storms have the same pattern as to the suddenness of their explosion, their length, their intensity, etc. or do they vary widely from case to case? . . . Are there among the countries which are orderly and some which are stormy par excellence? . . . Are social disturbances indeed becoming more human, less bloody, less spasmodic? . . . Is the occurrence of social storms more frequent at the early periods of the life history of a given society or do they tend mainly to concentrate and mature at the later periods of this life history? . . . Finally, are they in some

16) Ibid., bl. 407.

17) Ibid., bl. 406.

18) Ibid., bl. 383.

way associated with the pulsation of Ideational and Sensate cultures?"¹⁹⁾ Dit blyk dat Sorokin nie in die eerste plek belangstel in die verloop van rewolusies en hul oorsake en gevolge nie, maar in die plek van die rewolusie in die ontwikkeling van die samelewing of in die geskiedenis. Deur hierdie oogmerke word sy metode bepaal.

2. Seleksie van eenhede van ondersoek

Aangesien Sorokin sy hele studie net beperk tot die Klassieke en Westerse Beskawings ondersoek hy ook net rewolusies binne hierdie veld. Hy wil soveel as moontlik gevalle bestudeer, want hy glo dat hoe meer gevalle ondersoek word, hoe groter geldigheid het die teorie wat op grond daarvan gevorm is.²⁰⁾ Daarom behandel hy meer as 1700 gevalle van rewolusie en opstand, meer as enige ander ondersoeker voor hom,²¹⁾ hoewel dit nog nie al die gevalle binne die gebied van die Klassieke en Westerse Beskawings is nie. Sommige gevalle is miskien nooit opgeteken nie, ander het sy aandag ontglip en alte klein opstande is opsetlik weggelaat.²²⁾ Verder ondersoek Sorokin ook nie die rewolusies van al die lande en gebiede binne sy studieveld nie, in dié opsig word 'n verdere seleksie gemaak:

Sorokin beperk sy ondersoek tot die volgende lande en state: Griekeland, die Romeinse Ryk, Frankryk, Duitsland, Engeland, Italië, Spanje, Nederland, die Bisantynse Ryk, Pole, Litoue en Rusland.²³⁾ Die grense van hierdie eenhede het met verloop van tyd gewissel en daarom moet Sorokin self enkele geografiese en ander afbakeninge doen, wat nie anders kan as om 'n ietwat arbitrêre element te bevat nie. As hy bv. die opstande in Griekeland bestudeer, sluit hy die Griekse kolonies in Europa en die Middellandse See in, maar nie dié in Klein-Asië nie. Onder Duitsland reken hy eers die gebied van die Heilige Romeinse Ryk, dan dié van die Duitse Bond en van die Duitse Keiserryk en ook die Habsburgse Ryk, waarby Hongarye,

19) Ibid., bl. 384- 385.

20) Ibid., bl. 385.

21) Ibid., bl. 398.

22) Ibid., bl. 385, 398.

23) Ibid., bl. 385.

Galisië, Bosnië, Dalmasië, Boergondië en Italië egter steeds uitgesluit word.²⁴⁾ Hierdie prosedure moet daartoe lei dat onder dieselfde naam soms verskillende periodes, gebiede en samelewings behandel word.²⁵⁾ Tog glo Sorokin dat sy „organico-proportional method of the study of the magnitude of inner disturbances in the course of time" die voorkeur verdien bo 'n atomistiese studie van rewolusies slegs in verhouding tot ruimte en tyd.²⁶⁾ Hoe hierdie afbakening sy metode van ondersoek raak, word in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk aangedui,

Ten slotte kan gesê word dat Sorokin se seleksie ten spyte van die beperkinge wat hy aangebring het groot en verteenwoordigend genoeg behoort te wees om alle moontlike variasie na vore te bring.

3. Metode van ondersoek

Sorokin maak in hoofsaak van kwantifiserende tegnieke gebruik om die groot aantal rewolusies en opstande wat hy vir ondersoek uitgesoek het te vergelyk. Hoewel hy besef dat volgens sy metode belangrike kwalitatiewe aspekte nie in ag geneem kan word nie²⁷⁾ en hy self ook 'n gevaar sien in alte veelvuldige gebruik van kwantitatiewe metodes soos by sommige Amerikaanse sosioloë die geval is,²⁸⁾ meen hy tog dat vir sy doel eksakte kwantitatiewe en statisties verwerkbare data oor die verskillende rewolusies verkry en vergelyk moet word: „If the exact numerical data were obtainable in regard to the duration of a disturbance, the absolute and relative proportion of the population involved in it, the number of buildings demolished, the extent of the social area of a given disturbance, the number and class of the cities, villages and other settlements in which the disturbances occurred, it

24) Ibid., bl. 386.

25) Ibid.

26) Ibid., bl. 387.

27) Ibid., bl. 389.

28) Vgl. Cowell, a.w., bl. v en Dietrich, a.w., bl. 50.

would be possible to compute all these items and then to make corresponding indicators. . . Such indicators would not translate and measure all the quantitative, and more especially, the qualitative, aspects of the internal disturbances; but they would roughly appraise the quantitative aspects for which the data exist. Of these quantitative aspects four seem to be particularly important: (1) the proportional extent of the social (not merely geographical) area of the disturbance (social space); (2) the proportion of the population involved actively in the disturbance (for and against it); (3) the duration of the disturbance; (4) the proportional intensity (the amount and sharpness of violence and the importance of effects) of the disturbance. . . Other conditions being equal, the greater the proportional extent of the population involved in it, the greater its intensity and the longer its duration, then the greater the comparative magnitude of the disturbance".²⁹⁾

Om elk van hierdie vier kwantitatiewe aspekte vergelykend te kan ondersoek, ontwerp Sorokin 'n skaal waarvolgens aan elke rewolusie 'n bepaalde waarde of punt toegeken word.

Wat die „social area" van die opstande betref, geld 'n skaal wat varieer van 1 tot 100:

1 - 'n opstandjie in 'n klein landelike gebied;

2 - 'n opstand in verskillende klein landelike gebiede of in 'n klein dorp of stadjie;

5 - 'n opstand in 'n groter dorp of stad;

10 - 'n opstand in verskillende stede van middelgrootte, waarvan een belangrike stad, of in 'n klein provinsie of feodale gebied;

20 - 'n opstand in 'n groter provinsie of feodale gebied of in 'n deel van die hoofstad;

40 - 'n opstand in verskeie groot provinsies of in die hele hoofstad;

60 - 'n opstand in die hele hoofstad en versprei oor verskillende provinsies;

29) Sorokin, Social and cultural dynamics, dl. 3, bl. 389- 390.

80 - 'n opstand waardeur byna die hele land geraak word;

100 - 'n opstand oor die hele land.³⁰⁾

Vir die duur van die opstande geld 'n ander skaal:

1 - 'n insidentele opstand, van baie korte duur;

3 - 'n opstand van iets langer duur;

4 - 'n opstand wat verskillende maande duur.

10 - 'n opstand wat ongeveer 'n jaar duur.

Vir elke ekstra jaar word vyf punte bygetel tot 'n maksimum van vyf jaar (= 30 punte), daarna vir elke jaar vier punte tot vyftien jaar bereik is (= 70 punte) en verder nog drie punte per jaar (25 jaar = 100 punte).³¹⁾

Wat die grootte van die bevolking wat deur die opstand geraak word, betref, onderskei Sorokin vyf kategorieë:

(i) 'n opstand waarin enkele individue aktief betrek is;

(ii) 'n opstand wat 'n klein groep raak;

(iii) 'n opstand waarin 'n groot sosiale klas, bv. 'n beroepsgroep, rassegroep, volksgroep, politieke party of godsdienstige groepering, betrek is;

(iv) 'n opstand wat groot dele van die bevolking, bv. verskeie groot sosiale klasse, raak;

(v) 'n opstand wat die hele aktiewe volwasse bevolking raak.³²⁾

'n Verdere indeling word gemaak t.o.v. die hoeveelheid geweld en die sosiaal-politieke veranderinge wat die rewolusie te weegbring:

(i) 'n opstand wat sonder geweld verloop;

(ii) 'n opstand waarin weinig geweld voorkom;

(iii) 'n opstand waarin vernietiging van lewe en besit, moorde, gevegte, martelinge ens. voorkom;

30) Ibid., bl. 394.

31) Ibid., bl. 395.

32) Ibid.

(iv) 'n opstand waarin nog meer geweld plaasvind asook die omverwerping van die regering in verskeie sentra, egter sonder ernstige sosiaal-politieke gevolge;

(v) 'n opstand waarin baie geweld gebruik word en die onherroeplike omverwerping van die sentrale regering met diep en blywende sosiale en politieke gevolge plaasvind.³³⁾

Die laaste twee indelings word in 'n gekombineerde skaal wat van 1 tot 100 varieer met bepaalde syferwaardes verbind. 'n Opstand wat volgens albei indelings in klas (i) val, kry bv. 'n punt van 1 en een wat albei kere in klas (v) val een van 100.

Aan elk van die opstande wat hy ondersoek, ken Sorokin 'n waarde volgens al drie skale toe, op grond waarvan dan 'n gesamentlike waarde vir elke opstand bepaal word. Hierbenewens ken hy aan elke opstand nog 'n aparte waarde toe, uitgedruk in alfabetiese letters:

A - 'n opstand van oorwegend politieke aard met as hoofdoel die verandering van die bestaande politieke regime;

B - 'n opstand van oorwegend sosiaal-ekonomiese aard met as hoofdoel wysiging van die bestaande sosiaal-ekonomiese orde;

C - 'n nasionaal-separatistiese opstand met as doel die verkryging van nasionale onafhanklikheid, outonomie, regte of voorregte;

D - 'n opstand van primêr godsdienstige aard;

E - 'n opstand met ander doeleindes of een waarin meer as een van bogenoemde doeleindes nagestreef word.³⁴⁾

Met hierdie prosedure is Sorokin dus genoodsaak om telkens op grond van sy studie 'n skatting te maak van die waardes wat aan 'n bepaalde opstand toegeken moet word; die kategorieë is in elk geval sodanig dat presiese bepalings nie gedoen kan word nie. Subjektiwiteit in die oordeel kan dus nie heeltemal vermy word nie al kan dit deur die groot hoeveelheid getalle wat ondersoek word oor die geheel in bepaalde mate uitgeskakel word. Hierdie me-

33) Ibid.

34) Ibid., bl. 403.

tode stel Sorokin ook net in staat om sekere aspekte van die rewolusies in berekening te bring: die duur, grootte, doeleindes, mate van geweld ens.; die oorsake en gevolge en die historiese betekenis van die opstande kan bv. nie daardeur bepaal word nie. As Sorokin dus verklaar dat uit sy ondersoek blyk dat die Franse, Engelse en Nederlandse Rewolusies waaraan historici soveel aandag bestee eintlik relatief klein van omvang was, gee dit geen aanduiding van die waarde en belangrikheid van hierdie gebeurtenisse soos Sorokin skyn te meen nie.³⁵⁾

Sorokin se metode vereis heelwat navorsing. Hy het dan ook 'n groot aantal bronne, uiteraard slegs sekondêre werke, gebruik,³⁶⁾ waarby die gegewens vir 'n opstand egter telkens net uit een werk geput is. Waar dit hier om getalle gaan, is presiese gegewens noodsaaklik en foute kon maklik ingesluip het. Daar was ook nie vir elke geval genoeg gegewens beskikbaar om die waarde daarvan volgens al die kategorieë te bepaal nie, sodat hy soms gissinge moet doen,³⁷⁾ iets wat die betroubaarheid van sy puntetoekennings moet benadeel. Sy waardebepalings kan derhalwe nie t.o.v. elke afsonderlike geval as akkuraat beskou word nie en net oor 'n groter geheel, waarom dit ook vir hom gaan, as redelik juis aanvaar word.

Deur die syfers aan die verskillende opstande toegeken, op te tel in groepe van tydperke van vyf-en-twintig en honderd jaar vir elke land afsonderlik kan Sorokin tot konklusies kom i.s. die rewolusionêre aard van bepaalde periodes van die verlede en i.s. die omvang van rewolusionêre aktiwiteite in die geskiedenis van die verskillende lande. Hy kan op grond van sy berekeninge ook grafieke trek wat die wisselinge in die rewolusionêre gesteldheid deur die eeue en van land tot land kan aantoon. Om tot konklusies oor die opstande in die Europese geskiedenis as geheel te kan kom,

35) Vgl. *ibid.*, bl. 404.

36) Hulle word almal weergegee in *ibid.*, bl. 578- 670.

37) Vgl. Sorokin, Social and cultural dynamics, dl. 3, bl. 398.

kan hy nie die syfers van die verskillende lande net bymekaar tel nie omdat hulle relatief is tot die grootte van die land en sy bevolking. Hy ken daarom aan elke land 'n bepaalde waarde vir verskillende periodes van sy geskiedenis toe; aan Spanje word bv. die syfer 3 toegeken behalwe vir die sestiende en sewentiende eeu wanneer dit 5 word, terwyl Frankryk steeds die syfer 5 behou.³⁸⁾ In verhouding van die syfers tot mekaar word die punte van die verskillende lande dan opgetel. Sorokin gebruik blykbaar die belangrikheid van die land as kriterium om 'n verhoudingsyfer daaraan toe te ken en, aangesien so 'n kriterium geen rol in sy vergelykinge van die rewolusies self speel nie, word sy konklusies oor Europa as geheel net nog vaer en algemener.

4. Konklusies

Deur vergelyking van sy verskillende tabelle en grafieke kom Sorokin tot 'n hele aantal algemene gevolgtrekkings, waarvan net sommige hieronder vermeld word.

Hy vind dat opstande en rewolusies baie reëlmatig oor die geskiedenis versprei is, sodat daar net enkele periodes is wat hy as redelik vreedsaam kan bestempel, o.a. die jare 1476 tot 1516 in Nederland en die tydperk 1713 tot 1793 in Duitsland,³⁹⁾ daar is dus nie lande wat ordeliker as ander beskou kan word nie. Hy bespeur verder weinig skommeling in die frekwensie van opstande deur die eeue en geen geleidelike toe- of afname nie. Geen bepaalde periodisiteit of ritme is dus daarin te vinde nie.⁴⁰⁾

Daar blyk tog drie „pieke” in die grafiek van die rewolusies vir Europa as geheel te wees; dié periodes van besondere rewolusionêre aktiwiteit val in die agste, die dertiende en veertiende en die negentiende en twintigste eeu. Hierdie periodisering val, hoewel eintlik net rofweg, saam met Sorokin se groepering van die oorgangsfases van die sensualistiese na die ideasionele tydperke in die Europese geskiedenis. Vanuit sy teorie kan hy hierdie verskynsel dus

38) Ibid., bl. 397.

39) Ibid., bl. 475.

40) Ibid., bl. 475- 495.

verklaar: "It means, that, other conditions being equal, during the periods when the existing culture, or the system of relationships, or both, undergo a rapid transformation, the internal disturbances in the respective societies increase; when they are strong and crystallized, the internal disturbances tend to decrease and stay at a low level".⁴¹⁾ Hy gaan self so ver om te verklaar dat "the main and indispensable condition for an eruption of internal disturbances is that the social system or the cultural system or both should be unsettled".⁴²⁾

In hoeverre is die geldigheid van Sorokin se konklusies te aanvaar? Sy gevolgtrekking dat opstande in die geskiedenis steeds ongeveer ewe gereeld voorgekom het, val, met 'n ondersoek van so 'n groot hoeveelheid gevalle, eintlik nie te betwyfel nie. Die generalisasie waartoe hy kom oor die verband tussen opstande en oorgangsfases in die geskiedenis berus egter nie net op sy ondersoek self nie. Ook al word die gegewens in sy grafiek as betroubaar aanvaar, is dit net op grond van Sorokin se teorie dat die hoogtepunte van rewolusionêre aktiwiteit met oorgangsfases saamval. In sy ondersoek na die ander kultuur- en samelewingsverskynsels in die geskiedenis van die Westerse en Klassieke Beskawings het hy ook bevestiging vir sy teorie van die sosiale en kulturele sisteme gevind en op grond van die gesamentlike bewyse sou sy teorie meer aanvaarbaar kan wees. Tog bly dit slegs 'n moontlike verklaring van verskynsels en nie die enigste verklaring nie. Sorokin rig hom in sy vergelykende ondersoek net op die ooreenkomste wat in die kader van sy teorie pas en nie op alle moontlike ooreenkomste nie, sodat 'n ander teorie op grond van ander uitgangspunte net so goed bevestig sou kan word.⁴³⁾ Desnieteenstaande is sy konklusies oor die hoogtepunte van rewolusionêre aktiwiteit van belang; dit is sô algemeen van aard dat dit ten spyte van gebreke in sy metode van ondersoek as geredelik aanvaarbaar beskou kan word. Dit dui in elk geval op die moontlikheid dat opstande in bepaalde fases van die ver-

41) Ibid., bl. 498- 499.

42) Ibid., bl. 499.

43) Vgl. bl. 191 hierbo i.v.m. Toynbee se sisteem.

loop van beskawings of van die geskiedenis besonder dikwels voorkom.⁴⁴⁾

Sorokin se studie het 'n toename gebring in die kennis wat daar oor die plek van rewolusies in die geskiedenis was, maar het nie soseer belangrike nuwe insigte en ontdekkinge meegebring nie. Ten spyte van sy uitgebreide ondersoek kan Sorokin slegs enkele baie vae en algemene gevolgtrekkinge maak; sy kwantitatiewe metode laat nie meer toe nie.

B. C.C. Brinton

Crane Brinton (geb. 1898), professor in die geskiedkunde aan die Universiteit van Harvard, is die outeur van o.m. 'n aantal studies van die Franse Rewolusie.⁴⁵⁾ As kenner van hierdie rewolusie het hy in sy werk onder bespreking⁴⁶⁾ 'n vergelyking daarvan met enkele ander rewolusies uit die geskiedenis gedoen.

1. Oogmerke, hipotese en definisie

„Our aim in the following study is the modest one of attempting to establish, as the scientist might, certain first approximations of uniformities to be noted in the course of four successful revolutions in modern states; the English Revolution of the 1640's, the American Revolution, the great French Revolution, and the recent - or present - revolution in Russia. We must make clear at the start some of the limitations of our study: ours is not the only, or necessarily the best, way of studying revolutions; this study does not pretend to be a complete sociology of revolutions; its conclusions are to be understood to refer to those four revolutions, and any extension of such conclusions to other revo-

44) Alfred Kroeber, in Style of civilizations, bl. 178- 182, wys daarop dat Sorokin se oorgangsperiodes ongeveer ooreenkom met oorgangsfases tussen bloeiperiodes van die kulture wat hy onderskei. Kyk bl. 207 e.v. hierbo.

45) Brinton, C.C., The Jacobins. An essay in the new history. New York, Russell, 1930; Brinton, C.C., A decade of revolution, 1789- 99. New York, 1934.

46) Brinton, The anatomy of revolution.

lutions, or to revolutions in general, is to be undertaken with caution and humility".⁴⁷⁾

Dit is slegs Brinton se oogmerk om op wetenskaplike wyse ooreenkomste tussen 'n aantal rewolusies te vind, om te ondersoek sonder om iets in die samelewing daardeur te wil verander, wat so dikwels 'n motief van die sosiaal-wetenskaplike ondersoeke is,⁴⁸⁾ sonder selfs om te wil evalueer.⁴⁹⁾ Hy heg groot waarde aan wetenskaplike objektiwiteit en akkuraatheid, al glo hy dat geen wetenskaplike metode, ook nie dié van die natuurwetenskappe, tot absoluut geldende kennis kan lei nie.⁵⁰⁾ Hy verwerp die gedagte dat die wetenskaplike hom moet beperk tot die feite en niks anders as die feite nie; in elk geval moet hy van 'n konsepsuele skema uitgaan, meen Brinton.⁵¹⁾ Hy erken geen fundamentele skeiding tussen natuur- en geesteswetenskappe nie en verwerp die opvatting dat die geskiedkunde net gerig moet wees op die eenmalige: „History is essentially an account of the behavior of men; and if the behavior of men is not subject to any kind of systematizing, this world is even more cockeyed as the seers would have it”.⁵²⁾ In 'n vroeëre werk het hy reeds verklaar dat die historikus ook uniformiteite en wette moet probeer vind, wat hom sal help om die chaotiese verlede te orden,⁵³⁾ en in sy werk onder bespreking probeer hy, baie versigtig, 'n stap in hierdie rigting doen.

Brinton meen dat die geskiedwetenskaplike metodes

47) Ibid., bl. 5.

48) Hiermee stel hy hom eintlik teenoor 'n vroeëre standpunt, waar hy verklaar: „If we can, for instance, establish the laws under which revolutions run their course, we can possibly prevent revolutions, or make them less destructive, or at least protect ourselves in a measure from them”. Brinton, The Jacobins. An essay in the new history, bl. 1.

49) Brinton, The anatomy of revolution, bl. 21.

50) Ibid., bl. 7. Vgl. Nadel, G., The logic of The anatomy of revolution with reference to the Netherlands revolt (Comparative studies in society and history, dl. 3, 1960- 1961, bl. 475).

51) Brinton, The anatomy of revolution, bl. 8.

52) Ibid., bl. 20.

53) Brinton, The Jacobins. An essay in the new history, bl. 1.

kan aanwend wat ooreenkom met eksperimentering in die natuurwetenskappe, nl. gevalle-onderzoek soos wat bv. in die mediese wetenskap gedoen word: „The clinician works through the case method. His data are amassed, not through experiments he can control, but through a series of cases which he observes and compares. . . Obviously the social sciences can depend to but a limited extent on actual experimentation; but they can be clinical sciences”.⁵⁴⁾ Ook die sosiaal-wetenskaplike moet sy teorieë op feite baseer, want dié teorieë mag nie net wensdenkery wees nie; daarom is die geskiedwetenskap miskien die mees respekterbare sosiale wetenskap en bied die opleiding van historici 'n goeie teenmiddel teen partydige denke.⁵⁵⁾ 'n Vergelykende ondersoek van 'n aantal rewolusies kan dus 'n belangrike bydrae tot die kennis van die rewolusieverskynsel bied, al glo hy nie dat 'n ideaaltipe of 'n Platoniese idee van rewolusie daardeur gevind kan word nie.⁵⁶⁾

Brinton is daarvan bewus dat onder die begrip „rewolusie” verskillende dinge verstaan kan word: „Revolution is one of the looser words”.⁵⁷⁾ Hy wil daaronder verstaan „drastic, sudden substitution of one group in charge of the running of a territorial political entity for another group”.⁵⁸⁾ 'n Gewone regeringswisseling is 'n „revolution by consent” en nie 'n egte rewolusie nie; „actual violent uprising . . . by coup d'état, Putsch, or some kind of skull-duggery”⁵⁹⁾ is 'n essensiële vereiste. Brinton wil nie voorgee om hiermee 'n sluitende definisie van rewolusie te gee nie; dit bly sy persoonlike siening van 'n algemeen gebruikte begrip.

Dit het reeds geblyk dat Brinton die gebruik van 'n konsepsuele skema of hipotese in geesteswetenskaplike ondersoek voorstaan. Hy pak sy ondersoek dan ook vanuit 'n konsepsuele skema aan, wat eintlik meer 'n analogie aan die mediese wetenskap ontleen is.

54) Brinton, The anatomy of revolution, bl. 21.

55) Ibid., bl. 12.

56) Ibid., bl. 5.

57) Ibid., bl. 1.

58) Ibid., bl. 2.

59) Ibid.

Hy wil nl. rewolusies as 'n soort koors beskou.⁶⁰⁾ Die eerste tekens van die nadere rewolusie is die "prodromal signs, indications to the very keen diagnostician that a disease is on its way, but not yet sufficiently developed to be the disease".⁶¹⁾ Die werklike simptome is eers aanwesig as die rewolusie self begin het. Die rewolusie is vergelykbaar met 'n koors wat uitloop op 'n krisis, "frequently accompanied by a delirium, the rule of the most violent revolutionists, the Reign of Terror".⁶²⁾ Daarna volg die periode van herstel, waarby die pasiënt soms nog 'n terugval in sy siekte kan hê. "Finally the fever is over, and the patient is himself again, perhaps in some respects actually strengthened by the experience, immunized at least for a while from a similar attack, but certainly not wholly made over into a new man. The parallel goes through to the end, for societies which undergo the full cycle of revolutions are perhaps in some respects the stronger for it, but they by no means emerge entirely remade".⁶³⁾ Hierdie parallel bly meer 'n beeld, 'n metafoor en moet nie in alle opsigte toegepas probeer word nie; waar 'n siekte bv. meesal as iets onaangenaams beskou word, wil hy nie so 'n waardeoordeel oor rewolusies uitspreek nie.⁶⁴⁾

Brinton se konsepsuele skema berus eintlik op ooreenkomste wat hy reeds vooraf tussen 'n aantal rewolusies waargeneem het en wat hy nou, aan die hand van sy skema, nader wil ondersoek. Dit is nie sy bedoeling om sensasionele ontdekkings te doen nie: "We shall, then, hope that whatever uniformities we can detect in the revolutions we are analyzing will turn out to be obvious, to be just what any sensible man already knew about revolutions. We shall be genuinely disappointed if the anatomy of revolutions does not turn out to be a familiar one. It will seem a sufficient gain if these uniformities can be listed, recorded as uni-

60) Ibid., bl. 16.

61) Ibid., bl. 17.

62) Ibid.

63) Ibid.

64) Ibid., bl. 19.

formities".⁶⁵⁾ Die ondersoek moet dien om sy vermoedens te bevestig, sy hipotese te staaf.

2. Seleksie van eenhede van ondersoek

Dat Brinton die Engelse, Amerikaanse, Franse en Russiese Rewolusies vir sy ondersoek uitkies, berus ongetwyfeld op die feit dat hy juis tussen hierdie rewolusies sekere ooreenkomste gevind het. Hy besef dat hierdie beperking van die ondersoek tot slegs vier rewolusies die moontlikheid om sy konklusies ook op ander gevalle toe te pas, verswak: „It should be very clear that not all revolutions, past and present, and future, will confirm to the pattern here drawn. Our four revolutions are not even 'typical' in the sense the word 'typical' has for literary critics and moralists. They are simply four important revolutions with which we have chosen to begin a work of systematization still in its infancy. Subtler systematizations will come later from other and more advanced workers".⁶⁶⁾ Sy studie is, sy dit slegs 'n voorlopige, bydrae tot die studie van rewolusies in die algemeen en die moontlikheid dat sy konklusies vir rewolusies in die algemeen geld, word nie uitgesluit nie.

Kan Brinton se konklusies op grond van slegs die vier gevalle generalisasies wees wat toepasbaar is op alle rewolusies, of sou die ooreenkomste wat hy vind eerder die gevolg van gemeenskaplike invloede wees? Al vier die rewolusies wat hy vir ondersoek uitkies, het in die moderne tyd en in moderne state van die Westerse Beskawing plaasgevind, maar staan tog nie almal in direkte verband met mekaar nie. Al vier was ook rewolusies gevoer deur 'n meerderheid teen 'n minderheid en het gelei tot die omverwerping van die bestaande regerings; so dui Brinton self aan.⁶⁷⁾ Rewolusies gevoer deur 'n minderheid, outoritêre en paleisrewolusies en ook nasionalistiese opstande, soos die Ierse Rewolusie, is nie verteenwoordig nie.⁶⁸⁾ Sy seleksie bevat dus nie al die va-

65) Ibid., bl. 26- 27.

66) Ibid., bl. 5.

67) Ibid., bl. 21.

68) Ibid., bl. 21- 22..

riasië in rewolusies nie en as sy konklusies 'n algemene geldendheid het, is dit waarskynlik slegs t.o.v. 'n bepaalde soort rewolusie.

Tussen die rewolusies wat Brinton selekteer, bestaan tog ook heelwat verskille. Veral die Amerikaanse Rewolusie, so verklaar Brinton reeds vooraf, wyk in verskillende opsigte van die ander drie af; dit was meer territoriaal en nasionaal van aard, terwyl die ander meer sosiaal en ekonomies georiënteerd was. Die Amerikaanse Rewolusie het nie op 'n skrikbewind en 'n diktatuur uitgeloop soos die ander nie. Hier laat Brinton reeds vantevore blyk dat sy konsepsie vir die Amerikaanse Rewolusie nie heeltemal opgaan nie.⁶⁹⁾ Hy verklaar dat hy die Amerikaanse Rewolusie wil gebruik as rem om oorhaastige konklusies te voorkom, en hier blyk weer dat Brinton tog na 'n bepaalde algemene geldendheid van sy gevolgtrekkings strew.

3. Metode van ondersoek

Brinton volg 'n tematologiese indeling; hy behandel nie elke rewolusie afsonderlik en in sy geheel nie, maar eers die oorsake van en aanleidinge tot die onderskeie rewolusies ("the old regimes"), dan die eerste stadia van die rewolusies, tipes rewolusionêres, die regering van die gematigdes, die bewindsoorname van die ekstremiste, die "Reigns of Terror and Virtue" en ten slotte die wending of Thermidor as laaste fase. Sy indeling geskied dus in ooreenstemming met sy hipotese.

Aangesien die vier rewolusies redelik algemeen bekend is, is dit vir Brinton nie nodig om die hele verloop van gebeure telkens uitgebreid te beskryf nie en kan hy op die aspekte wat op ooreenkomste dui, konsentreer. Dit bring egter mee dat Brinton se behandeling meer besprekend as beskrywend word. Daar word dikwels na die verskillende rewolusies in die onderskeie hoofstukke verwys, maar hulle word nie telkens sistematies t.o.v. die betrokke aspekte naas mekaar gestel nie. Die ooreenkomste waarop Brinton hom rig, kom wel na vore, maar nie altyd die verskille wat daar ook tussen die gevalle bestaan nie. In sommige hoofstukke fungeer een of enkele van die rewolusies, waarin die ooreenkomste waarop Brinton wil ingaan dui-

69) Ibid., bl. 24- 25.

delik blyk, egter steeds as voorbeeld, en word weinig aandag aan die ander gevalle gegee. Veral die Amerikaanse Rewolusie, wat t.o.v. die laaste fase waarin die ander rewolusies met mekaar ooreenkom afwykend is, speel eintlik geen rol in die laaste hoofstukke nie. Hiermee word nie gesê dat Brinton nie objektief en versigtig te werk gaan nie; soms wys hy op belangrike verskille tussen die rewolusies en gaan in op probleme t.o.v. die geldigheid van sy konklusies in 'n besondere geval. In sy geheel bied Brinton se prosedure die moontlikheid om 'n aantal duidelike ooreenkomste te vind, maar nie 'n oorsigtelike teenoormekaarstelling van die verskillende rewolusies t.o.v. alle aspekte nie.

Hiermee hang saam dat Brinton soms geneig is om te spekulêr en op allerlei interessante sake in te gaan wat nie direk tot algemene konklusies lei nie. Die hele hoofstuk oor rewolusionêre tipes toon bv. slegs die variasie in geaardhede van die rewolusionêre leiers en volgelinge en lei tot die slotsom „that it takes almost as many kinds of men and women to make a revolution as to make a world”.⁷⁰⁾

Hoewel Brinton blyke gee van 'n omvattende en grondige kennis van die rewolusies wat hy ondersoek, verwys hy nêrens na bronne nie en gee hy nie die indruk dat spesiale studie gedoen is om die geldigheid van sy konklusies t.o.v. besondere gevalle na te gaan nie. Aangesien dit hoofsaaklik om algemene aspekte gaan en hy die feite versigtig hanteer, is sy ondersoek egter in die algemeen uitgebreid genoeg vir die doeleindes wat hy daarvoor gestel het.

4. Konklusies

As Brinton in die slothoofstuk van sy werk die konklusies waartoe hy geraak, saamvat, verklaar hy: „it remains true that the four revolutions we have studied do display some striking uniformities. Our conceptual scheme of the fever can be worked out so as to bring these uniformities clearly to mind”.⁷¹⁾ Hy meen dus

70) Ibid., bl. 132.

71) Ibid., bl. 277- 278.

dat sy hipotese bevestig is, wat egter nie inhou dat die ooreenkomste of uniformiteite wat hy gevind het almal vir elk van die gevalle geld nie.

Sonder om te trag om al die ooreenkomste wat Brinton gevind het, weer te gee, word enkele van sy konklusies hier kortliks aangetoon: hy vind dat in die samelewings waarin rewolusies uitgebreek het geen armoede geheers het nie, maar voorspoed, en dat die opstandelinge nie ellendig en wanhopig was nie, maar juis gedryf is deur 'n rewolusionêre filosofie wat 'n klank van optimisme en hoop ingehou het.⁷²⁾ Daar was in die vier samelewings skerp klasseteenstellinge, veral tussen die aristokrasie en die middelklas, en ongelike regte wat tot groot bitterheid onder die middelklas gelei het. Al vier rewolusies is voorafgegaan deur 'n „desertion of the intellectuals“;⁷³⁾ hulle wou die ou regime nie meer dien nie. Die regeeringsmasjinerie was in al die gevalle ondoeltreffend en nie aangepas by veranderde omstandighede nie. Baie lede van die bevoorregte klasse het vertroue in die tradisies en opvattinge van hul eie groep begin verloor en hul by die teenstanders van die ou regime aangesluit.⁷⁴⁾

Dit blyk dat die aanleiding tot die rewolusies in al die gevalle saamhang met 'n finansiële krisis, hoewel dit in die Russiese Rewolusie nie so 'n groot rol gespeel het nie. Toe die rewolusies uitgebreek het, was die regeerings nie by magte om die eerste opstande te onderdruk nie en het die opstandelinge geleentheid gekry om die mag oor te neem. Waar die rewolusionêres eers verenig was in hul verset, het onderlinge verskille nou na vore gekom. Die gematigdes, wat aanvanklik die bewind behartig het, se regering is omvergewerp met onwettige middele en die radikales het aan die mag gekom. Die krisisperiode is hiermee ingelui, behalwe in die Amerikaanse Rewolusie wat nie so 'n punt bereik het nie.⁷⁵⁾ Tydens die krisis het sterk figure na vore gekom: Cromwell, Robespierre en Lenin. Hulle het diktature gevestig met die steun van minderheids-

72) Ibid., bl. 279.

73) Ibid.

74) Ibid.

75) Ibid., bl. 287.

groepe. In dié periode het ook religieuse ideale ontstaan, soos 'n neiging tot asketisme en verheerliking van die deug.⁷⁶⁾ Toe die delirium uitgewerk was, het meer normale toestande teruggekeer en was die rewolusie verby.

Hierdie ooreenkomste geld dus net gedeeltelik vir al vier rewolusies; ook die Russiese Rewolusie pas nie heeltemal in die patroon nie, want is die skrikbewind daar ooit beëindig? Brinton het 'n aantal treffende uniformiteite na vore gebring, waarvan sommige natuurlik alreeds deur ander skrywers raakgesien is,⁷⁷⁾ soos Brinton self ook erken.⁷⁸⁾ Is hierdie uniformiteite dalk net die gevolg van toeval, of dui hulle op 'n algemene wet vir die verloop van rewolusies? Dat die invloed van die een rewolusie op die ander of op die ideale van ander rewolusionêres hiervoor verantwoordelik is, is moeilik denkbaar. Alhoewel daar sekere gemeenskaplike omstandighede was wat bv. 'n soortgelyke ou orde in Frankryk en Rusland teweeggebring het en die ideale van die rewolusionêres in al vier gevalle 'n sekerre gemeenskaplike ideologiese agtergrond het, kan dit moeilik vir meer as enkele ooreenkomste verantwoordelik wees.

Brinton probeer nie 'n verklaring gee nie, maar probeer slegs die hele verloop as 'n logiese opeenvolging van gebeure skets. Hy sien daaragter elemente van die algemeen menslike gedrag en meen dat sy ondersoek aantoon dat „in general things men do, many human habits, sentiments, dispositions, cannot be changed at all rapidly, that the attempt made by extremists to change them by law, terror and exhortation fails, that the convalescence brings them back not greatly altered”.⁷⁹⁾ 'n Studie van rewolusies kan dus aandui dat die mag van die historiese tradisie nie sommer gebreek kan word soos die idealiste wou doen nie. Rewolusionêre optrede gaan in teen

76) Ibid., bl. 283.

77) Vgl. bv. Labrousse, a.w. (Congrès historique du centenaire de la révolution de 1848, a.w.), waarin die rol van ekonomiese faktore in die uitbreek van die Franse rewolusies van 1789, 1830 en 1848 aangedui word en wat ooreenkomste met Brinton se siening van die rol van die finansiële krisis vertoon.

78) Brinton, The anatomy of revolution, bl. 288.

79) Ibid., bl. 291.

die aard van die geskiedenis self en 'n historiese geworde situasie kan nie sommer skielik in 'n ideaaltoestand omskep word nie, al mag 'n rewolusie oor die lang termyn tog 'n ingrypende invloed op die gang van die geskiedenis hê.⁸⁰⁾ Natuurlik is die rewolusie self 'n histories verklaarbare reaksie op bepaalde verskynsels en is die starre handhawing van 'n bestaande toestand sonder om aan te pas by veranderde sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede eweneens 'n teenhistoriese optrede wat op sy beurt weer die mag van historiese progressie misken. Die studie van rewolusies kan dus belangrike insig in die aard van die geskiedenis bring. Brinton se werk gee in elk geval 'n aanduiding van die moontlikhede van sodanige studie.

Hoewel Brinton se ondersoek dus insig in die geskiedenis en in die aard van rewolusies bied, verskaf dit eintlik geen geldige generalisasies of teorieë nie. Sy prosedure leen hom nie daartoe nie; weinig gevalle, wat nie alle variasie van rewolusies bevat nie, is geselekteer en te weinig ooreenkomste is gevind wat vir al die gevalle opgaan. Dit blyk ook dat Brinton die Franse Rewolusie as model gebruik, want op hierdie rewolusie pas sy skema die beste en daaraan het hy die meeste terme ontleen. Die ooreenkomste wat hy vind, dui wel op iets algemeens, maar kan nie sonder meer as algemeen geldende reëls aangewend word, bv. om aan te toon dat die Nederlandse opstand teen Spanje 'n egte rewolusie was, soos al gedoen is nie.⁸¹⁾

C. Slot

In baie opsigte is die werke van Sorokin en Brinton mekaar se teengesteltes: Sorokin ondersoek 1700 rewolusies en Brin-

80) Nòg Brinton nòg Sorokin, wat albei die rewolusie met 'n siekte-verskynsel vergelyk waarop beterskap volg, gee hulself reken-skap van die lang-termynbetekenis van rewolusies.

81) Vgl. Griffith, G., Nadel, G., Wright, M.C. en Schöffer, I., Artikels oor die Nederlandse Opstand (Comparative studies in society and history, dl. 2, 1958- 1959, bl. 452- 484; dl. 3, 1959- 1960, bl. 353- 367, 470- 477; dl. 4, 1960- 1961, bl. 247- 252).

ton net vier; Sorokin gaan uit van 'n baie wye omskrywing van die rewolusiebegrip en Brinton van 'n baie eng definisie; Sorokin let net op die plek van rewolusie in die ontwikkeling van die samelewing en Brinton net op die verloop van rewolusies self. Hul kom dan ook tot uiteenlopende konklusies, wat mekaar egter in sekere opsigte aanvul en saam insig in die verskynsel van rewolusie bied. Nie een van die twee skrywers lewer 'n algemeen aanvaarbare teorie of generalisasie nie, al gaan hul wetenskaplik te werk. Die vergelykende studie van rewolusies sal daarom veel meer sistematies en uitgebreid en volgens vaste metodes moet geskied indien resultate van betekenis verkry wil word.

HOOFSTUK X

RESTOURASIE - R.A. KANN

Oor die verskynsel van restourasie het in 1967 'n vergelykende studie verskyn.¹⁾ Die outeur daarvan, Robert A. Kann, is hoogleraar in die geskiedkunde aan die Rutgers-universiteit in die V.S.A. en 'n kenner van die geskiedenis van die Habsburgse Ryk. Een van sy werke in daardie verband²⁾ het as bydrae tot die ondersoek van die verskynsel van politieke integrasie reeds in hoofstuk VIII hierbo ter sprake gekom.

A. Oogmerke, hipotese en definisie

Soos die titel, The problem of restoration, reeds aandui, wil Kann in die werk onder bespreking 'n bepaalde probleem deur vergelykende ondersoek belig en dus nie direk historiese wette vind nie: „This study of a significant historical problem suggests in its first, general part some tentative principles according to which the process of restoration may operate. Perusal of this section is indispensable for the case studies analyzed in the second part. The cases were selected not to confirm with any true or alleged law of history but solely to elucidate a problem of which we know very little yet. On the strength of these or other cases, historians may come to different conclusions. Their suggestions are welcomed by one who perceives the meaning of history not in conformity with a preestablished pattern but in the reflection of the diversity of life”.³⁾

In die eerste honderdtal bladsye van die werk analiseer Kann restourasie as konsep om daardeur tot 'n hipotese te kom op grond waarvan hy sy gevalle-ondersoek doen. Nadat hy eers 'n onder-

1) Kann, The problem of restoration. A study in comparative political history.

2) Kann, The Habsburg Empire. A study in integration and disintegration.

3) Kann, The problem of restoration. A study in comparative political history, Preface (ongenommerd).

soek gedoen het na die verskillende gebruike van die term „restourasie“⁴⁾ en dit vergelyk het met ander terme soos „herstel“, „hervorming“ en „vernuwing“, definieer hy die konsep, soos hy dit wil ondersoek, as „the reestablishment of a state of political and social affairs that was upset by previous revolutionary change“.⁵⁾

Uit hierdie ondersoek kom reeds verskillende probleme oor die aard van restourasie na vore. Kan restourasie werklik 'n presiese herstel van 'n vorige toestand teweegbring? Is historiese verandering nie onvermydelik nie? Kann meen dat die element van onvermydelikheid in die geskiedenis te herlei is tot die menslike lewensiklus en die opeenvolging van generasies, wat onomkeerbare verandering bring. Ook tegniese vooruitgang kan as noodwendig en onomkeerbaar beskou word. Ander veranderinge is egter die gevolg van menslike dade wat in wese onvoorspelbaar en omkeerbaar is. Weens die element van onvermydelikheid is volkome terugwenteling in die geskiedenis dus onmoontlik; bepaalde veranderinge is blywend.⁶⁾

Verandering deur rewolusie of restourasie is primêr politiek en sosiaal van aard. By elke restourasie kan ook drie politieke en sosiale stelsels, wat dus meer inhou as regeringstelsels, onderskei word: die oorspronklike, die tussen- en die herstelde stelsel. Terme soos „oud“, „nuut“, „progressief“ en „konserwatief“ vermy hy om oor die stelsels geen waarde-oordeel uit te spreek nie. Aangesien verandering in sekere opsigte onvermydelik is, kan die herstelde sisteem nie identies met die oorspronklike stelsel wees nie en Kann kom sodoende tot die hipotese dat 'n suksesvolle restourasie berus op 'n juiste sintese van elemente van die oorspronklike en tussenstelsels: „If the restored system wants to maintain itself, it must accept some social change as inevitable, and at the same time pay attention to the values, and in particular to the emotional values, of the past. How the restored system

4) Ibid., bl. 408- 418.

5) Ibid., bl. 3.

6) Ibid., bl. 3- 8, 95.

will have to balance these divergent factors can be answered only by pragmatic experience. Yet, inasmuch as restoration should represent foremost the idea of the resumption of legal continuity severed by a revolutionary interlude, it ought to be firmly linked to the concept of government by law. In that sense it can never be outright reactionary if it wants to succeed.⁷⁾ . . It must look for a common denominator in the three systems as one of the very first premises for its success".⁸⁾

In 'n suksesvolle restourasie moet die vroeëre tradisie werklik herstel word, nie net lippediens daaraan bewys word soos tydens die diktatuur in die tussenfase soms gedoen word nie. Daar moet kontinuïteit wees, ook legitimeit; die konstitusie self kan nie presies so herstel word nie, maar wel die gees en tradisie daarvan.

Kan 'n tussensisteem ook legitiem word? Dit kan, meen Kann, deur die tyd gesanksioneer word, wat ook slegs kan gebeur indien dit deur die volk aanvaar word en dit kan met 'n diktatuur nie so maklik gebeur nie. Verder moet dit ten minste een generasie aan bewind wees om as wetlik aanvaar beskou te kan word. As so 'n tussensstelsel wetlike sanksie verkry het, is restourasie eintlik nie meer moontlik nie en het 'n poging om 'n vorige stelsel te herstel eerder die karakter van 'n teenrewolusie.⁹⁾ Restourasie kan dan ook slegs met toestemming van die meerderheid van die volk self gesanksioneer word en blywend wees.¹⁰⁾ Hy formuleer 'n tweede hipotese, nl. dat 'n restourasie alleen suksesvol kan geskied as dit binne een politieke generasie, dus ongeveer dertig tot veertig jaar, voltrek word, wat inhoud dat van die persone wat nog aktief was in die werking van die oorspronklike stelsel in staat moet wees om effektief deel te neem aan die funksionering van die herstellende sisteem.¹¹⁾ Verder kan die sukses daarvan slegs getoets word in die volgende generasie, d.w.s. as die mense wat die oorspronklike sisteem glad

7) Ibid., bl. 96.

8) Ibid., bl. 103.

9) Ibid., bl. 101-102.

10) Ibid., bl. 102.

11) Ibid., bl. 100.

nie meer geken het nie dit ook aanvaar. Hy vat sy hipotese as volg saam: "In order to have reasonable prospects of success, restoration should be established within one generation; but its success can be tested only after another generation, that is, after tradition has come fully into play".¹²⁾

Bogenoemde twee hipoteses, wat dus voortvloei uit Kann se algemene bespreking van die restourasiebegrip, moet deur die gevalle-onderzoek getoets word. Sy opvattinge dat elke restourasie drie politieke en sosiale stelsels impliseer, is nie hipotese nie maar grondslag vir sy studie; hy wil by elke restourasie die drie betrokke stelsels onderskei, ondersoek en vergelyk. Dit moet dus eintlik as deel van die omskrywing van restourasie self beskou word, want waar die drie stelsels nie te onderskei is nie is daar vir Kann nie van egte restourasie sprake nie.

Kann se beskouing van restourasie is gevorm deur bestudering van die werke van verskillende denkers. Hy noem o.a. Hegel, Max Weber, H. Kelsen, J. Schumpeter, Hannah Arendt en G. Ferrero. Sy opvattinge het dus 'n sosiaal-wetenskaplike agtergrond maar bevat in die eerste plek tog 'n persoonlike siening, gevorm deur studie van die restourasieverskynsel self en deur logiese afleiding. Moontlik het bepaalde restourasies as model gedien by die totstandbrenging van sy hipoteses.

B. Seleksie van eenhede van ondersoek

Hoewel Kann nie daarna streef om historiese wette te vind nie, wil hy tog hipoteses toets en ooreenkomste vind; daarom doen hy 'n so goed moontlike seleksie van gevalle; "the establishment of certain analogies common to a number of well-selected cases would be better than complete failure. If this would be done, it would be of secondary importance whether such findings be classified as probabilities, possibilities or reasonable expectations".¹³⁾

Uitgaande van sy beskouing van restourasie beperk hy sy

12) Ibid.

13) Ibid., bl. 15.

seleksie tot duidelik onderskeibare politieke eenhede: „As a social and political phenomenon, the restoration process, as much as the revolutionary process, can be studied only within the frame of a sizeable, clearly defineable political body that comprises the basic elements of a clear-cut concept of state, although not necessarily of the post-feudal world”.¹⁴⁾ Klein stadstate en ander alte klein staatjies, wat meesal direk deur hul groter buurstate beïnvloed word, moet buite rekening gelaat word.¹⁵⁾

Kann beperk hom verder net tot die state in die gebied van ongeveer die Klassieke en Westerse Beskawings omdat hy sy kennis nie toereikend ag om gevalle uit ander beskawings te bestudeer nie.¹⁶⁾ Resente restourasiepogings moes uitgesluit word omdat dit nog nie moontlik is om hulle sukses te bepaal nie en omdat gegewens en veral geskiedwerke daarvoor nog grotendeels ontbreek. Dit bring mee dat restourasies waarin republieke, 'n regeringsvorm wat oor die algemeen nog van resente datum is, herstel is agterweë moes bly.¹⁷⁾ Die enkele gevalle waar in vroeër tye na 'n republiek teruggekeer is, was na lang tussenfases, sodat daarby eintlik nie van restourasie sprake is nie.

Hoewel hierdie beperkinge die geldigheid van sy konklusies kan beïnvloed, is die gevalle wat hy selekteer tog uit grotendeels van mekaar verskillende periodes en omgewings. Die twaalf restourasies en/of vermeende restourasies wat hy uiteindelik ondersoek, omvat byna al die gevalle wat binne die grense van sy seleksie vir bestudering in aanmerking kom:¹⁸⁾

(i) die herstel van die Joodse staat na die Babiloniese Ballingskap (sesde eeu v.C.);

(ii) die herstel van die Atheense demokrasie na die diktatuur van die Peisistratidae (sesde eeu v.C.);

14) Ibid., bl. 13- 14.

15) Ibid., bl. 95.

16) Ibid., bl. 14.

17) Ibid., bl. 13. Kann bespreek wel die restourasies in Duitsland en Pole in die huidige eeu, maar meer as toepassing van sy teorie as in die gevalle-studie self.

18) Ibid., bl. 95.

(iii) Rome in die tyd van die imperiale republiek, na die tussentydse bewind van die Gracchi (tweede eeu v.C.);

(iv) die Justiniaanse restourasie in die Bisantynse Ryk (sesde eeu n.C.);

(v) die Ottonse restourasie in Duitsland (tiende eeu);

(vi) die troonsbestyging van die Plantagenets in Engeland na die regering van die Normandiese dinastie en 'n tussenfase (twaalfde eeu);

(vii) die troonsbestyging van die Habsburgers in Duitsland na die regering van die Hohenstaufens en die Interregnum (dertende eeu);

(viii) hervorming en teenhervorming in Oostenryk tydens die sestende en sewentiende eeu;

(ix) die Engelse restourasie van die sewentiende eeu;

(x) die Franse restourasie van 1814- 1815;

(xi) die stigting van die Tweede Duitse Keiserryk (1871);

(xii) dinastiese bewegings van die jongste tyd, d.w.s. pogings tot herstel van die monargie in Italië, Spanje, Portugal, Frankryk en Rusland.

Hierdie gevalle, so stel Kann reeds vooraf, is nie noodwendig almal egte restourasies nie; veral in gevalle (iv) tot (vii) is die oorgange tussen die verskillende sosiale en politieke stelsels onduidelik.¹⁹⁾ Die ondersoek moet verder aantoon of daar in hierdie gevalle werklik van restourasie sprake is.

C. Metode van ondersoek

Die gevallestudies, wat in lengte van elf tot ag-en-veertig bladsye wissel, is geen volledige beskrywings van die verskillende restourasieprosesse nie. Kann gee in die meeste gevalle slegs die vernaamste feite weer, terwyl ook dít weens die bekendheid van die restourasies in Engeland gedurende die sewentiende en Frankryk gedurende die negentiende eeu in hierdie gevalle gedeeltelik agterweë gelaat kan word. Die agtergrondomstandighede

19) Vgl. *ibid.*, bl. 172.

word goed aangedui, in besonder die aard van die drie stelsels wat Kann in elk van die gevalle probeer onderskei. Eintlik bied Kann se behandeling in hoofsaak 'n bespreking van probleme i.v.m. die gelding van die hipoteses in elke besondere restourasie en hy let o.m. steeds daarop in hoeverre daar van 'n sintese van elemente van die vorige stelsels sprake is. Ten opsigte van die aard van hierdie stelsels kom hy soms tot 'n nuwe en ongewone konklusie; hy meen bv. dat die rewolusionêre tussensstelsel in Engeland reeds in 1625, dus met die troonsbestyging van Karel I, 'n aanvang geneem het. Hoewel die parlement sedert daardie tyd reeds begin het om 'n eie regering te vorm, het die tussensisteen in werklikheid slegs bestaan „in the sense of unceded opposition to establish authority”.²⁰⁾ In hoeverre het die herstelde stelsel in die Engelse restourasie ook na 1688 voortgeduur? Na 'n bespreking van die feitelike posisie en die standpunte van 'n aantal historici kom hy tot die slotsom dat die rewolusie van 1688 „preserved legitimacy to the largest extent compatible with inevitable change, strengthened existent guarantees of constitutional government instead of creating new ones, held to the absolute minimum revolutionary change in royal succession while preserving the main facts of monarchical reign”.²¹⁾ Die rewolusie van 1688 het dus selfs die sukses van die restourasie bevestig, waardeur die Engelse restourasie een van die mees suksesvolle restourasies van die moderne tyd geword het.²²⁾

Hoewel Kann interpretasies doen wat nuut en in historiese kringe moontlik nie direk aanvaarbaar is nie, is sy werk gegrond op deeglike ondersoek, nie van primêre bronne nie, maar tog van die meeste gesaghebbende werke oor die betrokke gevalle, waarby dit vir hom nie alleen om feite gaan nie maar ook om die interpretasies van historici. Daar is dus geen sprake daarvan dat Kann die gevalle in sy skema probeer pas nie; hy vind juis dat verskillendes nie as egte restourasies beskou kan word nie. Dit bring

20) Kann, The problem of restoration. A study in comparative political history, bl. 286.

21) Ibid., bl. 309.

22) Ibid., bl. 311.

natuurlik mee dat die gevalle van werklike restourasie wel aan sy hipotese beantwoord. Hy slaag egter goed daarin om die aanvaarbaarheid van sy teorie in die ondersoek aan te toon.

Deurdat Kann die verskillende gevalle elk afsonderlik behandel, word elkeen in sy geheel goed belig. Deur by die behandeling steeds op dieselfde wyse te werk te gaan en vanuit dieselfde hipoteses sy ondersoek te verrig en telkens onderlinge vergelyking te doen, maak Kann die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie gevalle baie duidelik.

D. Konklusies

Kann se ondersoek dien daartoe om 'n aantal besondere restourasies in die geskiedenis vanuit sy beskouing van hierdie verskynsel as sodanig te belig en te interpreteer en tegelykertyd om sy hipoteses oor restourasie te toets. Hy vind dat, vanuit sy uitgangspunt, geeneen van die gevalle in alle opsigte aan die vereistes vir suksesvolle restourasie voldoen nie: die Joodse restourasie was bv. meer suksesvol op sosiale as op politieke gebied; in die Griekse restourasie van die sesde eeu v.C. was die sintese van die vorige stelsels onvoldoende; die Justiniaanse restourasie het nie lank genoeg geduur nie; aan die troonsbestyging van die Plantagenets in Engeland het geen duidelike tussenstelsel vooraf gegaan nie.²³⁾ Die Franse restourasie van 1815 sien hy as 'n voorbeeld van 'n mislukte restourasie, maar dit het desnieteenstaande, soos al die ander gevalle, elemente van sukses bevat.²⁴⁾

Is Kann se hipoteses voldoende deur die ondersoek bewys? Kann wil self nie voorgee dat hy tot 'n algemeen geldende teorie oor restourasie gekom het nie; hy meen dat hy in sy vergelykende ondersoek slegs „possibilities according to what seem to us plausible constellations in the study of history”²⁵⁾ gevind het.

23) Ibid., bl. 402.

24) Ibid.

25) Ibid., bl. 403.

en dat 'n studie van ander gevalle tot ander resultate sou kan gelei het. Tog meen hy dat sy hipotese dat 'n restourasie in een politieke generasie voltrek en 'n volgende as blywend getoets moet word deur die ondersoek bevestig is, al is dit nie in alle opsigte bewys nie.²⁶⁾ Aangesien dit geblyk het dat daar so weinig gevalle van egte restourasie was, is dit ook nie moontlik nie, maar in negatiewe sin is die juistheid van die hipotese tog goed genoeg aangetoon om dit aanvaarbaar te maak. Ook die hipotese dat 'n suksesvolle restourasie 'n sintese van elemente uit die twee vorige sisteme moet inhou, is beslis deur die ondersoek bevestig, al het Kann dié hipotese meer gebruik om die mislukking as om die sukses van 'n restourasie te verklaar. Al het Kann sy teorie dus geensins onomstootlik bewys nie, het hy goed daarin geslaag om dit aanvaarbaar te maak en die verskillende aspekte van die restourasieverskynsel na vore te bring.

Kann pas sy teorie op enkele probleme toe ten einde die vrugbaarheid daarvan te illustreer. Hy wys bv. daarop dat 'n poging om die monargie in Spanje te herstel net kan slaag indien dit elemente van die oorspronklike stelsel met dié van die tussenstelsel, d.w.s. die Franco-regime, tot eenheid bring. As dit egter net 'n blote voortsetting van die tussentydse diktatuur is en hom te veel daarmee vereenselwig, is die sukses daarvan twyfelagtig.²⁷⁾

Kann se werk is 'n belangrike poging om deur vergelykende studie tot algemene kennis van 'n bepaalde historiese verskynsel te kom, tot generalisasie wat direk op die geskiedenis betrokke is en in geskiedenisstudie self aangewend kan word.

26) Ibid., bl. 403.

27) Ibid., bl. 402.

HOOFSTUK XI

AGRARIESE HERVORMING - E.H. TUMA

Oor agrariese hervorming, 'n aktuele vraagstuk in die sosiale wetenskappe en veral in die ekonomie, het 'n vergelykende ondersoek verskyn van die hand van Elias H. Tuma.¹⁾ Tuma, 'n ekonoom en werksaam aan die Universiteit van Saskatchewan in Kanada, het hierdie werk oorspronklik as 'n proefskrif in die ekonomie ingedien.²⁾

A. Oogmerke, hipotese en definisie

Die problematiek van agrariese hervorminge in die huidige tyd het Tuma aangespoor tot 'n ondersoek oor hierdie onderwerp. „Many attempts have been made in the present century, and particularly in the last two decades, to reform the land systems of underdeveloped countries. Land reform has become part and parcel of the United Nations program and is closely associated with attempts to industrialize, develop and improve conditions in agrarian societies. It has also assumed primary importance in political platforms as a means of maintaining political stability and preventing revolutions; ironically, it has also been used to encourage and sustain revolutions”.³⁾ 'n Ondersoek na enkele hervormingspogings het hom laat insien dat die propaganda nie altyd in ooreenstemming met die feite was nie en dat hervormings dikwels nie werklik daarin geslaag het om armoede en agterlikheid op te hef nie.⁴⁾ Met hierdie studie

1) Tuma, E.H., 26 centuries of agrarian reform: a comparative analysis. Berkeley, University of California Press, 1965.

2) Onder die titel: Economics, politics and land tenure reform. Ongepubl., Universiteit van California, 1962. 'n Samevatting van hierdie studie het ook verskyn: Agrarian reform in historical perspective (Comparative studies in society and history, dl.6, 1963- 1964, bl. 47- 75).

3) Tuma, 26 centuries of agrarian reform: a comparative analysis, bl. 3.

4) Ibid., bl. vii.

stel Tuma hom ten doel „(1) to clarify the meaning of reform and suggest a general definition; (2) to construct a general theory that may be applicable to various types of reform; and (3) to provide a critical evaluation of the effects of the function of reform and offer some views on current and prospective reform movements”.⁵⁾

Tuma wil tot 'n teorie oor agrariese hervorming kom deur historiese gevalle-onderzoek. „Our procedure is to observe the general tendencies of past reforms, distinguish their common and unique features, and note the relationships between these features and the environments in which these reforms have taken place. From these relationships we shall derive generalizations which may serve as a basis for the construction of a theory”.⁶⁾

Nadat hy kortliks die ontwikkeling van die begrip nagaan het,⁷⁾ omskryf Tuma agrariese hervorming as „a rapid improvement in one or more of the sectors of agrarian structure”.⁸⁾ Hy onderskei twee soorte agrariese hervorming, nl. hervorming van die grondbesit of land tenure reform en hervorming van die grondbewerkingstelsel of land operation reform. Meesal word onder grondhervorming net eg. soort verstaan en dit is oor hierdie hervorming van die stelsel van grondbesit wat Tuma in hoofsaak handel, soos reeds blyk uit die oorspronklike titel van sy proefskrif,⁹⁾ hy spreek ook uitdruklik van „land tenure reform: case studies”¹⁰⁾ waar hy tot die gevallestudies oorgaan. Tog wil Tuma hom nie slegs tot die hervorming in grondbesit beperk nie, maar ook, al is dit meer sydelings, aan grondbewerkingshervorming aandag gee. Aangesien die grondbesit hoofsaaklik juridiese en politieke aspekte raak en die grondbewerking meer op ekonomiese en tegniese sake betrekking het, lei dit daartoe dat Tuma ten spyte van sy ekonomiese agtergrond 'n essensieel polities-historiese verskynsel ondersoek, soos verder

5) Ibid., bl. 3.

6) Ibid., bl. 4.

7) Ibid., bl. 9- 11.

8) Ibid., bl. 14.

9) Kyk voetnoot 2 hierbo.

10) Tuma, 26 centuries of agrarian reform: a comparative analysis, bl. 15. Dit is die titel van die gedeelte wat die gevallestudies bevat.

aangetoon sal word.

Tuma gee 'n teoretiese uiteensetting van die verskillende wyses waarop grondbesit en grondbewerking kan voorkom, waardeur die moontlike variasies in die onderskeie gevalle reeds vooraf gesistematiseer word. Hy wys bv. daarop dat die aard van grondbesit seker of onseker, kollektief of individueel, openbaar of privaat en inheems of buitelands kan wees. Die voorwaardes vir die huur van die grond kan ook wissel en so die aard van die bewerking: dit kan intensief of ekstensief wees, geskied met behulp van besproeiing of nie en kollektief of individueel verrig word. Hierdie variasies, wat eintlik reeds resulteer uit die gevalle-ondersoek wat Tuma gedoen het, dui nie op alle moontlike verskille nie, maar bied tog 'n skema om die gevalle te klassifiseer, soos Tuma ook verder in sy werk doen. Dit is slegs 'n skema en hou geen teorie of hipotese in nie, iets wat Tuma ook nie vooraf bied nie.

Hy gee slegs die kriteria aan waarvolgens hy die mate van sukses van elke hervorming wil bepaal: „We shall evaluate land tenure reform from two focal points: whether the reform has been consistent with the objectives of the reformers, and whether it has been favorable to the farmers and operators of the land. A reform measure will be considered successful to the extent to which it satisfies these two criteria. On the other hand, any attempt to hinder or reverse such results will be considered a reaction, including those attempts which tend to obstruct or limit the effectiveness of the reform”.¹¹⁾ Wát as gunstig vir die bewerkers van die grond beskou moet word, dui hy nie nader aan nie; in elk geval sien Tuma dit nie net in die sin van ekonomiese verbetering nie en neem hy sosiale en politieke faktore steeds in ag.

Tuma se ekonomiese georiënteerdheid beïnvloed nie direk sy probleemstelling en prosedure van ondersoek nie; dit kom eintlik slegs tot uiting in sy omskrywing van sommige konsepsies. Hy verklaar bv.: „land and income concentration implies the derivation from the line of equality, or inequality according to a Lorenz

11) Ibid., bl. 14.

curve. However, since the data do not allow construction of such curves or computations of concentration coefficients, evaluation will depend on the source of data. We shall consider land to be concentrated, and the same applies to income, if these sources consider it to be so. However, as an objective criterion we shall use the ration between the upper and lower limits of the size of the individual ownership tolerated in the specific case under study".¹²⁾ Op hierdie wyse gee hy 'n meer vaste en presiese inhoud aan begrippe wat in historiese studies dikwels in verskillende betekenisse gebruik word en bevorder hy die vergelykbaarheid van die gevallestudies.

B. Seleksie van eenhede van ondersoek

Tuma ondersoek agt gevalle van agrariese hervorming:

- (i) die Griekse agrariese hervorming van Solon en Psistratos (sesde eeu v.C.);
- (ii) die Romeinse hervorminge onder die Gracchi (tweede eeu v.C.);
- (iii) die veranderinge wat t.o.v. die stelsel van grondbesit aangebring is, veral die bewegings bekend as die comitations, gedurende die Middeleeue, en die enclosures (omheininge) in die sestiende eeu;
- (iv) die Franse hervorminge tydens die Franse Rewolusie;
- (v) die Russiese hervorminge, nl. die emansipasie van die boere in 1861, die hervorminge van Stolypin in 1906 tot 1911 en die Sowjethervorminge na 1917;
- (vi) die Mexikaanse hervorming na die rewolusie van 1910;
- (vii) die Japanse hervorming na die Tweede Wêreldoorlog;
- (viii) die Egiptiese hervorming na 1952 (nog onvoltooid).

Tuma selekteer hierdie gevalle sowel met die oog op hulle geskiktheid vir die vergelyking as met die doel om soveel as moontlik van die geskiedenis van agrariese hervorming weer te gee.¹³⁾

12) Ibid., bl. 17.

13) Ibid., bl. 5- 6.

Dit is verder hervorminge waaroor heelwat gegewens verkrygbaar is; baie resente hervormings soos dié in China, Iran en Kuba moes weens gebrek aan voldoende materiaal buite beskouing gelaat word. Behalwe die Egiptiese geval is dit almal hervorminge wat veranderinge in die stelsel van grondbesit gebring het; dit is dus in hoofsaak 'n seleksie van hervormings in grondbesit as 'n bepaalde soort agra-riese hervorming. Die lys bevat gevalle waaarby verskillende hervorminge na mekaar opgetree het, bv. die Russiese hervorminge, sodat daar uiteindelik meer as agt gevalle is om konklusies op te baseer. Deur sulke hervorminge saam te behandel, kan Tuma hul gemeenskaplike agtergrond en die onderlinge verband aantoon.

Tuma se seleksie is oor die algemeen verteenwoordigend, in elk geval wat historiese periodes en omgewings betref. Die gevalle buite die Klassieke en Westerse Beskawings dateer wel almal van die huidige eeu, toe die Westerse Beskawing sy invloed ook op dié gebiede laat geld het, maar kan moontlik tog besondere kenmerke van die nie-Westerse hervorminge na vore bring. Hoewel 'n groot gedeelte van die gevalle uit hierdie eeu dateer, is daar tog ook genoeg uit vroeëre periodes geneem om 'n goeie balans te behou. Die feit dat, behalwe wat die Engelse ontwikkelinge betref, waar eintlik ook nie werklik van hervorming sprake is nie, geen gevalle uit die Middeleeue in die lys voorkom nie, skyn daarop te dui dat daar in hierdie lang periode geen belangrike hervormings was nie; hervormings van die feodale struktuur, wat dié grondbesitstelsel van die Middeleeue was, ontbreek egter nie in Tuma se lys nie.

C. Metode van ondersoek

Anders as Kann ondersoek Tuma nie die geldigheid van bepaalde hipoteses t.o.v. die verskillende gevalle nie en sy behandeling het daarom 'n meer beskrywende karakter. Sy skema bied hom enigsins 'n leidraad van die belangrike aspekte wat hy in elke hervorming moet ondersoek. Verder volg hy 'n vaste indeling by sy weergawe van die gevalle-ondersoek ten einde die gevalle sistematies te behandel. Hy gaan nl. telkens eers in op die agtergrondsomstandighede, waarby hy onderskei tussen die aard van die grondbesitstelsel, die klasseverdeling en die redes vir ontevredenheid met

die bestaande toestand. Dan let hy op die hervormings self deur agtereenvolgens die oogmerke van die hervormers, die wetgewing en die uitvoering van die wet na te gaan. Vervolgens behandel hy die uitwerking en die gevolge van die hervorming op politieke, sosiale en ekonomiese gebied en doen op grond daarvan 'n evaluasie van die hervorming. Hierdie indeling is dus ontleen aan die aard van die hervormingsverskynsel self; dit berus nie soseer op hipoteses nie en lei ook nie daartoe dat die gevalle eensydig in 'n bepaalde skema geplaas word nie. Deur hierdie indeling steeds te volg, kan Tuma natuurlik net sekere aspekte, al is dit deurgaans die essensiële aspekte, van die verskillende hervormings behandel. Dit is bv. ook moontlik dat 'n hervorming 'n belangrike uitwerking het op die godsdienste, die ontwikkeling van die tegniek of die wetenskap en die kuns, sake wat ook in ag geneem sou moet word om die totale betekenis van 'n hervorming te beoordeel; dááaraan kan Tuma op grond van sy skema egter nie aandag gee nie. Die werklike historiese betekenis van elke hervorming kan ook slegs oor 'n lang termyn beskou word, iets wat Tuma wel probeer doen, maar waaraan hy miskien nie genoeg aandag wy nie. Tog dek sy beskrywings almal 'n wye veld en slaag hy goed daarin om elke hervorming in perspektief te sien.

Tuma se beskrywings is kort en saaklik - dit beslaan van vyf tot vyftien bladsye - maar duidelik, ook vir diegene wat weinig agtergrondskennis van die betrokke periodes van die geskiedenis besit. Dit is gebaseer op sekondêre bronne, wat vir elke geval verskeie gesaghebbende werke insluit. Die akkuraatheid en betroubaarheid van sy interpretasie laat weinig te wense oor. Deur hulp van deskundiges oor bepaalde onderdele van die geskiedenis in te roep,¹⁴⁾ het Tuma hierdie kwaliteit nog verhoog. Hy het gevind dat die gegewens nie oral voldoende was om al die aspekte van belang goed te kan ondersoek nie; dit was sowel die geval by die hervormings van die Oudheid as dié van resente datum.¹⁵⁾ Hierdeur is die moontlikheid van doeltreffende vergelyking natuurlik heelwat verminder.

14) Ibid., bl. vii.

15) Ibid., bl. 16, 21.

D. Konklusies

Tuma doen, op grond van die beskrywings van die besondere gevalle, uitgebreide vergelyking van die hervormings na al hulle aspekte. Dit lei tot 'n klassifikasie van hervormings wat berus op die variasiemoontlikhede wat hy reeds aan die begin van sy werk onderskei het.¹⁶⁾ Hierdie klassifikasie doen nie geforseerd aan nie en bring die vind van twee tipes hervorminge mee, nl. een wat pas by 'n kapitalistiese of Westerse demokrasie en een wat veral bedoel is om 'n sosialistiese of kommunistiese stelsel van grondbesit in te stel.¹⁷⁾ Die essensiële verskil lê dus daarin of die grondbesit individueel en privaat of kollektief en openbaar is.

Met behulp van die twee tipes of modelle kom Tuma uiteindelik tot 'n aantal konklusies, waarvan enkeles, om 'n voorbeeld daarvan te gee, aangehaal word: „The reformers use reform to win support of specific groups, to create or restore political stability, to legitimize their own political positions, or to create what they consider to be democracy”.¹⁸⁾ Die motiewe van die hervormings is steeds primêr politiek en nie ekonomies of humanitêr van aard nie. „In general land tenure reform improves the social conditions of the peasants in proportion to their significance to the stability of the reforming group - usually just enough to attain the political objectives of the reformers”.¹⁹⁾ Dit lei tot die algemene gevolgtrekking dat „land tenure reform may be useful in obtaining short-term political goals, such as stability and legitimacy of the regime in power, but it cannot satisfy the long-term objective of creating a middle class as a basis for democracy”.²⁰⁾ Ook om 'n rewolusie te voorkom, is 'n hervorming ondoeltreffend; dit kan hoogstens uitstel van 'n rewolusie bring.²¹⁾

16) Kyk bl. 279 hierbo.

17) Tuma, 26 centuries of agrarian reform: a comparative analysis, bl. 222.

18) Ibid., bl. 233.

19) Ibid., bl. 234.

20) Ibid., bl. 238.

21) Ibid., bl. 239.

Hierdie gevolgtrekkings het gedeeltelik die karakter van algemene stellinge en generalisasies, maar vorm nie soseer 'n besondere teorie nie. Eintlik gee Tuma ongeveer al die ooreenkomste van belang weer wat hy tussen die verskillende hervormings gevind het en omvorm dit tot algemene reëls. Tuma wil sy konklusies slegs as tentatief en afhangend van die beperkte aantal gevalle wat hy bestudeer het, sien.²²⁾ Sy gevolgtrekkings is oor die algemeen tog goed op die besondere gevalle gefundeer om as geredelik aanvaarbaar beskou en op ander gevalle van hervorming toegepas te word. Tuma bied ook belangrike insig in die aard van grondbesitshervorming self, al lyk dit nie of hy die hele probleem van agrariese hervorming tot 'n bevredigende oplossing gebring het nie. Deur aan te toon dat hervormings meesal nie daarin slaag om blywende verandering te bewerkstellig nie, laat blyk hy dat sodanige hervorming nie so maklik gedoen kan word as wat soms gemeen word nie en dat dit met baie meer aspekte saamhang as wat algemeen raakgesien word. Hy verklaar van agrariese hervormings van die huidige tyd: „They have actually been treating symptoms rather than causes, and have affected only a small percentage of the population and of the cultivable area, and hence are inadequate and cannot solve the basic problems”.²³⁾ Om meer te kan bereik, moet die mag van die grondeienaars eers verminder word en moet o.m. ook ander werkgeleenthede gevind word vir die oorskot aan boere en beter produksiemetodes ingestel word.²⁴⁾ Tuma kan sy konklusies dus toepas op omstandighede van die eie tyd, alhoewel hy die vraag nie kan beantwoord of dit op een of ander wyse moontlik is om deur agrariese hervorming 'n blywende verandering in 'n bestaande toestand te bewerkstellig nie.

Deur die verskynsel van agrariese hervorming na sowel sy ekonomiese, sosiale en politieke aspekte te besien, toon Tuma die samehang hiertussen aan en bring groter perspektief op verskillende vraagstukke i.v.m. sodanige hervorming as wat meesal deur teoretici

22) Ibid., bl. 230.

23) Ibid., bl. 239.

24) Ibid., bl. 240- 241.

uit afsonderlike wetenskapsgebiede gedoen word. Dit skyn egter of Tuma, ten spyte daarvan dat hy 'n historiese ondersoek doen, tog nie agrariese hervorming na sy primêre, d.w.s. sy historiese aard beskou nie. In historiese perspektief is 'n agrariese hervorming veral 'n poging om 'n bestaande, historiese geworde toestand doelbewus op 'n bepaalde wyse blywend te verander en is die kardinale probleem op watter wyse die hervormer ontwikkelinge die beste in 'n bepaalde rigting kan stuur. Miskien kan deur 'n meer historiese benadering en deur uitgebreide ondersoek tog die vraag beantwoord word of dit moontlik is om agrariese hervorming te doen wat op lang termyn kan slaag.

HOOFSTUK XII

FEODALISME - R. COULBORN e.a.

Oor feodalisme in die geskiedenis van verskillende volke en beskawings is al dikwels geskryf. Reeds in die agtiende eeu is die gedagte gehuldig dat feodalisme, soos dit in die Westerse Middeleeue voorgekom het, ook in Japan aanwesig was.¹⁾ In negentiende-eeuse geskiedfilosofieë, soos dié van Marx, is feodalisme as 'n algemene ontwikkelingsstadium in die geskiedenis van die mensheid en van die samelewing gesien. In die huidige eeu het sosioloë soos Max Weber en Otto Hintze hulle met feodalisme as samelewingsvorm besig gehou, terwyl ook 'n historikus soos Marc Bloch aandag gegee het aan die moontlikheid om die begrip „feodalisme” buite die Westerse geskiedenis toe te pas.²⁾

In die jongste dekades veral is op hierdie vraagstukke ingegaan. In 1956 het 'n vergelykende studie van feodalisme onder redakteurskap van die historikus Rushton Coulborn verskyn.³⁾ Dié werk het geresulteer uit 'n konferensie wat belê is deur die American Council of Learned Societies se Committee on Uniformities in History, 'n liggaam waarop naas Coulborn o.a. Alfred Kroeber en Crane Brinton gedien het - dus almal figure waarvan vergelykende studies in voorafgaande hoofstukke behandel is.⁴⁾ Op die konferensie was sowel historici, filosowe, sosioloë, staatswetenskaplikes (w.o. K.W. Deutsch) en volkekundiges aanwesig en referate is gelewer deur agt deskundiges oor verskillende dele van die geskiedenis. Hierdie referate is, nadat hulle in die lig van die bespreking hersien is, gepubliseer tesame met 'n vergelykende en besprekende gedeelte ge-

1) Vgl. Hall, J.W., Japanese feudalism - a reassessment (Comparative studies in society and history, dl. 5, 1962- 1963, bl. 15- 19) en Bloch, a.w., bl. 441.

2) Bloch, a.w., bl. 441

3) Coulborn, R. (red.), Feudalism in history. Princeton, University Press, 1956.

4) Ook A.J. Toynbee is by die werksaamhede van die komitee betrek en na die konferensie uitgenooi.

skryf deur Coulborn. Die stuk van Coulborn is nie slegs gebaseer op die konferensie en die referate nie, maar verteenwoordig gedeeltelik die resultaat van jarelange navorsing in die vergelykende geskiedenis.⁵⁾ Hoewel hierdie werk dus 'n ietwat heterogene karakter dra, vorm dit tog 'n sodanige eenheid dat dit as 'n vergelykende studie behandel kan word. By die bespreking daarvan sal meer sydelings op die beskouinge en metodes van ander figure, veral dié van Hintze, gelet word.

A. Oogmerke, hipotese en definisie

Die vraagstuk van feodalisme is deur die bogemelde komitee in besonder vir ondersoek uitgekies omdat gemeen is dat dit heelwat lig op die probleem van reëlmatighede in die geskiedenis kan werp: „the aim of the book is to test the extent of repetition in history”.⁶⁾ As historiese gebeure slegs uniek is, soos dikwels beweerd word, waarom is dit moontlik dat terme van algemene betekenis gebruik word, het die komitee hom afgevra. „Are there events which are so similar that they must produce like results? Are the possible solutions to human problems so limited in number that events which are really not very similar will produce results which are almost identical? Or is it all a mirage, caused by the poverty of our vocabulary - are we like those early American colonists who named their new settlements after European cities in order to gain a comforting sense of familiarity?”⁷⁾

Feodalisme word dus as 'n moontlike uniformiteit, as „a repetitive type emerging strongly enough to be common sense”⁸⁾ gesien. Coulborn glo dat die uniformiteite van die geskiedenis nie saam 'n sluitende stelsel vorm nie; „uniformities overlap upon each other a little irregularly”.⁹⁾ Daar word dus nie gepoog om 'n teore-

5) Coulborn, Feudalism in history, bl. xi.

6) Ibid., bl. v.

7) Ibid., bl. 4.

8) Ibid., bl. 384.

9) Ibid.

tiese geskiedenis met normale ontwikkelingstadia soos in die negentiende eeu te vorm nie, al is iets van dié idee tog aanwesig. Coulborn sien feodalisme as 'n goeie voorbeeld van 'n historiese uniformiteit omdat die verskillende gevalle van moontlike feodalisme almal 'n sleutel tot die probleem van historiese reëlmatigheid bied, 'n beskouing wat reeds iets van Coulborn se metode laat blyk. Hy wil ondersoek „to what extent feudalism has passed through similar stages of development in the different times and places of its occurrence in history, and to what extent it has recurred with similar antecedent, concomitant and consequent political forms”.¹⁰⁾ Hy sien feodalisme dus as 'n fase in die geskiedenis en die probleem van feodalisme is 'n sleutel ook tot die ander fases van die geskiedenis. In dié opsig word feodalisme, altans deur Coulborn, as geskik beskou om die aard van historiese reëlmaat te ondersoek en te toets. Veral in Coulborn se vergelykende ondersoek beïnvloed hierdie oogmerke direk die prosedure wat gevolg word.

Die hipotese van die ondersoek, soos uit die oogmerke na vore kom, is dus dat feodalisme 'n historiese uniformiteit is en hierdie hipotese moet in vergelykende studie getoets word.

Die voorlopige omskrywing van feodalisme wat Coulborn en J.R. Strayer in 'n inleidende hoofstuk van die werk gee, berus reeds op die hipotese dat feodalisme 'n verskynsel van algemene aard is, soos hulle self ook erken.¹¹⁾ Die voorlopige definisie, wat egter deurgaans in die werk gehandhaaf bly, lui: „Feudalism is primary a method of government, not an economic and social system though it obviously modifies and is modified by the social and economic environment. It is a method of government in which the essential relation is not that between ruler and subject, nor state and citizen, but between lord and vassal. This means that the performance of political functions depends on personal agreements between a limited number of individuals, and that political authority is treated as a private possession”.¹²⁾ Feodalisme as 'n primêr

10) Ibid., bl. 185.

11) Ibid., bl. 11.

12) Ibid., bl. 4- 5.

politieke verskynsel bring ook politieke neweverskynsels mee soos 'n militêre tradisie en 'n aristokrasie.¹³⁾ Dit bly egter 'n statiese omskrywing en, soos gesien, wil Coulborn feodalisme in die eerste plek as 'n ontwikkelingsfase sien. Sonder om die definisie in hierdie opsig uit te brei, verklaar Coulborn en Strayer dat feodalisme ook as dinamies en, in terme van Toynbee, as 'n antwoord op 'n bepaalde uitdaging gesien moet word.¹⁴⁾ Feodalisme ontstaan in verskillende omstandighede, bv. weens die onvermoë van 'n regering om sy onderdane teen buitelandse vyande te beskerm, die verval van die militêre mag in die hande van 'n klein deel van die bevolking en 'n toestand van ekonomiese swakheid.¹⁵⁾ Op hierdie aspekte gaan Coulborn later verder in.

Die siening van feodalisme as ontwikkelingsfase berus op bepaalde aannames oor die gelykheid van die ontwikkelingsgang van verskillende tydperke en omgewings en dié beskouing het dan ook kritiek uitgelok.¹⁶⁾ Dit is egter duidelik dat met 'n bloot „statiese” omskrywing die plek van feodalisme in die geskiedenis, wat juis ondersoek moet word, eintlik buite beskouing bly.

Die omskrywing van feodalisme in politieke terme is ook nie in wetenskaplike kringe algemeen aanvaarbaar nie en is as te eng gekritiseer.¹⁷⁾ Met hierdie definisie sluit Coulborn en Strayer egter aan by 'n beskouing wat vroeër en veral onder regs-historici redelik algemeen aanvaar is.¹⁸⁾ Een van hulle, F.W. Maitland, omskryf feodalisme bv. as „a state of society in which all or a great part of public rights and duties are inextricably interwoven with the tenure of land, in which the whole government sys-

13) Ibid., bl. 5.

14) Ibid., bl. 7.

15) Ibid., bl. 6.

16) Vgl. Hall, Comparative studies in society and history, dl. 5, bl. 24 en Andreski, a.w., bl. 160.

17) Vgl.: Hall, Comparative studies in society and history, dl. 5, bl. 25; Pasti, G., Comparative studies of East Asian and Western history: some topics and problems (Comparative studies in society and history, dl. 7, 1964-1965, bl. 102-113); Hoselitz, B., On comparative history (World politics, dl. 8, 1957, bl. 267-279).

18) Vgl. Hoselitz, World politics, dl. 8, bl. 273.

tem - financial, military and judicial - is part of the law of private property".¹⁹⁾ Ook Max Weber sien feodalisme veral as 'n politieke verskynsel, as 'n gesagsvorm,²⁰⁾ terwyl die latere sosioloog S. Andreski feodalisme as 'n "type of polity" klassifiseer, hoewel hy ook daarna verwys as 'n sosiale struktuur waarin kenmerke soos 'n klasseverdeling tussen adel en boere voorkom.²¹⁾

Die wyere siening van feodalisme, nl. as 'n bepaalde vorm van die samelewing as geheel, blyk o.a. by die Amerikaanse sosioloog K.A. Wittfogel wat die feodale samelewing saam met die pastorale en antieke samelewingsvorme as voorindustriële gestratifiseerde samelewings klassifiseer.²²⁾ Ook Marc Bloch behandel feodalisme as 'n soort samelewing en sien die Europese feodalisme as kenmerk deur: "a subject peasantry; widespread use of service tenement (i.e. the fief) instead of a salary, which was out of the question; the supremacy of a class of specialized warriors; ties of obedience and protection which bind man to man and, within the warrior class, assume the distinctive form called vassalage; fragmentation of authority - leading inevitably to disorder; and, in the midst of all this, the survival of other forms of association, family and state, of which the latter, during the second feudal age, was to acquire revived strength".²³⁾

Hoewel die definisie van Coulborn en Strayer kontrovers mag wees, is dit belangrik dat hulle tot 'n definitiewe omskrywing gekom het; 'n blote opsomming van kenmerke, soos Bloch doen, is vir hulle doel nie geskik nie en sou die probleem bring of ál die besondere kenmerke aanwesig moet wees om van feodalisme te kan spreek. Die noodsaaklikheid van 'n duidelike definisie in die vergelykende studie van feodalisme sal by die verdere bespreking ook na vore kom.

19) Aangehaal in Hall, Comparative studies in society and history, dl. 5, bl. 28.

20) Vgl. *ibid.*

21) Andreski, a.w., bl. 161.

22) Wittfogel, a.w., bl. 417- 418.

23) Bloch, a.w., bl. 446.

B. Seleksie van eenhede van ondersoek

Agt studies van feodalisme in besondere gebiede en periodes, elk deur 'n ander outeur, is in die werk onder bespreking opgeneem:

- (i) feodalisme in Wes-Europa - J.R. Strayer;
- (ii) Japanse feodalisme - E.O. Reischauer;
- (iii) feodalisme in China - D. Bodde;
- (iv) feodalisme in Mesopotamië en Iran - B.L. Brundage;
- (v) die vraagstuk van feodale instellings in ou Egipte -

W. Edgerton;

- (vi) feodalisme in China - D. Thorner;
- (vii) feodalisme in die Bisantynse Ryk - E.H. Kantorowicz;

(viii) aspekte van feodalisme in die Russiese geskiedenis - M. Szeftel.

In China, Mesopotamië-Iran en Indië is van meer as een moontlike geval van feodalisme sprake, sodat in totaal meer as agt gevalle ondersoek word.

Hierdie seleksie verteenwoordig wydt uiteenlopende historiese periodes en omgewings en kan beslis as verteenwoordigend beskou word. Slegs enkele gevalle van moontlike feodalisme, o.a. in Korea en in die Islamstate,²⁴⁾ word nie behandel nie.

C. Metode van ondersoek

Soos van 'n ondersoek deur spesialiste in verskillende dele van die geskiedenis verwag kan word, word die gevalle almal goed bestudeer. Aan almal, behalwe die Wes-Europese geval wat goed bekend is, word voldoende aandag bestee, waarby die agtergrondsomstandighede duidelik beskryf word, wat noodsaaklik is waar sulke onbekende dele van die geskiedenis geraak word.²⁵⁾ Hoewel die benaderinge van die onderskeie skrywers veel minder eenvormigheid ver-

24) Vgl.: Coulborn, Feudalism in history, bl. 187; Kroeber, Style and civilization, bl. 131; Hintze, Staat und Verfassung. Gesammelte Abhandlungen zur allgemeinen Verfassungsgeschichte, bl. 97.

25) Vgl. Hoselitz, World politics, dl. 8, bl. 271.

toon as die benadering van 'n enkele skrywer soos Kann of Tuma, het die gesamentlike besprekinge en die oriëntasie aan die gemeenskaplike uitgangspunt, soos in die inleidende hoofstuk van Coulborn en Strayer gestel, tog die eenheid en vergelykbaarheid van die studies aansienlik bevorder.

Die gebrek aan voldoende gegewens het die taak van die meeste skrywers bemoeilik en selfs daartoe gelei dat dit nie altyd moontlik was om 'n bepaalde geval goed as een van feodalisme te identifiseer nie.²⁶⁾ Sommige skrywers volstaan daarmee om trekke in die onderskeie samelewings te beskryf wat as feodaal beskou kan word sonder om 'n oordeel uit te spreek of daar werklik van feodalisme sprake is.²⁷⁾ Dit blyk dat in die meeste gevalle wel heelwat eienskappe van feodalisme te vinde is, maar dat feodalisme in die sin van die definisie van Coulborn en Strayer eintlik slegs in enkele gevalle te vinde is.

D. Konklusies

Die resultaat van die ondersoek is dat eintlik slegs in Wes-Europa en Japan feodalisme in die sin van die definisie te vinde is.²⁸⁾ Coulborn meen egter dat in Chou-China en Mesopotamië, waaroor die gegewens gebrekkig is, waarskynlik ook feodalisme geheers het. Hiermee gaan hy verder as die konklusies van die ondersoekers self. Verder glo hy dat in Egipte, tydens die Libiese dinastie, en in die Rajput-state van Noord-Indië die ontwikkeling van feodalisme slegs deur invloed van buite verhinder is.²⁹⁾ Ten spyte van die grotendeels negatiewe resultaat van die ondersoek gaan hy tot vergelyking en teorievorming oor, waarby die gevalle van moontlike en pseudo-feodalisme almal gebruik word: "There is also negative evidence which serves in the usual manner to confirm the definition".³⁰⁾ Veral aangesien 'n "eng" definisie van feodalisme aan-

26) Vgl. bv. Coulborn, Feudalism in history, bl. 83.

27) Vgl. bv. *ibid.*, bl. 120 e.v.

28) Vgl. *ibid.*, bl. 185.

29) *Ibid.*

30) Coulborn, Feudalism in history, bl. 185.

vaar is, is dit natuurlik verstandig om die gevalle van vermeende feudalisme by die konklusies te betrek; Coulborn gaan egter só ver dat hy 'n teorie vorm waarin hierdie verskille heeltemal verklaar word.

Coulborn kom tot sy teorie deur telkens enkele gevalle te bespreek en op grond daarvan afleidinge te maak, wat dus slegs vir een of twee gevalle as geldig bewys kan word indien daaroor ten minste genoeg gegewens beskikbaar is. So kom hy tot 'n teorie wat wel op alle gevalle pas en alle feite in ag neem, maar wat nie as voldoende deur die ondersoek bevestig beskou kan word nie; 'n ander teorie waarin al die gevalle ook pas, sou op grond van dieselfde gegewens gevorm kan word.

Coulborn se teorie hou in dat al die samelewings waarin feodale kenmerke voorkom besig is om van 'n ou eenheidstaat na 'n nuwe te ontwikkel. Hoewel dit moeilik is om so 'n ryk aan die begin van die feodale periodes in Japan en China aan te toon en 'n eenheidstaat aan die einde van die feodale fases in Wes-Europa en China ontbreek, meen hy tog dat sekere tekens op sodanige state in hierdie gebiede dui.³¹⁾ Die tussenfase is altyd 'n tydperk van aparte nasie-state, maar nie altyd 'n van feudalisme nie. Hy glo nl. dat feudalisme slegs in dié gevalle intree waar die instorting van die ou ryk met groot verval en disintegrasie gepaard gaan en dit nodig is om barbaarse elemente in die samelewing op te neem.³²⁾ Op hierdie ontwikkeling kan weer verdere uitsonderinge wees, soos in die geval van Persië, waar invloed van buite ontwikkeling van feudalisme verhinder het.³³⁾ Coulborn meen dat die verval van 'n ou ryk nie net tot feudalisme nie, maar ook tot die opkoms van 'n groot religie aanleiding gee.³⁴⁾ „The place of feudalism in history, therefore, so far as we can discover it, is that of a very important device for the revival of a declining civilization, and for the ex-

31) Ibid., bl. 270.

32) Ibid., bl. 322.

33) Ibid., bl. 325.

34) Vgl. die beskouing van Toynbee in hierdie verband, bl. 185 hierbo.

tension of civilization to new people not formerly civilized".³⁵⁾

Hierdie teorie dui dus die plek van feodalisme in die geskiedenis en in die opkoms en verval van beskawings en ryke aan. Om feodalisme as fase wat tussen bepaalde ander fases in die geskiedenis geleë is te ondersoek, moet egter die hele veld, dus ook die ander fases, bestudeer word. Coulborn se teorie dek daarom 'n veel wyer veld as dié wat in die gevalle-ondersoek bestudeer is en kan ook nie as uitsluitend resultaat van die ondersoek beskou word nie. Dit is 'n moontlike teorie wat egter op verre na nie voldoende deur empiriese studie bevestig is nie.

E. 'n Vergelyking met die metode van O. Hintze

Om die metodologiese probleme in die vergelykende ondersoek van feodalisme verder te belig, word kortliks gelet op die metode van die historikus en sosioloog Otto Hintze in sy kort studie wat uit 1929 dateer.³⁶⁾ Hintze vorm eers 'n ideaaltipe van feodalisme deur ondersoek van die „individuellen historischen Erscheinung von der er den Namen entfangen hat, nämlich der feudalen Verfassung des fränkischen Reichs und seiner Nachfolge- oder Nachbarstaaten, also des romanisch-germanischen Völkerkreis des Mittelalters".³⁷⁾ Hy vind drie essensiële elemente in die Wes-Europese feodalisme:

(i) 'n militêre element, soos tot uiting kom in die militêre rol van die adel en wat veral in die vroeë fase van feodalisme, in die twaalfde eeu, te vinde is;

(ii) 'n politieke element, wat blyk uit die adel se mag in lokale politieke sake en wat veral tydens die midde-fase van die feodalisme oorheersend was;

(iii) 'n ekonomies-maatskaplike element, wat oorheersend geword het toe die adel hom meer op sy grondbesit toegelê het tydens

35) Coulborn, Feudalism in history, bl. 85.

36) Wesen und Verbreitung des Feudalismus in Hintze, Staat und Verfassung. Gesammelte Abhandlungen zur allgemeinen Verfassungsgeschichte, bl. 84- 119.

37) Ibid., bl. 85.

die laatfeodalisme en wat as die langsdurende element bly voortbestaan het.

Slegs as al drie hierdie faktore aanwesig is, meen Hintze, kan van feodalisme gespreek word. Hy vind dat slegs een of twee van die faktore in ou Egipte, die Bisantynse Ryk, Indië en China voorgekom het, maar dat al drie faktore in Rusland, die Islamstate en Japan aanwesig was, sodat dié drie gebiede saam met Wes-Europa 'n feodale fase geken het.

Hintze gaan egter verder en probeer aantoon dat in al vier die gevalle van feodalisme 'n bepaalde ontwikkelingsgang, waarvan feodalisme 'n fase was, voorgekom het. Hy kom tot die volgende algemene stelling: „Feudalismus im vollen Sinne stellt sich in der Regel nur da ein, wo der normale, direkte Entwicklung vom Stamm zum Staat abgelehnt wird durch eine weltgeschichtliche Konstellation, die zu einem überstürzten Imperialismus führt”.³⁸⁾ In die Griekse en Romeinse geskiedenis het so 'n imperialisme nie ingetree in die ontwikkeling van stam tot staat nie en is die normale verloop gevolg.³⁹⁾ Om hierdie algemene stelling te kan maak, moet Hintze die idee van 'n normale ontwikkelingsgang van volke vooraf aanneem, iets waarvoor hy deur vakgenote gekritiseer is.⁴⁰⁾

Die prosedure van Hintze om kenmerke van een besondere geval as essensieel van 'n algemene verskynsel aan te neem en dan te kyk watter ander besondere gevalle dieselfde kenmerke vertoon, is geen goeie gebruikmaking van die generaliserende vergelyking nie; een geval word as standaard van vergelyking geneem om die ander mee te toets. Sy metode berus op die veronderstelling dat die algemene slegs 'n abstraksie van die individuele is en 'n hulpmiddel om die individuele te ken.⁴¹⁾ Hiermee word wat individueel en wat algemeen is nie op die juiste wyse onderskei nie. Die feit dat die Wes-Europese, Japanse en Russiese samelewings t.o.v. 'n bepaal-

38) Ibid., bl. 101.

39) Ibid.

40) Vgl. Rothacker, Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, dl. 60, bl. 29-30.

41) Kyk bl. 73-75 hierbo.

de periode sekere ooreenkomste vertoon, wil nog nie sê dat hierdie ooreenkomste dus essensieel van feodalisme as algemene verskynsel moet wees nie. Hintze kan wel van 'n bepaalde omskrywing van feodalisme uitgaan wat gemodelleer is op die Westerse vorm daarvan en dan ondersoek watter ander gevalle daaraan beantwoord, maar dit is te betwyfel of dit 'n beter prosedure is as om 'n definisie te gebruik wat nie so sterk aan 'n bepaalde model gekoppel is nie. Uitgaande van verskillende definisies kom Hintze en Coulborn tot uiteenlopende konklusies oor die aanwesigheid van feodalisme in sekere periodes en gebiede. Alles hang dus af van wat onder feodalisme verstaan word en 'n eenvormige omskrywing is noodsaaklik alvorens vergelykende ondersoek i.v.m. hierdie onderwerp in alle erns gedoen kan word.

Sowel Hintze as Coulborn het op grond van vergelyking tot generalisasies gekom waarin feodalisme as 'n bepaalde fase in die ontwikkeling van volke en beskawings gesien word. Dit wil nie sê dat dit nie moontlik is om tot ander generalisasies te kom waarby die plek van feodalisme in die geskiedenis nie 'n rol speel nie; albei sien feodalisme egter in die eerste plek vanuit 'n historiese oogpunt en kom so tot 'n teorie oor die plek daarvan in die geskiedenis. Hierdie ooreenstemming in die benaderinge van die twee skrywers dui daarop dat nie feodalisme as 'n bepaalde ekonomiese, staats- en/of samelewingsvorm 'n spesifiek historiese verskynsel is nie, maar wel die ontstaan van feodalisme en die opvolging daarvan deur ander vorme. Die feit dat Coulborn en Hintze albei tot teorieë oor die ontstaan van feodalisme, wat in sekere opsigte met mekaar ooreenstem, gekom het, toon aan dat hulle belangrike ooreenkomste raakgesien het wat aanleiding tot 'n teorie kan wees. Veel uitgebreider vergelykende ondersoek as wat tot nogtoe gedoen is, waarby die ontstaan van feodalisme self direk bestudeer word, is egter nodig alvorens moontlik tot 'n aanvaarbare en bewysbare teorie gekom kan word.

HOOFSTUK XIII

KONKLUSIES

Op grond van die behandeling van die vergelykende studies in die voorafgaande hoofstukke word nou enkele konklusies gemaak i.v.m. die generaliserende vergelyking as metode in die geskiedkunde. Sonder om op alle moontlike probleme in te gaan wat met die gebruik van so 'n metode mag opduik, word gepoog om enkele riglyne neer te lê oor die juiste aanwending daarvan. Aangesien oor sake van algemene metodologie, soos die vorming van teorieë en hipoteses as sodanig, en van historiese navorsing en interpretasie al veel geskryf is, word dit slegs terloops en op die agtergrond aan die orde gestel.

Die konklusies wat hier gemaak word, het slegs betrekking op vergelykende ondersoeksprosedures i.v.m. historiese onderwerpe en kan nie sonder meer op ander wetenskapsgebiede toegepas word nie.¹⁾ Die studies wat in die hoofstukke hierbo behandel is, is dan ook geselekteer as onderwerpe van historiese aard. Dit is in hierdie opsig dat hulle ooreenkom; in ander opsigte toon hulle baie onderlinge verskille: Sommige van die outeurs is vakhistorici (Toynbee, Brinton, Kann en Coulborn), ander egter is sosioloë (Etzioni en Sorokin) en staatswetenskaplikes (Hartz en Deutsch), terwyl onder hulle ook 'n ekonoom (Tuma) en 'n volkekundige (Kroeber) voorkom. Daar is versamelwerke en individuele studies, omvangryke geskrifte wat verskillende boekdele beslaan, soos dié van Toynbee, en korter werke van 'n paar honderd bladsye. Sommige skrywers vorm omvattende teorieë, ander vind net enkele tentatiewe uniformiteite, en die verskillende skrywers volg hierby uiteenlopende prosedures. Hierdie variasie bring juis die verskillende aspekte, moontlikhede en probleme van 'n generaliserende vergelykingsmetode t.o.v. die geskiedenis na vore en op grond daarvan kan algemene konklusies gevorm word. Hoewel elke onderwerp sy eie prosedure van ondersoek vereis en die generaliserende vergelyking daarom nooit op heeltemal

1) Kyk bl. 3 hierbo.

eenvormige wyse gedoen sal kan word nie, is dit tog moontlik om sekere algemene reëls neer te lê wat gevolg behoort te word om sodanige ondersoek op die mees doeltreffende wyse te kan verrig. Dit is hierdie reëls wat ons nou moet probeer vind.

A. Wetenskaplike agtergrond en samewerking

Watter wetenskaplike agtergrond moet 'n ondersoeker besit ten einde vergelykende geskiedenisstudie met sukses te kan onderneem? Daar kan geen belangrike verskille bespeur word tussen die werke van historici en van sosiaal-wetenskaplikes onder die geskifte wat hierbo behandel is nie; terwyl sommige historici, soos Coulborn en Toynbee, bv. tot omvattende teorieë kom, doen sosiaal-wetenskaplikes soos Hartz en Tuma deeglike historiese navorsing. Sowel 'n deeglike kennis van die geskiedenis, veral van die bepaalde dele wat nader bestudeer moet word, as van een of meer sosiaal-wetenskaplike terreine is noodsaaklik om vergelykende studie te doen: 'n studie van die verskynsels van rewolusie en restourasie in die geskiedenis vereis bv. veral kennis t.o.v. die staat. Dít is nie 'n rede waarom historici nie geskik sou wees om vergelykende studie te doen nie; historiese ondersoek van enige aard staan immers in betrekking tot 'n besondere samelewings- of kultuurgebied soos die staat, die ekonomie, sosiale verhoudinge, godsdiens, kuns en wetenskap. In die algemeen kan dus net gestel word dat 'n so breed moontlike wetenskaplike agtergrond noodsaaklik is, waarin die geskiedenis 'n primêre plek moet inneem, om so 'n studie te onderneem. Of die ondersoeker 'n historikus of 'n sosiaal-wetenskaplike is, is daarom nie in die eerste plek van belang nie. Wat die grense tussen die verskillende wetenskappe behoort te wees t.o.v. generaliserende geskiedenisvergeliking is 'n saak waarop later ingegaan word.²⁾

Is die eise wat vergelykende geskiedenisondersoek aan die kennisveld van die wetenskaplike stel nie só groot dat dit eintlik nie deur 'n enkele persoon onderneem kan word nie? Vereis dit nie intensiewe kennis van verskillende historiese periodes waaroor slegs deskundiges van elke afsonderlike periode beskik nie? Op die

2) In hoofstuk XIV hieronder.

probleem hoe intensief die ondersoek gedoen moet word, word hieronder ingegaan. 'n Ander aspek van die saak wat egter met hierdie vrae na vore kom, is of dit gewens is dat 'n groep wetenskaplikes uit verskillende wetenskapsgebiede saam 'n vergelykende studie onderneem. Verskeie van die werke wat hierbo beskou is, is gesamentlike pogings: 'n span van historici en sosiaal-wetenskaplikes het die vraagstuk van politieke integrasie ondersoek en spesialiste op besondere gebiede van die geskiedenis het meegewerk aan die studies oor nasies gevorm deur emigrasie en feodalisme. Dit is ongetwyfeld die geskikste manier om 'n maksimum van deskundige kennis vir 'n vergelykende ondersoek ter beskikking te kry. Verder is daar die voordeel dat 'n omvattende arbeid so sneller afgehandel kan word, hoewel die feit dat die monumentale A study of history die werk van een man en van die kleinste studies wat behandel is versamelwerke is, toon dat hierdie rede nie deurslaggewend is om gesamentlike ondersoeke as die enigste doeltreffende wyse van vergelykende studie te beskou nie. Versamelwerke het immers ook hul nadele: só 'n werk vorm selde 'n geïntegreerde geheel en, aangesien net een persoon op 'n keer die verskillende gevalle met mekaar kan vergelyk, moet hierdie wetenskaplike in elk geval heelwat kennis van al die gevalle hê. Dit is dus, soos Deutsch én sy medewerkers ook gevind het,³⁾ onmoontlik om die gevalle-ondersoek en die vergelyking van mekaar te skei. Aangesien dit baie moeilik is om 'n aantal deskundiges vir 'n geruime tyd byeen te kry en werklik as groep te laat optree en aangesien werklike integrasie van die werk dan nóg moeilik bereikbaar is, behoort individuele vergelykende studie die voorkeur te verdien.

B. Aard en omvang van die onderwerp

Die onderwerpe wat hierbo nader ondersoek is, is vooraf reeds geselekteer as onderwerpe van historiese aard. Dit blyk dat die meeste daarvan op die gebied van die politieke, maatskaplike en ekonomiese geskiedenis val, wat, aangesien die historikus hom meesal juis op hierdie soort geskiedenis rig, nie iets buitengewoons

3) Kyk bl. 230 hierbo.

is nie. 'n Verder rede hiervoor is waarskynlik die stimulus van die sosiale wetenskappe op vergelykende ondersoek en die feit dat verskeie van die behandelde outeurs sosiaal-wetenskaplikes is. Dit is egter glad nie uitgesluit dat vergelykende ondersoek t.o.v. die geskiedenis van die wetenskap, die kuns, die tegniek, die opvoeding, die taal en die godsdienst met vrug gedoen kan word nie; A. Kroeber se studie van kuns- en wetenskapsgeskiedenis dui reeds op enkele moontlikhede in hierdie rigting. Dit is moeilik om presies aan te toon t.o.v. watter onderwerpe almal generaliserende vergelyking gedoen kan word of 'n lys van sulke onderwerpe op te stel;⁴⁾ dit kan hier slegs gestel word dat alle onderwerpe of probleme van algemene aard wat in besonder met historiese ontwikkeling te make het vir vergelykende ondersoek in aanmerking behoort te kom.

Dit wil egter nie sê dat alle onderwerpe ewe geskik is vir 'n vergelykende ondersoek nie. Veral die omvang van die onderwerp speel 'n belangrike rol om doeltreffende ondersoek moontlik te maak. In die behandelde werke is o.m. oor onderwerpe van baie groot omvang, soos die opkoms, groei en ondergang van beskawings, gehandel. Dit is hierby aangetoon dat hiervoor ontsaglik veel navorsing nodig is;⁵⁾ selfs ook vir 'n vergelykende studie van rewolusies sou 'n veel groter ondersoek gedoen moet word as wat gewoonlik vir 'n enkele werk noodsaaklik is. R.A. Kahn het nog 'n uitgebreide werk nodig om die probleem van restourasie, en dan net uit die oogpunt van bepaalde hipoteses, enigsins uitputtend te behandel. Dit is daarom nodig om die onderwerp vooraf te beperk en bv. net die ontstaan of net die algemene verloop of die gevolge van rewolusies te ondersoek. Dit is natuurlik nie altyd moontlik om die onderwerp só te beperk dat dit 'n gerieflike studieveld vorm nie. Deur egter net bepaalde aspekte van 'n onderwerp te ondersoek of slegs die geldigheid van bepaalde hipoteses te toets, is verdere beperking moontlik. Slegs deur die veld van ondersoek doeltref-

4) 'n Nadere behandeling van hierdie probleem word op bl. 322 e.v. hieronder gedoen.

5) Kyk bl. 189 hierbo.

fend te beperk, kan dit intensief en deeglik ondersoek word.⁶⁾

By die keuse van sy onderwerp kan die wetenskaplike hom natuurlik laat lei deur die aktualiteit van 'n bepaalde vraagstuk, soos bv. by Deutsch en Tuma die geval is. Of dit egter moontlik is om al die probleme van die hede deur geskiedenisstudie op te los of in elk geval te belig, is 'n ander saak wat nog ter sprake moet kom. Vir die historikus sal die beligting deur vergelykende ondersoek van spesifieke historiese probleme, bv. i.v.m. die Franse Rewolusie of die Europese feudalisme, natuurlik besonder waardevol wees.

In die keuse van die onderwerp behoort die beskikbaarheid van voldoende en geskikte bronne eweneens 'n belangrike rol te speel. Dit is in die ondersoek hierbo telkens bevind dat generaliserende vergelyking net doeltreffend gedoen kan word waar uitgebreide kennis van die verskillende gevalle aanwesig is.⁷⁾

C. Oogmerke en hipotese

Die hierbo behandelde studies is met onderling verskillende oogmerke onderneem. Hoewel by al die skrywers die motief aanwesig is om algemene kennis oor 'n bepaalde verskynsel te vorm, poog sommige van hulle veral om insig in hedendaagse probleme of in die moontlikhede wat die toekoms inhou te verkry, terwyl ander weer 'n nuwe interpretasie van besondere historiese verskynsels wil doen. Kann kombineer bv. die toets van algemene hipoteses met 'n nuwe beligting van 'n aantal restourasies in die geskiedenis en pas so die resultate van sy studie eintlik direk toe. Hoewel die toepassing van gevormde generalisasies belangrik is, is dit onwaarskynlik dat dit altyd doeltreffend met gevalle-ondersoek gekombineer kan word en die gevaar bestaan dat die gevallestudies net gebruik word om die vrugbaarheid van 'n bepaalde teorie te illustreer, soos uit die werk van Hartz blyk. In hierdie verband sal meer opgemerk kan word by die behandeling van die prosedure van ondersoek self

6) Vgl. die kritiek van J.H. Nichols in die debat oot die vergelykende studie van staat en godsdiens (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 383).

7) Kyk verder bl. 309 hieronder.

in 'n volgende afdeling hieronder.

Die oogmerk om hedendaagse probleme deur vergelykende geskiedenisstudie te probeer oplos, soos by Deutsch, Etzioni en Tuma veral na vore kom, of om perspektief op die toekoms te verkry, soos Toynbee met sy vergelykende studie van beskawings wil doen, is op sigself aanvaarbaar as dit nie direk die prosedure van ondersoek beïnvloed nie. Generaliserende vergelyking is 'n metode om tot algemene kennis of algemene teorieë oor historiese verskynsels te kom, waarvan dan weer afleidings t.o.v. besondere gevalle gemaak kan word. In die werke van Etzioni en Deutsch is die gerigtheid op die eietydse probleme egter só sterk aanwesig dat die oorgang tussen die vorming van die algemene teorie en die toepassing daarvan ver- vaag. Die ooreenkomste wat tussen die historiese gevalle gevind is, word deur Deutsch en sy medewerkers almal as moontlikhede en waar- skynlikhede t.o.v. die eietydse situasie beskou; van die een geval word direk op die ander toegepas. Op dié wyse word 'n analogierede- nasie i.p.v. 'n induksieredenasie gevolg⁸⁾ en slegs analogieë en voorbeelde in die geskiedenis gevind soos in die Klassieke tydperk. Dit het geblyk dat Deutsch en Etzioni ook glo dat nie slegs op grond van geskiedenisstudie gegeneraliseer kan word nie en dat die geskie- denis slegs die verskillende variasiemoontlikhede aantoon.⁹⁾ Daarom kom Deutsch, en ook Tuma, tot 'n groot aantal gevolgtrekkings, maar nie tot 'n algemene teorie nie.

Is dit dan meer gewens om vooraf 'n teorie te vorm en dit dan deur gevalle-ondersoek te toets? Toynbee en Hartz gaan albei van 'n omvattende teorie uit, maar slaag nie daarin om dit as juis te bewys nie. Dit lei eerder daartoe dat gepoog word om die geskie- denis in 'n bepaalde skema te pas, op grond van 'n algemene wet te rekonstrueer soos deur die ouer positiwiste gedoen is, of dat die teorie slegs geïllustreer word. Die stelsels van Toynbee en Hartz raak te veel aspekte om behoorlik getoets te kan word en hou eintlik 'n hele geskiedfilosofie in, dus opvattinge wat nie empiries te

8) Kyk bl. 152 hierbo.

9) Kyk bl. 243 hierbo.

staaf is nie. Verder gaan Toynbee en Hartz albei uit van 'n bepaalde model, in die studie van Toynbee die Klassieke Beskawing en in dié van Hartz die geskiedenis van die V.S.A. Hulle probeer daarom om 'n aantal kenmerke van besondere gevalle in dieselfde verhouding net so in ander, soortgelyke gevalle te vind en hou nie behoorlik rekening met dié aspekte wat net eie is aan die modelle wat hulle gebruik nie; hulle oorskat die reëlmaat en onderskat die verskeidenheid in die geskiedenis.¹⁰⁾ Die generaliserende geskiedenisvergelyking is sodanig berus egter juis op die bestaan van groot verskeidenheid in die geskiedenis, want dit vereis dat gevalle vergelyk word wat in een opsig ooreenkom maar verder soveel as moontlik onderlinge variasie toon. As slegs nog een verdere ooreenkoms gevind word wat dan op iets algemeens, 'n reëlmatigheid kan dui, word nog baie ruimte vir die historiese verskeidenheid gelaat, maar as 'n omvattende teorie gevorm moet word wat op baie ooreenkomste berus, is daar vir hierdie verskeidenheid weinig plek oor. Die generaliserende geskiedenisvergelyking is dus eintlik alleen moontlik in 'n geskiedbeskouing waarin aan die een kant aanvaar word dat geen twee historiese verskynsels presies eenders is nie en aan die ander kant dat daar agter hierdie verskeidenheid tog ook reëlmatigheid te bespeur is sodat die verskeidenheid nie blote kontingensie is soos in die Klassieke opvatting geglo is nie. Met 'n juiste besef en aanvoeling van die verhouding tussen verskeidenheid en reëlmatigheid, tussen die besondere en die algemene, kan hipoteses gevorm word wat in empiriese ondersoek getoets en bevestig kan word.

Dit blyk uit die bespreking hierbo dat modelle en tipes slegs van beperkte bruikbaarheid vir die vergelykende ondersoek is. In die vorming van die hipoteses speel analogieë en opvallende ooreenkomste tussen enkele gevalle steeds 'n rol en as hulpmiddel om hipoteses te vorm, kan modelle daarom belangrike diens lewer, maar die gevaar dat die model standaard vir die vergelyking word, moet vermy word.

Beperkte hipoteses is dus noodsaaklik om vergelykende

10) Eintlik pas Toynbee en Hartz deur 'n model te gebruik ook direk van die een geval op die ander toe en gebruik so 'n analogie-redenasie.

ondersoek doeltreffend te doen. Eintlik kan geen wetenskaplike ondersoek sonder hipoteses klaarkom nie; ook in die historikus se werksaamhede word van hipoteses uitgegaan, al word dit nie altyd deur hulle raakgesien nie,¹¹⁾ en dit sou dus niks nuuts wees as in die vergelykende ondersoek van die geskiedkunde met hipoteses geopereer word nie. Deur oor die hipoteses wat deur die ondersoek getoets gaan probeer word te besin en hulle vooraf duidelik te stel, kan die objektiwiteit en doelgerigtheid van die studie net verhoog word. Dit maak dit verder moontlik om in die gevalle-ondersoek net bepaalde aspekte te behandel, sodat dit nie nodig is om die gevalle in alle opsigte volledig te beskryf om só alle moontlike ooreenkomste na vore te laat kom nie; die voordeel van so 'n metode blyk o.m. uit die prosedure wat Kann volg. Natuurlik kan die hipoteses in die studie gewysig word; eintlik word hipoteses pas na 'n eerste, voorlopige ondersoek gevind en dan eers getoets - hieroor word verder gehandel i.v.m. die prosedure van ondersoek self verder in hierdie hoofstuk.

D. Definisie

By die behandeling van die verskillende vergelykende studies is steeds gelet op die omskrywing wat daarin van die aard van die onderwerp gegee is. Dit is gedoen omdat dit as essensieel van die generaliserende vergelyking gevind is dat gevalle vergelyk word wat net in enkele opsigte ooreenkomste vertoon en dat hierdie ooreenkomste wat vooraf aangeneem word bekend moet wees.¹²⁾ Dit kom meesal daarop neer dat verskynsels van dieselfde klas, bv. net rewolusies of selfs net paleisrewolusies of suksesvolle rewolusies vir vergelyking geselekteer word. 'n Duidelike definisie is dus noodsaaklik (i) om sirkelredenasie te vermy waarby dit wat vooraf aangeneem is weer as konklusie aangedien word, (ii) om te weet presies wáárop die konklusies betrekking het en (iii) om goed te kan

11) Vgl. Smit, M.C., Het bewijs in de geschiedeniswetenschap (Berkouwer, G.C. e.a., Het bewijs in de wetenschap. Kampen, Kok, 1959, bl. 57).

12) Kyk bl. 153 e.v. hierbo.

vasstel watter gevalle almal vir die vergelykende ondersoek in aanmerking kom.

Dat 'n omskrywing en nie net 'n enkele naam nodig is nie, blyk uit die vergelykende studies van feodalisme wat hierbo behandel is. Daaruit kom ook aan die lig hoe moeilik dit soms is om 'n algemeen aanvaarbare omskrywing van 'n onderwerp te gee. Dit is natuurlik nie absoluut noodsaaklik dat die omskrywing algemeen aanvaarbaar is nie, solank die ondersoeker dit net konsekwent en op die korrekte wyse gebruik. Om werklik 'n bydrae tot die vergelykende studie van 'n bepaalde onderwerp te maak, 'n werk te lewer wat in wetenskaplike kringe aanvaarbaar is en wetenskaplike samewerking en kommunikasie moontlik te maak, is dit egter gewens om nie van 'n alte afwykende beskouing oor 'n onderwerp uit te gaan nie.

Die ondersoek na die betekenisinhoud van 'n bepaalde begrip is soms al 'n studie op sigself en kan ook reeds lei tot die vind van hipoteses vir die vergelykende ondersoek. Dit blyk bv. by Kann wat met sy ondersoek ook wou uitvind watter gevalle in die geskiedenis werklik egte restourasies is. In sy studie en ook in die een oor feodalisme blyk pas in die ondersoek self watter gevalle aan die definisie beantwoord en watter nie. Indien met so 'n ondersoek eweneens tot generalisasie gekom wil word, moet natuurlik genoeg gevalle ingesluit wees wat wel aan die definisie beantwoord en op grond waarvan die hipoteses dan getoets kan word.

Die definisie is verder 'n middel om die onderwerp só af te baken dat dit 'n gerieflike veld van ondersoek vorm. As bv. blyk dat 'n vergelykende studie van rewolusies 'n te omvattende taak is, kan die omskrywing van die rewolusiebegrip vereng word en slegs 'n bepaalde soort rewolusie bestudeer word.

Definisies word nie baie in die geskiedkunde gebruik nie en die geskiedwetenskap is al dikwels van onakkuraatheid en vaagheid in sy terminologie beskuldig, veral van die kant van die sosiale wetenskappe. 'n Rede waarom historici weinig van definisies gebruik maak, is dat begrippe dikwels van periode tot periode en omgewing tot omgewing in betekenis verskil; deur 'n bepaalde periode van binne uit te ken en te beskryf, gebruik die historikus begrippe dik-

wels binne die sfeer van daardie besondere tyd. Dit is egter noodsaaklik dat hy ook die geskiedenis aan die mense van sy eie tyd kenbaar maak en daarby begrippe gebruik in die betekenis van sy eie tyd en omgewing. As uitgegaan word van 'n volstrekte relatiwiteit van begrippe sou hy eintlik alleen d.m.v. die analogie 'n ander periode met eietydse begrippe kan beskryf, soos J. Engel beweer.¹³⁾ Wetenskapsbeoefening, selfs denke en menslike kommunikasie, vereis egter reeds die bestaan van iets algemeens naas die individuele in die werklikheid en dit is daarom eerder aan taalarmoede te wyte dat historici nie steeds dieselfde begrippe in dieselfde betekenis kan gebruik nie. Soms is dit belangrik om 'n presiese omskrywing te doen, veral in 'n ondersoek waarby verskillende tye en plekke met mekaar vergelyk word. Dan is 'n duidelike omskrywing van sleutel-terme en veral van die aard van die onderwerp wat ondersoek word absoluut noodsaaklik.

E. Seleksie van eenhede van ondersoek

As 'n bepaalde definisie vir 'n onderwerp vasgestel is, kan nagegaan word watter historiese gevalle almal aan hierdie omskrywing voldoen. Dit is nie nodig, en dikwels ook nie moontlik, om ál die gevalle wat gevind word nader te ondersoek nie; 'n seleksie kan gemaak word. Soos reeds hierbo vasgestel,¹⁴⁾ is die eerste vereiste van so 'n seleksie dat dit so verteenwoordigend as moontlik moet wees, d.w.s. soveel as moontlik die variasie, die verskille tussen die eenhede moet insluit. Dit kan bereik word deur gevalle van verskillende tye en plekke te neem, maar hiermee word nie van self verseker dat 'n verteenwoordigende groep gevalle gekies word nie. Dit is moontlik dat soortverskille glad nie in ag geneem word nie en bv. net 'n sekere soort rewolusie wat in verskillende historiese periodes voorkom, uitgesoek word. Daarom moet 'n eerste oppervlakkige studie van ál die gevalle, 'n verkenning as 't ware, gemaak word alvorens 'n aantal geselekteer word.

Die variasie in tyd en omgewing wat by die seleksie in

13) Kyk bl. 95- 96 hierbo.

14) Kyk bl. 153 e.v. hierbo.

aanmerking geneem moet word, help om die moontlikheid van onderlinge beïnvloeding uit te skakel, wat, soos aangetoon, tot ooreenkomste lei wat op samehang, maar nie op iets algemeens dui nie. Daarteenoor staan egter dat dit om praktiese redes nie altyd moontlik is om so 'n seleksie te doen nie: die beperktheid van die historikus se kennisveld en gebrek aan gegewens vereis soms juis 'n seleksie van gevalle uit 'n so klein as moontlike gebied. Aangesien die moderne geskiedenis en die geskiedenis van die Westerse Beskawing oor die algemeen die beste bekend en gedokumenteerd is, is historici veral geneig om hul ondersoek tot hierdie gebied te beperk. Dit het ook geblyk dat van die behandelde skrywers almal behalwe Kroeber, Toynbee en Coulborn net gevalle uit die geskiedenis van die Westerse en Klassieke Beskawings ondersoek. Is dit noodsaaklik dat gevalle altyd uit verskillende beskawings en kulture geneem word? 'n Beskawing vorm 'n bepaalde samehang of eenheid wat kan lei tot ooreenkomste van samehang tussen verskynsels wat deel daarvan vorm; die aard en hoeveelheid van hierdie ooreenkomste hang egter af van die aard van die verskynsel wat ondersoek word. Indien die historikus rekening hou met moontlike gemeenskaplike faktore hoef dus nie vir elke onderwerp gevalle uit alle moontlike beskawings geneem te word nie. Dit is prakties nie moontlik om alle gemeenskaplike faktore uit te skakel nie, veral omdat die historikus hom moeilik kan inleef in verskillende baie uiteenlopende periodes en gebiede en genoeg agtergrondskennis daarvan besit. Daarby is die gegewens oor die nie-Westerse beskawings oor die algemeen nie baie volledig nie. Die reël wat hier gevolg behoort te word, is dus dat gevalle geselekteer moet word uit 'n veld wat so wyd as moontlik is vir sover die beskikbaarheid van voldoende gegewens en die aanwesigheid van agtergrondskennis dit toelaat.

Hoeveel gevalle moet geselekteer word? Die geldigheid van die konklusies hang nie in die eerste plek af van die hoeveelheid eenhede wat ondersoek word nie, maar van die mate waarin hulle verteenwoordigend van die onderwerp is. Desnieteenstaande is dit gewens om soveel as moontlik gevalle te bestudeer sodat soveel as moontlik verskille tussen die gevalle in ag geneem word. As die hoeveelheid gevalle wat bestudeer moet word om as verteenwoordigend van die geheel beskou te kan word egter al te groot is, sodat dit

onmoontlik word om hulle almal intensief te ondersoek, is dit die beste weg om die definisie sodanig te wysig dat dit minder gevalle insluit.¹⁵⁾ In die behandelde studies, op dié van Sorokin na, word slegs klein hoeveelhede gevalle bestudeer, dikwels veral omdat daar nie meer gevalle vir bestudering in aanmerking kom nie. Die gevalle van restourasie, agrariese hervorming en feodalisme wat bestudeer word, sluit die meeste wat hiervan gevind is in en selfs ook gevalle wat eintlik nie heeltemal aan die definisie beantwoord nie. Die aantal van die eenhede van ondersoek hang dus af van die aard van die onderwerp asook van die hipoteses en oogmerke van die ondersoek.

F. Metode van ondersoek

Die ondersoek van 'n aantal historiese gevalle moet van die weergawe wat daarvan in 'n werk gegee word, onderskei word. Die prosedure wat by albei gevolg word, is hier van belang.

Soos hierbo gestel, bepaal die aard van die onderwerp en die hipoteses wat gemaak word hoe uitgebreid en intensief 'n ondersoek gedoen moet word. Natuurlik moet 'n ondersoek altyd so deeglik as moontlik geskied, maar dit is meesal prakties onmoontlik om vir die doel van 'n vergelykende ondersoek al die gevalle in alle aspekte en teen die agtergrond van hul tyd en omgewing uitputtend te bestudeer. Daarom moet 'n keuse gedoen word tussen 'n uitgebreide ondersoek, dus van 'n groot aantal gevalle, en 'n intensiewe ondersoek van 'n kleiner hoeveelheid gevalle.

Onder die studies wat hierbo behandel is, is slegs dié van Sorokin 'n ekstensiewe ondersoek. Sorokin wou slegs enkele aspekte van rewolusies bestudeer, waardeur dit vir hom moontlik geword het om 'n groot aantal gevalle volgens kwantitatiewe metodes te ondersoek en te vergelyk. Op die kwantitatiewe metodes wat in die sosiale wetenskappe by hul ekstensiewe vergelykende ondersoek gevolg word, is in 'n vorige hoofstuk gewys.¹⁶⁾ Dit is o.m. daar aangetoon

15) Vgl. in hierdie verband opmerkinge in De Groot, A.D., Methodologie: grondslagen van onderzoek en denken in de gedragswetenschappen. 's Gravenhage, Mouton, 1961, bl. 203.

16) Kyk bl. 133 e.v. hierbo.

dat die kwantitatiewe metodes lei tot heelwat vaagheid en oppervlakkigheid in die konklusies. Indien verskynsels wat nie in die eerste plek kwantitatief van aard is nie kwantitatief uitgedruk word, bv. die belangrikheid van 'n rewolusie met 'n getal te kenne gegee word, gaan kwalitatiewe aspekte en nuanses verlore terwyl verder 'n mate van arbitrariteit by hierdie prosedure nooit heeltemal uitgeskakel kan word nie. Kwantitatiewe metodes vergemaklik die bestudering van groot hoeveelhede gegewens, maar hulle kan nie navorsing en bronne-interpretasie uitskakel nie en vereis dus nog heelwat ondersoek. Daarom is dit selde die moeite werd om hierdie metodes in vergelykende geskiedenisstudie te volg. Kwantitatiewe metodes is op hierdie gebied dus slegs van baie beperkte bruikbaarheid.¹⁷⁾

Groter moontlikhede vir vergelykende geskiedenisstudie lê in die meer intensiewe ondersoek van 'n beperkte hoeveelheid gevalle. Ook hierdie ondersoek kan, indien dit nie 'n lewenswerk is nie, selde werklik uitputtend en op grond van oorspronklike dokumente gedoen word. Vergelykende studie behoort te berus op historiese ondersoek wat reeds verrig is, op bronne-interpretasie en indringende behandelinge van besondere onderwerpe. Generaliserende vergelyking kan dus nooit 'n metode wees om in die plek van bronnestudie te gebruik soos die rekonstruerende vergelykingsmetode van die ouer positiwiste nie, maar is slegs bruikbaar waar deeglike historiese studie reeds gedoen is. Dit kan natuurlik wel die bronnestudie waarop dit berus, aanvul deurdat die vergelyking kan lei tot verdere interpretasie van die onderwerp. Die onderwerp en die gevalle vir ondersoek moet dus in elk geval só gekies word dat dit op voldoende gesaghebbende en uitputtende geskiedenisstudies gebaseer kan word. Aangesien daar nog baie onontginde gebiede in die veld van ondersoek van die geskiedkunde is en aangesien die bronnemateriaal oor sommige dele van die geskiedenis heeltemal ontoereikend is, is dit moeilik om 'n onderwerp te kies wat geredelik aan hierdie vereistes voldoen. Tog is dit die enigste uitweg om so goed as moontlik

17) Die gebruik van kwantitatiewe metodes by die vergelyking moet onderskei word van die aanwending van statistieke as gegewens wat soms 'n belangrike hulpmiddel in die geskiedenisondersoek kan wees.

aan hierdie vereistes te probeer beantwoord en waar nodig die leemtes aan te vul met eie oorspronklike navorsing.

Is dit egter wel moontlik om slegs op grond van sekondêre bronne voldoende kennis van historiese verskynsels te bekom ten einde hulle te vergelyk? Vereis dit nie deeglike kennis van 'n besondere verskynsel teen die agtergrond van sy tyd en omgewing nie? Natuurlik moet hierdie kennis so omvattend as moontlik wees, maar sekere beperkinge kan in die wetenskaplike ondersoek nooit oorkom word nie. Ook die historikus wat die geskiedenis in groter geheel wil behandel, historiese sintese wil doen, kan dit slegs doen deur op die studies van ander staat te maak.

Die beste weg om te volg, is dus om al die gesaghebbende werke, en nie net enkeles nie, oor die verskillende gevalle te bestudeer en op grond daarvan tot 'n so diep moontlike insig in elke geval teen sy agtergrond kom. Eintlik is die ondersoek 'n proses wat alreeds begin het nog voor 'n duidelike omskrywing van die onderwerp self gedoen of hipoteses geformuleer is. In die ondersoek kan ook nie net elke geval slegs apart bestudeer word nie, maar moet ook vergelyk word om te sien watter aspekte veral van belang is om nader te bestudeer en hipoteses te vorm wat dan verder in die ondersoek getoets word. Die vorming van algemene hipoteses, die maak van afleidinge daarvan t.o.v. besondere gevalle en die toetsing van die geldigheid van die afleidinge aan die gevalle self, is 'n prosedure wat eintlik by alle wetenskaplike ondersoek gevolg word.¹⁸⁾ Die eerlike ondersoeker sal op hierdie wyse nie anders as tot algemene stellinge kan kom wat in die ondersoek self gevind en genoegsaam getoets is nie.

Vergelykende geskiedenisondersoek is 'n moeilike proses want dit vereis dat telkens van die een geval, in sy besondere konteks, na die ander, teen die agtergrond van sy besondere tyd en omgewing gegaan word. Die ondersoeker moet hom as 't ware tegelyk in verskillende periodes en omgewings inleef. Dit is egter nie onmoontlik nie; historiese ondersoek vereis immers altyd dat die historikus telkens moet oorskakel van die tyd en omgewing waarin hy

18) Vgl. De Groot, a.w., bl. 16.

self leef na dié wat hy ondersoek. Daarom is dit gewens dat vergelykende geskiedenisondersoek juis deur 'n historikus gedoen moet word.

Dit is 'n moeilike probleem hoe die resultate van die ondersoek weergegee moet word. Dit is uiteraard nie moontlik om alle feite wat die onderwerp betref te publiseer nie en daarom word soms niks behalwe die algemene konklusies weergegee nie, soos bv. in die studieprojek van Deutsch en sy medewerkers gebeur het. Op een of ander manier moet die konklusies egter aanneemlik gemaak en deur die feite gestaaf word, waarby rekening gehou moet word met die kennis wat die lesers van die werk het omtrent die agtergrond van elke besondere geval. Die beste metode is, op grond van wat by die behandeling van die studies hierbo gevind is, om vooraf enkele beperkte hipoteses te stel en dan die gevalle t.o.v. hierdie hipoteses te behandel en ook die probleme wat daarby na vore kom te bespreek. So kan 'n beskrywing van alle moontlike feite i.v.m. die gevalle vermy word en word die geheel nie los en onoorsigtelik nie. Hierby moet natuurlik die gevaar ontwyk word om gevalle eensydig vanuit 'n bepaalde gesigspunt te belig en so die hipoteses slegs te illustreer.

Laasgenoemde gevaar kom veral voor by 'n meer tematologiese werkwyse, soos dié van Toynbee en Brinton. Hier bepaal die hipotese die indeling van die werk en word die gevalle almal saam volgens 'n algemene skema na hulle verskillende aspekte beskryf. Die leser kry op hierdie wyse geen geheelbeeld van elke afsonderlike geval nie en hy kan moeilik die geldigheid van die teorie vir elke geval in sy geheel beoordeel. Die tematologiese benadering het wel die voordeel dat die gevalle direk met mekaar vergelyk kan word, maar die gevaar bestaan dat so 'n vergelyking dan nie meer sistematies geskied nie en dat net na sommige van die gevalle, as voorbeelde by algemene stellings, verwys word. Aan dié gevaar het Toynbee en Brinton nie ontkom nie.

Indien 'n hipotese vooraf gestel en die gevalle aan die hand daarvan behandel word, elk in sy geheel met sowel beskrywing van agtergrond as bespreking van die geldigheid van die hipotese, is dit nie nodig om na die gevalle-ondersoek nog uitgebreide vergelyking te doen nie. Dan is slegs 'n kort samevatting nodig waar-

in gekonkludeer word of die hipotese bevestig is in die ondersoek of nie en bv. op die moontlikheid van toepassing van die teorie op ander gevalle gewys word. Onderlinge vergelyking in die loop van die gevalle-studies kan verder daartoe meewerk om die ooreenkomste en verskille tussen al die gevalle steeds duidelik na vore te bring.

Op grond van wat hier opgemerk is, blyk dat dit nie moontlik is om in 'n kort artikel die geldigheid van 'n teorie genoegsaam aan te toon nie, al berus dit ook op 'n deeglike ondersoek. Daarin kan hoogstens die teorie uitgebreid met voorbeelde toegelig word en dit is daarom moeilik as 'n vergelykende ondersoek gerig op generalisasie te beskou.¹⁹⁾

G. Konklusies

Oor die kardinale vraagstuk of dit wel moontlik is om deur vergelykende ondersoek tot generalisasies te kom of algemene hipoteses te bewys, moet nog enkele opmerkinge gemaak word.

Dit het reeds geblyk dat dit essensieel van die generaliserende vergelyking is om tot konklusies te kom wat algemeen geldend, d.w.s. los van die besondere gevalle bestudeer, is. As slegs 'n aantal ooreenkomste gevind word sonder om dit tot 'n algemene stelling te omvorm, is eintlik nog geen generaliserende vergelyking gedoen nie. Aan die ander kant is, soos reeds aangetoon,²⁰⁾ dit ook nie moontlik om tot 'n omvattende sisteem wat op al die gevalle presies pas slegs op grond van vergelykende studie te kom nie.

Wat deur generaliserende vergelyking in die eerste plek bereik kan word, is groter insig in die aard van algemene historiese verskynsels, soos rewolusies, restourasies en beskawings. Dit is eers van sekondêre belang dat algemene stellings gevorm en bewys word. As sulke stellings nie tot insig in die aard van algemene verskynsels lei nie is hulle van weinig waarde en daarom moet 'n algemene teorie self 'n verklaring bevat of op grond van die studie verklaarbaar wees. 'n Teorie wat 'n verklaring vir 'n sekere ver-

19) Vgl. Nicholls, Comparative studies in society and history, dl. 1, bl. 385.

20) Kyk bl. 303 hierbo.

skynsel bied en self ook in 'n groter verband verklaarbaar is, is 'n teorie wat werklik insig in die aard van historiese verskynsels en van die geskiedenis self bied. Die teorie van Kann dat die sukses van 'n restourasie daarvan afhang dat dit moet plaasvind binne 'n generasie na die omverwerping van die oorspronklike regering bied bv. 'n verklaring vir die mislukking van verskillende restourasiepogings van die geskiedenis en is tegelykertyd aanneemlik op grond van kennis van die aard van historiese tradisie en historiese verandering.

Is dit egter wel moontlik om absoluut geldende wette vir die geskiedenis te vind? Kan daar bv. nie uitsonderings wees op die teorie van Kann nie? Daar is eintlik nog nooit historiese wette gevind wat noodwendig geld en as sodanig bo alle twyfel bewys is nie; keer op keer het die pogings daartoe misluk. Dat o.m. die stelsels van Sorokin en Toynbee nie oral opgaan nie is deur verskillende kritici aangetoon. Die geskiedenis is die gebied van menslike vryheid en nie van noodwendige reëlmaat nie. Daarmee is dit egter nie 'n gebied van toeval en willekeur soos so dikwels geglo word nie; daar is tog ooreenkomste tussen historiese verskynsels van verskillende tye en omgewings wat op iets algemeens, iets wetmatigs moet dui. Die enigste alternatief is dat daar vir die geskiedenis wel wette of norme is wat van meet af aan bestaan maar wat oortreebaar is. Hieroor volg in die slotbeskouing nog enkele opmerkinge.

As daar geen noodwendige wette in die geskiedenis geld nie is dit eintlik nie moontlik om die geldigheid van 'n teorie onomstootlik te bewys nie. Die teorie gee slegs gebrekkige kennis weer van iets wat wel bestaan, maar nie direk waargeneem en ondersoek kan word nie. Dit wil egter nie sê dat daarom sommer enige moontlike teorie geponeer kan word nie; daar moet steeds getrag word om 'n teorie te vind wat die feitelike toestand so goed as moontlik verklaar. Dit is dan ook moontlik om op grond van feitegegewens aan te toon of 'n teorie baie waarskynlik is en daarom meer is as slegs 'n moontlikheid. Teorieë wat nie op voldoende gegewens gebaseer is en nie deeglik genoeg aan die feite getoets is nie is nie genoegsaam as die mees waarskynlike teorie t.o.v. 'n

bepaalde verskynsel aangetoon nie. As 'n hipotese in 'n besondere geval weerlê word, moet dit gewysig word totdat dit vir alle gevalle geld. Daar moet dus telkens gepoog word om 'n gevormde teorie omver te werp, wat eintlik 'n gewone prosedure van alle wetenskaplike ondersoek is. Dit is egter nie op sigself genoeg nie; eers as aangetoon word dat 'n hipotese werklik vir 'n aantal verteenwoordigende gevalle geld, dus ook in sekere sin geverifieer is, is dit aanvaarbaar. Dit is die prosedure wat in generaliserende vergelyking gevolg word. Verder moet steeds in gedagte gehou word dat, hoe empiries ook al te werk gegaan word en hoe logies aanvaarbaar 'n teorie ook al lyk, voorwetenskaplike uitgangspunte en filosofiese beskouinge altyd op die agtergrond aanwesig is om die resultaat van die ondersoek mede te bepaal.

H. Slot

Op grond van voorafgaande bespreking kan dus enkele algemene reëls vir die wyse waarop generaliserende vergelyking verrig behoort te word, neergelê word. Kort saamgevat kom dit op die volgende neer:

Generaliserende geskiedenisvergelyking kan die beste gedoen word in 'n ondersoek deur 'n individuele historikus met 'n so breed as moontlike kennisveld. Die onderwerp van die ondersoek moet van beperkte omvang en deur noukeurige omskrywing duidelik afgebaken wees. Eenhede van ondersoek binne die veld van die onderwerp moet só gekies word dat hulle soveel as moontlik die variasie in die gevalle binne die onderwerp verteenwoordig, waarby die invloed van gemeenskaplike faktore wat lei tot ooreenkomste van samehang so doeltreffend moontlik uitgeskakel is en wat rekening hou met die beskikbaarheid van voldoende gegewens en die kennisveld van die ondersoeker. Dié eenhede moet van redelik beperkte aantal wees en so intensief moontlik bestudeer word op grond van al die beskikbare gesaghebbende en uitgebreide historiese studies daaroor. Hipoteses moet hierby gevorm en getoets word totdat 'n teorie gevorm is wat vir al die gevalle geld en op grond daarvan as algemeen geldend en aanvaarbaar beskou kan word. By die weergawe van die ondersoek moet die verskillende gevalle t.o.v. die hipoteses

en teen die agtergrond van algemene beskrywing behandel en so die juistheid van die hipoteses vir elke geval voldoende aangetoon word.

Kan deur generaliserende vergelyking wel belangrike resultate bereik word? Is dit die moeite werd om so 'n moeilike ondersoek te onderneem? Die pogings wat reeds in hierdie rigting gedoen is, het nog te weinig opgelewer om goed te kan beoordeel watter moontlikhede dit alles inhou, alhoewel hulle tog perspektiewe geopen het. Eintlik kan hierdie vrae net vanuit 'n bepaalde geskiedbeskouing beantwoord word, want alleen vanuit so 'n beskouing kan die moontlikhede en grense van die generaliserende vergelyking bepaal word. Hierop moet ten slotte in die volgende hoofstuk die aandag val.

HOOFSTUK XIV

SLOTBESKOUING

Belangrike vrae wat in die vorige hoofstuk nog onbeantwoord gebly het, sentreer om die probleem: wat is die moontlikhede en grense van die generaliserende vergelyking en wat behoort dus sy waarde en plek in die geskiedkunde te wees? Uit die voorafgaande historiese oorsig, uit die behandeling van die standpunte van historici en uit die ondersoek na die gebruik van generaliserende vergelyking in besondere studies het gesigspunte na vore gekom op grond waarvan hierdie vrae beantwoord kan word. Tog kan dit nie nêr op grond daarvan gedoen word nie, want dit hang ook af van die wyer probleem: wat is die taak en plek van die geskiedkunde tussen die wetenskappe? Uiteindelik gaan dit hier om sake van algemene beskouing en om filosofiese vraagstukke.

Dit is in die inleiding gestel dat by hierdie ondersoek van bepaalde voorveronderstellinge uitgegaan is.¹⁾ Dit het ook geblyk dat met sommige opvattinge oor die aard van die geskiedenis generaliserende vergelyking onmoontlik is.²⁾ Ten einde die juiste teorieë en hipoteses te vorm en deur vergelyking te kan toets, is 'n juiste algemene insig in die aard van die geskiedenis noodsaaklik.³⁾ Dit is nie moontlik om in die bestek van hierdie werk deeglik in te gaan op algemene geskiedfilosofiese vraagstukke nie, maar 'n bepaalde beskouing kan tog kortliks gestel en 'n moontlike oplossing van enkele fundamentele probleme i.v.m. die generaliserende geskiedenisvergeliking aan die hand gedoen word.

Hiermee word nie beweer dat die generaliserende vergelyking só nou met 'n bepaalde beskouing verbonde is dat dit verwerp moet word as die beskouing nie aanvaarbaar is nie. Hoewel daar beskouinge bestaan wat nie te rym is met die aanvaarding van generaliserende geskiedenisvergeliking nie, is daar eweneens beskouinge

1) Kyk bl. 4 e.v. hierbo.

2) Veral in hoofstukke I en II hierbo.

3) Kyk bl. 303 hierbo.

waarvolgens hierdie metode tog aanvaarbaar is.

A. Wetenskap

Ten eerste moet enkele opmerkinge gemaak word oor die wetenskap in die algemeen en die plek van generaliserende vergelyking daarin.

Wetenskapsbeoefening is een van die verskillende menslike aktiwiteite. In die wetenskap word kennis gevorm, maar nie heeltemal soos in die daaglikse lewe geskied nie: waar die kennisvorming van die lewenspraktyk net die werklikheid raak waarmee en soos daarmee daaglik in aanraking gekom word, rig die wetenskapsbeoefenaar hom op die werklikheid in sy geheel en in al sy fasette. In elk van die verskillende wetenskappe word 'n bepaalde gedeelte of faset van die werklikheid as afgebakende veld van ondersoek sistematies en met behulp van bepaalde metodes ondersoek; wetenskaplike kennis is nl. sistematies en metodies gevormde kennis.

Die werklikheid soos dit ervaar en beleef word, is konkreet en spesifiek. Tog kan van die werklikheid ook kennis gevorm word wat algemeen is, wat geld vir veel meer as slegs een konkrete, spesifieke ding. Hierdie algemene kennis kan slegs verkry word deur die algemeen geldende van die konkrete en spesifieke te abstraheer; abstraksie is 'n wesenlike element van alle logiese kennisvorming, ook van dié van die daaglikse lewe. In die logiese denke word algemene begrippe gevorm, waarvoor dan algemene terme gevind kan word, en deur die werklikheid só logies te orden, kan insig daarin verkry word. Hoewel die algemene dus alleen deur abstraksie van die konkrete verkry kan word, is dit ook deel van die werklikheid; die werklikheid is sowel algemeen en reëlmatig as konkreet en spesifiek.

In die wetenskappe word dus steeds van die konkrete geabstraheer. Reeds deur die aandag op 'n bepaalde veld van ondersoek toe te spits, word 'n aspek uit die totaliteit van die werklikheid uitgelig. Die wetenskapsbeoefenaar kan die algemeen geldende slegs ken d.m.v. die konkrete, maar deur die algemene weer kan die konkrete beter geken word. Dit gaan in die wetenskap dus steeds so-

wel om die algemene as om die konkrete. Al kan sommige wetenskappe meer op die algemene en ander meer op die konkrete gerig wees, kan almal die een slegs deur die ander ken.

In die wetenskap word van verskillende metodes gebruik gemaak, in sommige waarvan die vergelyking 'n belangrike rol speel. Die vergelykende metodes wat gebruik word, word só aangewend dat 'n bepaalde veld van ondersoek op die mees doeltreffende wyse bestuur kan word. Daarom kan die vergelyking gebruik word soms om verskille en 'n ander keer om ooreenkomste te vind, soms om deur ooreenkomste tot die algemene en soms om daardeur tot 'n groter konkrete samehang te kom. In die fisika speel die vergelyking bv. 'n belangrike rol in die metode om deur eksperimente op konkrete dinge tot algemene kennis te kom en in die biologie om struktuurverwantskappe, families en afstammingsverhoudinge by plante en diere te vind.

B. Geskiedwetenskap

Om te kan bepaal watter rol die generaliserende vergelyking speel as metode om 'n veld van ondersoek doeltreffend te bestuur, moet die veld van ondersoek van die geskiedkunde bekend wees.

Dat die geskiedkunde gerig moet wees op dit wat in die verlede gebeur het, word redelik algemeen aanvaar. Dit word egter ook algemeen erken dat die historikus onmoontlik alles kan bestuur wat in die verlede plaasgevind het. As dit die geval sou wees, sou die historikus ook die hele konkrete werklikheid in al sy fasette, soos dit hom in die verlede ontvou het, moet ondersoek en só die studielevelde van alle ander wetenskappe omvat en totaalwetenskap word. Dit is duidelik dat in die geskiedkunde net sekere gebeure in die verlede en/of hierdie gebeure na 'n bepaalde faset bestudeer moet word. Daar word dikwels verklaar dat die historikus net belangrike gebeure wat groot mensegemeenskappe raak, moet ondersoek⁴⁾ of net dié gebeure waarin hy besonder geïnteresseerd is.⁵⁾ Hiermee word egter nie 'n baie duidelike kriterium gegee om te bepaal presies wat die geskiedkundige moet bestudeer nie.

4) Vgl. die definisies van Bernheim, a.w. bl. 9 en Bauer, a.w. bl. 17.

5) Vgl. Popper, The poverty of historicism, bl. 138 e.v.

'n Beter kriterium is tydens die Romantiek verskaf toe verklaar is dat die geskiedkunde gerig moet wees op dit wat besonder, eie aan 'n bepaalde periode van die geskiedenis is.⁶⁾ Dit beteken dat die historikus hom slegs op 'n bepaalde faset van die gebeure van die verlede moet rig; net in sekere opsigte sal bv. die nuttig van 'n maaltyd tydens die Middeleeue besonder wees en verskil van die wyse waarop maaltye in ander historiese periodes genuttig word. Dit wat besonder van 'n bepaalde periode is, is dus nie gelyk aan die konkrete en spesifieke as sodanig nie, soos deur aanhangers van die historisme geglo word nie.⁷⁾ Is hierdie opsig egter 'n faset van die werklikheid soos wat die ekonomie, die reg en die kuns as fasette beskou kan word wat in aparte wetenskappe bestudeer moet word? Die historikus moet tog juis die totaliteit van al hierdie aspekte, die hele kultuur van 'n bepaalde tyd en omgewing bekyk. Hierdie totaliteit is egter nie 'n somtotaal van al die fasette en dus tog gelyk aan die konkrete gebeure in hul geheel nie, want sekere fasette soos biologiese ontwikkeling word bv. meesal nie daartoe gereken nie. Die fasette vorm in elke tyd en omgewing 'n eie, besondere geheel en die historikus moet die besondere wyse ondersoek waarop die kuns, wetenskap, ekonomie ens. van 'n bepaalde periode saam in die kultuurgeheel geïntegreer is. Ook hoe hierdie kultuur met verloop van tyd verander en ontwikkel het, hoort tot die studieveld van die historikus, want die kultuur is immers nie staties nie, maar dinamies, en verander voortdurend met veranderende omstandighede en deur besondere historiese gebeure soos oorloë, rewolusies en uitvindings. Dáárom is hierdie gebeure van groot historiese betekenis.

Die historikus het steeds geïnteresseerd gebly in die kulture en kultuurontwikkelinge van besondere periodes maar hom eintlik nog nooit gerig op kultuur en kultuurontwikkeling in die algemeen nie. Terwyl die historikus aanvaar dat die opeenvolging van gebeure in die tyd nie bloot willekeurig is nie en hy altyd die oorsake vir historiese gebeure probeer vind, het hy hom nog nie besin op dit wat eintlik veroorsaak dat bepaalde historiese gebeure steeds deur bepaal-

6) Kyk bl. 34- 35 hierbo.

7) Kyk bl. 68 e.v. hierbo.

de ander gebeure opgevolg word en dat elke periode sy eie besondere aard het nie, nl. kultuur en kultuurontwikkeling as sodanig. Sodanige kennis kan verkry word deur die gebeure van verskillende periodes met mekaar te vergelyk en ooreenkomste te soek wat deur die aard van die kultuur en die geskiedenis as sodanig veroorsaak is.

Is dit egter wel die taak van die historikus om sulke algemene kennis te probeer vorm? Dit word soms as die taak van die geskiedfilosoof gesien om hom oor die algemene in die geskiedenis te besin. Dit gaan hier egter om ondersoek wat op empiriese wyse verrig moet word, terwyl die filosofie juis gerig is op grensvraagstukke wat in die vakwetenskappe nie deur empiriese studie opgelos kan word nie. Filosofe wat algemene teorieë oor die verloop van die geskiedenis gevorm het, het dit dan ook meesal gedoen deur spekulasie en nie deur empiriese studie nie; die geskiedfilosoof behoort hom slegs oor grensvraagstukke van die geskiedenis te besin. Die sosiologie daarenteen is wel 'n vakwetenskap en sosioloë hou hul soms ook besig met die kultuur en die geskiedenis, maar hul aandag is tog primêr gerig op die samelewing en op sosiale verhoudinge, wat heeltemal 'n ander aspek van die werklikheid is. Daarom is hulle minder geskik om hierdie soort ondersoek te onderneem. Anders is dit gesteld met die volkekunde of kulturele antropologie waarin veral in die jongste tyd ondersoek na die kultuur in die algemeen gedoen word.⁸⁾ Die studieveld van die volkekunde was egter altyd die primitiewe volke gewees, volke waarin weinig kultuurdifferensiasie en -ontwikkeling voorkom, en van dááruit word hoofsaaklik tot besinning oor die kultuur in die algemeen gekom. Die volkekundige is dus nie toegerus om die ontwikkeling van beskaafde volke, van oudsher die terrein van die geskiedkunde, te bestudeer nie en dit is in die eerste plek die taak van die historikus om die algemene verskynsels van die geskiedenis te ondersoek, al kan hy dit in samewerking met die volkekunde doen. Geen wetenskap is beter toegerus om vergelykende geskiedenisstudie te doen as die geskiedkunde nie en vir geen ander wetenskap is die resultate daarvan

8) O.m. deur A. Kroeber. Kyk bl. 193 e.v. hierbo.

van groter belang nie. Die enigste rede waarom historici sodanige ondersoek nie wil onderneem nie, is omdat hulle dikwels ten onregte glo dat hulle hul slegs op die individuele en spesifieke moet rig en nie op die algemene nie, Deur dié algemene te ken, kan die individuele egter soveel beter bestudeer word.

Die generaliserende vergelyking is nie die enigste manier om die algemene in die geskiedenis te ken nie. Dit is egter 'n geskikte weg, veral vir die historikus, omdat hiermee tot algemene kennis gekom word slegs op grond van deeglike ondersoek van besondere historiese verskynsels. Dit is 'n metode wat aansluit sowel by die ondersoek wat alreeds deur historici gedoen word as by die metode wat hulle daarby volg.

Die taak en plek van die generaliserende vergelyking in die geskiedkunde is dus dié van 'n metode wat, naas ander metodes, aangewend kan word om tot algemene kennis van die geskiedenis, die kultuur en die aard van historiese verskynsels te kom. Die vorming van sulke kennis is nie die einddoel van die geskiedkunde nie, maar dit is meer as slegs 'n hulpmiddel om die konkrete beter te ken. Algemene kennis van die geskiedenis is van belang sowel vir sigself as om die geskiedenis van besondere tye en plekke daardeur beter te verstaan.⁹⁾

Van watter aard is hierdie algemene kennis van die geskiedenis en hoe kan dit dien om besondere gebeure beter te ken? Dit is reeds opgemerk dat die algemene aspekte van historiese verskynsels nie die karakter van noodwendig geldende wette kan hê nie, maar slegs van oortreebare reëls of norme.¹⁰⁾ Vir die logiese denke geld bv. reëls wat oortreebaar is, maar wat gevolg moet word om tot 'n korrekte resultaat te kom. Op soortgelyke wyse kan historiese en/of kulturele norme beskou word; hulle is oortreebaar maar nietemin geldend. Volkome afwesigheid van norme sou chaos beteken

9) Op die vraag of 'n bepaalde afdeling van die geskiedkunde, bv. 'n „teoretiese geskiedenis” (vgl. bl. 107- 111 hierbo), in besonder die studie van die algemene in die geskiedenis tot veld van ondersoek moet hê, word hier nie ingegaan nie. Daarteen kan op sigself geen beswaar gemaak word nie.

10) Kyk bl. 313 hierbo.

en volkome oortreding van norme is ook nie moontlik nie, want die oortreding van 'n norm bring gevolge mee; die norm laat sy krag tog geld. As bv. 'n logiese fout gemaak word, lei dit tot 'n foutiewe konklusie en tot die ontdekking dat iets nie kloep nie. Dit is ook moontlik om historiese norme te oortree deur bv. star vas te hou aan 'n bestaande situasie en verdere historiese ontwikkeling te probeer teë hou. Hierdie oortreding van norme het ook 'n uitwerking deurdat dit tot 'n reaksie, bv. 'n rewolusie, moet lei, waarby die historiese norm weer na die ander kant oortree word en gepoog word om historiese tradisie heeltemal omver te werp.¹¹⁾ Deur vergelyking van gebeure van 'n selfde klas kan hierdie norme geken word en daardeur die aard van die geskiedenis self. Tegelykertyd kan kennis van die norme en hul gelding in bepaalde gevalle lei tot groter insig in die oorsake en gevolge van daardie besondere verskynsels. Hoewel daar norme te vinde is vir elke soort historiese verskynsels en situasies is hulle uiteindelik almal te herlei tot die aard van die geskiedenis en die kultuur self.¹²⁾

C. Geskiedwetenskap en ander wetenskappe

Oor die verhouding van die geskiedwetenskap tot ander wetenskappe, veral die sosiale wetenskappe, moet, in besonder m.b.t. die generaliserende vergelyking, nog enkele opmerkinge gemaak word.

11) Kyk bl. 265- 266 hierbo.

12) Onder norme word hier nie direk reëls bedoel wat deur mense gemaak of neergelê is nie. Hierdie norme is natuurlik nie algemeen geldend nie maar relatief tot 'n bepaalde tyd en omgewing; deurdat hierdie norme egter gevorm word op grond van kennis van algemeen geldende wette of norme kan hulle tog elemente van algemene geldendheid bevat. Daarom kan ook gesê word dat norme algemeen geldend is, maar dat hulle in verskillende tye en omgewings op verskillende wyse geïnterpreteer en geken word.

Dit het reeds geblyk dat die geskiedkundige die gebeure van die verlede vanuit 'n bepaalde oogpunt beskou en vanuit daardie oogpunt ook deur vergelyking tot generalisasie kom. Dit is egter ook moontlik om die gebeure van die verlede vanuit ander gesigspunte te bekyk en op grond dáárvan te generaliseer. Jean Bodin het geglo dat geskiedenisvergelyking kan lei tot algemene kennis van die sedelike,¹³⁾ Vico, Scherer en Rothacker dat die menslike gees uit die geskiedenis geken kan word¹⁴⁾ en Gervinus en Wagner dat op grond van geskiedenisvergelyking 'n algemene filosofie opgebou kan word.¹⁵⁾

Hierdie ideale is bereikbaar as die verlede vanuit die oogpunte van die staat, die kuns, die ekonomie, die sedelike ens. bestudeer word. Dit word ook in sommige wetenskappe gedoen: die wysgeer rig hom op die wysgerige denke in hede en verlede en die kunswetenskaplike is geïnteresseerd in die kunswerke van vroeëre tye. Deur wysgerige stelsels en kunswerke van verskillende tye en volke te vergelyk, kan tot insig in die aard van wysgerige probleme en van die kuns as sodanig gekom word; in die verlede het immers baie moontlike variasies wat in die wysgerige denke en die kuns moontlik is hul ontvou. Sulke vergelyking word ook wel gedoen, maar nie op groot skaal en intensief nie. In vroeëre tyd is die geskiedenis bestudeer met die doel om algemene kennis van die staat, die sedes ens. te vorm, maar latere differensiasie van die geesteswetenskappe het meegebring dat alle studie van die verlede aan historici oorgelaat is en geesteswetenskaplikes hul hoofsaaklik op eietydse vraagstukke gerig het en slegs op grond dáárvan algemene kennis probeer vorm het. 'n Ontslaglike veld van ondersoek is sodoende braak laat lê.

Is dit dan nie tog die taak van historici om ook die verskillende staatsvorme, kunswerke, wysgerige stelsels ens. van die verlede te bestudeer nie? Soos reeds gesê word al hierdie dinge wel in die geskiedkunde bestudeer, maar net vanuit 'n bepaalde oogpunt, nl. die van kultuurontwikkeling. As 'n historikus die Romeinse

13) Kyk bl. 20 hierbo.

14) Kyk bl. 22- 25, 58-59, 105- 106 hierbo.

15) Kyk bl. 47- 48, 104- 105 hierbo.

staatsinstellinge bestudeer, dan behandel hy dit na sy besondere aard as Romeinse staat binne die Romeinse kultuurgeheel en nie met die doel om daardeur kennis oor staatsinstellinge as sodanig te bekom nie. Die staatswetenskaplike daarenteen interesseer hom nie vir die opsigte, waarin 'n staat eie is aan 'n bepaalde tyd en omgewing en die kenmerke van 'n bepaalde kultuur vertoon nie, maar desnieteenstaande kan hy deur ondersoek van verskillende vroeëre staatsvorme insig in die aard van die staat en die norme wat vir die staat geld, bekom. Om hierdie staatsvorme te ken, is hy afhanklik van dokumente daaroor wat uit die verlede oorgebly het en wat gewoonlik deur historici geïnterpreteer word. Aangesien sodanige interpretasie moet geskied teen die agtergrond van die besondere kultuurgeheel waaruit dit kom, is dit ook gewens dat veral historici dit doen, maar aangesien hulle net in sekere aspekte van die dokumente geïnteresseerd is wat nie noodwendig dieselfde is as dié waarin die staatswetenskaplike belang stel nie, behoort ander wetenskaplikes daaraan mee te werk.

Soms word die studie van die geskiedenis van bepaalde gebiede soos die kuns en die wysbegeerte deur historici heeltemal oorgelaat aan ander wetenskappe. Die wysgeer wat verskillende wysgerige stelsels in hul opeenvolging in die tyd ondersoek, bestudeer daarmee egter nog nie werklik die geskiedenis van die wysgerige denke nie; hy kan nie verklaar wáárom bepaalde stelsels juis op mekaar gevolg het nie omdat dit teen 'n wyer agtergrond as die wysgerige opvattinge van die verlede, nl. teen die agtergrond van die besondere kultuursituasie van die betrokke periode gedoen moet word. Terwyl die wysgeer, staats- en kunswetenskaplike dus die verskillende vorme van wysgerige stelsels, staatsvorme, kunstyle ens. in die verlede as variasiemoontlikhede van die wysbegeerte, die staat en die kuns respektiewelik kan ondersoek, kan alleen die historikus verklaar wáárom telkens die een vorm juis

die ander gevolg het.¹⁶⁾ Ook oor hierdie opeenvolging kan deur vergelykende ondersoek algemene kennis gevorm word wat dan algemene kennis van die geskiedenis en van kultuurontwikkeling sal wees en deur die historikus gevorm moet word. Op hierdie belangrike veld wat d.m.v. die generaliserende vergelyking in die geskiedkunde bestudeer kan word, is i.v.m. die feodalisme reeds gewys.¹⁷⁾

Op grond van hierdie beskouinge kan duideliker na vore kom watter onderwerpe deur vergelykende ondersoek in die geskiedkunde behandel behoort te word en watter nie. Die onderwerpe waarvan hierbo vergelykende studies bestudeer is, is, eintlik met uitsondering van feodalisme, almal onderwerpe wat direk te make het met kultuur en historiese ontwikkeling. Generalisasies oor hierdie onderwerpe lei tot insig in die aard van die geskiedenis, terwyl generalisasies oor onderwerpe soos demokrasie, stemreg en koningskap bv. tot insig in die aard van die staat lei. Natuurlik kan 'n waterdigte skeiding tussen die velde van ondersoek van die verskillende wetenskappe nie gemaak word nie, maar 'n afbakening is tog noodsaaklik om te verseker dat die werklikheid in al sy fasette so effektief as moontlik bestudeer word.

Uit vooraangaande blyk verder hoe nou die geskiedkunde met ander wetenskappe behoort saam te werk by die bestudering van die verlede en ook by vergelyking met die oog op generalisasie.

Die konkrete gebeure van die verlede kan dus beskou word as die gesamentlike studieveld van al die wetenskappe, en veral van die geesteswetenskappe. In die verlede ontvou die verskillende variasiemoontlikhede van sowel die kultuurontwikkeling

16) Uit die beskouinge in hierdie hoofstuk blyk dat die historikus wel oorsake en gevolge moet ondersoek, maar nie al die moontlike oorsake en gevolge van 'n bepaalde gebeurtenis nie. Hierdie oorsake en gevolge is immers legio en sluit fisiese en biologiese prosesse in. Wat die historikus bekyk, is slegs historiese oorsake en gevolge en hulle kom na vore deur 'n gebeurtenis in sy kultuurhistoriese konteks te besien. Historiese kousaliteit kan verder, soos hierbo (bl. 322) opgemerk, deur kennis van historiese norme duidelik word.

17) Kyk bl. 296 hierbo.

as sodanig, die kuns, die staat, die reg, die wysgerige denke ens. hul en deur hierdie variasievorme vergelykend te bestudeer, kan die norme wat vir al hierdie dinge geld, geken en 'n dieper insig in die aard daarvan verkry word. Op hierdie wyse kan die werklikheid na al sy fasette logies georden en geken word.

Sodanige ondersoek, hoe empiries van aard ook al, kan egter nie sonder uitgangspunte verrig word nie, want hierdie uitgangspunte bepaal die aard van die hipoteses wat gestel word en die oplossing van die grensvraagstukke wat nie empiries te ondersoek is nie.

D. Die perspektief van 'n Christelike beskouing

Die voorveronderstellinge waarvan in hierdie studie uitgegaan is, op hoe 'n gebrekkige wyse dit ook al geskied het, is dié van 'n Christelike beskouing van die werklikheid.

'n Christelike beskouing is, soos alreeds uit die naam blyk, 'n beskouing wat religieus bepaal en gerig is. Dít impliseer ook dat uitgegaan word van die beskouing dat alle menslike kenne en selfs alle menslike aktiwiteite religieus bepaal en gerig is. Daarom gaan aan alle kennisvorming religieuse voorveronderstellinge vooraf en het die Christelike wetenskaplike wat hom van hierdie voorveronderstellinge bewus is 'n voorsprong bo die wetenskaplike wat dit nie besef nie en is hy beter in staat om vooroordele uit te skakel en tot 'n so objektief moontlike kenresultaat te kom. Die Christelike wetenskaplike kan hom daarom bewus laat lei deur die Bybel as Goddelike openbaring en in die lig daarvan groter perspektief op die werklikheid verkry.

In die lig van die Heilige Skrif sien die Christelike wetenskaplike die hele werklikheid as skepping van God, as relatief tot Hom as sy absolute Oorsprong en in sy konkreetheid onderworpe aan die algemene wette en norme wat God daarvoor gestel het. Alleen in die beantwoording aan hierdie wette het die werklikheid na al sy konkrete dinge en gebeure sin en betekenis en wys dit heen na God as Oorsprong en Singewer. Deur nie die konkrete dinge en gebeure op sigself nie, maar in hulle beantwoording aan algemene wette en norme en so na hulle sin te bestudeer, kan die Christelike weten-

skaplike die hele werklikheid as nie synde op sig self nie maar as sinsyn, in sy betrokkenheid op God ken.

Ook die geskiedenis is deur die beantwoording van algemene wette en norme heen op God betrokke. God werk in die geskiedenis weliswaar deur individuele mense wat vry is om hierdie wette te gehoorsaam of nie, maar juis in die gelding van hierdie wette, by oortreding of by gehoorsaming, verloop die geskiedenis onder Goddelike leiding. In 'n Christelike geskiedkunde moet die geskiedenis daarom sowel in sy besonderheid as in sy algemeenheid bestudeer word.

Vir die geskiedkunde en vir alle wetenskappe geld eweneens algemene wette en norme en so ook vir die generaliserende vergelyking as wetenskaplike metode. In hierdie studie is gepoog om die reëls te vind waarvolgens hierdie vergelyking op sinvolle wyse gedoen kan word en so mee te help om die werklikheid na sy sin en betekenis, in sy betrokkenheid op God te ken.

AANGEHAALDE WERKE

A. Gepubliceerde werke

- Anderle, O.F. (red.), The problems of civilizations. Den Haag, Mouton, 1964.
- Anderle, O.F., Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees. Frankfurt, Humboldt, 1955.
- Andreski, S., Elements of comparative sociology. Londen, Weidenfeld & Nicolson, 1964.
- Arendt, Hannah, On revolution. Londen, Faber & Faber, 1963.
- Aristoteles, The politics of Aristotle. Oxford, Clarendon, 1948 (vert.).
- Aron, R. (red.), L'histoire et ses interprétations. Entretiens autour de Arnold Toynbee. Parys, Mouton, 1961.
- Bagby, P., Culture and history. Prolegomena to the comparative study of civilizations. Londen, Longmans & Green, 1958.
- Banks, A.S. en Textor, R.B., A cross-polity survey. Cambridge (Mass.), 1963.
- Barnes, H.E., A history of historical writing. New York, Dover Publications, 1963 (eerste uitgawe 1937).
- Barnes, H.E. (red.), An introduction to the history of sociology. Chicago, University Press, 1948.
- Barnes, H.E., The new history and the social sciences. New York, Century, 1925.
- Barraclough, G., History in a changing world. Oxford, Blackwell, 1955.
- Barrow, R.H., Plutarch and his times. Londen, Chatto & Windus, 1967.
- Barth, P., Die Philosophie der Geschichte als Soziologie. Dl. 1, Leipzig, Reisland, 1915 (tweede uitgawe).
- Bauer, W., Einführung in das Studium der Geschichte. Frankfurt a.M., Minerva, 1927 (eerste uitgawe 1921).
- Bendix, R., Nation-building and citizenship. New York, Wiley, 1964.
- Berkouer, G.C. e.a., Het bewijs in de wetenschap. Kampen, Kok, 1959.
- Bernheim, E., Lehrbuch der historischen Methode. Leipzig, Duncker & Humboldt, 1908 (eerste uitgawe 1889).
- Berry, T.M., The historical theory of Giambattista Vico. Washington, Catholic University Press, 1949.
- Blalock, H.M. en Blalock, Ann B. (red.), Methodology in social research. New York, MacGraw Hill, 1968.
- Bloch, M., Feudal society. Chicago, University Press, 1961 (vert., eerste uitgawe 1939).

- Bock, K.E., The acceptance of histories. Berkeley, University of California Press, 1956.
- Bodin, J., Method for the easy comprehension of history. New York, Octagon, 1966 (vert.).
- Brandl, K., Geschichte der Geschichtswissenschaft. Bonn, Athenäum, 1952.
- Breysig, K., Die Geschichte der Menschheit. 5 dele, Berlyn, De Gruyter, 1955 (eerste uitgawe 1936- 1939).
- Breysig, K., Das neue Geschichtsbild im Sinn der entwickelnden Geschichtsforschung. Berlyn, De Gruyter, 1944.
- Breysig, K., Kulturgeschichte der Neuzeit. Vergleichende Entwicklungsgeschichte der früheren Völker Europas und ihres sozialen und geistigen Lebens. 2 dele, Berlyn, De Gruyter, 1900- 1901.
- Breysig, K., Der Stufenbau und die Gesetze der Weltgeschichte. Berlyn, De Gruyter, 1905.
- Brinkman, C., Soziologische Theorie der Revolution. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1948.
- Brinton, C.C., Anatomy of revolution. New York, Prentice-Hall, 1952 (eerste uitgawe 1938).
- Brinton, C.C., A decade of revolution, 1789- 99. New York, 1934.
- Brinton, C.C., The Jacobins. An essay in the new history. New York, Russell, 1930.
- Brüning, W., Geschichtsphilosophie der Gegenwart. Stuttgart, Klett, 1961.
- Burckhardt, J., Die Kultur der Renaissance in Italien. 1860.
- Burston, W.H. en Thompson, D. (red.), Studies in the nature and teaching of history. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1967.
- Bussmann, W., Treitschke. Göttingen, Musterschmidt, 1952.
- Calvert, P., A study of revolution. 1970.
- Caponigri, A.R., Time and idea. The theory of history in Giambattista Vico. Londen, Routledge, 1953.
- Chambers, W.N., Political parties in a new nation. The American experience 1776- 1809. New York, Oxford University Press, 1963.
- Christelijk Nationale Bibliotheek (uitg.), Denkers van deze tijd. Dl. 2, Franeker, Wever, 1954.
- Cohen, A.E., Vergelijken in de tijd. Groningen, Noordhoff, 1961.
- Cohen, M.R., The meaning of human history. La Salle, Open Court, 1947.
- Cohen, M.R. en Nagel, E., An introduction to logic and scientific method. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1966 (eerste uitgawe 1939).

- Collingwood, R.G., Essays in the philosophy of history. Austin, University of Texas Press, 1965.
- Collingwood, R.G., The idea of history. Oxford, Clarendon, 1946.
- Comte, A., The positive philosophy of August Comte. Londen, Bell, 1896 (vert., eerste uitgawe 1830).
- Congrès historique du centenaire de la révolution de 1848, Actes. Parys, Presses Universitaires de France, 1948.
- Coulborn, R. (red.), Feudalism in history. Princeton, University Press, 1956.
- Coulborn, R., The origin of civilized societies. Princeton, University Press, 1959.
- Cowell, F.R., History, civilization and culture. Boston, Beacon Press, 1952.
- De Groot, A.D., Methodologie: grondslagen van onderzoek en denken in de gedragswetenschappen. 's Gravenhage, Mouton, 1961.
- Den Boer, W., Hugenholtz, F.W.N. en Locher, T.J.G., Gestalten der geschiedenis in de Oudheid, Middeleeuwen en Nieuwe Tijd.
- De Tocqueville, A., Democracy in America. 2 dele, New York, Vintage Books, 1954 (vert., eerste uitgawe 1837-1840).
- De Tocqueville, A., La démocratie en Amérique. Brussel, Société Belge de Librairie, 1837-1840.
- Deutsch, K.W. e.a., Political community and the North Atlantic Area. Princeton, University Press, 1957.
- Deutsch, K.W. en Foltz, W.J. (red.), Nation-building. New York, Alderton, 1963.
- Dietrich, R. (red.), Historische Theorie und Geschichtsforschung der Gegenwart. Berlyn, De Gruyter, 1964.
- Dilthey, W., Gesammelte Schriften. Dl.1, 5, 7, 8, Leipzig, Teubner, 1923-1958.
- Dilthey, W. en Yorck von Wartenburg, P., Briefwechsel zwischen Wilhelm Dilthey und dem grafen Paul Yorck von Wartenburg. 1877-1897. Halle, Niemeyer, 1923.
- Droysen, J.G., Historik. Vorlesungen über Enzyklopädie und Methodologie der Geschichte. München, Oldenbourg, 1927 (eerste uitgebreide uitgawe, gedeeltelik gepubliseer in 1858).
- Durkheim, E., The rules of the sociological method. Glencoe, Free Press, 1950 (vert., eerste uitgawe 1919).
- Edwards, L.P., The natural history of revolution. New York, Russell & Russell, 1965 (eerste uitgawe 1927).
- Etzioni, A., Political unification: a comparative study of leaders and forces. New York, Reinhart & Winston, 1958.
- Feder, A., Lehrbuch der historischen Methodik. Regensburg, Kösel & Pustet, 1921 (eerste uitgawe 1919).

- Fitzsimons, M.A., Pundt, A.G. en Nowell, C.E. (red.), The development of historiography. Harrisburg, Stackpole, 1954.
- Freeman, E.E., Comparative politics. Londen, MacMillan, 1873.
- Fueter, E., Geschichte der neueren Historiographie. München, Oldenbourg, 1911.
- Fustel de Coulanges, N.D., Der antike Staat. Graz, Akademische Drucks- und Verlagsanstalt, 1961. (vert., eerste uitgawe 1864).
- Fustel de Coulanges, N.D., Questions historiques. Parys, Hachette, 1893.
- Gadamer, H.G., Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik. Tübingen, Mohr, 1960.
- Gardiner, P. (red.), Theories of history. New York, Free Press, 1959.
- Gargan, E.T. (red.), The intent of Toynbee's history. A co-operative appraisal. s.p., Loyola University Press, 1961.
- Garraghan, G.J., A guide to historical method. New York, Fordham University Press, 1946.
- Gerhard, D., Alte und neue Welt in vergleichender Geschichtsbe- trachtung. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1962.
- Gervinus, G.G., Einleitung in die Geschichte des neunzehnten Jahr- hunderts. Frankfurt a.M., Insel, 1967 (eerste uitgawe 1852).
- Gervinus, G.G., Gesammelte kleine historische Schriften. Leipzig, Engelmann, 1839.
- Gervinus, G.G., Grundzüge der Historik. Leipzig, Engelmann, 1837.
- Geyl, P., Tochten en toernooien. Utrecht, Oosthoek, 1950.
- Geyl, P. en Toynbee, A.J., Can we know the pattern of the past? Bussum, Kroonder, 1948.
- Gooch, G.P., History and historians in the nineteenth century. Londen, Longmans, 1952 (eerste uitgawe 1913).
- Gottschalk, L. (red.), Generalization in the writing of history. Chicago, University Press, 1963.
- Gottschalk, L., Understanding history. A primer of historical method. New York, Knopf, 1950.
- Gottschalk, L., Kluckholm, C. en Angell, K. (red.), The use of personal documents in history, anthropology and socio-logy. New York, Social Science Research Council, 1945.
- Grimm, B. (uitg.), Festgabe Joseph Lortz. Baden, 1958.
- Harris, M., The rise of anthropological theory. New York, Cowell, 1958.
- Hartz, L., Economic policy and democratic thought: Pennsylvania 1776- 1860. Cambridge (Mass.), 1948.
- Hartz, L. (red.), The founding of new societies. New York, Har- court & Brace, 1955.

- Hartz, L., The liberal tradition in America. New York, Harcourt & Brace, 1955.
- Heckscher, G., The study of comparative government and politics. Londen, Allen & Unwin, 1957.
- Hegel, G.W.F., Sämtliche Werke. Dl. 8, 11, Stuttgart, Frommans, 1940.
- Henningsen, M., Menschheit und Geschichte. Untersuchungen zu A.J. Toynbees A study of history. München, List, 1967.
- Higham, J., Krieger, L. en Gilbert F. (red.), History. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1965.
- Hintze, O., Soziologie und Geschichte. Gesammelte Abhandlungen zur Soziologie, Politik und Theorie der Geschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1964.
- Hintze, O., Staat und Verfassung. Gesammelte Abhandlungen zur allgemeinen Verfassungsgeschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1962.
- Hodges, H.A., The philosophy of Wilhelm Dilthey. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1952.
- Hugenholtz, F.W.N., Drie boerenopstanden uit de veertiende eeuw. Vlaanderen 1323-28, Frankrijk 1358, Engeland 1381. Onderzoek naar het opstandige bewustzijn. Haarlem, Tjeenk Willink, 1949.
- Hughes, H. Stuart, Oswald Spengler: a critical estimate. New York, Scribners, 1962.
- Huizinga, J., Versamelde werken. Dl. 7, Haarlem, Tjeenk Willink, 1950.
- Jacob, P.E. en Toscano, J.V. (red.), The integration of political communities. Philadelphia, Lippincott, 1964.
- Joseph, H.W.B., An introduction to logic. Oxford, Clarendon, 1916 (eerste uitgawe 1906).
- Kann, R.A., The Habsburg Empire: a study in integration and disintegration. New York, Praeger, 1957.
- Kann, R.A., The problem of restoration. A study in comparative political history. Berkeley, University of California Press, 1968.
- Keesing, F.M., Inleiding in de culturele antropologie. Utrecht, Het Spectrum, 1965 (vert., eerste uitgawe 1958).
- Kirn, P., Das Bild des Menschen in der Geschichtsschreibung von Polybius bis Ranke. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1955.
- Klapwijk, J., Tussen historisme en relativisme, een studie over de dynamiek van het historisme en de wijsgerige ontwikkelingsgang van Ernst Troeltsch. 1970.
- Köbben, A.J.T., De vergelijkende functionele methode in de volkenkunde. Groningen, Wolters, 1955.

- Kroeber, A.L., An anthropologist looks at history. Berkeley, University of California Press, 1963.
- Kroeber, A.L., Anthropology. New York, Harcourt & Brace, 1948.
- Kroeber, A.L., Configurations of culture growth. Berkeley, University of California Press, 1944.
- Kroeber, A.L., The nature of culture. Chicago, University Press, 1952.
- Kroeber, A.L., A roster of civilization and culture. Chicago, Aldine, 1962.
- Kroeber, A.L., Style and civilization. Berkeley, University of California Press, 1963.
- Kroeber, A.L. en Kluckholm, C., Culture: a critical review of concepts and definitions. New York, Vintage, 1963.
- Kuypers, A., Inleiding in de zielkunde. Kampen, Kok, 1963 (heruitgawe).
- Lafitau, J.F., De zeden der wilden van Amerika. . . tegen de zeden der oudste volken vergeleken, en met getuignissen uit de oudste Grieksche en andere schrijveren getoetst en bevredigt. Amsterdam, Welbergen & Charlois, 1751 (vert., eerste uitgawe 1724).
- Lamprecht, K., Einführung in das historische Denken. Leipzig, Voigtländer, 1913 (eerste uitgawe 1912).
- Lamprecht, K., Die historische Methoden des Herrn von Below. Berlyn, Gaertner, 1899.
- Lane, F.C. en Riemersma, J.C. (red.), Enterprise and secular change. Readings in economic history. Londen, Allen & Unwin, 1953.
- Langlois, C.V. en Seignobos, C., Introduction aux études historiques. Parys, Hachette, 1905 (eerste uitgawe 1897).
- Le Bon, G., La révolution française et la psychologie des révolutions. Parys, Flammarion, 1912.
- Levi-Strauss, C., Strukturele Anthropologie. Frankfurt, Suhrkamp, 1967 (vert., eerste uitgawe 1958).
- Liman, P., Die Revolution: Eine vergleichende Studie über die grossen Umwälzungen in der Geschichte. Berlyn, Schwetschke, 1906.
- Lindgren, R.E., Norway-Sweden. Union, disunion and Scandinavian integration. Princeton, University Press, 1959.
- Lipset, S.M., The first new nation. The United States in historical and comparative perspective. New York, Doubleday, 1967 (eerste uitgawe 1963).
- Lipset, S.M., Revolution and counterrevolution. New York, Basic Books, 1968.
- Locher, T.J.G., Inleiding in het denken van Toynbee. Assen, Born, 1959.

- MacIver, R.M., Social causation. Boston, Ginn, 1942.
- Maier, H., Das geschichtliche Erkennen. Göttingen, Kaestner, 1914.
- Macridis, R.C. en Brown, B.E. (red.), Comparative politics: notes and readings. Homewood, Dosey, 1964 (eerste uitgawe 1961).
- Maitland, F.W., Collected papers. Dl. 3, Cambridge, University Press, 1911.
- Manuel, F.E., Shapes of philosophical history. Stanford, University Press, 1965.
- Marcus, W.H. (uitg.), Geist und Gesellschaft. Kurt Breysig zu seinem 60. Geburtstage. 3 dele, Breslau, 1927- 1928.
- Marsh, R.M., Comparative sociology. New York, Harcourt & Brace, 1967.
- Meiners, C., Historische Vergleichung der Sitten und Verfassungen, der Gesetze und Gewerbe, des Handels und der Religion, der Wissenschaften und Lehranstalten des Mittelalters mit denen aus unseres Jahrhundert in Rücksicht auf die Vorteile und Nachteile der Aufklärung. Hannover, Helwing, 1793.
- Merriman, R.B., Six contemporaneous revolutions, 1640- 1660. Oxford, Clarendon, 1938.
- Merritt, R.L. en Rokkan, S. (red.), Comparing nations. New Haven, Yale University Press, 1966.
- Meyer, E., Kleine Schriften. Dl. 1, Halle, Niemeyer, 1924.
- Meyerhoff, H. (red.), The philosophy of history in our time. New York, Doubleday, 1957.
- Mill, J.S., A system of logic. Ratiocinative and inductive. 2 dele, Londen, Parker, 1843.
- Montagu, M.F. Ashley (red.), Toynbee and history. Critical essays and reviews. Boston, Porter Sargent, 1956.
- Moore, B., Social origins of dictatorship and democracy. Lord and peasant in the making of the modern world. Boston, Beacon Press, 1967.
- Müller Lyer, F., Phasen der Kultur und Richtungslinien des Fortschritts. München, Lehmanns, 1908.
- Mumford, L., The city in history. Londen, Secker & Warburg, 1961 (heruitgawe).
- Nadel, G.H. (red.), Studies in the philosophy of history. New York, Harper Torchbooks, 1965.
- Nadel, S.F., The foundations of social anthropology. Londen, Cohen & West, 1951.
- Naroll, R., Data quality control - a new research technique. Glencoe, Free Press, 1962.
- Palmer, R.R., The age of democratic revolution. A political history of Europe and America, 1760- 1800. 2 dele, Princeton, University Press, 1964- 1969.

- Parsons, T., Societies, evolutionary and comparative perspectives. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1966.
- Petrie, W.M. Flinders, The revolutions of civilization. Londen, 1911.
- Philippen, L.J.M., Beknopte methodiek der geschiedvorsching. Antwerpen, Nederlandse Boekhandel, 1942.
- Plischke, E. (red.), Systems of integrating the international community. Princeton, Van Nostrand, 1964.
- Plutarchus, Lewensbeskrywings. 3 dele, Pretoria, Van Schaik, 1926-1927 (vert.).
- Polybius, The histories. 6 dele, Cambridge (Mass.), Harvard University Press, 1960 (vert.).
- Popper, K.R., The open society and its enemies. Dl. 2, Londen, Routledge & Kegan Paul, 1947.
- Popper, K.R., The poverty of historicism. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1947.
- Preller, H., Geschichte der Historiographie. Dl. 1, Aalen, Scientia, 1967.
- Quigley, C., The evolution of civilizations. An introduction to historical analysis. New York, MacMillan, 1961.
- Rassow, P., Der Historiker und seine Gegenwart. München, Rinn, 1948.
- Redfield, R., The folk culture of Yucatan. Chicago, University Press, 1941.
- Rickert, H., Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung: eine logische Einleitung in die historischen Wissenschaften. Tübingen, Mohr, 1902.
- Ritter, M., Entwicklung der Geschichtswissenschaft. München, Oldenbourg, 1919.
- Robinson, J.H., The new history. New York, Free Press, 1965 (eerste uitgawe 1911).
- Rokkan, S. (red.), Comparative research across cultures and nations. Parys, Mouton, 1968.
- Romein, J., Eender en anders. Amsterdam, Querido, 1964.
- Romein, J., Tussen vrees en vrijheid. Amsterdam, Querido, 1950.
- Roscher, W., System der Volkswirtschaft. Dl. 1, Göttingen, Gotta, 1854.
- Rothacker, E., Einleitung in die Geisteswissenschaften. Tübingen, Mohr, 1930.
- Rothacker, E., Die Logik und Systematik der Geisteswissenschaften. München, Oldenbourg, 1927.
- Russett, B.M., Aller, H.R., Deutsch, K.W. en Lasswell, H.D., World handbook of political and social indicators. New Haven, Yale University Press, 1964.

- Scherer, W., Jacob Grimm. Berlyn, Weidmann, 1885 (tweede uitgawe).
- Schieder, T., Geschichte als Wissenschaft. München, Oldenbourg, 1965.
- Schieder, T., Staat und Gesellschaft im Wandel unserer Zeit. München, Oldenbourg, 1958.
- Schoeps, H.J., Vorläufer Spenglers. Studien zur Geschichtspessimismus im 19. Jahrhundert. Leiden, Brill, 1955.
- Schöffner, I. (red.), Zeven revoluties. Amsterdam, De Bussy, 1964.
- Schröter, M., Der Streit um Spengler. München, Becksche, 1922.
- Sée, H., Science et philosophie de l'histoire. Parys, Alcan, 1933 (eerste uitgawe 1928).
- Seifert, F., Der Streit um Karl Lamprechts Geschichtsphilosophie. Augsburg, Filfer, 1925.
- Seligman, E.R.A. en Johnson, A. (red.), Encyclopedia of social sciences. Dl. 4, New York, MacMillan, 1948 (eerste uitgawe 1932).
- Shotwell, J.T., The history of history. New York, Columbia University Press, 1939.
- Social Science Research Council (uitg.), The social sciences in historical study. Bulletin 64, New York, 1954.
- Social Science Research Council (uitg.), Theory and practice in historical study. Bulletin 54, New York, 1946.
- Société Jean Bodin pour l'histoire comparative (uitg.), La paix. Brussel, 1962.
- Société Jean Bodin pour l'histoire comparative. (uitg.), Le servage. Brussel, 1957.
- Somervell, D.C., Abridgement of Toynbee, A.J., A study of history. 2 dele, Londen, Oxford University Press, 1946- 1957.
- Sorokin, P.A., Social and cultural dynamics. 3 dele, New York, American Book, 1930- 1937.
- Sorokin, P.A., Social philosophies in an age of crisis. Boston, 1950.
- Sorokin, P.A., Sociology of revolution. Philadelphia, 1925.
- Spengler, O., Der Untergang des Abendlandes. Umriss einer Morphologie der Weltgeschichte. 2 dele, München, Becksche, 1921-1922.
- Spranger, E., Kulturfragen der Gegenwart. Heidelberg, Quelle & Meyer, 1953.
- Strout, C., The pragmatic revolt in American history. New Haven, Yale University Press, 1958.
- Teggart, F.J., Theory and processes of history. Berkeley, University of California Press, 1941.
- Thompson, J.W., A history of historical writing. 2 dele, New York, MacMillan, 1942.

- Thrupp, Sylvia L. (red.), Millennial dreams in action: essays in comparative study. Den Haag, Mouton, 1962.
- Thucydides, The Peloponnesian War. s.p., Penguin Books, 1968 (vert.).
- Toynbee, A.J., Civilization on trial. Londen, Oxford University Press, 1948.
- Toynbee, A.J., A study of history. 12 dele, Londen, Oxford University Press, 1934- 1961.
- Troeltsch, E., Der Historismus und seine Probleme. Dl. 1, Tübingen, Mohr, 1921.
- Tuma, E.H., 26 centuries of agrarian reform: a comparative analysis. Berkeley, University of California Press, 1965.
- Unesco (uitg.), The interrelation of cultures. Their contribution to international understanding. s.p., 1953.
- Van der Pot, J.H.J., De periodisering der geschiedenis. 's Gravenhage, Van Stockum, 1951.
- Van Jaarsveld, F.A., Die eise van ons tyd aan die geskiedskrywing. Johannesburg, R.A.U.-publikasiereeks, 1968.
- Vico, G., The new science of Giambattista Vico. New York, Doubleday, 1961 (vert.).
- Vogt, J., Gesetz und Handlungsfreiheit in der Geschichte. Studien zur historischen Wiederholung. Stuttgart, Kohlhammer, 1955.
- Vogt, J., Wege zum historischen Universum: von Ranke bis Toynbee. Stuttgart, Kohlhammer, 1961.
- Von Below, G., Probleme der Wirtschaftsgeschichte. Tübingen, Mohr, 1920.
- Wach, J., Das Verstehen. Grundzüge einer Geschichte der hermeneutischen Theorie im 19. Jahrhundert. Dl. 1, Tübingen, Mohr, 1926.
- Wagner, F., Geschichtswissenschaft. München, Freiburg, 1951.
- Wagner, F., Der Historiker und die Weltgeschichte. Freiburg, Alber, 1965.
- Wagner, F., Moderne Geschichtschreibung. Berlyn, Duncker & Humboldt, 1960.
- Ware, Caroline F. (red.), The cultural approach to history. New York, Columbia University Press, 1940.
- Weber, M., Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre. Tübingen, Mohr, 1922.
- Wittfogel, K.A., Oriental despotism: a comparative study of total power. New Haven, Yale University Press, 1964 (eerste uitgawe 1957).
- Wittram, R., Das Interesse an der Geschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1958.
- Wolfendale, W., History has tongues. A study of the comparative development of ancient and modern civilizations. Londen, Gollancz, 1946.

- Woodward, C.V. (red.), The comparative approach to American history. New York, Basic Books, 1968.
- Wright, Q., A study of war. 2 deele, Chicago, University Press, 1942 (tweede uitgawe).
- Wundt, W., Logik. Dl. 2, Stuttgart, Enke, 1895.
- Zahn, E.F.J., Toynbee und das Problem der Geschichte. Eine Auseinandersetzung mit dem Evolutionismus. Keulen, Westdeutscher Verlag, 1954.
- Zuidema, S.U. (red.), Wetenschappelijke bijdragen door leerlingen van dr. D.H.T. Vollenhoven. Franeker, Wever, 1951.

B. Tydskrifartikels.

- Anderle, O.F., Giambattista Vico als Vorläufer einer morfologischen Geschichtsbetrachtung (Welt als Geschichte, dl. 16, 1956, bl. 85- 97).
- Anderle, O.F., Das Integrationsproblem in der Geschichtswissenschaft (Schweitzer Beiträge zur allgemeinen Geschichte, dl. 15, 1957, bl. 208- 248).
- Anderle, O.F., Theoretische Geschichte. Betrachtungen zur Grundlagenkrise der Geschichtswissenschaft (Historische Zeitschrift, dl. 185, 1958, bl. 1- 54).
- Anderle, O.F., Toynbees Antwort an seine Kritiker (Historische Zeitschrift, dl. 208, 1969, bl. 81- 97).
- Anderle, O.F., Die Toynbee-Kritik. Das universalhistorische System Arnold J. Toynbees im Urteil der Wissenschaft (Saeculum, dl. 9, 1958, bl. 189- 259).
- Berlin, I., History and theory. The concept of scientific history. (History and theory, dl. 1, 1961, bl. 1- 31).
- Bernhöft, F., Ueber Zweck und Mittel der vergleichenden Rechtswissenschaft (Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, dl. 1, 1878, bl. 1- 38).
- Blyth, J.W. en Butler, J.F., Toynbee and the categories of interpretation (Philosophical review, dl. 58, 1949, bl. 360- 361).
- Boas, F., The limitations of the comparative method (Science, dl. 4, 1896, bl. 901- 908).
- Bock, K.E., Review, Toynbée, A.J., A study of history, dl. 12 (History and theory, dl. 3, 1963, bl. 301- 303).
- Bock, K.E., The comparative method of anthropology (Comparative studies in society and history, dl. 8, 1965- 1966, bl. 269- 280).
- Bucke, P.F., Review, Woodward, C.V., The comparative approach to American history (History and theory, dl. 9, 1970, bl. 110- 116).

- Bullock, A., The historian's purpose: history and metahistory (History today, dl. 1, 1951, bl. 5- 11).
- Burn, A.R., The comparative study of civilizations. Toynbee's study of history (History, dl. 41, 1956, bl. 141- 143).
- Coulborn, R., Structure and process in the rise and fall of civilized societies (Comparative studies in society and history, dl. 8, 1965- 1966, bl. 904-931).
- Dawson, C., The problem of metahistory (History today, dl. 1, 1951, bl. 9- 12).
- Del Vecchio, G., Die Idee einer vergleichenden universalen Rechtswissenschaft (Archiv für Rechts- und Wissenschaftsphilosophie, dl. 7, 1913- 1914, bl. 200- 223, 400- 413).
- Den Boer, W., Toynbee en de oude geschiedenis. Historiographie en mythus (De gids, dl. 10, 1948, bl. 12- 40).
- Dray, W.H., Toynbee's search for historical laws (History and theory, dl. 1, 1961, bl. 32- 54).
- Emmens, W.S., A. Toynbee: A study of history (Philosophia Reformata, dl. 15, 1950, bl. 157- 168).
- Engel, J., Analogie und Geschichte (Studium generale, dl. 9, 1956, bl. 96- 108).
- Erdmann, K.D., Toynbee - eine Zwischenbilanz (Archiv für Kulturgeschichte, dl. 33, 1951, bl. 174- 250).
- Gottschalk, L., Causes of revolution (American journal of sociology, dl. 50, 1944, bl. 1- 8).
- Griffith, G., The revolutionary character of the revolt in the Netherlands (Comparative studies in society and history, dl. 3, 1960- 1961, bl. 450- 484).
- Hall, J.W., Japanese feudalism - a reassessment (Comparative studies in society and history, dl. 5, 1962- 1963, bl. 15- 19).
- Hampl, F., Grundsätzliches zum Werke Arnold J. Toynbees (Historische Zeitschrift, dl. 173, 1952, bl. 449- 466).
- Hartz, L., American historiography and comparative analysis: further reflections (Comparative studies in society and history, dl. 5, 1962- 1963, bl. 365- 377).
- Hayes, C.J.H., The American frontier - frontier of what? (American historical review, dl. 51, 1946, bl. 199- 216).
- Herskowits, M.J., Some modes of ethnographic comparison (Bijdragen tot de land-, taal- en volkenkunde, dl. 112, 1956, bl. 129- 148).
- Hilckman, A., Feliks Koneczny und die vergleichende Kulturwissenschaft (Saeculum, dl. 3, 1952, bl. 571- 602).
- Hoselitz, B., On comparative history (World politics, dl. 8, 1956- 1957, bl. 267- 279).
- Köhler, O., Der Historiker und die Kulturmorphologen (Saeculum, dl. 12, 1961, bl. 306-318).

- Kroeber, A.L., Comments on the Grays' 400 year cycle in human ability (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 230- 241).
- Lamprecht, K., Zur universalwissenschaftlichen Methodenbildung (Abhandlungen der philologisch-historischen Klasse der Königlich Sächsischen Gesellschaft der Wissenschaft, dl. 29, 1909).
- Langlois, C.V., The comparative history of England and France during the Middle Ages (English historical review, dl. 5, 1890, bl. 259- 263).
- Locher, T.J.G., Euphorus' jongste nakomelingschap (Museum, dl. 60, 1955, bl. 193- 207).
- Locher, T.J.G., Toynbees antwoord (De gids, dl. 5, 1948, bl. 98- 128).
- Loewenberg, B.J., Review, Hartz, L., The founding of new societies (American historical review, 1966, bl. 122- 123).
- Mandelbaum, M., Historical explanation: the problem of 'covering laws' (History and theory, dl. 1, 1961, bl. 229- 242).
- Meyers, M., Hartz, L., Krieger, L. en Jaffa, V., The liberal tradition in America: an appraisal (Comparative studies in society and history, dl. 5, 1962- 1963, bl. 261- 284).
- Nadel, G., The logic of The anatomy of revolution with reference to the Netherlands revolt (Comparative studies in society and history, dl. 3, 1960- 1961, bl. 353- 367).
- Neumann, S., The comparative study of politics (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 105- 112).
- Nichols, J.H. e.a., The state and religion - debate (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 383- 393).
- Nowell, C.E., Review, Hartz, L., The founding of new societies (Journal of modern history, 1966, bl. 86- 87).
- Oppenheimer, R., Analogy in science (American psychologist, dl. 11, 1956, bl. 127- 135).
- Pasti, G., Comparative studies of East Asian and Western history: some topics and problems (Comparative studies in society and history, dl. 7, 1964- 1965, bl. 102- 113).
- Radcliffe-Brown, A.R., The comparative method in social antropology (Journal of the Royal Anthropological Institute, dl. 81, 1950, bl. 15- 22).
- Rapoport, A., Comments on 'The comparative method in the social sciences' (Philosophy of science, dl. 22, 1955, bl. 118- 122).
- Ratzel, F., Geschichte, Völkerkunde und historische Perspektive (Historische Zeitschrift, dl. 93, 1904, bl. 1- 46).
- Redlich, F., Toward comparative historiography (Kyklos, dl. 11, 1958, bl. 362- 389).

- Ritter, G., Gegenwärtige Lage und Zukunftsaufgaben der deutschen Geschichtswissenschaft (Historische Zeitschrift, dl. 170, 1950, bl. 1- 22).
- Rothacker, E., Toynbee und Spengler (Deutsche Vierteljahrschrift für Literaturwissenschaft und Geistesgeschichte, dl. 24, 1950, bl. 389- 401).
- Rothacker, E., Die vergleichende Methode in den Geisteswissenschaften (Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, dl. 60, 1957, bl. 13- 33).
- Schöffner, I., The Dutch revolt anatomized: some comments (Comparative studies in society and history, dl. 4, 1961- 1962, bl. 247- 252).
- Sewell, W.H., Marc Bloch and the logic of comparative history (History and theory, dl. 6, 1967, bl. 208- 218).
- Sjöberg, G., The comparative method in the social sciences (Philosophy of science, dl. 22, 1955, bl. 106- 117).
- Thompson, K.W., Toynbees approach to history reviewed (Ethics, dl. 65, 1955, bl. 287- 303).
- Thrupp, Sylvia L., Editorial (Comparative studies in society and history, dl. 1, 1958- 1959, bl. 1- 4).
- Thrupp, Sylvia L., History and sociology: new opportunities for co-operation (American journal of sociology, dl. 63, 1957, bl. 11- 16).
- Thrupp, Sylvia L., The role of comparison in the development of economic theory (Journal of economic history, dl. 17, 1957, bl. 554- 570).
- Tilly, C., The analysis of a counter-revolution (History and theory, dl. 3, 1962- 1963, bl. 30- 58).
- Tuma, E.H., Agrarian reform in historical perspective: a comparative study (Comparative studies in society and history, dl. 6, 1963- 1964, bl. 47- 75).
- Von Below, G., Die neue historische Methode (Historische Zeitschrift, dl. 81, 1898, bl. 193- 273).
- Von Below, G., Die vergleichende Methode (Historische Vierteljahrschrift, dl. 21, 1922- 1923, bl. 129- 138).
- Wagner, F., Analogie als Methode geschichtlichen Verstehens (Studium generale, dl. 8, 1955, bl. 703- 712).
- Wolf, E.R., Understanding civilizations (Comparative studies in society and history, dl. 9, 1966- 1967, bl. 446- 465).
- Wright, M.C., Debate: a revolution from without? (Comparative studies in society and history, dl. 3, 1960- 1961, bl. 470- 477).

C. Ongepubliseerde verhandelinge

Boucher, M., The frontier and religion: a comparative study of the U.S.A. and South Africa in the first half of the 19th century. M.A.-verh., Unisa, Pretoria, 1967.

Dreyer, P.S., Geskiedenis en openbaring. 'n Kritiese studie van die beskouing van Arnold J. Toynbee. D.Theol.-proefskrif, U.P., Pretoria, 1958.